The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

University of Cape Town

'N KLEIN LEWE

WILHELMINA ADRIAANSE

ADRWIL002

A DISSERTATION IN PARTIAL FULFILLMENT OF THE REQUIREMENTS FOR THE AWARD OF THE DEGREE OF MA IN CREATIVE WRITING

FACULTY OF HUMANITIES

UNIVERSITY OF CAPE TOWN

2011

SUPERVISOR: PROF ETIENNE VAN HEERDEN

University of Cape Town

This work has not been previously submitted in whole or in part for the award of any degree. It is my own work. Each significant contribution for, and quotation in this dissertation, from the work, or works of other people has been attributed and has been cited and referenced.

Signature: . . . . . .

Date: . . . . . .

Abstract:

This is the retrospective story of a white middle-aged woman in South Africa who was born in the late 1950's. The novel traces, amongst other things, the development of her political consciousness from her early years as the daughter of a farmer in the Kalahari. Being a so-called "little history" the story relates her exposure to other races during a time of strict division, important incidents such as a visit by the notorious Hendrik Verwoerd, the deaths of family members, a move to the Western Cape and the effects of growing up in a sternly Nationalist and Calvinistic household. The story further progresses through her student years, her studies in Indigenous Law and visits to the so called "homelands".

Her marriage to a civil servant, who was committed to work in less privileged communities, ensured that she was acutely aware of the politics of the day. The turmoil of the eighties and the expansive socio-political changes in South Africa further plays a formative role in her growing consciousness. As such the novel strives to portray the life of a woman locked into the constraints of a society burdened with restrictions, but who always keeps a keen and wary eye on "homeland" policies, the expat generation, motherhood and life in Africa, among other significant concerns. These diverse influences are always filtered through the precarious discourse of whiteness, along with all that it can come to entail.

One of the continuous themes that she explores throughout the novel is her relation to the spaces she encounters, whether it is the vast expanse of the Kalahari, the strangeness of the Lowveld, or, later in the novel, the seemingly unfathomable Lagos. To some extent, however, she remains the spectator she was as a child, always aware of her surroundings but never entirely submerged within them. She almost comes across as a flâneur, though one deeply affected by her observances.

The title, *A small life,* suggests that hers is only one of many stories to be found in this country and on this continent.

University of Cape Town

Opsomming:

Hierdie is die verhaal van 'n wit middeljarige vrou wat in die laat 1950's in Suid-Afrika gebore is. Die verhaal volg onder andere die ontwikkeling van haar politieke bewustheid vanaf haar kinderjare as die dogter van 'n boerefamilie in die Kalahari. Die verhaal word aangebied as 'n stukkie geskiedenis en vertel van haar kennismaking met en blootstelling aan ander rasse gedurende 'n tyd van streng segregasie, 'n besoek deur Hendrik Verwoerd, die dood van familielede, 'n verhuising Wes-Kaap toe en haar grootword in 'n stoere Nasionalistiese en Calvinistiese huis. Dit raak aan haar studentejare, haar bestudering van die Inheemse Reg en besoeke aan die sogenaamde "tuislande".

Haar huwelik met 'n staatsamptenaar wat geroepe gevoel het om in minder bevoorregte gemeenskappe te werk, sorg dat sy vir die grootste gedeelte van haar lewe akuut bewus is van die politieke toneel. Die oproer van die tagtigerjare en die ingrypende sosio-politiese veranderinge in die land dra by tot haar verdere bewuswording en belewenisse en laat haar dikwels vrae vra oor haar identiteit en plek binne die samelewing. Die verhaal streef daarna om 'n vrou uit te beeld wat vasgevang is binne die beperkings van 'n sisteem, maar met 'n versigtige blik op dinge soos die "tuisland-beleid", die "expat"-generasie, moederskap, die lewe in Afrika en vele ander betekenisvolle aangeleenthede. Hierdie uiteenlopende invloede word deurlopend teen die agtergrond van haar witheid beleef.

Een van die deurlopende temas in die verhaal is haar verhouding met die ruimtes wat sy bewoon en teëkom. Van die wydsheid van die Kalahari tot die vreemdheid van die Laeveld. En later in die verhaal ook die byna onverstaanbare Lagos. Sy bly tot 'n groot mate die toeskouer wat sy as kind was— altyd bewus van haar omgewing, maar nooit werklik deel daarvan nie. Die verhaal beeld haar by tye byna uit as 'n soort flâneur, maar een wat ten diepste geraak word deur haar belewenisse en waarnemings.

Die titel, *'n Klein lewe*, dui op 'n bewustheid dat haar storie maar net een van vele in hierdie land en op hierdie kontinent is.

University of Cape Town

The day we die, a soft breeze will wipe out our footprints in the sand. When the wind dies down, who will tell the timelessness that once we walked this way in the dawn of time? (San song.)

EEN

Selfs die vinke en die versamelvoëls knoop tog êrens daardie eerste halm vas. Hoe anders gaan hulle die res van die vlegwerk gedoen kry? Sy was deur die jare dikwels die stil toeskouer in haar tuin wanneer die bouproses begin. Maar dis nie so maklik nie, kom sy agter, terwyl haar gedagtes heen en weer fladder. Daar is soveel gevare om in te reken. Die slinkse boomslang wat graag sy lê in die holte van die nes kom kry en die eiers opvreet as sy nie oppas nie. Of die koekoek wat haar eiers in die nes sal kom lê en daar los om uitgebroei te word. Om nie te praat van die wind en die weer se aanslag nie. Die slimmes kies stewige takke, het sy al agtergekom.

Volgens oorlewering kies ‘n kind sy of haar ouers. Sy hou nogal van daardie gedagte, maar seker ook net omdat sy reg gekies het. Praat van stewige takke. Haar mense was nie tolbosse nie.

Jy is nie objektief nie, hoor sy al die beskuldigings.

Ek is met donkermaan gebore, sal sy antwoord. En donkermaan is simbolies van subjektiwiteit.

Sy beny soms dié wat met die volmaan gekom het, maar dit sal sy nie sê nie.

Daar sal gevra word of sy die nodige insig het. Of ‘n skrywer noodwendig haar eie storie beter verstaan? Sy wonder of hulle begrip sal hê as sy sê op haar ouderdom is jy hoogstens ‘n karakter in jou eie storie. Een met geen vooraf kennis en weinig insig. Soms huppelend agter die storie aan, ander kere sleepvoet agterna. Die storie altyd ‘n kortkop voor.

Dis soos Totius se gedig, Pa. Waar hy vertel van die wag-‘n-bietjie langs die pad, daar tussen die skaarsbeblaarde soetdorings. Lowergroen en blink van blad.

En wil ek in die blare gryp
of aan die takke breek,
dan tas ek in ‘n doringnes
wat vreeslik haak en steek.

Haar pa knik. En tog sal jy die begin maar so saam met die donkermaan aan Vytjie se kopdoek moet vasknoop.

Sal julle my vertel?

Haar ma se blou oë met die kunslense blink in die sonlig.

University of Cape Town

Waarom wil jy dit doen? Haar pa se blik rus op die hoë muur met die lemmetjiesdraad op wat al om die aftreeoord strek.

Die kinders wil landuit, Pa. Sommer so met ‘n rugsak en ‘n vliegkaartjie sonder terugkomdatum. En oor die stemme wat dreig om my te vervreem. Wat vra hoe leef ek met my wit vel in hierdie vreemde plek.

Sy hande met die krom vingers raak-raak aan haar ma s’n en dis asof die oumensvlekke ligter word.

Net tot daar waar jou onthou ‘n eie knoop kan maak.

Die oomblik toe die kar op die werf stop, maak sy die deur oop en voor hy hom kom kry, is sy reeds halfpad teen die naaste rooiduin op. Hy kyk na die werf. Here, kan daar nie maar vandag ‘n stukkie kleur gewees het nie. Daar is nie eers een groen grasspriet waarmee hy haar kan teruglok nie. Vandag van alle dae het die kalkrand geen genade nie. Dis asof die aarde sout sweet. Hy sien hoe van die werkmense haar agterna kyk en hy klim uit en stap teen die duin op. Sy is reeds oor die eerste kam en hy vang haar net voor sy die tweede een vat. Haar gesig is nat en teen haar wang kleef ‘n sandstreep. Hy dink nie dis goed om in haar toestand so te hardloop nie.

Waarheen gaan jy?

Ek kan nie hier bly nie. Sy rem in sy arms.

Dan kan ons teruggaan, maar kom net eers huis toe sodat ons kan praat.

Sy is jonk, Koos, het sy pa gewaarsku en nie gewoond aan so ‘n harde wêreld nie.

Sy sal aanpas, Pa.

Maar nou weet hy nie.

Middag baas, middag kleinnôi. Die werkmense begin stadig nader staan.

Middag, groet hy terug. Hoe gaan dit hier?

Nee, baas, dit gaan goed. Maar ons is bly baas-hulle is hier. Het baas-hulle darem mooi gekom?

Terwyl die bruinman praat, dwaal sy blik kort-kort na haar gesig.

Ons het voorspoedig gery, dankie. Kan julle ons dalk help om net ‘n paar goed af te laai?

Nog ‘n paar staan nader en begin die bagasie aanvat.

Sit maar sommer net eers in die voorkamer neer, roep hy agter hulle aan.

Dis te laat om nou terug te draai. Hy neem haar hand. Laat ons nou maar vanaand slaap en dan kyk ons hoe dinge môre lyk. Hy kan sien hoe sy oor die werf kyk en hy is jammer hy het dit gesê.

Terwyl hy help dat hulle bagasie afgelaai word, bly sy op die stoeptrap sit. So met haar hande op haar knieë. Die huis op die dorp het nog na baksteen en verf geruik toe hulle na die troue

University of Cape Town

daar ingetrek het. Elke vertrek beplan soos sy dit graag wou hê. Die swarthout Van Riebeeckstel die trots van die sitkamer. En die bypassende sideboard en tafel langsaan in die eetkamer. Sy weet hulle meubels is reeds hier, maar sy is traag om te gaan kyk.

Ek het aandkos gemaak, kleinnôi. Die bruinvrou het op die stoep uitgekom en staan met haar hande voor haar en vroetel.

Sy staan stadig op en stap agter Sanna aan eetkamer toe waar 'n spierwit tafeldoek oor die tafel hang en twee plekke gedek is. Eenkant in die hoek staan 'n paar kartonne waarop geskryf staan: Sideboard. Sy kan die kos ruik terwyl hy bid, maar toe sy begin eet, proe alles dieselfde en sy is bly toe hulle klaar is.

Hy het reeds vir haar 'n lamp in die badkamer aangesteek toe sy daar kom en sy is bly oor die warm water. Sy het gehoor hoe hy vir Sanna aansê om te sorg dat die donkie goed gestook word. Toe hy later in die kamer die lamp doodblaas, is die nag stikdonker. Donkerder as wat sy gedink het 'n nag kan wees. Sy lê lank langs hom wakker en luister na die stilte. Haar hande oor haar plat buik gevou, daar waar die belofte van lewe nog baie nuut lê.

Tyd het 'n vreemde manier om sy eie gang te gaan en onder jou uit te loop, dink sy. Soos die eerste maand aanstap, kom sy agter sy kyk minder pad se kant toe. Daar is te veel om te doen. Sy kan nie glo dat 'n werf met soveel niks op, soveel werk kan hê nie.

Die baas het gesê ek moet kleinnôi leer kos kook, sê Sanna een oggend toe sy in die kombuis kom. Die vleis is volop, kleinnôi, maar die bykossies is skaars. 'n Mens moet maar soms iets uitdink. En ek moet kleinnôi leer om die slagding reg te maak. En die afval. Die baas sê hy is lief vir die afval. Ek sal vir kleinnôi wys hoe om daai pensvel spierwit te krap en die skaapkop tussen die assies in die bakoond te sit sodat die wangvleisies sag kan stowe.

Ek sal later die vleis leer, Sanna. Ons begin maar met die brood. Wys my maar eers hoe jy die deeg maak.

Toe hy die aand by die huis kom, wys sy trots na die groot boerbrood met die donker korsie. Sy is bly toe hy twee snye eet. Daar spat waterdruppeltjies uit die botter toe hy met die mes daaroor skraap en 'n dik laag op elke sny smeer. En toe pak hy dungesnyde skyfies biltong op die een en op die ander kom 'n lepelvol glanserige appelkooskonfyt.

Daardie nag slaap sy in die holte van sy lyf.

Hy kom agter hy hou haar elke dag dop en kan later die tekens goed lees. As sy van vroegoggend af deur die vensters kyk en kort-kort op die stoep uitloop, weet hy dis die werf, maar dis 'n werf wat is soos dit is. Toe hy haar een laatmiddag weer op die stoep sien, nooi hy haar om saam met hom te ry.

Waarheen wil jy ry?

Hy trek sy skouers op. Daar is nie rêrig 'n waarheen nie. Ons ry sommer net.

University of Cape Town

Hulle ry met die Jeep en hy kies koers die duine in. Sy sit stil langs hom met haar hande oor haar buik gevou. Sy pa sê altyd dis ‘n ongenaakbare wêreld hierdie wat God vir homself gemaak het. Daarom het hy vir die paar spesies wat hier aard ‘n sterker konstitusie gegee.

God was moeg vir die ondankbares wat die paradys geërf het en steeds nie tevrede was nie. Hierdie plek . . . sy pa swaai altyd sy arms wyd as hy dit sê . . . het hy vir sy eie plesier gemaak en gesorg dat net die sterkes hier kan oorleef. Dié wat nie skrik vir droogte of hitte nie. Wat weet wanneer die tyd reg is, sal die hemele oopgaan en die genade sal weer uit die sand opslaan. En dan sal die springbokke uitgelate soos kinders oor die bossies wip. En wanneer die droogte weer kom, sal die gemsbokke bitterboelas vreet en die kinders sal gorras in die rivierlope grawe. En julle moet dit onthou, dit sal altyd weer beter gaan. ‘n Mens moet net vertrou.

Hy wil vir haar vertel wat sy pa altyd sê, maar sy kyk so ver dat hy nie die moed het om te praat nie. Hy sal haar eendag vertel.

Die son trek al rooi water toe hulle die gemsbok teen die duin gewaar. Alleen, met sy regop horings wat hemelwaarts wys. Hy hou stil en skakel die enjin af. Die ghagras en die blare van die rosyntjiebos roer liggies in die windjie. Hy sal haar ook eendag vertel van die tsammas, beessuring en wildekomkommertjies wat na die reëns opslaan. Hulle sit lank daar teen die duin na die gemsbok en kyk en toe hulle later terugdraai, wys hy haar hoe die ligte aandwind hulle spore doodvee.
Daar word tweeweekliks kerk op Askam gehou. Die eerste Sondag kan hulle nie gaan nie, maar die einde van die maand ry hulle vroeg die oggend reeds van die plaas af. Dis so twaalf myl van die plaas af, maar dis nagmaal en daar word vroegoggend reeds ‘n biduur gehou.

Sy weet nie of ‘n mens dit werklik ‘n dorp kan noem nie, dink sy toe hulle Saterdag net voor middagete van die grootpad afdraai en tussen die paar geboue deurry. Op die regterkant is ‘n vulstasie en ‘n algemene handelaar. ‘n Entjie verder staan die kerk met ‘n klein saal langsaan. Daar is ‘n skool en ‘n koshuis en ‘n paar huise. Naby die kerk is ‘n klompie kleinerige huisies gebou.

Dis kerkhuisies, verduidelik hy toe sy vra. Ek het reeds aansoek vir ‘n erf gedoen sodat ons ook een kan laat bou. Die doringbome het ‘n effense groen skynsel, maar die aarde is droog en sanderig. ‘n Paar kinders speel verder af in die sandstraat.

Waarom sal ons hier wil slaap?

Want met so ‘n nagmaalsnaweek begin al die verrigtinge reeds Saterdagoggende en dit help as ons nie heen en weer plaas toe en terug hoef te ry nie.

As jy sê verrigtinge, waarna verwys jy? So vroegoggend lyk die dorp te stil vir enige verrigtinge.

Eerste aan die beurt op ‘n Saterdag vergader die skietkommando gewoonlik, daarna is dit die boerevereniging, gevolg deur die koshuiskomitee en Saterdagaande is dit die

University of Cape Town

voorbereidingsdiens in die kerk. Sondagoggend is dit biduur, nagmaal, kinderdiens en laatmiddag is dit die nabetragtingsdiens.

Hulle stop voor die kerk en sy sit eers ‘n oomblik stil voordat sy die deur oopmaak. Dis vreemd hoe besig my dae is, skryf sy vir haar ma. Met dié dat ons redelik na aan die pad sit, stop hier baie mense. Soms bure en mense uit die omgewing, maar dikwels ook vreemdes. Soms sal hier ‘n man aangeloop kom, dan moet jy maar weet hulle het êrens karmoeilikheid gekry en dan moet ons gaan help. Ons bak soms twaalf brode in ‘n week, so baie mense kom hier aan. En dan is daar dié wat op die panne verdwaal. Ma kan nie glo hoe maklik dit gebeur nie. Veral in die nag. Hulle ry en ry tot hulle petrol opraak en dan sien hulle eers die volgende oggend hoe hulle spore al in die rondte loop. Foeitog, soms is daar kinders by en teen die tyd dat iemand hier uitkom, is almal al bleek van die honger en dors. Ek weet ook nie hoe die mense dink nie. Hierdie is nie ‘n wêreld wat jy sonder kos en water aandurf nie.

Die huis is nie so gerieflik soos die huis wat ons in die dorp gehad het nie, maar hy probeer dit vir my so gerieflik moontlik maak. Ek weet Ma is bekommerd, maar hy is ‘n goeie man vir my. Ons het al goeie vriende gemaak en verlede maand het ons met nagmaal die eerste keer in ons kerkhuisie oorgebly. Dit was ‘n baie besige naweek en ek was skoon moeg toe ons laat Sondagaand by die huis gekom het. En hulle praat dat ons later vanjaar ‘n konsert gaan hou. Een van die vroue hier is besig om die teks daarvoor te skryf. Ek maak dalk nog ‘n draai op die verhoog.

Vandat hy haar vertel het wat sy pa sê, kyk sy met meer aandag na die werkers. Hulle lywe is skraal en seningrig, hulle velle taai gebrand deur die son. Nie bruin soos die mense waar sy vandaan kom of swart soos die mense oor die grens in die Britse Protektoraat nie, maar eerder gelerig. ‘n Paar skakerings donkerder as die waaigras op die duine. Saans kom sit hulle daar in die voorhuis. Die oueres op voetstoeltjies, die jongetjies op die grond terwyl hy vir hulle uit die Bybel lees en bid. Sy wonder soms hoe verstaanbaar die Drie-eenheid daar in die lamplig vir hulle is. Hulle is maar twee, drie geslagte weg van tsui-//goab en haitsi-aibib. Is dit lank genoeg om te vergeet? Maar omdraaikans is daar ook nie meer nie. Die wêreld om hulle het reeds te veel verander. Daar was al heinings op en die diere het ‘n geldwaarde gehad. Hulle voorvaders se jagveld het verdwyn. En dié wat nog daar tussen die duine was, het mettertyd verbaster en verwater tot hulle binne-, buite- en kindermeide was. Die mans dra klere en onderdruk waarskynlik hulle swerf- en jaglus.

Ons het nie van beter geweet nie, sou sy baie jare later vir haar kleinkinders probeer verduidelik toe hulle vra en woorde soos *gedwonge kerstening* gebruik. Ons het maar geglo ons moet na hulle omsien. Soos ouers kinders versorg. Na liggaam en siel. Terwyl sy praat, het dit gevoel of die sand los onder haar voete word en haar vastrap verswak. As sy van die troos vertel, moet sy

University of Cape Town

ook van die tug vertel en daar is so min van haar geslag oor wat kan help getuig. Sommige sal nie eers meer die vraag verstaan nie. Die paar oorlewendes trek nou maar almal saam met die son al om ‘n aftreehuisie of ‘n siekeboegkamer. En al waarmee hulle nog oor die veiligheidsmuur en doringheining kan sien, is hul herinneringe.

Soos die dae aanstap, begin haar lyf se vorm stadigaan verander en sy bestel vir haar ‘n paar uitrustings uit John Orr’s se katalogus. Die pakkie kom twee weke later met die pos en toe hulle daardie Sondag kerk toe gaan, trek sy een van haar nuwe rokke aan.

Toe dit tyd word dat die baba gebore word, gaan sy vroegtydig Upington toe en bly by die familie daar. Dis vreemd om met soveel geluide om haar wakker te word en sy betrap haar dat sy dikwels deur die dag wonder wat op die plaas aangaan. Die seuntjie maak sy opwagting saam met hulle eerste huweliksherdenking. Sy en die baba bly nog tien dae in die dorp voordat hy haar kom haal en hulle die pad plaas toe vat. Toe hulle later die dag op die werf stilhou, kyk hy na haar. Dit is Februarie en die hitte maak golwe op die kalkrand. Sy bly sit tot hy vir haar die deur oopmaak en toe klim sy met die baba uit. Sy dra hom oor haar skouer asof sy vir hom wil wys. Die kalkoentjies wat sy langs die paadjie geplant het en wat bolrond staan. Die honde wat stertswaaiend nader hardloop en al rondom haar snuif. Selfs die kat wat stadig van die stoepstoel afgespring het en nou nader stap. En anderkant die heining, die duine.

Hy wens hy het meer woorde gehad, beter woorde, sodat hy eendag vir sy kind kan vertel hoe dit gevoel het om hom vir die eerste keer hierheen te bring, dink hy toe hy die aand na die slapende baba kyk. Na ‘n plek waar hy homself ken en verstaan. En aan sy eiewaarde glo. Maar hy weet nie hoe verduidelik ‘n mens die vryheid wat saam met grond kom nie.

Hulle slaap die eerste paar nagte binne, maar die tweede week sê sy Sanna-hulle aan om maar weer die beddens op die stoep op te maak. Wanneer die nagte nie afkoel nie, is dit die enigste plek waar daar soms ‘n genadige luggie is. Soms laat dra sy die beddens selfs tot onder die stoep en dan lê en kyk hulle tot laatnag nog na die sterre.

Die papiere dat hy as vrederegter vir die gebied aangestel is, kom op ‘n dag met die pos daar aan. Dit beteken maar net dat ek moet help toesien dat grense eerbiedig word, verduidelik hy. Die eerste paar keer wat hy moet help om die grense na te ry, kom hy laatnag huis toe. Maar op ‘n dag laat weet hy hulle is te ver, hy sal nie kan terugkom nie.

Moet ek die stoep se beddens opmaak, kleinnôi?

Nee Sanna, ons sal vanaand binne slaap.

In dié hitte, kleinnôi?

University of Cape Town

Sy weet nie hoe sy vir Sanna moet sê sy sien nie kans om alleen met die baba buite te slaap nie. Sy het ook vergeet van huisgodsdiens, tot sy hulle na ete in die gang hoor en toe sy in die voorhuis kom, sit hulle reeds op hulle plekke. Sy gaan haal die Bybel in die kamer en lees vir die eerste keer vir hulle en bid soos sy hom elke aand hoor bid. Vir elkeen daar in die voorhuis, hul families, die plaas, die bure, die regering en die land.

Die aand is doodstil en sy sweet onder haar hare toe sy klaar is.

Dra maar vir my die beddens tot onder die stoep, Sanna, roep sy voor hulle by die agterdeur uit is. Dit gaan nie vannag afkoel nie.

Toe sy met die baba buite kom, gooi sy eers die wit gifkring om elke bed, soos hy haar geleer het. Dis al donker toe sy ‘n ruk later die geskuifel ‘n entjie verder hoor. Sy sit die flits aan en en sien hoe die werksmense hul beddens tot by die hoek van die huis dra.

En nou, Andries? roep sy na die oudste een.

Ons het maar gedink as ons hier kom lê, kan ons luister as kleinnôi ons in die nag nodig het.

Dis goed so, Andries, dankie.

Nag, kleinnôi.

Nag, Andries.

‘n Sekelmaan is besig om oor die boomtoppe op te kom en die doringtakke gooi lang skaduwees oor die werf.

Sy is gewoond aan die besproeiingserwe langs die rivier, nie hierdie duisende morge grond wat tot by die horison strek nie. Sy wonder soms of die regering geweet het daar sal mense wees wat bereid is om hier ‘n heenkome te kom soek toe hulle die plase begin uitgee het. Gratis en verniet, op een voorwaarde: die ontvanger moet die grond bewoon en bewerk en verbeterings op eie koste aanbring. Indien nie, word die grond deur die staat teruggeneem. Hy is soms so ver in die veld dat hy eers laatnag by die huis kom. Gewoonlik vat hy sulke tye sommer kortpad deur die duine en dan hoor sy die Jeep se dreuning lank voor hy by die huis is.

Hoe hou jy rigting in die donker as daar nie ‘n pad is nie?

Hy het gelag toe sy dit die eerste keer vra en na die sterre beduie. Sommer maar so met die Suiderkruis langs.

Toe die telefoon die oggend lui, tel sy dit niksvermoedend op. Die nuus laat haar daar in die gang op die vloer neersak. Hulle buurman is die vorige nag langs sy vrou in hulle bed vermoor. Sy leef nog. Die moordenaar is een van hulle eie werkers.

Toe sy weer haar bene kan voel, stap sy buitentoe en stuur ‘n werker met die perd om hom te gaan roep waar hy besig is om ‘n windpomp in een van die kampe reg te maak. Voordat hy egter

University of Cape Town

by die huis is, stop die eerste bakkie in ‘n stofwolk op die werf. Kort in sy spore stop die volgende een en toe nog een en nog een, tot die werf later vol voertuie staan. Hulle praat ‘n harde taal vanoggend, dink sy toe sy vir Sanna vra om die baba in te neem. Deur die voertuie se ruite kan sy die geweerlope sien. Toe hy met die Jeep stop, is daar nie tyd om te praat nie en toe hy oomblikke later met sy geweer op die stoep uitstap, kan sy hom net vlugtig soen. Sy bly staan ‘n rukkie op die stoep voor sy omdraai. En dan sien sy hoe van die werksmense eenkant op die werf in ‘n bondeltjie die stofstreep agterna staan en kyk. Sy bly die nag binne-in die huis, met die deure gesluit. Hulle soek heelnag, tot die polisie die volgende oggend laat weet hulle spoorsnyers het hom gekry en dat hy reeds in die selle op die dorp is. Sy sê dit nie vir hom toe hy later die oggend bleekmoeg by die huis kom nie, maar sy is bly die polisie het hom eerste gekry.

Met die dogtertjie, vier jaar later, is sy haastig om by die huis te kom en na agt dae op die dorp laat weet sy hy kan haar maar kom haal.

Die kind se brein gaan losskud, waarsku haar ma. En wat van jou? Al jou vrouedele is nog nie eers behoorlik terug op hulle plek nie. Maar sy lag net en begin inpak.

Dis donker toe hulle op die werf stop. Hy stap voor haar uit om die lampe aan te steek. Toe sy deur die eetkamer loop, waai iets teen haar gesig vas en sy klap daarna, maar toe dit terugkom, trek sy daaraan en die volgende oomblik skakel ‘n lig bo haar kop aan. Hy staan met ‘n ondeunde glimlag in die deur. Dis toe dat sy eers bewus word van die sagte dreuning buite.

Jy het vir my lig gegee.

Hy lag net en neem die baba by haar.

Sy is ‘n vreeslike soet kind, skryf sy na ‘n maand vir haar ma. Maar in die vierde maand skryf sy oor die kind wat so inkennig is. Sy wil na niemand anders toe gaan nie. Ons hoop maar sy verleer dit. Ons het besluit om haar na Ma te vernoem, laat weet sy toe dit tyd raak om haar te laat doop.

Nee, my kind, gee haar tog ‘n ander naam, skryf haar ma haastig terug. Op die ou end gaan sy ook maar net Kowa word. En dis vir my so lelik.

Maar op die ou end doop hulle haar Jacoba en noem haar Koba. Die inkennigheid wil egter nie beter word nie, kom hulle agter en die vriende spot al. Veral oor die planne wat sy maak wanneer daar vreemdes is en sy by haar mense wil uitkom. Dan kruip sy ver ompaaie.

Wat gaan van die kind word, vra sy soms moedeloos vir hom wanneer sy begin huil sodra iemand anders haar optel.

Gee haar maar kans. Sommige mense neem langer om aan die wêreld gewoond te raak.

University of Cape Town

Koba het ‘n nuwe gier, skryf sy na ‘n jaar huis toe. Sy is steeds stroopsoet en kan haarself vir ure met haar speelgoed vermaak, maar bewaar ons siele as ons haar daar wegneem. Dan huil sy tot haar asem uit is en sy soms blou om die mond word. Dan moet almal met nat lappe hardloop. Ma moet dit sien, ‘n mens skrik jou boeglam. Nou die aand het ons kuiermense gehad en toe ons haar optel om te gaan bad, was dit weer sulke tyd. Iemand het voorgestel ek gee haar ‘n hou op haar sitvlak, wat ek natuurlik summier geweier het. Maar toe sy weer sonder asem in my arms lê, het ek nie geweet wat anders nie en ek het maar so gemaak. En daar vlieg haar oë oop en sy haal asem en hou dadelik op met huil. Kan Ma dit glo? Nou die dag het ek die ganse en hoenders gaan kosgee. Ek het nie gesien sy loop agter my aan nie tot ek ‘n gil agter my gehoor het. Een van die gansmannetjies het haar omgespring en nou het sy ‘n blou kol op haar maag waar hy haar gepik het. Ek geniet die kinders, Ma. En dis so lekker om hulle hier groot te maak. Ons het sulke goeie hulp. Sanna het vir my ‘n oulike kindermeidjie daar van haar plek af laat kom. Vytjie is haar naam en Koba is baie erg oor haar. Ma sal dit nie glo nie, maar die gouste wat ons haar aan die slaap kry, is as Vytjie haar kopdoek oor Koba se oë gooi. Ek weet wat Ma dink, maar Koba is nog heel gesond, so daar kan nie te veel kieme in die kopdoek wees nie. Sy is ook maar nog self kind en is daarom ‘n goeie speelmaat vir die kinders. En wanneer die kinders slaap, was sy die doeke en help vir Sanna-hulle met die vloere en die groente se skil. Of sy gaan haal water by die buitetenk. Ma weet mos die werk hou net nooit op nie.

Nie dat Boeta ‘n speelmaat nodig het nie. Hy boer al fluks saam met die werkers en saans wanneer hulle die kalwers na die koeie moet neem, kom haal hulle hom, want hy ken elke koei se kalf. Ek weet nie wat van hom gaan word as hy moet skool toe gaan nie, Ma. Die plaas is in sy bloed.

Die einde van die jaar gaan hulle weer see toe en sy laat kom vir Vytjie twee nuwe rokke van die dorp af en toe hulle vroeg die oggend vertrek, sit Vytjie agter langs die kinders. En soos hulle al verder ry, sien sy hoe Vytjie se oë al groter rek. Op die koppie by Mosselbaai lyk dit of Vytjie se oë uit hulle kaste spring toe die see skielik voor hulle lê.

Vytjie, dink jy die mense by die huis gaan jou glo as jy vir hulle gaan vertel van al die water?

Vytjie antwoord nie dadelik nie en toe sy antwoord, is haar stem ‘n fluistering. Nee, kleinnôi.

Vytjie slaap in die klein buitekamer. Daar is ‘n enkelbed en kassie in en die eerste oggend gaan koop hulle ‘n waskom en beker by die winkel. Saans na ete kom haal Vytjie vir haar warm water in die kombuis. Bedags gaan sy saam met hulle strand toe. Daar is kennisgewingborde op om te sê dat net blankes op die strand mag kom, maar daar is oral kindermeidjies te sien. Solank hulle met die kinders in die vlak water bly en sandkastele bou, kla niemand nie.

Na twee weke by die see gaan hulle Kaap toe. Hulle het albei afsprake by spesialiste en dis ‘n goeie geleentheid om darem ‘n opvoering en ‘n film te sien. Hoe nader hulle aan die stad kom, hoe

University of Cape Town

stiller raak Vytjie tot haar asem klein wasempies teen die ruit maak. Die hotel sit teen Tafelberg en in die agterplaas is ‘n ry buitekamers waar Vytjie saam met die ander werksmense slaap. Bedags gaan sy saam stad toe en saans neem sy vroeg die kinders na die kinder-eetkamer en dan bly sy by hulle in die kamer sodat hulle kan uitgaan of gaan eet.

Is hier dan nie sterre nie, kleinnôi, wil Vytjie na drie dae weet.

Jy kan hulle net nie sien nie. Hier’s te veel liggies.

Wanneer slaap die mense dan, kleinnôi? Die ligte brand dan die hele nag.

Dis die straatligte, Vytjie. Hulle brand maar so deur die nag.

Elke aand wanneer hulle die kamerlig afskakel en die wind die stad se naggeluide op teen die berg dra, dink sy aan Vytjie in die buitekamer. Die kindmens wat gewoond is aan stilte en ‘n naghemel wat in al sy grootsheid saam met die aandster oopmaak en sy wonder oor die stories wat sy by die huis gaan vertel.

Die volgende jaar raak die droogte net erger. Bedags hou hy die horison dop en saans bid hulle saam in die voorkamer vir reën. Sy word al stiller, maar hy weet dis nie net die droogte nie. Boeta moet skool toe en dit beteken koshuis toe. Hy het later gewonder of dit die besluit makliker gemaak het. Wat as dit daardie jaar gereën het? Maar dit het nie en ‘n mens kan nog vir reën bid maar jy kan nie die brakwater onder die kalkrand soet bid nie.

Die oppakkery maak haar moeg, so met die derde een op pad. Maar dis die groetery wat haar die meeste vang. Daar in die laaste dae stap hulle dikwels laatmiddag tot op die eerste duin, daar waar hy haar die eerste dag gaan haal het, en van daar sit en kyk hulle dan na die werf tot dit donker word. En na die werksmense wat gelate met die aandwerkies aangaan.

Die laaste aand stap sy nie saam nie en klim vroeg in die bed. Sy wil nie vir hom sê sy het pyn nie, maar toe dit deur die nag vererger, bel hy vroegoggend die dokter.

Hy sê jy sal nie met die kar kan ry nie. Ek het reeds vir ‘n vliegtuig gebel. Daar is genoeg plek vir jou en die kinders. Hulle behoort net na die middag hier te wees. Die dokter sal vir jou by die vliegveld wag en ek en Vytjie sal so vinnig kom as wat ons kan.

Die vliegtuig land net na een terwyl die hitte golwe op die pan maak. ‘n Verpleegsuster klim saam met die vlieënier uit en wil eers weet hoe sy voel. Hulle maak haar gemaklik agter in die vliegtuig en tel toe die kinders in. Maar voor hulle die deur toemaak, roep sy hom.

Vat vir Boeta saam met jou. Jy en Vytjie kan nie alleen ry nie. Jy weet hoe moeilik dit gaan wees as julle vanaand by ‘n padblokkade gestop word.

Hy tel die seuntjie uit en hulle drie bly staan langs die kar toe die vliegtuig opstyg, een maal laag oor die werf draai en toe suidwaarts koers kies.

University of Cape Town

Sy wil haar ma vra of sy gehuil het, maar sy is oud genoeg om te vermoed sy weet wat die antwoord sal wees.

Ons is soos die olienhoute langs die rivier, ons groei diep wortels, het sy haar ma al dikwels deur die jare hoor sê.

Was Pa al ooit jammer oor die besluit om daar weg te trek?

Die oumens oë kyk weer in die rigting van die grensmuur.

'n Mens kan nie so omkyk-omkyk leef nie. Jy kom nêrens nie.

Toe sy vra dat hulle verder moet vertel, skud hulle gelyk hul koppe. Dis jou vlegwerk.

Waar sal ek begin?

Net waar jy wil.

En wat moet ek alles gebruik?

Hulle kyk na mekaar en dis haar ma wat antwoord.

Woorde. Takkies. Gras. Hier en daar 'n klossie wol en 'n donsveer.

University of Cape Town

In the name of the Father, and of the Son, and of the Holy Ghost.

Twee

'n Mens het twee geboorteplekke, besluit sy toe sy aan die begin dink. Daar waar die wêreld jou die eerste keer gesien het, maar dan is daar ook 'n plek waar jy die wêreld die eerste keer sien.

Sy kan nie die lewe langs die rivier met iets anders vergelyk nie, maar vir haar voel die lewe hier maklik. Soos 'n klip wat in die water gegooi word al wyer kringe maak, so word sy hier bewus van die wyer kringe wat om haar vorm. In die een naaste aan haar is haar pa, ma, haar ouer broer en die jonger een wat hier gebore is. Maar daar is ook 'n wyer familiekring met 'n oupa en 'n ouma, ooms, tannies, neefs en niggies. En nog wyer strek 'n vriendekring en heel buite 'n dorp vol kennisse. Kennisse is mense wat 'n mens groet, maar jy nooi hulle nie noodwendig na jou huis toe nie, sê haar ma.

En selfs al woon hulle nou in die dorp, is daar weer grond. Nie net die groot erf waarop hulle huis staan nie, maar ook 'n plaas buite die dorp. Haar pa sê die klippe roep hard in hulle familie. Sy dink dit is omdat hulle daarvan hou om hulle arms wyd te swaai as hulle praat.

Gee ons 'n paar kluite, 'n bees, 'n skaap en dalk 'n hoender of twee en natuurlik 'n paar gewillige hande om die ploeg te help trek en die water aan te dra en ons vra nie veel meer nie, sê haar oupa. Haar oupa woon langs hulle en teen sononder baklei hulle altyd wie oupa se melkkannetjie gaan wegbring, want daardie een kry gewoonlik 'n lekker. Dan hardloop hulle sommer met die hardgetrapte voetpaadjie deur die wingerd, onder die sementdam verby.

Sy hou van die sigbare seisoene en die seker ritme waarmee dit altyd weer kom. En die rivier.

As jy lank genoeg langs die rivier sit, sien jy alles, sê haar ma. Die oorvloed en die skaarste. Maar jy besef ook die verganklikheid van alles, want met die water onder deur die brug sal die meule nooit weer maal nie.

Sy weet wat haar ma met oorvloed bedoel, want elke paar jaar kom die rivier af en dan stoot die water ver oor die walle tot net die wit klossies van die katoen uitsteek. Soms is dit selfs hoër en wanneer die rivier dan weer terugtrek, bly daar 'n laag gladde, donker modder in die landerye agter.

Die rivier kom af. Wie ry saam? Haar pa kom hulle altyd haal wanneer die rivier afkom. Dan bondel hy almal in die kar en ry brug toe. Die brug waar sy broer verdrink het toe hy agtien was. Sy wonder soms of haar pa elke keer daaraan dink as hy oor die brug ry, maar sy wil hom nie vra nie. Sy wil ook nie vir hom sê sy dink elke keer daaraan nie of dat sy bang is om op die brug te staan wanneer daardie eerste wal water om die draai kom nie. Wanneer dit die pilare tref, bewe die brug onder hulle voete. Soms maak sy haar oë toe sodat sy nie die bome en die karkasse kan sien wat bo-

University of Cape Town

op die water verbydryf nie. Dikwels kyk sy eerder na die kliprantjie se kant toe. Daar waar die Engelse soldate se grafte sit. Haar ma dra ‘n goue muntstuk om haar nek wat ‘n ou houtopteller daar tussen die grafte opgetel het en by haar pa kom verruil het vir lampgoed, ‘n bietjie twak, ‘n paar geldstukke en ‘n bord kos. Soms sal haar ma daaraan raak en hardop wonder of ‘n ma dit met die groetslag vir haar seun gegee het — of was dit dalk ‘n jong meisie se liefdesgeskenk? Daar is nie name op die grafte nie, so hulle sal seker nooit weet nie. Haar pa sê sy sal dit eendag kry wanneer sy groot is.

Sy is altyd bly wanneer die eerste water verby is en hulle huis toe kan gaan.

Oujaarsaande word daar vuurwerke geskiet en haar pa is elke jaar in beheer daarvan. Hy koop altyd ‘n groot boks, want hulle is baie mense. Daardie Oujaarsaand laat beland een van die jonger neefs ‘n klapper in die boks en binne oomblikke sien jy net mense hardloop. Hulle het na die tyd haar ouma anderkant die draad gekry, sonder dat sy weet hoe sy daar gekom het. Dis lekker as almal lag en die kinders tot na middernag in die strate kan speel, maar soms raak sy moeg van al die gelag en dan wens sy sy kan huis toe gaan.

Nuwejaarsdag word daar piekniek op hulle plaas langs die rivier gehou. Almal wat die vorige aand daar was en selfs nog ‘n paar wat van verder af kom. Van vroeg af kom hulle aan. Van die familie bring sommer hulle honde ook saam. Die meeste honde is afstammelinge van haar oupa se hond en aan die manier waarop hulle sterte swaai en hulle dadelik aan mekaar begin ruik, lyk dit of hulle ook bly is oor die weersiens. Kosmandjies is oorvol gelaai en terwyl die sonbesies begin opwarm vir die dag, word daar afgepak, stoele en tafels word onder die reuse-olienhoute en wilgers opgeslaan, komberse word op die lou sand oopgegooi en die kinders plas in die vlak modderwater. Almal weet ‘n mens kan nie te diep gaan nie, want daar is maalkolke en strome. Eers wanneer ‘n mens groot is, en goed kan swem, waag jy dit tot anderkant die rotsbanke.

Dit was die stroom, het sommige na die tyd beweer. En sy kon nie goed swem nie.

Nee, ‘n maalkolk, het ander gesê.

Sonder waarskuwing of laaste kreet het die rivier haar net gevat.

Die groot neefs en jong ooms begin dadelik duik, maar dit is moeilik in die modderwater en die rivier het sy eie tyd. Daar waar sy teen die boomstam staan, knyp sy haar oë toe, soos op die brug wanneer die rivier afkom, maar toe die gille begin, kan sy nie help om te kyk nie. Die lang swart hare dryf eers op die water voordat die liggaam liggies die oppervlak breek en stadig begin stroomaf dryf. Sy luister hoe sommige na die liggaam roep, ander na God, maar dit lyk nie vir haar of iemand meer kan help nie.

University of Cape Town

Die kerk is stampvol met die begrafnis. Dit was die Here se wil, sê die dominee en sy kyk na die familie in die voorste bank. Die pa en die ma lyk baie ouer as Oujaarsaand toe hulle saam met die ander vir die vuurpyle weggehardloop het. Haar man lyk of hy nie daar wil wees nie en weerskante van hom, amper onder hom ingekruip, sit die kinders. Hulle oë groot en sy wonder of die dominee reg is en of dit rêrig die wil van die Here was. Van die kerk af ry hulle almal stadig in 'n stoet kerkhof toe. Vooraan ry die lykswa met die blomme op die kis. Langs die pad trek motors af en wag tot die laaste kar in die stoet verby is. Mense wat langs die straat stap, gaan staan stil. Die mans lig hul hoede en kyk stil die karre agterna. By die kerkhof val die draers weerskante van die kis in. Die begrafnisondernemer in sy swart pak stap voor. Sy weet nie hoekom nie, want 'n mens kan van ver af die hoop vars grond sien. Terwyl die dominee praat en die kinders teen hul pa se bene huil, kyk sy oor die grafte, verby haar oupa en ouma s'n. Tot by die draadomheining waar flenters papier uit die lokasie vasgewaai sit. En sy sien hoe 'n paar bruinkinders deur die flenters loer.

Na die tyd gaan almal na die pa-hulle se huis vir middagete. Die kinders speel maar buite, amper soos Oujaarsaand. Aan die begin lag hulle nie so hard nie, maar hoe langer hulle speel, hoe verder kan 'n mens hulle weer hoor, behalwe die drie kinders wat op die stoep bly sit. Sy het al mense gesien wat nooit lag nie en sy wonder of die kinders ook so gaan wees. Toe haar pa-hulle haar kom roep, is sy bly om huis toe te gaan en bly dis nie sy wat vandag op die stoep gesit het nie.

En toe op 'n dag moet Vytjie terug huis toe gaan. Na haar mense toe, verduidelik haar ma toe sy vra. Duinewêreld toe. Sy wonder of haar ma bedoel Vytjie gaan na haar familie toe, want sy het al agtergekom soms word daar van iemand se *mense* gepraat, maar dan beteken dit nie familie nie. Meisie het van toe af by hulle kom werk. Haar vel is baie wit en sy het groen oë en reguit hare. Die grootmense sê Meisie se pa was 'n Italianer. Toe sy haar ma vra wat is 'n Italianer het haar ma gesê dis iemand wat van Italië af kom. Sy weet waar Italië is, want sy kyk graag na die kaarte in die atlasboek. Wat sy nie vertaan nie is hoe 'n Italianer al die pad van oor die see daar gekom het. Maar sy wonder of Meisie se oupa nie dalk ook 'n Italianer was nie, want haar ma is net so wit soos sy, ook met groen oë. En hulle woon ook nie in die lokasie nie, maar so tussen die lokasie en die wit dorp. Die mense sê Meisie en haar ma is basters.

Sy weet nie of dit is omdat sy van kleins af vir Vytjie en Sanna en Andries en die res gesien het nie, maar al die verskillende kleure is nie vir haar snaaks nie. Maar op 'n dag kom haar pa by die huis aan en by hom is 'n man wie se vel die kleur van houtskool het.

Dis Josef, sê haar pa. Hy is 'n Ovambo en hy kom vir ons werk.

Sy weet sy moet nie kyk nie, maar sy kan nie help nie. Sy het nog nooit iemand gesien wat soos hy lyk nie. En sy ken baie verskillende velkleure. Die witste mense wat sy ken, is hulle Engelse

University of Cape Town

vriende uit die stad. Sy dink haar eie velkleur is baie soos Meisie s'n, maar Meisie kan nie oral saam met hulle ingaan nie. Na 'n ruk kom sy egter agter sy kyk nie meer so baie na Josef nie en sy wonder of haar oë gewoond geraak het aan die kleur van sy vel.

Soos die rivier en die seisoene 'n patroon het, so het hulle dae ook. Maandae maak Meisie die wasgoedmandjie in die badkamer leeg, trek al die beddegoed af en neem alles na die waskamer in die agterplaas onder die opgaartenks. Dinsdae kom iemand anders uit die lokasie help met die strykwerk. Woensdae word die huis groot skoongemaak. Donderdae word alles wat gepoets moet word, op die agterstoep gepak en daar blinkgevryf of daar word vensters gewas. Vrydae is dit huisskoonmaak vir die naweek en dan ruik die huis na politoer. Dis ook die dag dat daar vir die naweek gebak word. Haar gunsteling is die melktert wat haar ma van haar ouma se resep bak. Die kors wat teen die rande opkrul, bak goudbruin en die melkvla aan die binnekant is dik en swaar. En terwyl dit nog warm is, strooi haar ma kaneelsuiker oor.

Daar word nie in die huis oor geld gepraat nie, daarom weet sy nie of hulle ryk of arm is nie. Maar sy dink nie hulle is arm nie. Hulle het elke dag genoeg kos; daar is selfs twee keer 'n week poeding. Hulle het 'n kar, 'n bakkie, 'n lorrie en 'n trekker op die plaas. Elke Desember gaan hulle see toe en dis baie ver see toe. Hulle ry gewoonlik deur die nag sodat hulle drie kan slaap, want dan is die pad nie so lank nie. En haar ma dra mooi klere. En baie mense ken haar pa-hulle. En haar oupa wat langsaan woon. Daar is mense op die dorp wat baie stil leef, kom sy agter. 'n Mens sien hulle eintlik nooit nie. Haar pa-hulle is nie so nie. Hulle gaan vergaderings toe en help wanneer daar basaar of verkiesing op die dorp gehou word. Soms gaan haar pa vir 'n hele dag weg, dan gaan hou hulle vergaderings op ander dorpe. Een keer 'n maand kom laai sy vriend, Morrie, hom met sy vliegtuig op en dan gaan help haar pa hom om beeste vir sy slaghuis te koop. Morrie is 'n Jood, maar haar ma sê hy en haar pa kon broers gewees het.

Haar ma sê sy moet Sondagskool toe gaan sodat sy volgende jaar gereed sal wees wanneer sy skool toe moet gaan. Dis omdat sy so skaam is en haar ma-hulle is bang sy gaan nie in die skool regkom nie. Sy weet nie presies wat skaam beteken nie, maar sy weet sy hou nie baie daarvan om met vreemdes te gesels nie. Maar dis ook nie net vreemdes nie. Daar is mense in die familie met wie sy ook nie graag praat nie. Hulle maak haar ongemaklik. Die lekkerste is eintlik as sy tussen mense kan wees, maar hulle haar nie sien nie. Of hulle kan haar nog sien, maar hulle moet nie te veel met haar praat nie.

University of Cape Town

Die kinders in die Sondagskoolklas is ouer as sy en gaan reeds skool. Haar ma het belowe sy sal saam met haar daar bly tot sy tevrede is om alleen te gaan. Sy kan nie besluit of sy daarvan hou of nie. Hulle leer lesse uit die Bybel en moet versies by die huis gaan leer en hardop voor die klas gaan opsê. Daarvan hou sy niks. Wat sy vir niemand sê nie is dat sy baie bang vir God is. Sy weet hulle gaan haar nie glo as sy vir hulle vertel waar dit vandaan kom nie, want blykbaar kan kinders nie van so vroeg af onthou nie, maar sy onthou baie meer as wat hulle dink. Net soos sy kan onthou dat haar pa met haar op 'n kameel gery het toe hulle nog op die plaas gewoon het én dat hy eendag met haar, voor hom op die perd, oor 'n motorhek gespring het. Maar die ding met God kom van een Paasnaweek op haar oupa se plaas. Soos Oujaar se vuurwerke en Nuwejaar se braai 'n gewoonte is, so is Paasnaweke op oupa se plaas. Haar pa-hulle is tien kinders, eintlik veertien, maar van hulle is as babas dood, ander toe hulle ouer was. Sulke naweke kom dié wat nog leef van oral af en almal slaan tente op die plaas op en dan word daar gekuier. Die kinders speel stofwolke los, maar die groot lekkerte is Paasmaandag wanneer hulle almal in 'n ry moet staan, tot een van die tannies die teken gee en dan mag hulle begin soek vir die paaseiers wat die paashaas die vorige nag tussen die bossies en klippe weggesteek het. Sy kan nie onthou hoe oud sy was nie, maar een jaar het dit begin reën. Saam met die reën was daar vreeslike kwaai donderweer. Sy kan onthou hoe sy op haar ma se skoot in die tent gesit het. Die gedreun was by tye so erg dat sy begin huil het.

Jy hoef nie bang te wees nie, het haar ma gesê. Dis maar net God wat in die wolke praat.

Dit was die eerste keer dat sy God se stem gehoor het en Hy het vir haar vreeslik kwaai geklink. Sy is nou jammer sy het nie vir haar ma gevra vir wie Hy so kwaad was nie.

In die Sondagskool leer hulle dat God sterker as enige mens is. Dis moeilik om te glo iemand is sterker as haar pa en haar oupa. Sy het al lankal geweet daar kom 'n baie belangrike man na hulle dorp toe, want almal praat daaroor. En haar pa en ma is die laaste tyd baie besig om te help reëlings tref. Doktor Verwoerd is die eerste minister van Suid-Afrika en haar pa is een van die mense wat hom op die dorp en in die distrik moet rondwys.

Haar ma sê haar pa en oupa is groot Nasionaliste.

Haar pa sê haar ma is ook een, maar haar ma het later vir hulle vertel dat sy eintlik 'n verloopte Sap is. Háár mense was Smuts-mense, maar haar ouma het met hulle troue vir haar ma gesê dis nie die moeite werd om oor godsdiens of politiek van jou man te verskil nie, en daarom het sy toe maar ook 'n Nasionalis geword. En nou sit sy verkiesingstye saam voor die radio en wag vir die uitslae. Soms sit hulle deur die nag en wag, en sluimer net met tye bietjie in, maar sodra die sein kom, is almal se ore gespits. En teen die voordag maak haar ma gewoonlik 'n groot fles vars koffie, want sy weet sodra die dorp se polisiemanne wat op nagdiens was, van diens af kom, sal hulle eers kom stop om die uitslae te hoor.

University of Cape Town

Die dag van doktor Verwoerd se lang verwagte besoek breek uiteindelik aan en haar pa trek sy Sondagpak aan en haar ma ‘n nuwe pienk en wit pakkie met hoëhakskoene. Al die vroue wat die dag daar is, is deftig aangetrek. As dit dan nie nuut is nie, ten minste hulle Sondagbestes. Die vroue wat lekker kan kosmaak, moes resepte bring en help kook en dié wat mooi kan blomme rangskik, moes deur die dorp se tuine gaan soek en die saal die vorige dag met blomme versier. Die kinders is aangesê om agter die kerksaal te speel, maar sy is te nuuskierig en sorg dat sy naby die hoek van die saal bly. Daarom sien sy toe die stoet motors met die polisie vooraan by die skool verbykom. En sy sien hoe almal tot stilstand kom. Dit is amper soos met ‘n begrafnis, dink sy. Langs die pad gaan staan mense. Die mans lig hulle hoede. Party is netjiese hoede, ander weer is laphoede. Sy sien hoe ‘n paar bruinmans hul laphoede afhaal en in hul hande frommel terwyl hulle die stoet agterna kyk.

Sy bly loer toe die stoet voor die kerksaal stop en sien hoe ‘n gryskopman en klein vroutjie agter uit die swart motor klim. Hy is nie so lank soos háár oupa nie, dink sy en kyk hoe haar pa nader staan en handskud. Aan die manier waarop haar pa sy hand skud, so met sy kop effens vooroor gebuig, kan sy sien hy is baie belangrik.

Haar pa vertrek saam met die stoet verder en hulle kom eers teen middagete weer terug vir die ete in die kerksaal.

Ek dink die besoek was ‘n reusesukses, hoor sy die aand haar pa vir haar ma sê.

Doktor en tannie Betsie het na die ete vir ons in die kombuis kom dankie sê, antwoord haar ma terwyl haar pa haar voete vryf. Haar mooi hoëhakskoene lê voor die kas in hulle kamer.

Dit was baie bedagsaam van hulle.

Die volgende aand sit haar pa en oupa buite op die stoep voor haar kamervenster en sy kan hulle hoor praat.

Wat het Pa van sy toespraak gedink?

Ek het daarvan gehou dat hy gesê het ons veg vir ons bestaan en die wêreld moet dit weet. Haar oupa het ‘n diep stem.

En dat dit noodsaaklik is dat ons die vryheid wat ons wil hê, sal bevrug deur die werk van ons hande en die arbeidsaamheid van ons gees. Sonder harde werk gaan ons dit nie maak nie.

Wat dink Pa daarvan dat hy gesê het ons hier in Suid-Afrika het nog nie ons goue eeu gehad nie? Ons is nog maar die bouers van ‘n nasie. En dat ons ons eie toekoms moet skep sodat ons nageslag oor vyftig, sestig jaar kan terugkyk na ons en sê, daar was ook in daardie tyd ‘n volk vol helde.

Haar oupa sug eers voordat hy antwoord. Dis ons bede.

University of Cape Town

Hulle sê hy is ‘n knap boer en ‘n baie slim man. ‘n Man vir wie die naturellevraagstuk ‘n groot prioriteit is. Dis asof haar pa met homself praat en toe hulle stil raak, weet sy hulle kyk so half die verte in, soos hulle dikwels doen wanneer hulle saans op die stoep sit en gesels.

‘n Paar weke later kom daar ‘n groterige bruin koevert deur die pos en toe haar ma dit oopmaak, is dit ‘n vergrote foto waar haar pa saam met doktor Verwoerd staan. Sy kop is effens skeef gedraai, asof hy aandagtig luister.

Toe sy ‘n paar middae later van die skool af kom, hang die foto in die gang saam met die ander familiefoto’s.

Op 6 September 1966 is sy by ‘n buurkind se verjaardagpartytjie toe die ma kom vertel dat doktor Verwoerd in die parlement deur iemand met ‘n dolk doodgesteek is. Tot die ander kinders se verbasing begin sy ontroosbaar huil. Sy weet nie hoe om vir hulle te verduidelik van die foto in die gang saam met die familie nie. Daarom besluit sy om maar huis toe te gaan. By die huis kry sy haar ouers voor die radio, albei se oë groot, en sonder dat sy weet waarom, voel sy meteens bang. Die volgende dag by die skool vertel ‘n seuntjie die moordenaar het ‘n wurm in sy kop gehad wat hom die moord laat pleeg het. Vir ‘n klomp nagte daarna kan sy nie slaap nie.

Hoe weet ‘n mens as daar ‘n wurm in jou kop is? vra sy later haar ma, maar haar ma lag net vir haar en sê sy moet haar nie oor nonsens bekommer nie.

Op Saterdag 10 September sit sy saam met haar ma-hulle voor die radio om na die uitsending van die begrafnis te luister. Daar is selfs mikrofone in die kerk en hulle hoor hoe die dominee uit 2 Samuel 10 lees: Wees sterk en laat ons sterk hou vir ons volk en vir die stede van onse God. Mag die Here dan doen wat goed is in sy oë.

In sy gebed sê die dominee: As ons vyande ons hard wou slaan, kon hulle ons geen gevoeliger slag toegedien het as om hom van ons af weg te ruk nie. Maar as hulle meen dat hulle daarmee ons rug sou breek, dan ken hulle nie die gees van die volk wat ‘n Hendrik Verwoerd opgelewer het en waarvan hy die geliefde leier geword het nie. Ons het ‘n man verloor, maar goddank ons het die boodskap van sy lewe behou.

Hulle kan hoor hoe die mense sing en hoe die dominee die seën uitspreek. Toe vertel die omroeper dat die draers die kis onder die vlag op die kanonwa laai. Hulle kan selfs hoor hoe negentien kanonskote afgevuur word en die dodemars gespeel word. Volgens die omroeper ry daar veertig polisiemanne op perde met lanfervlaggies langs die kis. Die stoet beweeg stadig van Kerkplein af, maar by die hek van die begraafplaas kan die omroeper nie meer vertel nie, want van daar af mag net die familie by wees. Sy bly sit saam met haar pa-hulle tot die laaste note van die aandsinjaal stil raak.

University of Cape Town

Die omroeper het dit goed gedoen. Sy stem het die gewydheid mooi oorgedra. In haar ma se oë is trane toe sy dit sê.

Ja, dit was baie stigtelik, beaam haar pa en sy sien dat sy oë ook blink.

Sy het gewonder of ‘n mens in die dorp sal agterkom daar het iets verander, maar die volgende dag en die dae daarna het die lewe tussen die kanaal, rivieroewer en kliprantjies maar min of meer dieselfde gebly. Selfs die foto in die gang het bly hang. By die winkel en kafee staan die bruines en enkele swartes wat op die dorp is, steeds by die buitevenster wanneer hulle wil koop. Die Sondag in die kerk waarsku die dominee weer teen die Roomse gevaar en toe sy saam met haar ma kort daarna winkel toe gaan, sien sy hoe ‘n kind agter sy ma se rok wegkruip toe een van die nonne van die sendingstasie buite die dorp verby hulle loop. In die groot afdelingswinkel sit die toonbankassistente steeds die geld in die klein grys houertjie en dan gly dit al met die oorhoofse draad na die kassiere bo in die kantoor terwyl die klante geduldig op die “geldkarretjie” wag om die regte kleingeld te bring.

‘n Paar maande later word daar weer kerkbasaar gehou en die mense staan tou vir ‘n pannekoek en ‘n kerrie-sosatie. Die enigste nuwe ding is dat die biblioteek begin het met musiekaande en haar ma het gesê sy kan saamgaan. Na die tyd kan hulle van die plate koop en sy besluit die mooiste lied wat sy gehoor het, is die Duitse liedjie, “Muss ich den”. By die huis gaan spog sy met haar eerste musiekplaat.

Ja, hier teen die rivier gaan die lewe min of meer sy normale gang.

University of Cape Town

It was a childish ignorance, but now 'tis little joy to know I'm farther off from heaven, than when I was a boy. Thomas Hood

Drie

Dis donker toe hulle die Kaap nader en hulle kan nie die berg sien nie. Haar ma is baie stil, maar sy huil nie meer nie. Hulle almal het gehuil toe hulle haar oupa en ouma moes groet. En vir Josef en Meisie. En die vorige dag is hulle ook nog eers kerkhof toe om blomme op haar oorlede oupa en ouma se grafte te gaan sit en te groet.

Die vorige keer toe hulle getrek het, was sy te klein om alles te sien en te verstaan, maar nou is sy groot genoeg. En al kom hulle elke jaar na die seevakansie Kaap toe, is dit hierdie keer anders. Die pad lyk vreemd, want jy weet jy gaan dit nie weer gou ry nie. En wanneer jy dit weer ry, gaan jy nie huis toe nie, maar jy gaan net kuier, sê haar ma.

Sy weet nie wat 'n kettingwinkelgroep is nie, maar haar pa gaan help om een te begin en dis waarom hulle Kaap toe moet trek. Haar pa het hulle in die sitkamer laat sit toe hy vir hulle die nuus vertel. Haar ma was baie stil en haar pa het gesê dit was nie 'n maklike besluit nie, maar dis 'n goeie geleentheid vir hulle. Hy het ook gesê die Kaap het goeie skole.

Haar ma het gesê sy weet dit sal nie maklik wees nie, want hulle almal maak diep wortels, maar die Kaap het sy eie bekoring en sy is seker dit sal 'n interessante nuwe ervaring wees.

By die losieshuis bly hulle in die kar sit terwyl haar pa eers alleen ingaan en sy sien hoe haar ma die plek bekyk. Dit staan styf tussen ander huise ingedruk.

Hier is nie eers plek om spore te trap nie, hoor sy haar ma sag mompel toe haar pa terug in die kar klim.

Drie maande is darem nie 'n leeftyd nie, paai haar pa en dan beduie hy dat hulle moet afklim. Op die stoep staan 'n groterige vrou met 'n wolfhond langs haar. Sy sê iets vreemds vir die hond en die hond gaan lê by haar voete.

Waarom praat sy Duits met die hond, wil haar ma weet toe hulle in die kamer kom, maar haar pa weet nie.

Hulle het twee kamers in die losieshuis. 'n Grote waar haar ma-hulle slaap en 'n kleiner een vir hulle drie kinders. Die eerste nag lê en luister sy na al die geluide wat sy nie ken nie. Dis ook vreemd om weer saam met iemand in 'n kamer te slaap. By die huis het hulle elkeen hul eie kamer gehad. Die volgende oggend lyk alles vreemd en sy sien haar ma het nog nie ophou kyk nie. Voor die huis staan 'n lukwartboom met klein vruggies aan. Die vrou met die wolfhond sê 'n mens kan die vruggies eet, maar toe sy probeer, spoeg sy dit uit, want dit smaak nie vir haar lekker nie. Sy hou van die stroopsoet sultanakorrels wat hulle somermaande onder die groen wingerdblare pluk.

University of Cape Town

Die grond agter die huis is sanderig en hoe hulle ook al probeer, hulle kan nie klei daarmee maak nie. Op die ou end vang hulle maar van die baie slakke wat daar is en probeer met hulle resies jaag. Daar is soveel slakke dat elkeen meer as een span kan inskryf. Sy mis grond, dink sy toe sy daardie aand in die bed lê. Veral wanneer die grond nat is, dan ruik dit so lekker dat sy soms sommer ‘n stukkie daarvan in haar mond sal sit. Hierdie sand ruik na niks.

Die nuwe skool is nie ver van die losieshuis af nie en haar ma stap soggens saam met haar en middae kom haal sy en haar boetie haar weer. Hulle kom vroeër as die groter kinders uit en daarom kan sy nie saam met Boeta loop nie. Hy het in elk geval reeds weer maats gemaak saam met wie hy middae van die skool af stap.

Waarom dra jy ‘n blou rok? Die meisie is saam met haar in die klas, maar is langer en groter en sy moet opkyk na haar toe.

Ek kom van ‘n ander skool af.

Waarom koop jou ma nie net vir jou ‘n groen skoolrok nie?

Ek weet nie.

Ons is nie seker of ons na die drie maande hier gaan aanbly nie, sê haar ma toe sy die middag vra. As iemand vra, sê vir hulle die skoolhoof het gesê julle mag eers met julle ou skoolklere kom. Die kwartaal is te kort om nou ‘n klomp nuwe klere te gaan koop.

Sy is gereed met haar antwoord toe die meisie haar die volgende dag weer vra, maar haar verduideliking is blykbaar nie goed genoeg nie, want die meisie skud haar kop.

Jy lyk snaaks met die blou skoolrok. As ek jy is, bly ek maar liewer by die huis.

Sy beny haar boetie wat nog nie skool toe gaan nie en bedags by die huis kan bly. Hier en daar probeer iemand vriendelik wees, maar die meeste kinders het reeds deur die jaar groepies gevorm en daarom verkies sy dit om pouses alleen in die vierkant haar toebroodjie te eet. Dan kan sy kyk wanneer die groot vliegtuig oorkom. Hy is so laag dat sy al die wiele kan sien en vir daardie paar oomblikke is dit asof sy verder as die skoolmuur en die losieshuis se sandgrond kan kyk.

Naweke sorg haar pa dat hulle rondry en die Kaap sien.

Die Kaap is ‘n verleidelike plek, sê haar ma eendag toe hulle teen ‘n steil straatjie teen die berg uitry en afkyk oor die see. Die Noordweste het aardse kleure, maar hierdie is ‘n speelse plek met al die verskillende kleure en geure en aksente.

Die mense in die Kaap lyk vir haar anders as dié waaraan sy gewoond is. Waar hulle vandaan kom, is dit asof die mense dieselfde skerp kante van die kliprantjies het en hulle lywe is dikwels riemdun en laat haar aan ‘n wildsbok dink. En om hulle oë het die son diep plooie getrek. Hier lyk die mense sagter, ronder en hulle praat ook anders. In die Noordweste praat die mense baie mooi en duidelik, byna asof hulle die woorde daar ver in hulle kele gaan haal en dan met hulle tonge so

University of Cape Town

aanrol tot op die lippe. Hier is dit of die woorde sommer so los op die voorpunt van hulle tonge lê. Baie is ook vinnig van tong. Sy luister vir hulle wanneer hulle op ‘n Saterdag Parade toe gaan of blommemark toe. En sy sien hoe party mense gaan stilstaan en dan lag.

In die klas het hulle nou die dag ‘n gediggie geleer.

Ma’ mêrim, pô-pô, pô-pô en banana
en juicy drywe yt die hartjie van die Kanaän,
of hoe fancy die mêrim so ‘n vy . . .

Almal in die klas het gelag.

Hulle eet saans halfses in die losieshuis se eetkamer. Dis ‘n groterige vertrek met ‘n boogvenster wat straat toe kyk. Dis baie vroeg en haar ma koop brood waarmee sy later saans vir hulle toebroodjies in die kamer maak wanneer hulle weer honger word. Maar op ‘n dag ontdek haar ma ‘n klein restaurantjie nie ver van die losieshuis af nie en toe hulle die volgende aand weer honger word, laai haar pa almal in die kar en hy gaan koop vir hulle ‘n heelgebraaide hoender. Van toe af kan hulle nie wag vir die uitstappie nie en hulle raak nooit moeg vir die hoender nie. Haar ma sê hulle is op soek na trooskos omdat hulle nie in hul eie huis woon nie. Soms hoor hulle hoe kom snuffel die wolfhond by die deur terwyl hulle die hoender sit en eet. Haar pa sê die eienaar van die restaurant is ‘n Italianer en sy wonder of hy nie dalk van Meisie se pa familie kan wees nie. Hoeveel Italianers is daar dan in Suid-Afrika?

Aan die einde van daardie skooljaar besluit haar ouers om oor die berg tot in die Breëriviervallei te trek. Dit is naby genoeg aan die stad vir haar pa wanneer hy vergaderings moet bywoon, maar ver genoeg dat ‘n mens weer die sterre kan sien. En op die groot dorpserf is dit nie sanderig nie. Hulle kan weer modder maak.

Ek het Kalahari-kinders, sê haar ma wanneer mense vra. Hulle is gewoond om wyd te speel.

Hier is ook ‘n rivier. Van die huis se stoep af kan hulle die effens groener soom sien, maar dis nie so opsigtelik soos daar in die droë wêreld nie. En tog is sy altyd bewus daarvan en wanneer dit in die winter vir ‘n week of wat onverpoos reën en die sneeu plek-plek op die berge smelt, oorstroom die rivier ook sy walle. Dan laai haar pa hulle in die kar om te gaan kyk. Hulle is dikwels die enigstes daar. Dis nooit so vinnig en raserig soos die Grootrivier nie. Die vloei is vlakker, wyer, stadiger.

University of Cape Town

Julle is niks gewoond nie, spot haar maats soms as sy vertel hulle het na die rivier gaan kyk. Dan probeer sy verduidelik van droogte wat ‘n mens kan sien en van plantjies wat net na die reën opkom. Maar mense wat op sagter plekke woon, verstaan nie altyd nie.

Haar nuwe skool is ‘n meisieskool en sy wens elke dag sy kan liewer by die huis bly. Sy is nie gewoond aan soveel meisies nie. Hulle stemme klink anders en hulle praat ander dinge as die seuns.

Hulle maak my bang, sê sy toe haar ma haar vra. En ek verstaan hulle nie altyd nie. Die een dag praat hulle met my, maar die volgende dag hardloop hulle weg as ek nader kom. Wat sy nie vir haar ma of enige iemand anders vertel nie, omdat sy bang is hulle lag vir haar, is die droom dat sy saam met haar broers kan skool toe gaan. Net sy. Dis altyd moeilik wanneer sy na so ‘n droom wakker word.

Van die vrouens wat by haar pa-hulle werk, dra lang doeke oor hulle hare. Hulle lyk soos die bruinmense, maar haar pa sê hulle is Moslems en hulle gaan na die kerk met die ronde torinkie waar ‘n man met ‘n lang wit rok soms op die balkon uitkom en hardop roep.

Dis die imam wat hulle herinner om te bid, verduidelik haar ma. Sy is nie seker vir wie hulle bid nie, maar hulle het baie mooi name: Moena, Ibrahim, Nazeed, Nabu.

Moena bak die lekkerste sjokoladekoek wat sy al ooit geproe het en toe sy verjaar, bak Moena vir haar ‘n sjokoladekoek wat soos ‘n hart lyk. Sy kook ook baie lekker kerriekos wat anders as haar ma s’n ruik en proe en haar ma gaan gee soms vroegoggend kosbakke daar af en dan gaan haal hulle dit laatmiddag.

Haar ma sê die vreemde reuk in die huis is van al die speserye waarmee hulle kook.

‘n Mens kan van die vloere af eet, hoor sy haar ma vir haar pa sê nadat hulle die eerste keer daar was.

Soms bring Moena self die kos en dan nooi haar ma haar in en hulle sit in die kombuis en haar ma maak tee. En hulle drink uit die gewone kombuiskoppies, nie die bekers onder die wasbak waaruit Japie die tuinjong of Maria, die bediende drink nie. Toe sy haar ma eendag vra, sê haar ma iets van ‘n *beter tipe* en daarna het sy nooit weer gevra nie, want sy kan sien haar ma sukkel om daaroor te praat.

Soos toe sy kleiner was daar langs die kanaal en die Grootrivier, kry hulle lewe hier tussen die berge en wingerde ook mettertyd ‘n patroon.

Ek gaan nooit aan hierdie nat winters gewoond raak nie, kla haar ma dikwels gedurende daardie eerste winter. Wat maak die mense hier met die kinders in die winter?

University of Cape Town

Sy hou nogal daarvan as die reën so vir ‘n paar dae lank oor die vallei hang. Dan word die vuur in die sitkamer al vroegoggend opgesteek en kan sy middae na skool daar lê en boeklees. Dis vreemd om te dink die jakarandas voor die huis wat heeltemal kaal staan, gaan ooit weer blare kry.

Wag vir die lente en jy sal hulle nie ken nie, lag haar pa wanneer sy vra.

Soms ry hulle op ‘n Sondag om na die watervalle in die berg te kyk.

Waarom is ons so behep met water en dink jy ons sal ook eendag nie meer kyk nie? vra haar ma toe hulle weer eendag uitry om te kyk hoeveel dit gereën het.

Haar pa het nie dadelik geantwoord nie. Eers net die wêreld om die motor sit en bekyk, terwyl die motorbande op die nat pad suis en die ruitveërs heen en weer op die voorruit swaai.

Nee, want ons ken dors.

Sekere dinge het nie verander nie. Hulle gaan steeds elke Sondag kerk toe en sit aan die linkerkant van die kerk en haar pa bekyk nog elke Sondag die mense aan die regterkant asof hulle op ‘n dwaalpad is. Haar ouers werk hier ook vir elke basaar, skoolkermis en verkiesing. En hulle stem steeds Nasionaal.

Onder hulle in die straat woon Engelse mense en die pa is die leier van die Sappe op die dorp. Bloedsappe, sê haar pa. Toe dit weer verkiesingstyd is, ry sy en haar maatjie daar verby en skreeu kliphard: Sappe!

Sy weet nie hoe haar ma daarvan uitgevind het nie, maar sy was baie kwaad en hulle het dit nie weer gedoen nie. Na die verkiesing vergeet ‘n mens in elk geval weer sulke dinge.

Sy dink nie sy hou daarvan om ‘n kind te wees nie, besluit sy toe sy een aand op haar bed lê, haar kamerdeur op knip getrek. Daar is te veel dinge wat ‘n mens nie weet nie en dan doen en sê jy verkeerde goed. Soos toe sy vanmiddag saam met haar pa by die werk was en ‘n swartman hom kom soek het en sy hardop haar pa geroep het.

Pa, hier’s ‘n kafferman wat na Pa soek.

Toe hulle huis toe ry, het haar pa na haar gekyk en sy gesig was ernstig.

Ek wil nie hê jy moet die woord *kaffer* gebruik nie. Dis nie ‘n mooi woord nie.

Wat moet ek hom dan noem?

Dis ‘n bantoe of ‘n swartman.

By die huis het sy kamer toe geloop en op haar bed kom lê en lees, maar die woorde wil skielik nie sin maak nie en nou lê sy sommer net. Sy het al gehoor haar ma gebruik die woord, *skaamkwaad* en dit is hoe sy voel. Soos met die *Sappe*-skreeuery, voel sy nou skaam sy het dit gedoen, maar sy is ook kwaad omdat niemand dit nog vir haar gesê het nie. Almal praat dan van kaffers. Hoe gebeur dit dat ‘n woord wat een dag nog gebruik word, die volgende dag ‘n ander

University of Cape Town

betekenis kan hê. Wat dan van die woord *blankes?* En wat van *hotnots*? En as dit nie 'n mooi naam is nie, waarom is dit gegee?

En vir wie moet sy vra? Sy is nie een van daardie kinders wat sommer net vra nie. Dis makliker om soms maar net te kyk.

Dis vreemd dat haar ma ook nou werk, veral omdat hulle ver van die dorp af woon en sy nie sommer daarheen kan stap nie. Soms kom haal haar ma haar vir balletklas of musiekoefening, maar die meeste van die tyd stuur hulle vir Jaffer. Hy kom laai haar by die huis op, neem haar en wanneer sy klaar is, kom laai hy haar weer op. Hy is bruin, maar sy is nie seker of hy dalk Moslem is nie. Sy het nog nooit so 'n naam gehoor nie. Hy maak altyd vir haar die motor se agterdeur oop wanneer hy haar kom haal. Van die kinders spot haar wanneer hy haar aflaai, maar sy gee nie om nie. Hy is vriendelik en praat mooi met haar, soos Josef altyd gedoen het.

Al is dit nie altyd vir haar lekker om 'n kind te wees nie, is die lewe hier bo teen die bult maklik. En haar pa was reg oor die jakarandas. Toe dit lente word, het die blare teruggekom en stadigaan het die pers blommetjies hulle verskyning gemaak. Die voëls keer ook weer terug van hulle oorwinter plekke en dit kwyl en kwetter in die bome. Hulle fladder en vleg en bou ywerig neste. Middae kan hulle kinders nou onder die bome speel, of in die straat, maar van die lekkerste is wanneer hulle Vrydae die kaskarre se wiele afstof en olie. Langs hulle woon mense wie se kinders so oud soos hulle is en dis maklik om sommer oor die draad na mekaar toe te klim.

Sy dink nie alle kinders se lewe is so maklik nie. By haar in die klas is 'n kind wie se ouers gaan skei en een wie se pa na 'n inrigting in die Kaap gestuur is sodat hy kan ophou drink. Sy het nou die dag in die klas begin huil en die juffrou het gesê hulle moet haar uitlos en nie allerhande vrae vra nie. En by hulle in die kerk is 'n meisie wat 'n baba gaan kry, maar nie getroud is nie en nou mag sy blykbaar nie meer kerk toe kom nie. Sy het gehoor toe haar ma-hulle daaroor praat. Sy het ook gehoor toe haar pa vir iemand vertel van die Joodse man in die Kalahari wat 'n kind by sy swart vrou het. Hy wou nie die kind na die nie-blanke skooltjie stuur nie, maar die wit skole wou hom ook nie aanvaar nie. Op die ou end het die man sy kind na 'n privaatskool in Johannesburg gestuur.

Ai, dit kos my tog baie duur om van Sammy 'n wit kind te maak, het die man by haar pa gekla toe hulle nog daar gewoon het.

Juffrou sê hulle mag nie politiek in die klas praat nie, maar die oggend nadat die Amerikaners op die maan geland het, laat sy hulle in die klas daaroor praat. Toe een van die kinders in die klas vertel dat haar ouer suster sê in Amerika het 'n groep vroue hulle bra's verbrand, het die juffrou hulle ergerlik stilgemaak en gesê dis sommer nonsens.

University of Cape Town

Nou kyk sy saans na die maan en sy verbeel haar dit lyk nie meer dieselfde nie.

Sondagaande luister sy saam met haar broer in sy kamer na LM-radio se Top 20. Haar broer sê dit word uit Lourenço Marques uitgesaai en dit is waarom die klank so vreemd klink, asof dit in golwe aankom.

Haar pa moet dikwels Kaap toe gaan. Wanneer dit skoolvakansie is, kan hulle soms saamgaan. Maar sy kan nie glo toe haar ouers die oggend sê sy mag saam met haar broer Hippiemark toe gaan en daarna saam na 'n fliek met die naam *Woodstock* gaan kyk nie. Die Hippiemark is in Loopstraat en dit ruik na wierook toe hulle instap. Oral teen die mure is plakkate van filmsterre, musiekmakers en ander mense wat bekend is. Die plek is in stalletjies verdeel en elkeen verkoop iets anders. Sy koop vir haar 'n paar rooi raffia-sandale, 'n leerbandjie vir haar arm en 'n silwer Peace-teken. En in die fliek sit sy doodstil en kyk. Dit gaan moeilik wees om vir haar maats te vertel wat sy alles gesien het.

Op pad huis toe ry hulle verby Distrik Ses en sy vertel dat sy gehoor het 'n verpleegster wat in haar uniform is, kan in die middel van die nag dwarsdeur dié gebied stap sonder om iets oor te kom.

Ek sal nie so 'n kans waag nie, sê haar pa. Dis 'n skollie-nes.

Is almal wat hier woon skollies?

Nee, almal is seker nie skollies nie, maar hier is baie en dis waarom dit so 'n gevaarlike plek is.

Sy het nog 'n hele ruk deur die motor se agterruit teruggekyk. Soms dink sy sy wil ook eendag 'n verpleegster word.

En toe een oggend is die koerante vol van die dokter by Groote Schuur Hospitaal wat 'n hart oorgeplant het. Haar pa sê die nuus gaan wêreldwyd opslae maak en dit is 'n groot deurbraak vir Suid-Afrika. Maar toe haar oom-hulle 'n rukkie daarna terugkom van 'n vakansie in Europa vertel hulle dat hulle 'n paar keer uit winkels gejaag is omdat hulle Suid-Afrikaners is.

Ons het baie lank gevlieg, want al die Afrika-state het hul lugruim vir Suid-Afrika gesluit, wat beteken ons moes om die bog van Afrika vlieg.

Toe haar tannie-hulle weg is, haal sy hulle groot atlas uit en kyk na die kaart van Afrika. Dis 'n groot stuk lug wat toegemaak is.

Die eerste teruggaan Grootrivier toe is toe nie om te gaan kuier nie, maar om begrafnis te gaan hou. Haar ouma het onverwags aan 'n beroerte gesterf. Die Saterdagmiddag toe hulle met die nuus bel, was daar 'n Tupperware-partytjie by hulle huis aan die gang en haar pa was rugby toe. Haar ma

University of Cape Town

moes haar vriendinne nooi en ‘n vrou het met ‘n kar vol plastiekbakke daar aangekom en so tussen koffie en eetgoed verduidelik waarvoor ‘n mens alles die bakke kan gebruik. Sy het nog nooit haar ma so sien huil nie, nie eers toe hulle getrek het nie. Haar broers was ook nie by die huis nie en iemand het met haar op en af in die straat gaan stap, terwyl sy net by haar ma wou wees. Sy weet nie waarom mense dit doen nie, want sy onthou die dag langs die rivier is hulle kinders ook in ‘n kar gelaai en dorp toe geneem, terwyl sy by haar ma wou wees.

Hulle trek net na middernag by die huis weg. Haar pa het vir hulle met komberse en kussings ‘n bed agter in die kar gemaak, maar sy raak nie dadelik aan die slaap nie. Hulle praat en vroetel nie soos altyd wanneer hulle met vakansie vertrek nie. Dit is doodstil in die kar en sy sien haar ma sit met toe oë.

Sy moes deur die nag aan die slaap geraak het, want toe sy wakker word, is die wêreld dor en net hier en daar is ‘n verlate windpomp te sien. Net toe die son uit is, stop haar pa by ‘n uitdraai met ‘n betontafeltjie. Hulle laai die houer padkos agter uit die motor en pak dit op die tafeltjie uit. Die frikkadelle, toebroodjies, hardgekookte eiers en vetkoeke met die appelkooskonfyt en kaas het alles deur die nag koud geword, maar hulle is honger. Hulle staan sommer so om die tafeltjie en eet. Haar ma drink net koffie en sy hou die warm beker met albei hande vas terwyl sy ‘n entjie wegstap. ‘n Ligte windjie waai koud oor die vlakte en ‘n paar vlieë zoem om die vuilgoedhouer wat aan die grensdraad vasgemaak is. ‘n Ent verder staan ‘n troppie skape met hul boude na die opkomende son gedraai.

Net een bakkie kom verby terwyl hulle daar staan en die man agter die stuur toet en lig sy hand. Daarna raak dit weer stil en haar pa sê hulle moet begin klaarmaak.

Die werf lyk verlate toe hulle daar stop en die rankwingerd het reeds sy blare verloor. In die somer maak dit ‘n koel tonnel waar hulle graag gespeel het. By die agterdeur staan ‘n halfgeroeste blikskotteltjie onder die kraan. Elke druppel water is kosbaar, het haar ouma altyd gesê, selfs al is dit net genoeg vir die akkedisse en geitjies. Die skotteltjie is vandag leeg en warm gebak.

Binne die huis lyk dit soos sy onthou, alles is nog daar en tog voel dit nie dieselfde nie. Sy raak vlugtig aan die swart stoof, maar dis koud. Sy sien hoe haar ma van vertrek na vertrek loop, maar sy steek in haar ouma se kamerdeur vas en staar lank na die dubbelbed met die houtkopstuk. Aan die kant waar haar ouma altyd geslaap het, maak die beddegoed ‘n effense holtetjie en ‘n fyn kreukel.

Toe haar ma-hulle later die oggend na die lykshuis toe gaan, ry sy saam. Hulle wil haar eers buite laat bly, maar op die ou end laat hulle haar saam ingaan. Haar ouma lê reeds binne-in ‘n kis en dit lyk asof sy slaap. Haar ma soen haar ouma se voorkop en huil toe teen haar pa se bors.

University of Cape Town

Die volgende middag staan almal in die kerk op toe hulle agter die begrafnisondernemer met sy swart pak die kerk instap. Die dominee praat lank en sy probeer nie eers luister nie. Sy kan voel hoe haar ma liggies teen haar bewe en sy wonder of sy enigiets kan hoor. Op pad graf toe ry hulle net agter die lykswa. Terwyl die dominee by die graf praat, probeer sy die nuwe grafte tel. Daar het nogal baie mense doodgegaan vandat hulle weg is. Teen die draad staan ‘n paar bruinmense. Die mans met hul hoede voor hulle borse. Sy herken vir Maria wat by haar ouma gewerk het. Die plooie op haar gesig lyk vandag selfs van hier af dieper as gewoonlik.

Haar ma huil nie toe hulle twee dae later oppak om huis toe te gaan nie, maar sy praat baie min op pad.

‘n Jaar later is dit haar pa wat stil is toe hulle weer een nag die pad Noorde toe moet vat. Sy pa is die middag oorlede. Toe sy in die nag agter in die kar wakker word, sien sy haar ma bestuur en haar pa sit met toe oë langs haar. Net na sonsopkoms stop hulle weer op dieselfde plek en haar ma pak die padkos op die betontafeltjie uit. Die son is skaars uit, maar dis reeds warm en hier en daar is ‘n sonbesie al hoorbaar.

Daar is reeds van die ander kinders toe hulle by die werf indraai, maar haar oupa se stoel op die stoep is leeg. Hy het altyd daar vir hulle gewag. Die kinders en kleinkinders kom deur die dag aan en die huis en werf raak al besiger en raseriger. Dis vreemd om te sien hoe daar soms gelag word, maar uit die lag sal iemand iets onthou en dan loop die trane.

Haar ma sê haar pa se mense lag wanneer hulle wil en huil wanneer hulle wil. Sy sê dis waarom hulle so oud word.

Twee jaar later met haar niggie se begrafnis is sy een van die slippedraers. Haar niggie was negentien jaar oud toe ‘n dronk man een aand voor haar ingery het. By die graf stap sy saam met die ander niggies, almal in wit geklee, agter die draers. Sy kan nie verstaan waar die woord *slippedraer* vandaan kom nie, want daar is beslis niks om te dra nie. Geen sleep of sluier nie.

Op pad terug huis toe is albei haar ouers stil en sy wonder of hulle bang is een van hulle kinders gaan dood. Sy wonder of haar ma ook so na hulle sal bly roep soos haar tannie wat die hele nag geroep het.

University of Cape Town

They went with songs to the battle, they were young, straight of limb, true of eye, steady and aglow. They were staunch to the end against odds uncounted; They fell with their faces to the foe. We will remember them. Laurence Binyon

Vier

Sy is vyftien toe haar oudste broer weermag toe moet gaan. Hulle groet hom op die stasie en bly staan tot die trein om die draai verdwyn.

Kimberley is darem nie so ver nie, troos haar pa haar ma toe hulle by die huis kom.

Vir my voel dit maar baie ver, antwoord haar ma en loop kamer toe.

Die eerste naweek wat hy huis toe kom, herken hulle hom byna nie. Die seunsgesig het hoeke gekry, die vel is bruiner en taaier gebrei deur die Noord-Kaap son. Sy sien hoe haar ma, byna onbewustelik, aan hom raak. 'n Klein gebaar. En die veraf kyk in haar oë toe hy ná die naweek weer moet teruggaan.

Later daardie jaar laat weet hy dat hy opgeroep is vir grensdiens, maar hulle vertrek uit Kaapstad, so hulle sal hom kan gaan groet. Sy en haar jonger broer ry saam Kaap toe. Almal is netjies aangetrek asof hulle op 'n Sondaguitstappie is.

Die binnehof van die kasteel wemel van jong dienspligtiges, byna onherkenbaar eenders in hulle kakie-uniforms, kort hare en dapper glimlagte. Familielede dwaal rond, ander staan rond en 'n paar sit voor die trappies na die Donkergat. Dit lyk of almal besig is om 'n paar laaste woorde te probeer inkry. Maar sy let op hoe min van hulle mekaar in die oë kyk. Almal se blikke dwaal maar so half oor die groter prentjie. Toe dit tyd raak om te groet, hou haar ma haar broer lank vas en haar pa soen hom twee keer voordat hy saam met die ander soldate in gelid wegmarsjeer. Sy kyk na die pa's se gesigte en sy wonder hoeveel van hulle sal met hul seuns plekke ruil as hulle kon.

Hulle bly staan nog 'n rukkie so saam met die ander mense, soos skape wat doelloos heen en weer maal voordat hul uitmekaar begin gaan.

Die ouens by hom in die peloton lyk nogal na 'n klomp oulike manne.

Haar ma antwoord nie haar pa nie.

Ek hou van hulle luitenant.

Toe haar ma weer nie antwoord nie, raak haar pa ook stil.

Jare later toe haar eie seuns daardie ouderdom is, verstaan sy beter en weet sy dat 'n mens soms praat om van jou eie bangheid af weg te kom.

Dit raak net nie makliker nie, kla haar ma toe hy 'n jaar later weer vir 'n kamp moet terug grens toe gaan en toe haar jonger broer 'n paar jaar later moet gaan, sug haar ma sommer net

University of Cape Town

hardop. Dis anders om haar jonger broer te groet en toe hy met sy kaalgeskeerde kop en regop skouers voor haar staan om te groet, wil sy vir hulle sê hy is te jonk om te gaan.

Haar ouers praat nooit daaroor nie, maar sy weet hulle bid in daardie tye meer as gewoonlik en hulle kamerlig brand dikwels laataand nog. Sy is seker alle ouers bid meer, maar almal kry nie hulle kinders veilig teruggebid nie. Wanneer haar ouers oor haar broers praat, is daar ‘n kombinasie van trots, weerloosheid en vrees op hulle gesigte en in hul stemme. Elke brief word oor en oor gelees, asof hulle eerder op soek is na die woorde wat nie daar is nie.

In daardie tyd word *terroris* en *kommunis* vir haar bangmaak-woorde. Op die paaie word militêre konvooie ‘n alledaagse gesig. ‘n Sigbare herinnering dat daar êrens ‘n oorlog gevoer word. Die koerante berig daagliks oor die rooi gevaar en dit laat haar aan ‘n naderkruipende bloedkol dink. So ‘n klewerige rooiheid wat al verder suid loop. Hoe keer ‘n mens bloed as dit begin loop, wonder sy snags.

In die kerk bid die dominee Sondae vir ‘n lang lys gesinne. Maar dikwels word daar op ‘n Sondag vir spesiale voorbidding gevra, want dan is daar ‘n broer, neef, vriend of pa op die grens doodgeskiet. Soms is dit ‘n landmyn, soms in ‘n skermutseling. Sommige oorleef die aanvalle, maar kom sonder ‘n been of arm terug. Ander behou hulle ledemate, maar die beserings is van so ‘n aard dat hulle die res van hul lewens in rolstoele gekluister sal wees. En dan is daar die groep wat sigbaar niks makeer nie, maar oor hulle word daar agter bak hande gefluister.

Is ‘n mens op agtien volwasse genoeg om dood te maak, het sy haar broers later gevra.

Is ‘n mens óóit volwasse genoeg is om ‘n lewe te neem, het die een geantwoord.

Dit is dalk waarom daar ‘n kollektiewe woord geskep is, het die ander een gesê. Die vyand. Dit móét help . . . daardie gesigloosheid. Dit impliseer ‘n eenheid, asof daar nie onderdele is nie. Ek vermoed dit is waarin die behoud vir ‘n soldaat lê. Solank die woord *vyand* nie uit meervoudige onderdele bestaan nie. Daardie een bedreigende gesig maak dit makliker.

En die stories van vergrype? Is dit waar?

Hulle albei het geknik en toe hul koppe geskud. Soos met elke oorlog is daar diegene wat voel trofees kom die oorwinnaars toe, het die jonger een geantwoord. Jy moet onthou vir baie van daardie ouens was mag ‘n onbekende emosie. En vir baie was dit ‘n manier om hul eie vrees te besweer.

Maar as jy vra of almal so was, is die antwoord nee. Die ouer een het steeds sy kop geskud.

Oor die radio is eindelose versoekprogramme vir die manne in uniform, soos daar na hulle verwys word. Saamrygeleenthede na en van die basisse word op nasionale vlak georganiseer. Bel-en-ry-na’s is die land vol en word deur vrywilligers gereël.

University of Cape Town

Haar ma hou nie daarvan dat hulle ryloop nie, maar haar pa sê dis nie meer gevaarlik as om ses manne in ‘n kar te laai en deur die nag te ry nie. En dis wat hulle doen. Sodra hulle op ‘n Vrydagmiddag pas kry vir die naweek, klim hulle in enige voertuig, net solank hulle by die huis kan kom.

‘n Mens bid hulle veilig van die grens af terug en dan kom verongeluk hulle hier op jou drumpel, sug haar ma een oggend toe sy die koerant lees dat daar weer ‘n paar jong manne in ‘n motorongeluk dood is.

Naas hulle gewere is die Flossie vir baie van die diensplichtiges hulle groot liefde, skryf ‘n joernalis in ‘n artikel oor die Lockheed C130B Hercules. Die vliegtuie waarmee die weermagtroepe na en van die grens af gevlieg word.

Die romp is groot genoeg om twee Samil 20’s, troepedraer-voertuie, en ‘n Land Rover te dra, vertel haar broers. Selfs ‘n Puma-helikopter. En as daar nie vrag is nie, kan negentig gewone troepe of sestig ten volle toegeruste valskermsoldate inpas.

Sy kom agter hoe maklik hulle vir haar die tegniese detail gee, maar hulle praat nooit oor hulle gedagtes wanneer hulle knie-teen-knie oorkant mekaar sit op pad noorde toe nie. Ook nie oor hoe groot die verligting is wanneer hulle terugkom nie, en dat hulle probeer om nie die kiste agter in die vliegtuig raak te sien nie.

Dis ‘n regte oorlog en daar is waarskynlik niks nuuts om oor ‘n oorlog te sê nie, sê een van hulle een laataand. En soos met elke oorlog sal daar in die toekoms baie oor geskryf en gepraat word. Een vraag wat tot vervelens toe oor en oor gevra gaan word, is of dit nodig was en afhangend van wie jy vra, sal jy verskillende antwoorde kry.

Wanneer ‘n mens snags in jou bed lê en jy voel hoe jou gedagtes oor die vlaktes verdwaal, gee jy nie om oor die duisende ander wat daardeur gaan nie, verduidelik haar ma. Jy gee nie om wat die ideologie daaragter is nie. En of jy en jou verhaal eendag ‘n cliché gaan wees nie. Jy bid net.

‘n Onderwyser het die dag vorms uitgedeel vir ‘n SABRA-kongres wat by die Universiteit van Port Elizabeth gehou sou word. Sy besluit om haar pa-hulle te vra om te gaan, al weet sy nie juis iets van die organisasie nie. Op die ou end is hulle drie van hulle skool wat gaan. Sy is die enigste standerd-nege, die ander twee is matrieks. Volgens die pamflet is leerders van oor die hele land genooi. Teen die tyd dat die bus hulle oplaai, is dit reeds meer as halfvol met kongresgangers uit die Kaap, Stellenbosch, Paarl en ander Bolandse dorpe.

Die kampus is nuut en modern en hulle verkyk hulle aan alles. Die oggend met die opening van die kongres is doktor Anton Rupert die geleentheidspreker. Die gedruis van stemme raak stil toe hy op die verhoog stap. Sy weet wie hy is want as jong meisie het haar ma ‘n ruk lank vir Rembrandt

University of Cape Town

gewerk, maar van die kinders het nog nooit van hom gehoor nie. Toe hy begin praat, probeer sy luister, maar die klomp vreemde gesigte om haar en die uiteenlopende gesigsuitdrukkings maak dit moeilik. Daardie aand toe sy in haar bed in die koshuis lê en oor die dag dink, kan sy net een sin herroep. Sy is jammer sy het nie beter geluister of die konteks van sy woorde onthou nie.

Solank die swartman in hierdie land nie eet nie, sal die witman in hierdie land nie slaap nie.

Die res van die week woon sy al die lesings by. Sommige onthou sy ‘n uur of twee, ander dalk ‘n dag, maar toe hulle die dag op die bus klim om terug huis toe te gaan, is die enigste woorde wat sy steeds onthou daardie een sin.

Terug by die huis is die Jeug-vir-Christus-beweging sterk aan die gang. Groepe jong mense toer deur die land en getuig oral by skole en kerke. Een aand is daar juis weer ‘n saamtrek in een van die kerksale en die aand daarna word ‘n groot bekeringsdiens in die kerk gehou. Sy kan nie besluit of sy wil gaan nie, want hulle bid al die hele week elke pouse by die skool. Niemand praat omtrent meer oor iets anders nie. Een van haar vriendinne deel elke oggend voor skool Bybelversies uit. Op die ou end gaan sy tog maar na die saamtrek in die kerksaal. Haar vriendin wat die Bybelversies uitdeel, sê hulle gaan ‘n film oor die wegraping wys. Sy het nog nooit van die wegraping gehoor nie en na die tyd is sy jammer sy het gekom. By die huis sê haar ma hulle moet pasop dat hulle dit nie oordoen nie. Vir ‘n oomblik was dit vreemd dat haar ma so iets sal sê, want haar ma-hulle gaan dan self elke Sondag kerk toe. Maar later in haar bed het sy besef haar ma het hulle nog altyd teen alles met ‘n *té* gewaarsku. Van te veel lag kom huil, sal sy selfs soms waarsku. Sy wil haar radio aanskakel want dis Woensdagaand en sy luister graag na Radio Goeie Hoop se top tien-musiekprogram, maar by een van die byeenskomste is hulle spesifiek teen popmusiek gewaarsku. Sy slaap byna nooit die nag nie en wanneer sy wel insluimer, het sy nagmerries dat haar hele gesin weggeraap sal word en sy bly alleen agter. Sy sal nooit die toneel vergeet waar die mense na die tyd deur die strate dwaal op soek na hulle mense nie.

Die volgende aand is die kerk stampvol gepak met jongmense. Sy en ‘n paar vriende kry nog plek op die galery. Tydens die vooraf sang staan baie met hul hande in die lug en swaai liggies heen en weer. Die dominee verwys na die vorige aand se film en waarsku dat dit die wêreld se voorland is en dat hulle hulle moet bekeer. En toe vra hy dat almal wat vanaand bereid is om hulle sondige weë agter te laat en hulle harte vir die Here te gee moet onder gebed opstaan. Almal maak hulle oë toe en terwyl die dominee bid, hoor sy hoe die kerkbanke oral begin kraak. Sy maak haar oë oop en sien hoe baie van die kinders met hulle arms bo hul koppe uitgestrek, opstaan. Sy dink aan die film en voel hoe sy weer begin sweet. Na die film weet sy sy moet seker opstaan, maar kry haarself nie so ver nie. Hulle het die laaste tyd baie boeke gelees oor dwelmgebruikers en selfs moordenaars wat

University of Cape Town

tot bekering gekom het, maar sy gebruik nie dwelms nie en het nog nooit iemand vermoor nie. En dis nie asof sy al ooit enige plaat van agter af probeer speel het om duiwelsboodskappe te kry nie.

Op die ou end staan sy toe nie op nie en daarna weet sy nie of sy ooit tot bekering gekom het of nie.

Een middag gaan sy weer na skool saam met 'n vriendin huis toe. Dis 'n gewone dag en die vroegherfsdag is kristalhelder. Oral begin blare verkleur en die wingerde is al aan die kaal word. Sy was nog altyd lief vir die herfs, dink sy terwyl hulle saam met ander groepies kinders stap en die son warm teen hul rûe bak. 'n Paar ry stadig met hul fietse langsaan. By die huis kry hulle haar vriendin se ma voor die radio.

Terroriste het die Israeliese konsulaat in Foxstraat, Johannesburg beset. Sy beduie na die radio en skud haar kop. Here, nou is hulle in die land.

Hulle twee gaan staan stil om ook na die nuusoorsig te luister, sonder dat hulle weet waar Foxstraat is. Sy sal dit nie hardop sê nie, maar sy wonder of dit oor kos gaan.

In die kombuis maak hulle vir hulle iets om te eet, maar sy sluk moeilik. Die radio bly aan en deur die loop van die middag herhaal hulle al om die uur die berigte. Dit voel vir haar of die rooi bloedkol van 'n oorlog wat ver was, skielik oor die grens gespoel het en sy besluit later om haar ma te bel sodat sy kan huis toe gaan.

Daardie aand kyk hulle op die splinternuwe televisienetwerk na die toneel wat gedurende die dag in Johannesburg afgespeel het, maar ongelukkig is daar nie foto's van die terroriste nie. *Terroris* en *kommunis* is steeds woorde waaraan sy graag 'n gesig wil heg en daarom wag sy die volgende oggend se koerant gretig in, net om te lees dat die polisie intussen besef het dis een gewapende man wat die mense gyselaar hou. Hy word later daardie dag in hegtenis geneem. 'n Wit man, met die naam Dave Protter. Skielik is niemand meer seker of hy 'n terroris is nie.
Dit was nog altyd so. Sommige nuusberigte skiet soos rooi vlae omhoog en laat 'n hele land regop sit. Terwyl ander stil-stil hul verskyning maak en 'n mens eers later laat stilstaan. Dis nie asof sy nié die berigte op 16 Junie 1976 gehoor het nie. Almal het dit gehoor, maar dit was nie soos die berig oor die terroriste in Johannesburg se middestad nie. Daar is nie onmiddellike vrees nie. Eerder 'n vreemde onbegrip, en terselfdertyd 'n speelse geamuseerdheid.

'n Gedeelte van hulle skool het in haar standerd ses-jaar afgebrand en sy kan onthou hoe dit die klasse ontwrig het en hoe ontsteld die onderwysers was. Vir die kinders was dit egter soos 'n onverwagse vakansie. En deur die jare het veral van die seuns soms geskerts dat dit weer tyd is vir 'n brand.

University of Cape Town

Volgens die nuusberigte het dit egter op daardie oggend vir ‘n klomp kinders in Soweto meer as ‘n versugting geword. Hulle het daad by die droom gevoeg en die polisie is in die gebied ontplooi. Daardie middag na die hokkie-oefening kyk sy na die groot drieverdieping skoolgebou en wonder waar begin ‘n mens. Hoeveel vuurhoutjies moet jy trek om so ‘n gebou aan die brand te steek? En sy wonder oor daardie kind wat die eerste vuurhoutjie getrek het.

Met watter klasse sal ons begin? spot ‘n paar seuns na hulle rugbyoefeninge.

Solank ‘n paar onderwysers net bínne die klasse is.

Almal lag terwyl hulle begin groet om huis toe te gaan.

Terwyl sy huis toe stap, kan sy by die meeste huise die vae belofte van aandkos ruik. Oral draai motors by opritte in. In die park speel ‘n paar mense met hul honde.

Daardie aand sit sy saam met haar ouers voor die televisie toe dit tyd raak vir die nuusuitsending. Vir haar lyk dit soos onwerklike beelde en dit herinner haar aan ‘n riller.

Hoe is dit moontlik dat kinders so iets kan doen? vra haar ma op ‘n stadium.

Waar was hulle ouers? wil haar pa weet.

Sy kyk na hom en wonder wat hy sou doen as een van sy kinders vandag deel van daardie massa jongmense was.

Kyk hoe jonk is van hulle, laat haar ma na ‘n ruk hoor, die verbystering hoorbaar in haar stem.

Die skoolklere sê vir haar hulle moet so oud soos sy wees, selfs jonger, maar dit is moeilik om aan hulle as skoolkinders te dink. Sy ken niemand met soveel woede in hulle nie. Nie eers die kinders wat van ver anderkant die spoorlyn af kom, is so kwaad nie.

Daar is soveel beelde op die televisie. Sy probeer verby die voorhardlopers kyk. Na dié wat agterlangs was en wonder of hulle toevallig deel van die golf geword het. Het hulle geweet toe hulle meegesleur is dat daar traanrook, sambokke en koeëls gaan wees? Wat gebeur met dié wat nie daar wou wees nie of was die muur van kinderlywe ‘n eenheid?

Haar mense is jagters, hoe dan nou ook anders. En sy het met vuurwapens in die huis grootgeword. Tot haar ma was ‘n knap skut wat al pryse in haar jonger jare losgeskiet het. Die geluid van skote wat klap, is daarom nie vir haar ‘n vreemde geluid nie, maar daardie skote klink anders of miskien weerklink dit eerder op ‘n ander manier in haar. Sy kyk na die televisieskerm en lees hardop wat op die plakkate staan.

To hell with Afrikaans.

Van die polisie hardloop met knuppels in die skare in en dit is asof sy die pyn van daardie houe kan voel. Vir haar wat nog nooit ‘n slagoffer van geweld was nie, is dit byna ondenkbaar. Dalk was dit die manier hoe die kinders hulle hande opgehou het om te keer. Hulle was byna uitdagend

University of Cape Town

teenoor die koeëls, maar die knuppels het seer gemaak. Later in haar bed wonder sy hoeveel van daardie kinders daardie dag geëet het. Daardie nag en baie daarna slaap sy min.

Behalwe die foto's van brandende geboue en buitebande in die strate is daar een foto wat haar keer op keer na die koerant laat kyk. Dié van 'n langerige jongman, geklee in 'n oorpak met kruisbande en 'n wit hemp wat weg van die skare af hardloop, terwyl hy 'n jonger seun in sy arms dra. Die jonger seun se kop hang agteroor en die bloed loop uit sy mond. En langsaan hardloop 'n jong meisie in skoolklere. Haar gesig vertrek van angs en haar hande is oopgesprei asof sy iets probeer keer.

Hector Pieterson. Twaalf jaar oud. Deur die polisie met lewendige ammunisie doodgeskiet toe hulle op die skare gevuur het, lui die berig. 'n Fotograaf wat op die toneel was, het hom na die naaste hospitaal geneem, maar hy is reeds by hulle aankoms daar dood verklaar. Volgens die nuusberigte het die gevegte tussen die skoliere en polisie deur die nag geduur.

Sy het al vantevore ook sulke foto's gesien en het per geleentheid gelees van 'n joernalis wat dit as "frozen moments in time" beskryf het. Soos die foto van die kaal Viëtnamese meisie wat uit 'n napalm-aanval probeer vlug. Elke keer wanneer sy so 'n foto sien, wonder sy oor dit wat buite die raam is. Die onsigbare storie, die naamloses, en sy wens sy kan sien wat niemand raaksien nie, maar sy betrap haar telkens dat dit die een beeld is wat bly. Dat sy ook maar soos die res van die wêreld bly vassteek by daardie een of twee beelde, terwyl daar soveel meer moet wees.

Wat gaan in die spens aan, wil haar pa twee weke later weet toe hy die aand by die huis kom.

Met die opstande wat nou besig is om na die res van die land uit te brei, waarsku almal ons moet genoeg voorrade bymekaar maak.

Ons sal in 'n leeftyd nie al hierdie blikkies kos kan opeet nie. Die winkels moet darem lekker geld maak. Hoeveel pakke kerse het jy hier?

Ek gaan nie 'n kans waag nie.

'n Paar aande later is haar pa deel van 'n groep mans wat om die beurt patrollie deur die dorp ry. Almal gewapen met handpistole of jaggewere. Hulle moet veral kyk dat plekke soos skole en ouetehuise nie aan die brand gesteek word nie. Sy sien hoe haar ma haar pa bekommerd agterna kyk en toe hy êrens in die nag terugkom, hoor sy nog 'n geruime tyd hul stemme. Die volgende dag hoor sy dat die polisie nou die ingange na die wit dorp versper sodat moeilikheidmakers nie kan inkom nie. 'n Vriend wat reeds op universiteit is, kom vertel dat die rektor op Stellenbosch met sy Jaguar na die universiteitshuise aan die rand van die kampus ry en by elke huis 'n vuurwapen aflewer.

Wanneer skiet julle nie mekaar dood nie, wil haar ma weet.

University of Cape Town

Tannie moet onthou die meeste van ons was reeds in die army. Ons kan skiet.

Met hulle huis wat teen ‘n koppie sit, is dit asof die huis die geluide opvang en versterk en hulle hoor duidelik toe die eerste skote een aand in die bruin woonbuurte begin klap. Daarna kan sy nie slaap nie en sy lê wakker tot sy haar pa se motor hoor terugkom.

Sy dink aan die skole waar hulle soms verbyry. Plekke waar die papiere en plastieksakke soos vlae teen die drade wapper. Sommige reeds deur die wind vertoiing. Die stukkende ruite. En sy wonder of sy al ooit verder gedink het. Of was dit maar ‘n geval van, There, but for the grace of God, go I. En dan ry ‘n mens maar weer verder, want dis nie háár drome en ideale wat in die wind fletter en vertoiing aan ‘n skoolheining hang nie.

Waarom het niemand besef hoe diep die ontevredenheid lê nie, vra sy vir haar pa, maar hy weet ook nie.

Die winkels is besig om leeg te loop, vertel haar ma een aand. Die bestuurder van Pick ‘n Pay het vandag vir my gesê hulle begin reeds sukkel om voorrade in die hande te kry.

Miskien moet ons van ons voorraad begin verkoop.

Haar ma lag nie en haar pa knipoog vir haar. Ons kan lekker geld maak.

Die naweek kom ‘n vriendin kuier wat ook reeds op universiteit is.

Ek dink die meeste weet nie eers meer waaroor dit gaan nie, vertel sy. Ek was nou die oggend in Victoriastraat op pad klas toe, toe ‘n klomp jong meisies uit Idasvallei by my verbykom. Toe ek hulle vra waarheen hulle so haastig is, het een darem omgedraai en gesê hulle gaan Braak toe. Ek het gevra wat daar aan die gang is, en weet oom wat sê een van die ander?

Ons weet nie, maar dis highly sociable.

University of Cape Town

It's not the voting that's democracy; it's the counting. Tom Stoppard

Vyf

Soos 'n skoon bladsy bind sy haarself aan die begin van negentien-sewe-en-sewentig tussen die platane en eike op Stellenbosch in. Gereed vir 'n nuwe skrif en 'n vars taal. Haar verwagtinge egter so vaag soos die voorligter se aanbeveling.

Juffrou, jy kan min of meer in enige studierigting gaan, maar ek sal jou dalk nie aanraai om met syfers te werk nie. Nie omdat jy dit nie sal kan baasraak nie, maar omdat jy doodeenvoudig geen belangstelling daarvoor toon nie.

Stellenbosch staan vir 'n idee, lees sy die leuse voor in die jaarboek toe sy dit op die boekrak uitpak.

Die ontgroening gedurende die eerste week is vir haar vreemd.

Ek sal nooit in my lewe weer 'n rosyntjie kan eet nie, kla haar kamermaat een oggend toe hulle weer rosyntjies op hul neuse moet vasplak. Daarna sukkel hulle om hul kort hare in boksterte te bind en onder aan hul rompe 'n handdoek vas te steek sodat hulle bene nie wys nie.

Hoe verwag hulle moet ons mans kry as ons so lyk, kla een van die ander meisies toe hulle teen dagbreek vir 'n manskoshuis moet gaan sing.

Ons gaan hopelik volgende week baie beter lyk, sê een van die ander.

Ja, maar intussen kon die man van my drome my dalk al raakgesien het, kla nog 'n stem en hulle almal lag tot hulle stilgemaak word.

Toe die klasse begin, vind sy van hulle oorweldigend groot en sy weet sy sal nooit die vrymoedigheid hê om 'n vraag te vra nie. Al die vakke is nie ewe interessant nie en sy beny die studente wat met groot sekerheid 'n loopbaan beplan. Dis asof sy elke dag tussen al die brokkies kennis soek na daardie een stukkie wat sy sal herken. Soms vra sy haarself wat sal gebeur as sy nooit daardie stukkie vind nie. Wat doen 'n mens wanneer jy nie weet wat jy veronderstel is om te doen nie? Sy kom agter sy hou die meeste van die vakke waar sy meer oor mense leer. Of hulle alleen of in groepe is. Daar is iets fassinerends aan die eindelose moontlikhede wat saam met menswees gaan.

Bantoereg is 'n vreemde vak waarmee sy nou vir die eerste keer kennis maak. Sy weet nie of sy enige verwagtinge van die vak gehad het nie. Indien wel, realiseer die verwagtinge nie juis nie, want dit bly vir haar 'n vak waaruit sy nie sin maak nie. Die meeste van die tyd voel dit of sy haar hand in 'n doringbos druk as sy al die reëls en uitsonderings probeer verstaan.

University of Cape Town

Bantoereg, wat later Inheemse Reg genoem is, kan eintlik tegnies nie as ‘n regstelsel geklassifiseer word nie, verduidelik ‘n ouddosent baie jare later vir haar toe hulle daaroor praat.

Wat is dit dan as dit nie ‘n regstelsel is nie?

In die hedendaagse idioom kan ons dit seker ‘n leefwyse noem. Die fondament van die stelsel is balans tussen die individu en die groep. En tussen die individu en sy omgewing, want alles het op dié begrippe neergekom. En die balans het net een belangrike element gehad en dit was respek. Hlonipha. Respekteer iemand maar eer ook sy menswaardigheid. Respek en balans het onlosmaaklik hand aan hand geloop. Van geslag tot geslag. Al langs beesvoetpaadjies, verby die kleihutte tot later in die stede en dorpe.

Dit was toe sy begin verstaan het. Al daardie reëls en gewoontes, waarvan die handboek vol was. Dinge waarvan ‘n klas vol wit studente niks geweet het nie. Daar is dikwels meerderwaardig gelag. Soms is die hele stelsel sommer veroordeel.

Die wette het elke aspek van die lewe gedek, het sy besef toe sy begin verstaan het. Sommige so mooiklinkend soos poësie. Ukuthwala, lobolo, izinkundla, ethula. En soos in enige regstelsel was daar ook uitsonderings op die reël, maar selfs dit was opgeteken. Selfs die uitsonderings het die reëls versterk. As ‘n mens vir ‘n ouer persoon sou vra waarom hulle al die reëls gehoorsaam, was die antwoord gewoonlik:

Ngumhlobo wethu.

Dit is die manier waarop ons die dinge hier rond doen.

Dis asof sy skielik verby die dorings kon kyk en sy was jammer dit het so lank geneem voordat sy dit reggekry het.

Iets wat haar wel opval, is die klem wat daar op die onderrig van kinders geplaas word. En die verantwoordelikheid wat die oueres in die gemeenskap gehad het om die kinders te leer. Sy betrap haarself dat sy nou weer dikwels oor die skoolopstande dink en dat haar vrae vermeerder soos die dae aangaan en sy meer leer – veral oor die trekarbeidstelsel. Sy probeer haar indink hoe dit sou gewees het as haar pa destyds sonder hulle Kaap toe moes kom. Wat sou die effek daarvan op hulle digverweefde leefstyl en familieverbindinge gewees het?

Daar is al soveel oor Stellenbosch geskryf, dat dit moeilik is om ‘n roete in te vind wat nog nie snuifgetrap is nie, kom sy gou agter. Dis asof sy telkemale oor ‘n verslete drumpel tree, waar groter voete as hare al oor is, skryf sy in haar dagboek. As student krap ‘n mens nie aan die patina om te sien wat eg en wat vals is nie. ‘n Mens vee hoogstens soms ingedagte liggies met jou hand daaroor. Hierdie is ‘n plek en ‘n bestaan waar die voor die hand liggende jou dikwels pootjie. Soos die byna magiese skoonheid van die omgewing jou sinne begogel. Met die aanbreek van ‘n nuwe jaar is die

University of Cape Town

platane en eike welige tonnels wat skadu bied teen die versengende somerhitte. Dit is eers as ‘n mens langer as die eerste kwartaal bly dat jy sien hoe die blare verkleur en afval tot daar ‘n tapyt op die grond vorm. En tussen die al kalerwordende takke kan jy weer wyer begin sien, maar teen daardie tyd kyk jy dikwels nie meer verder nie. En wanneer die winterwinde begin waai, en die blaretapyt vertoiing, vind jy onder die kaal skelette dat die ritme jou pas.

Stellenbosch is soveel meer as wat die naam impliseer, skryf sy op ‘n aand weer in haar dagboek. Oneindig wyer en groter as die dorpsgrense waarbinne dit val.

Ek het eers gedink die fisieke plek besit die vermoë om homself te verruim, maar dis nie waar nie, skryf sy. Hierdie is maar ‘n klein statiese eiland en ons is die trekvoëls wat vir ‘n seisoen of drie ons neste aan die welige takke kom vleg met die hoop om bevrug te word met kennis, eiers te lê en hulle uit te broei voor ons weer plek maak vir ‘n volgende groep.

Sommige is seker gedoem om windeiers te lê, spot sy by haarself.

Vir die meeste van julle is hierdie maar net ‘n tyd om julle grense te toets, maar in plaas daarvan om vernuwend te dink, trop julle maar steeds soos skape saam en bekyk die grensdrade met geen nuwe plan tussen julle nie, gee ‘n dosent per geleentheid sy mening.

Daardie aand wonder sy oor die grensdrade en die volgende oggend weet sy sy is nie een wat met ‘n nuwe plan vorendag sal kom nie, sy sal hoogstens aan die toue rem. Daarom is sy ongekend trots op haarself toe sy later die jaar met die nasionale verkiesing nie soos haar voormense vir die Nasionale Party stem nie. Nadat sy haar kruisie getrek het, is sy byna uitasem en beleef iets soos bevryding, maar onderlangs is daar ‘n vreemde vrees oor die naam wat sy self gekies het. ‘n Naam met geen historiese bande vir haar mense nie.

Mense verdien die regerings wat hulle kry, sê ‘n dosent die volgende dag in die klas. Hoe volledig burger van ‘n land dink julle kan julle op hierdie ouderdom wees, daag hy hulle uit. Wat verstaan julle van goeie leierskap en toerekeningsvatbaarheid? Kom praat weer met my as julle die dag belasting betaal.

Toe sy daardie naweek huis toe gaan, bly sy vaag wanneer haar pa oor die verkiesing praat en dit voel of haar verset soos water in sand wegloop en daar niks oorbly nie. Sy wens sy het die moed om hom te sê vir wie sy gestem het, maar sy weet die teleurstelling sal te groot wees. Sy sê dan nie eers vir hom sy gaan Sondagaande na die Engelse kerk toe nie.
Kom jy saam? Van Zyl Slabbert praat oor middagete in die Wilcocks, nooi ‘n vriend een middag ‘n jaar na die verkiesing.

Die lokaal is reeds stampvol toe hulle daar kom. Selfs die breë vensterbanke sit al vol en hulle moet oor baie bene klim om agter in die hoek staanplek te kry. Al die gewone gesigte is daar.

University of Cape Town

Dié wat by alles gesien wil word. Die ernstige politieke denkers sit voor. Baie van hulle kom uit die Regsfakulteit. Die filosowe met hulle byna onverstaanbare taal gesels net met mekaar. En dan die klomp nuuskieriges, waaronder sy haarself indeel. ‘n Paar rokers vat nog gou ‘n laaste trek voor die lokaal voordat hulle die reuk van sigarette saam met hulle die lokaal indra, om binne met die asems, sweet en parfuums te meng.

Bo dit alles styg die stemme uit. Uit ondervinding weet sy hulle luister nie juis na mekaar nie. Elkeen is maar te besig met sy of haar eie mening. Maar toe Frederick van Zyl aan die woord kom, word die lokaal stil. ‘n Nuwe stem, is haar eerste gedagte toe hy begin praat en sy luister aandagtig. Na ‘n ruk wens sy haar pa en oupa was daar. Sy is seker hulle sou gehou het van dit wat hy sê. En as hulle nie daarvan gehou het nie, is sy seker hulle sal gehou het van die manier hoe hy dit sê.

Gedurende haar tweede jaar neem ‘n dosent hulle op ‘n besoek aan Gugulethu en die dosent wys na die vaal geboue wat dien as enkelkwartiere vir die swartmans wat in die Wes-Kaap kom werk.

Die regering is bang as daar groter huisvesting voorsien word, trek hul gesinne ook hierheen, verduidelik hy en vertel van die kampongs wat mynmaatskappye oprig om huisvesting aan die mynwerkers te voorsien. Hele dorpe vol mans.

Hier was niks, vertel ‘n huishulp haar jare later terwyl hulle deur ‘n woonbuurt net noord van die N1 buite Kaapstad ry. Net die Port Jacksons. Daar in die sewenties.

Wat het jy hier gemaak, wil sy verbaas weet. Dit is die eerste keer dat sy die storie hoor.

My man het ‘n job op ‘n bou-site hier gekry. Die twee oudstes was klein. Sy hou haar hand bakkie soos sy altyd ‘n kind se ouderdom beduie.

Dit was moeilik so alleen daar by Queenstown en ek het geverlang na my man. Hy het die geld gestuur en ons het saam met hom by die hostelkamer ingetrek. Maar as hy bedags gaan werk, kon ons nie by die kamer bly nie, want die inspectors het omgekom en as hulle die vrouens daar gekry het, hulle het baie moeilikgeid vir ons gemaak. Toe het ek maar altyd kos en water ingepak en saam met my man gekom as hy hier werk. Dan sit ek met die kinders tussen die Port Jacksons. Tot laatmiddag . . . dan het ons weer saam met hom terug na die hostel gegaan. Dan het hy eers gekyk of die inspectors nie meer daar was nie.

Hulle lag dikwels in die klas oor die belangrike rol wat die voorvaders steeds in ‘n gemeenskap speel, maar sy kan nie so hard soos die ander lag nie, want sy verstaan iets daarvan. Haar mense gaan dan ook gereeld terug grafte toe.

University of Cape Town

Net na die aanvang van die akademiese jaar word sy as haar koshuis se verteenwoordiger op die Junior Breëbestuur gekies. Die skakelliggaam tussen die tweedejaarstudente en die universiteitsowerheid, met gereelde vergaderings in die Studenteraad se raadsaal. Van hulle pligte deur die jaar is die karnaval-reëlings, die versiering van die pawiljoene vir die Intervarsity rugby-kragmetings teen die Universiteit van Kaapstad. Tussendeur was daar allerhande ander projekte wat hulle gaan besig hou, soos die organisering van die Studenteraadsverkiesing en die bemanning van die stembusse later daardie jaar.

Ons kan nie net die hele jaar party hou nie, sê hulle voorsitter een aand tydens ‘n vergadering. Ek het besluit ons moet iets anders ook doen. Soos julle weet, het die universiteit ‘n groepie bruin studente tot die universiteit toegelaat. Naas die Studenteraad is ons die eerste amptelike liggaam van die universiteit wat met hulle gaan vergader.

Al die komiteelede is die volgende week daar met die vergadering. Asof hulle bang is hulle mis ‘n geskiedkundige oomblik. Tien minute voor die vergadering begin, daag die bruin studente in ‘n groepie op. Hulle lyk vreemd en skugter. Sy vermoed hulle klompie wittes voel waarskynlik dieselfde, maar hulle het die tuisveldvoordeel en daar is meer van hulle. Die enigste twee redes waarom hulle waarskynlik minder selfbewus lyk.

Toe dit tyd word dat die vergadering moet begin, trop hulle binnetoe. Asof albei partye as ‘n eenheid funksioneer en nie uit afsonderlike dele nie. Sonder dat dit vooraf bespreek of gereël is, gaan sit die twee groepe oorkant mekaar met die groot raadstafel soos ‘n uitgestrekte stuk niemandsland tussen hulle. ‘n Plek waar hulle niks van mekaar weet nie.

Nadat die voorsitter die vergadering geopen het, gaan hy voort om hulle te verwelkom en sê dis ‘n voorreg om hulle beter te leer ken.

Hoe ervaar julle die kampus, vra hy die eerste vraag.

Sy weet nie wat sy verwag het nie. Euforie, dalk. Nie die versigtige kopknik en blikke wat verby hulle kyk nie.

Dis nog maar vreemd.

Waar woon julle?

Een-een vertel hulle van loseer hier by ‘n familielid, daar by ‘n kennis in Idasvallei en Cloetesville.

Hoe ervaar julle die studentelewe?

Ons mag nie aan enige sosiale bedrywighede op die kampus deelneem nie, so dis ‘n moeilike vraag om op hierdie stadium te antwoord.

Dis nog ongemaklik in die klasse, vertel een van die meisies toe ‘n wit student daarna vra. Niemand wil langs ons sit nie. ‘n Manstudent het nou die dag verskuif toe ek langs hom gaan sit het.

University of Cape Town

Na die vergadering word daar druiwesap en kaas en beskuitjies bedien.

Op pad terug koshuis toe wonder sy waarom almal so min geëet en gedrink het.

Die res van die jaar loop sy hulle dikwels in die studentesentrum raak waar hulle altyd by een tafel sit.

Dit was asof die universiteit hulle op sig geneem het, skryf sy in haar dagboek. 'n Mens hang tog nie opsig-klere in jou kas nie, dit bly in die sak totdat jy besluit het of jy dit gaan hou of terugneem.

Terwyl bruin en swart werkers in die kombuise van die universiteitskoshuise kos gemaak het en in die waskamers beddegoed gewas het, het wit studente om eettafels gedebatteer oor die wenslikheid van *anderskleuriges* op die kampus, het sy baie jare later vir haar kinders vertel.
Op nog 'n klasuitstappie neem 'n dosent hulle later die jaar Kruispad toe. Hulle ry met van die universiteit se bussies. Verby Spier en Neethlingshof en toe regs met die N2 snelweg, Kaap se kant toe. Kruispad is 'n klein plakkerskamp tussen niks en die Port Jackson-bosse op die Kaapse vlakte. Net anderkant die aanloopbaan van die D F Malan-lughawe. Nie een van die studente was al ooit in 'n plakkerskamp nie en uit die gesels op pad daarheen kom sy agter dat hulle almal se blootstelling aan bruin en swart woonbuurte maar ewe beperk was.

Dis winter en 'n vars lagie sneeu het die vorige nag op die berspitse geval. Die son kom vir die eerste keer in 'n week agter die wolke uit. Oral langs die pad staan die wingerde en vrugtebome kaal, maar die wintergrasse tussenin is welig en groen.

Daar is geen orde en patroon aan die bousels en die uitleg van die woonbuurt nie. Die sinkhutte staan skeef en krom tussen diep waterplasse. Beddegoed en klere hang buite. Dit is 'n ongenadige winter. 'n Paar kleiner kinders loer nuuskierig agter hulle ma's uit. Een van die studente neem 'n baba by haar ma, maar die snot loop oor haar trui en sy gee die baba terug. Die baba begin hoes toe die ma haar terugneem en almal staan 'n tree terug.

You want to see inside, nooi een van die jong vrouens hulle in haar huis in.

'n Paar van hulle gaan in, een of twee bly staan by die deur en loer net in. Wat haar die eerste opval, is hoe netjies dit daarbinne is. Nie die karigheid nie, maar die bed en twee matrasse op die vloer wat netjies opgemaak is, die breekgoed op 'n ou paraffienkis, 'n houtrakkie oorgetrek met koerantblaaie waaruit patroontjies geknip is.

Here, wat 'n lewe, dink sy terwyl sy weer by die deur koes om uit te gaan.

'n Ander een nooi ook. 'n Bed staan holrug teen die een sinkmuur. Die verslete deken is netjies onder die matras ingevou. Sy kyk na die twee kleintjies wat aan hulle ma se bene vashou en dink aan haar gerieflike bed in haar kamer. Die donsduvet en die ekstra kombers wat haar ma elke winter saamgee. Die warmwatersak en die elektriese verwarmer wat elke aand brand.

University of Cape Town

Wat sê ‘n mens?

You have a nice house.

How do you get the water out after the rain?

Where do the children sleep?

Watter vraag kan jy vra waarop jy nie reeds die antwoord kan sien nie, wonder sy.

Madam, you have job for me? I can work.

Sy staan met soveel hoop in haar oë voor hulle.

‘n Ander een staan ook nader.

I also look for the job. I can speak English.

‘n Jongerige man draai na die dosent: Master, you have job?

Soos ‘n refrein.

Een na die ander skud hulle hul koppe en hoop stilweg die glimlag vergoed vir die sorry, no job.

Bo hulle koppe is ‘n groot vliegtuig besig om stadig te sak. Die klankvibrasies laat die sinkmure ratel. Net hulle paar wittes kyk op. Die wiele van die groot stralervliegtuig lyk so naby asof ‘n mens daaraan sal kan raak as jy ver genoeg kan strek. Maar geen paraffienkis is hoog genoeg nie, besef sy. Dit sal saam met die klank deur jou vingerpunte glip. Op pad terug wonder sy waaraan hulle dink wanneer hulle die vliegtuie sien. Kan hulle hulle indink waarheen hulle elke dag verdwyn en waarvandaan hulle kom as die wiele so wil-wil raak aan die klippe op die dakke. Of is dit maar vir hulle soos trekvoëls waarvan niemand werklik die bestemming ken nie. En vir ‘n oomblik raak sy weer die sewejarige in die vreemde skool wat pouses alleen saam met die groot vliegtuie oor die heining vlieg.

Op ‘n dag gee ‘n vriend vir haar ‘n boek van die skrywer André P Brink om te lees. Hy wys haar hoe sy die boek tussen ander boeke die koshuis moet insmokkel en maan haar om versigtig te wees en te sorg dat niemand haar dit sien lees nie. Die boek se titel is *Kennis van die aand* en die boek is net na die verskyning daarvan verban. In die boek is ‘n paar uitknipsels van resensies wat met die verskyning van die boek geskryf is. Sy is verbaas dat ‘n boek wat deur heelwat resensente as ‘n middelmatige tot swak boek uitgemaak is, so ‘n bohaai kan veroorsaak.

Godsdiens, politiek en seks.

Waarom sou die volksvaders gevoel het daardie drie-eenheid is die swak plek in die blanke Suid-Afrikaner se mondering? Sy vermoed as die boek oor ‘n wit man en swart vrou gegaan het, sou dit heelwat minder opslae gemaak het. Maar die swartman was byna nog altyd die verpersoonliking van Raka, die ondier. Hy wat met ‘n kabbeling in sy spiere opgerys het en oor die grys sand ‘n

University of Cape Town

vreemde dans uit sy land uitgevoer het; geil van begeerte, van wilde vlug en vang en paring en uitskree onder die dwing van drifte wat geen naam of doel meer ken. ‘n Oerenergie. Wellus. Hy wat swart en donker is, van been en spier . . . En die wit vrou . . . vasgevang, soos ‘n granietbeeld, binne die hoë kraag en rein gedagtes. Die slagoffer. Die verowerde.

Waar sou sy aan die beelde kom? As tiener kon sy seker nie die omvang van al die begrippe verstaan nie. Sou ‘n onderwyser, tydens die lees van *Raka*, dalk die beeld by haar gelaat het?

Sy lees oor die groot oproer oor die gedig en een kommentator wat beweer Raka maak aanspraak op die vroue se mees primitiewe drifte, hy het hulle seksuele verlangens gewek. Dit wil vir haar voorkom dat solank dit die swart vroue se drange was, het baie hulle koppe weggedraai, maar die gedagte dat die wit vroue se wellus opgewek word, was ondenkbaar. Opperman het Raka gesien as die verpersoonliking van die massamens of die oermens wat losraak van alle tradisies, kultuur en godsdiens. Dit was vir die behouers ‘n groot vrees, daardie losraak, vermoed sy.

Ons onderneem vanjaar gedurende die wintervakansie ‘n studietoer na Bophuthatswa, kondig ‘n dosent vroeg aan die begin van haar derde jaar in die klas aan. Die regering het allerlei ekonomiese hulpmaatreëls en aansporingspakette ingestel om beleggings en ontwikkeling na dié tuisland-gebiede te lok. Ons gaan ‘n paar van hierdie projekte besoek, die hoofminister, Lucas Mangope, ontmoet en met van die ministers vergader en meer leer oor hulle vooruitsigte vir die gebied.

Sy besluit om haar naam op die lys te sit.

Hulle vertrek met drie van die universiteit se kombi’s ‘n paar dae na die universiteit vir die vakansie gesluit het en slaap die eerste nag in Kimberley.

Naby Taung besoek hulle ‘n boerderyprojek waar belangstellende swart boere onder leiding van wit landbouamptenare en voorligters geleer word om boerdery-eenhede ekonomies te bedryf. ‘n Koöperasie is gestig wat die boere se oeste koop en versprei.

My pa was ‘n goeie boer, vertel een van die jonger geslag. Ek is bly vir die grond, want nou kan ek ook boer.

Elke dag kruis hulle ‘n paar keer die grense van die lappieslandjie. By Phokeng neem die gids hulle na die hoofman se huis sodat hulle kan sien hoe welvarend die platinummyne die Bakwena-stam gemaak het.

David Livingstone het met besoek aan die stam gesien dat hulle nie net beesboere was nie, maar ook ornamente van koper gemaak het. Koper wat hulle blykbaar in die gebied gemyn en self gesmelt het, vertel die gids. Die grond rondom Phokeng is in die middel-1800’s met behulp van ‘n sendeling deur ‘n paar hoofmanne van wit boere gekoop. Deur die grondregte het hulle dan toe ook die mineraleregte verkry toe daar later platinum op die grond ontdek is.

University of Cape Town

Die stamkaptein se huis is ‘n moderne, groot huis wat deur ‘n argitek ontwerp is en deur binneversierders uitgerus is.

It’s a bit difficult to try and keep up with the Joneses next door, grap ‘n student terwyl hy na die eenvoudige huisies rondom beduie.

Hoe dink julle word die spoils verdeel? wil ‘n ander een weet toe hulle na die indrukwekkende koper-standbeeld voor die huis kyk.

Toe iemand ‘n rukkie later by die luukse munisipale kantore die vraag vra, trek die gids net sy skouers op.

Die volgende jaar gaan sy weer saam toe die klas die Ciskei besoek. Tydens ‘n ontmoeting met hoofminister Lennox Sebe en van sy kabinetslede vertel hulle ook van al die ontwikkeling wat besig is om plaas te vind. Bisho is die hoofstad en die Suid-Afrikaanse regering het groot aansporingsmaatreëls ingestel om ontwikkeling na die gebied te lok. Selfhelpprojekte is die magiese woord. Net soos kleinsake-ondernemings.

Pottebakkerye, wewerye, klein ingenieursbedrywe. Skouer aan skouer in nuutontwikkelde nywerheidsgebiede. Sommige vertel van groot kontrakte uit Suid-Afrika. Hier en daar is selfs een wat kan spog met ‘n uitvoerkontrak. Die meeste maak maar net elke oggend hoopvol hul deure oop.

Een laatmiddag ry hulle deur ‘n nywerheidsgebied naby Oos-Londen. Sy sit en kyk deur die ruit na ‘n groep jong swartmans wat langs die pad loop. Een van hulle kyk op en vir ‘n oomblik kyk hulle na mekaar. Voor sy kan wegkyk, begin hy stadig sy vinger oor sy keel trek, terwyl hy na haar glimlag. En sy dink aan Raka. Die verleier. Die moordenaar, die slagter van die onskuldige.

Toe hulle die volgende oggend in die pad val terug Stellenbosch toe, is die bus volgelaai met handgeweefde matte, kleipotte, draadkarre, gehekelde tafeldoeke.

‘n Jaar later word die kombi’s weer gepak. Hierdie keer Zoeloeland toe. Middagete saam met hoofminister Mangosuthu Buthelezi en koffie by koning Goodwill Zwelethini.

Hy en sy een vrou het stry gekry, vertel die gids. Hy is op die oomblik by sy somerpaleis.

Op pad daarheen is die pad verspoel en hulle kom modderbesmeer ‘n uur laat vir hul afspraak. En lag onder mekaar toe die somerpaleis ‘n gewone huis teen ‘n heuwel blyk te wees.

Die volgende oggend besoek hulle ‘n tradisionele Zoeloe-kraal. Die hutte is netjies geweefde strukture en hulle word almal in die grootste een ingeneem. Terwyl hulle in die rondte sit, word ‘n kalbas met tuisgebroude bier aangestuur en elkeen neem ‘n sluk en trek dan ‘n gesig. Daarna gaan sit hulle buite en ‘n paar jong meisies van die kraal dans vir hulle. Sy weet nie hoe oud hulle is nie, maar hulle is kaalbolyf, net met kort grasrompies aan. Sy kan sien hoe die manstudente probeer om

University of Cape Town

nie na die ferm borsies te kyk nie en hoe die twee oudste meisies hul arms voor hulle probeer hou wanneer die ouer mense van die kraal nie kyk nie.

Sal jy voor ‘n klomp mense kaalbolyf dans? vra die meisies mekaar na die tyd in die bus.

Een na die ander skud hul koppe.

Sy is verbaas toe die mans nie kommentaar lewer nie, maar toe sy later vir een van hulle vra, skud hy sy kop.

Het jy hulle oë gesien? Dis oë wat gesoebat het om nie gesien te word nie.

Deur die jare sal sy soms na die foto’s kyk en elke keer wonder wat van die matwewer geword het. Een van haar honde het toe reeds lankal haar mat opgevreet. Sy wonder waar stook die pottebakker deesdae sy oond en of die kleremaker al van die byekorf na ‘n blink winkelsentrum gevorder het, of slaan sy steeds soggens die opslaandeur oop?

Maar sy wonder veral oor die die jong man langs die pad. Onthou hy haar, soos sy hom onthou?

University of Cape Town

How many roads must a man walk down, before you can call him a man. Bob Dylan

Ses

Wanneer sy terugdink, kan sy haar nie eers ‘n krieweling voorstel nie. Sy het altyd geglo sy sal ‘n voorwete hê, maar die eerste keer dat sy van hom bewus geword het, was toe hy met haar gepraat het.

Jy is veronderstel om jou klasse by te woon.

Hy staan met sy rug teen die wit muur van die lesinglokaal. Sy kyk agter haar om te sien met wie hy praat, maar daar is niemand nie. Net sy.

Die professor is laat.

Nog nie so laat dat jy kan loop nie.

Hoe eenvoudig kan ‘n eerste knoop wees, het sy later gedink. Nege woorde. Dit is waarmee sy vasgestrik is. En sy het gewens sy het van die begin af met groter aandag opgelet, want terugskoue is nooit dieselfde nie. En sodra die eerste vreemdheid verby is, kyk ‘n mens anders.

Hy is die een wat voor in die klas sit, besef sy toe die professor wel opdaag en hulle ingaan. Die een wat altyd skuinsgedraai met sy rug teen die vensterbank sit. In die somer dra hy leerplakkies van motorbuitebande, en noudat die dae kouer word en die eerste winterreën begin val het, daag hy by die klas op in reënjas, swart leerhoed en waterstewels aan sy voete.

Vir die eerste keer begin let sy hom in van haar ander klasse ook op. In ‘n ander klas sit hy voor haar en sy kom agter hy het klein rituele. Soos sy horlosie met die stukkende bandjie wat hy altyd voor hom op die bank neersit, asof hy gedurig die tyd moet dophou.

Soms maak sy hardop ‘n uitspraak net om te hoor of hy daarop sal reageer. Hy draai dikwels nie eers om wanneer hy haar antwoord nie, dis dikwels ‘n antwoord wat skuinsweg oor sy skouer gegee word. Soms antwoord hy haar in die verbygaan na klas.

Waarom redeneer jy oor alles? Hulle drink vir die eerste keer koffie na ‘n gesamentlike klas. Hulle twee weerskante van die tafel, met ander klasmaats langs hulle.

Waarom nie? Wil jy hê ek moet met alles wat jy sê saamstem?

Nee, maar jy hoef ook nie net uit beginsel van my te verskil nie.

As jy my kan oortuig jy is reg en ek verkeerd, sal ek nie van jou verskil nie.

Die volgende paar maande dans hulle ligvoets om mekaar. Sy sien hom soms op die kampus en dan groet hulle, maar verder weet sy nie veel van hom nie. Behalwe hul woordewisselings in die klas en nou en dan se koffiedrink saam met ander klasmaats lei elkeen sy en haar eie lewe.

Geld is nie alles nie, verdedig hy op ‘n dag sy motivering om betrokke te raak by die ontwikkeling van agtergeblewe gemeenskappe.

University of Cape Town

Jy is naïef.

Hy trek sy skouers op en lag vir haar.

Die aand toe sy by die Tweedejaarskomitee se eerste vergadering kom, is hy daar as verteenwoordiger van sy koshuis en hulle beland langs mekaar by die groot raadstafel. Daarna skuif hulle maar met elke vergadering langs mekaar in.

Die aand toe hulle met die groep bruin studente vergader, kan sy sien hy het baie vrae. Na die tyd gesels hulle oor mense wat nie ‘n stem het nie.

‘n Man wat jou met woorde verlei, is gevaarliker as een wat jou fisiek verlei, het sy later besef. En as hy met woorde jou wêreld verruim, is dit moeilik om weg te draai. Sy het dit nooit vir hom gesê nie, maar die eerste keer dat hy aan haar geraak het, was sy lankal vasgeknoop.

Ek het nuus vir jou, vertel sy hom in negentien-een-en-tagtig toe hy een aand van die betaalfoon in die weermagkamp bel. Ek het vandag ‘n onderhoud met die kommissaris-generaal van Gazankulu gehad. Hy is op soek na mense met ons kwalifikasies om by sy kantoor te gaan werk. Prof het hom van ons vertel. Ek het hom vertel dat jy nog jou laaste weermagjaar moet voltooi, maar volgens hom kan hy jou na sy kantoor laat sekondeer. En terselfdertyd sal hy my ook daar aanstel. Stel jy belang om te gaan?

Dit beteken ons sal kan trou. Voordat hy nog iets verder kan sê, begin die munttelefoon sein dat die geld op is. Sy bel hom terug, maar hy moes reeds plek maak vir ‘n volgende beller.

Die suidooster waai die dag van die troue en haar sluier hang by tye wasig en gewigloos agter haar op die wind. Stellenbosch is geilgroen op die Desemberdag toe die motor met haar en haar pa voor die Moederkerk stop. Haar pa is sigbaar aangedaan agter sy sonbril se donker lense en sy voel hoe haar hande liggies bewe.

As jy laat is, gaan ek loop, het hy die vorige aand gedreig terwyl hy haar voor die hotel nader getrek en in haar nek soen het.

Jy sal nie.

Wil jy wed?

Sy het hom nog ‘n keer gesoen en gelag.

Nou kyk sy na die horlosie voor in die motor en sien dat hulle amper tien minute laat is. Vir ‘n oomblik wonder sy wat sy sal maak as hy nie meer daar is nie.

Toe hulle by die kerk se linkerdeur instap en een van die strooimeises haar sluier oor haar gesig help lig, weerklink die eerste note van die troumars deur die ou kerk en sy haak by haar pa in. Die ruiker in haar hand bewe al meer en die gesigte weerskante van die paadjie lyk onbekend en net vir ‘n oomblik wonder sy of sy in die regte kerk is. Maar dan sien sy hom voor die preekstoel staan. Vreemd formeel in sy grys en swart manelpak. Die laatmiddaglig val in flenters kleure deur die

University of Cape Town

brandskildervensters en toe die musiek ophou, kraak die banke toe die mense gaan sit. Haar pa lig haar sluier en soen haar voor die twee mans mekaar die hand gee.

Kyk mooi na haar. Sy hoor hoe haar pa die trane sluk.

Hy knik en glimlag vir haar toe sy by hom inhaak en hulle saam voor die preekstoel gaan staan.

'n Vriend sing die Onse Vader as openingsgebed en toe begin die dominee praat. Hy het haar ook as jong sestienjarige destyds voorgestel en is 'n vriend van haar pa. Sy weet nie wat sy verwag het nie, maar sover sy weet, word die meeste paartjies uit 1 Korinthiërs 13 getrou. *Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik, dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie.* Daarom is sy verbaas toe hy uit Genesis begin lees. Daar waar die slaaf 'n vrou vir Isak moes gaan soek. Hy vind haar soos daar voorspel is, by die put en sy neem hom saam na haar huis. Hy vertel hulle dat sy die vrou vir Isak is en dat sy saam met hom moes gaan. Haar familie vra haar of sy bereid is om met hierdie man saam te gaan en sy antwoord, ja. Deur die jare sou sy by tye wonder oor daardie belofte. En sou sy hom soms spot en sê sy moes dalk eers die dominee vir 'n kaart gevra het.

Al daardie ewigheidsbeloftes is snert, het sy later gedink. As jy daar in jou wit rok met jou rug na die gaste staan, belowe jy maklik, want jy kan onmoontlik die omvang van daardie beloftes begryp. Met die jare kom jy agter dis eerder 'n belofte wat jy elke oggend van nuuts af aan mekaar maak. En hoop die belofte dra jou deur die dag.

Kyk die koerantopskrif. Hulle het net by die hotel in die stad weggery toe hy na 'n lamppaal beduie.

Professor Chris Barnard en Barbara se huwelik op rotse.

Die lamppale kondig die nuus om die beurt in Engels en Afrikaans aan.

Daar is net genoeg tyd vir 'n paar dae van wittebrood hou, want hulle moet pak vir die trek noorde toe. So van die telefoonhokkies in die weermagkamp af het hulle hul planne bespreek en besluit om die aanbod te aanvaar. Sy het by die boekhandelaar 'n padkaart gaan koop en met heelwat gesukkel Giyani in die klein driehoek tussen Mosambiek, Zimbabwe en Suid-Afrika gevind. So weerskante van 'n telefoonlyn het hulle mekaar verseker hulle was in genoeg tuislande om te weet wat daar aangaan en 'n jaar is nie baie lank nie.

Terwyl sy pak, betrap sy haar dat sy kort-kort aan die padkaart dink. En aan daardie byna alleen kolletjie daar ver in die noorde. Wanneer sy tyd het, trek sy met haar vinger die lang streep van die Kaap tot daar met haar vinger na.

Sy was van kleins af lief vir kaarte en kon haarself dae lank met 'n atlas vermaak. Sy het dikwels reise beplan na ver en naby plekke. Elke kolletjie en strepie 'n moontlikheid om eendag te ondersoek. Vandat sy kon lees, het sy die *Kinders van die Wêreld*-reeks by die biblioteek uitgeneem

University of Cape Town

en so die kinders van ver plekke leer ken. En mettertyd penmaats in ander dele van die wêreld gemaak en gereeld by die poskantoor ‘n duurder seël gaan koop, want die brief moes ver gaan. Terwyl sy vir die soveelste keer na die kaart kyk, wonder sy hoe duur ‘n seël daarheen sal wees. Hulle vertrek die dag na Kersfees. Die afskeid is nie maklik nie. Aan die een kant is daar ‘n vreemde afwagting en aan die ander kant haar ouers se blink oë. Dis eers toe sy self as ma haar kinders voor vele reise moes groet dat sy verstaan het. As kind het sy die verlatenheid op hul gesigte gesien, maar as ouer het sy die dapper glimlagte verstaan.

Die motor is vol trougeskenke gelaai, liefdespakkies van ouers en vriende. Die eerste paar kilometer snik sy hardop, maar soos die pad langer word en die landskap vreemder, bedaar die snikke asof dit êrens diep ‘n lêplek gevind het. Hy sit soms sy hand op haar been of skouer sonder om iets te sê.

Sê vir hulle ek moes by die Oranje stop en eers die motor se deure oopmaak sodat die trane kon uitspoel, skerts hy toe sy die aand huis toe bel.

Wat sou jy gedoen het as ek wou terugdraai?

Jou aan jou belofte herinner het dat jy saam met my sal gaan.

Sou dit makliker gewees het as jy die pad voor die tyd gesien het? het hy baie jare later gevra en sy het nie geweet wat om te antwoord nie.

Êrens oor die Vrystaat steek die weer op en sy kyk na die weerligkettings en onthou hoe haar ouers altyd van die weerlig in die Kalahari vertel het. Hoe dit ‘n doringboom van bo na onder kan oopkloof. Na al die jare het sy steeds nie vrede met donderweer gemaak nie. Dis asof sy elke keer weer die kind op haar ma se skoot word wat moet luister hoe God se stem uit die wolke praat.

Kyk hoe mooi sag is die lig, probeer hy paai en wys oor die vlaktes.

Sy sit met haar kop agteroor en maak net een oog oop.

Die weer is kilometers ver, lag hy.

Sy besef hulle het nog nooit oor donderweer gepraat nie.

Die aand slaap hulle by familie in Johannesburg.

Alles voel vreemd, fluister sy laataand.

Hy trek haar tot in die kring van sy arms. So maklik soos hy haar met woorde kan vasknoop, kan hy dit soms net met sy lyf ook doen.

Die volgende oggend is die pad tot in Pretoria nog tot ‘n mate bekend, maar van daar af sit sy met die kaart oop op haar skoot en volg die pad met haar vinger. Warmbad, Nylstroom, Naboomspruit, Potgietersrus, Pietersburg. Soos krale ingeryg langs die N1. Pietersburg se kolletjie is groter as die res van die dorpe in die snoer en volgens die kaart is dit waar hulle moet wegdraai. Sy kyk oor haar skouer en wonder of hulle weer die pad Kaap toe sal kry.

University of Cape Town

Soos hulle ry, word die landskap al vreemder. Die mense donkerder. In Pietersburg se sentrale sakekern is oorwegend net swartmense te sien. Die paar witmense op die sypaadjies staan byna uit. ‘n Entjie anderkant die besigheidsdeel ry hulle deur netjiese woonbuurte waar wit kinders op groen grasperke speel en watersproeiers heen en weer spuit. Hier en daar sit ‘n swart huishulp onder ‘n boom op ‘n sypaadjie. Soms besig om kleiner kinders op te pas. Soms aan die gesels met ‘n ander swartvrou in ‘n oorrok en voorskoot.

Het ek al vir jou gesê dat ek nog nooit ernstig oor kinders gedink het nie?

Hy kyk skrams na haar en knik.

Dink jy dis normaal?

Wat is normaal?

Is alle meisies nie van kleins af geprogrammeer om eendag kinders te wil hê nie?

Sekerlik nie alle vroue nie.

Ek dink ek sal dalk eendag kinders wil hê, maar ek is nie haastig nie.

Hy knik. Dis goed so. Ek het jou tog al gesê ek is ook nie haastig nie.

Hulle word weer stil en sy kyk na die huise weerskante van die straat.

Buite die dorp begin haar vinger ‘n nuwe lyn volg. ‘n Aansienlik dunner lyn as die een waarmee hulle van die Kaap af gekom het. Volgens die sleutel agter op die kaart is dit ‘n sekondêre pad. Van daar af vorentoe word die paaie al skaarser en verder uitmekaar. Die web minder dig. Net hier en daar ‘n kolletjie. Sy wonder oor die stukke tussenin. Daardie dele waar nie eers ‘n haarlyn sigbaar is nie. Waar die ou ontdekkingsreisigers sou geskryf het: There be lions.

Die veld langs die pad is ruig en hier en daar staan beeste in die koelte van ‘n boom. Die pad maak later ‘n paar draaie voordat dit teen die platorand af val. Onder hulle strek die Laeveld so ver soos die oog kan sien. ‘n Onherbergsame stuk laagland waar, volgens oorlewering, net die dapperes en die dommes dit gewaag het. ‘n Stuk aarde geteister deur vreemde koorssiektes. Waar muskiete en vlieë dodelik kan wees. En wilde diere steeds in die twintigste eeu mense doodmaak.

Dit voel vir haar of hulle besig is om van die aarde af te ry. Die pad kronkel teen die steilte af en dit is asof die blou van die hemel al dowwer bo hulle word. Die plantegroei is skielik yler, die grond hard en uitgetrap. Bokke en beeste stap ongehinderd oor die pad. Hier en daar sit of staan mense langs die pad asof hulle op iets of iemand wag. ‘n Paar sit agter houtkratte waarop vrugte en groente uitgestal word. Ander se ware word op grasmatjies op die harde grond uitgestal. Die lug is vaalblou met lugrimpelings in die verte. Sy kyk na die donker gesigte en besef *swart* is ‘n gerieflike sambreelwoord. Daar is skakerings. Al is dit dan net veldiep.

University of Cape Town

Die ronde hutte is vaal en ‘n mens kan sien die grasdakke is nie almal meer vars en dig nie. Hier en daar speel kinders onder die yl takke van ‘n doringboom en sy dink aan hulle klasmaat wat op hul besoeke aan die tuislande elke swart kind wat sy gesien het, wou optel.

En van elke donkie ‘n foto wou neem, herinner hy haar en hulle lag. Hulle het sedert hulle vertrek nog nie baie gelag nie.

Die onverwagse pienk van ‘n bougainvillea teen ‘n kleimuur laat hom skielik spoed verminder.

Waar dink jy kom dit vandaan? Wie sou dit hier geplant het?

Hy antwoord haar nie.

Die lote rank wild en is plek-plek tussen die doringtakke verstrengel asof dit al lank daar is. En meteens, asof met ‘n mes gesny, is al die diere weg, die plantegroei langs die pad is weer digter, hier en daar is bewerkte landerye sigbaar en netjiese grensdrade loop parallel met die teerpad. Die bougainvilleas wat ook hier soms sigbaar is, lyk skielik nie meer so uit plek nie. Tussen digte plantegroei en onder hoë bome is die dakke van ruim huise sigbaar. Op van die landerye is groot trekkers besig om te ploeg. Om die grond in rooibruin kluite op te breek.

Die grensdrade strek egter net ‘n paar kilometer, en toe moet hy weer van voor af rem trap vir die diere wat ongehinderd oor en in die pad loop. Die landerye is weer weg en die enigste verbouing wat sigbaar is, is klein lappies mielies en groente om die hutte. Oral kloof diep spoelslote die harde aardkors oop.

Sy dink aan al die teorieë waarvan hulle geleer het. Terme soos *selfbeskikking* en *ekonomiese onafhanklikheid* lyk skielik so uit plek soos die bougainvillea teen die kleimuur. Die Coca-Cola-borde hier en daar teen ‘n muur kan seker nie ‘n ekonomie wees nie.

The most obvious economic characteristic of poor countries is their poverty, and the vicious circle of poverty in which they often seem to be trapped.

Dié sin uit ‘n lesing herinner haar skielik aan ‘n hond wat sy eie stert jaag. Wat is armoede? Beskou hierdie mense hulself as arm? Terwyl daar ‘n dak oor hulle koppe is, ‘n slagding en ‘n bietjie groente. Sy wonder of die groot landerye van die naburige wit boere vir hulle sin maak. Die vol beeskrale. Die welige tuine waar watersproeiers die plante nog geiler laat groei.

Wat sien jy? wil sy hardop vra. En wat dink jy? Maar sy doen dit nie. Sy weet hy sal anders as sy kyk.

Jy kyk dikwels met vooropgestelde idees, ek kyk uit nuuskierigheid, het hy al in die verlede vir haar gesê.

University of Cape Town

Sy ken hom lank genoeg om te weet hy is oor haar bekommerd. En dat hy dalk stilweg oor hulle verblyf wonder, maar sy weet ook elke nuwe beeld en uitsig prikkel daardie onblusbare nuuskierigheid. Sonder dat hy noodwendig, soos sy, waardeoordele hoef te maak.

Die pad op die kaart dui ‘n vurk aan waar hulle links moet draai en van daar af raak die web nog yler. Net voor die vurk kom hulle die eerste keer die padaanwyser na Giyani teë. Hy hou stil sodat hulle ‘n foto kan neem. Sy draai die ruit af en kyk ‘n oomblik deur die lens na die naambord. Sy sal dit vir die mense by die huis stuur. En eendag kan hulle hierna kyk en weet hulle was werklik hier.

Hierdie hitte sal jou kop deurmekaar kan maak, laat hy hoor toe ‘n byna koorsige hitte van buite die motor binnestroom.

Sy kyk na die paar swartvroue op die algemene handelaar se stoep en na haar eie wit vel. Hoe ontvanklik is hierdie stuk aarde vir iemand met ‘n ander skakering?

Hy trek weer stadig weg en draai na links. ‘n Entjie vorentoe stop hy weer sodat sy ‘n foto kan neem van die kennisgewingbord wat waarsku teen slaggate in die pad. Nog getuienis vir eendag.

Dit is anders as die vorige kere in die tuislande, dink sy. Hulle is nie meer toeriste nie. Die woord *pioniers* pas egter ook nie. Dit sou impliseer dat hulle daar is om mak te maak. Te ontgin. Ander was tog reeds voor hulle hier. En tog is daar ‘n gevoel van ontdekking. Daar is iets aan ‘n eerste keer wat met min ander ervaringe vergelyk kan word. Veral as jy die vreemdeling is. Jare later het sy een oggend haar oë op ‘n vliegtuig oopgemaak terwyl hulle besig was om oor Duitsland te vlieg en op daardie oomblik was dit ook asof die bekende kuslyn nie meer sigbaar was nie en sy geweet het die soepelheid van haar menswees gaan getoets word.

Die vreemdheid wat sy toenemend gedurende die reis ervaar, raak met elke kilometer erger. Sy is nie bang nie. As daar vrees is, is dit deel van die onbewuste. Dit is net die knaende gevoel van vreemdheid. Aanvanklik dink sy die vreemdheid word in haar kop ervaar. Maar elke gesig langs die pad bevestig haar vreemdelingskap. Dit swaar hitte waaraan haar vel nie gewoond is nie. Die geluid van die wind deur vreemde bome. Al haar sintuie getuig van vreemdheid.

Into the heart of darkness.

Sy sê die woorde hardop en hy kyk na haar.

Moenie so baie dink nie.

Twee bokke loop voor hulle oor die pad en hy moet vir die soveelste keer rem.

Sy vermoed hy is verlig dat hy iets het om te doen, want sy weet nie of hy die regte paaiwoorde het nie. Dalk is hy bang dat die kilometers die knoop waarmee hy haar vasgeknoop het, sal losknoop.

Sy draai haar blinknuwe trouring in die rondte sodat die son dit kan vang en dan kyk sy na die patroontjies teen die dak. Reënboogkolletjies. Sommige mense se lewens verander in ‘n

University of Cape Town

oogwink. Sonder waarskuwing. Hulle is besig om kilometer vir kilometer die verandering binne te ry. Daar is nou en dan ‘n naamlose uitdraaipad wat haar na die kaart laat kyk en dan probeer sy raai watter van die spinneraklyntjies dit is. Dit is skielik vir haar belangrik om haarself te plaas. Op hierdie godverlate stuk niemandsland moet ‘n baken wees sodat sy kan weet waar sy is.

Hier en daar eien sy ‘n boom. ‘n Boom wat deur iemand daar geplant is. Nie eie aan dié wêreld nie. Aan die een kant is dit ‘n troos, die wete dat iets uitheems tog wortels hier kan skiet. Sy wonder oor die mens wat die boom daar geplant het en of daar ‘n verwagting was om die boom te sien groot word. Dalk selfs in die skadu te sit.

Dink jy ons gaan in ‘n hut woon, vra sy toe hulle by die soveelste nedersetting met hutte verbyry.

Hy skud sy kop. Dalk is hy nie seker nie, dalk is hy te besig om te bid dat dit nie ‘n hut moet wees nie, dink sy en vra nie verder nie.

Soos die pad langer word, voel sy hoe die hoop en effense gevoel van opwinding plek maak vir onsekerheid. Sy het kans gesien vir ‘n avontuur, maar sy is nie seker of ‘n modderbedekte hut ‘n avontuur gaan wees nie. Met elke draai in die pad probeer sy vooruit sien. Hoe groot kan hierdie stuk laagland strek? Hoe ver voordat hulle weer by die see uitkom? Later hou sy die lugruim vorentoe dop, in die hoop dat daar dalk ‘n teken sal wees en saggies bid sy dis nie aasvoëls nie.

Dit kan nie meer te ver wees nie, sê hy skielik en sy kan die hoop in sy stem hoor. En toe wys hy haar dat die pad besiger is en regs van die pad steek ‘n gebou tussen die bome uit. Die pad kronkel om ‘n koppie en skielik is hulle daar. Aan die linkerkant, versteek tussen welige, byna tropiese plantegroei is huise sigbaar. Huise met spitsdakke en vierkantige mure. Langs die pad stap vroue in bont doeke met wye uitskoponderrokke. Dit voel of jare se studie en handboeke vol teorieë tot stilstand kom teen dié byna eksotiese prentjie. As sy mooi daaroor gedink het, moet enige pad seker ‘n bestemming hê, maar dit is moeilik om dit altyd te onthou. Veral as die pad so lank en vreemd is.

Dalk ís daar paaie sonder eindes, maar vir die oomblik is hulle reis nou eers op ‘n einde. Agter hulle het ‘n lang teerpad, familie, vriende, Stellenbosch en hope selfvertroue gelê. Voor hulle in die pad stap twee beeste en ‘n kind op ‘n geroeste fiets waai toe hulle verbyry.

Kantoor van die Kommissaris-generaal. Office of the Commissioner General. Ofisi Khomisionara Generala.

Twee groot hekke rus tussen twee stewige pilare. Die doringdraad rondom die perseel is uitermate hoog. Weerskante van die hek groei aalwyne tussen groot, bruin klippe en lyk byna uit plek tussen die tropiese plantegroei.

University of Cape Town

Die grootgeboude swart hekwag kom uit die waghuisie, besoekersboek in die hand. Toe hy hoor wie hulle is, glimlag hy breed en skud deur die venster hand. Hy stap terug, maak die hek wyer oop en beduie na ‘n gebou dieper op die perseel.

Die opoffering om hier aan die uithoeke te kom woon, het ook ‘n ander kant, fluister hy asof iemand hom kan hoor.

Die twaalf hektaar grootte perseel herinner aan ‘n parklandskap. Groot grasperke met bome en struike op strek voor hulle uit toe hulle met die smal toegangspaadjie inry. Links van die paadjie staan ‘n enkelvlak, vierkantige gebou, byna verdwerg deur die welige plantegroei. Hulle hou onder die maroelabome stil en maak stadig die motordeure oop. Dit is soos om in ‘n bakoond uit te klim en sy wonder weer oor hul wit velle en aan haar ouers in die Noordweste se brandhitte. Daar waar dit voel of die lug wat jy inasem jou neus skroei. Onder die maroelabome is die lug egter swaar en klam.

Dis moeilik om alles om haar in te neem en haar gedagtes spring soos die voëls bo hulle in die bome van tak tot tak. Daar is egter nie tyd om lank genoeg op een te vertoef nie. Die pad hierheen het haar op iets anders voorberei en al is sy dankbaar oor dit wat sy sien, voel ‘n deel van haar ook verward.

Net binne die voordeur, in die middel van die gebou, is ‘n binnetuintjie met die stoepe reg rondom en kantoordeure wat op die stoepe oopmaak. Dis ‘n geil wêreld vir plante hierdie, dink sy toe sy die reuseblare sien wat oor die keermure en oor die potte se rande tuimel. In die klam stilte verbeel sy haar sy hoor hulle asemhaal. Varings en olifantore.

Uit een van die kantore kom ‘n swartman en stel homself as Douglas voor. Hy is die kantoor se amptelike tolk en is volgens hom ses tale magtig. Sy kan nie onthou of sy al ooit iemand geken het wat ses tale kan praat nie.

Ek moet die kantoor oophou hier tussen Kersfees en Nuwejaar, vertel hy hulle op Afrikaans. Die kommissaris-generaal en sy vrou kom eers môre terug van vakansie.

Ons meubels kom eers volgende week. Kan jy ons na die hotel beduie, asseblief.

Hy skud laggend sy kop.

Julle slaap vanaand by meneer Miller en sy vrou. En môre julle kom bly by die groot huis tot die meubels kom.

Toe sy vra wie meneer Miller is, sê hy dit is die kommissaris-genraal se motorbestuurder. Hy beduie hoe hulle moet ry om by die Millers uit te kom. By die hek glimlag die groot hekwag weer en waai toe hulle deurry. ‘n Paar honderd meter verder aan met die teerpad dui ‘n bord die wit woonbuurt aan. Kremetart.

Ek wonder wie was so kreatief? spot hy.

University of Cape Town

By die ingang hou die teer op en hulle ry met die grondstraat verder.

Apartheid het beslis nie by die grens agtergebly nie, is sy gewaarwording toe hulle deur die woonbuurt ry. Dis seker wat ‘n mens dan ‘n wit lokasie noem.

Dit laat haar aan die bruin en swart woonbuurte in die res van Suid-Afrika dink. Grondstrate en opslaanhuise. Die enigste verskil is die grootte van die huise en die welige tuine wat duidelik goed onderhou word. Wit kinders speel kaalvoet in die strate en ry heen en weer op fietse. ‘n Huishulp met ‘n geruite uniform abba ‘n wit baba straataf. Haar treë stadig en ritmies en die baba se koppie wieg liggies saam met die swaai van haar heupe.

Wanneer sal iets dan weer bekend lyk, wonder sy toe hulle eindelik voor die regte huis stop. Hulle het tog nie werklik grense oorgesteek nie. Of het hulle?

‘n Groterige vrou maak die deur oop en twee klein skoothonde hardloop blaffend uit en kom ruik aan hulle voete. Sy praat Engels en stel haarself as Nancy voor. Die groot bome langs die huis se takke gooi skadu oor die huis en die binnekant is effe skemer. Maar nie skemer genoeg dat sy nie die groot wolkombers teen die muur oplet toe sy binnestap nie. Sy wil retireer, maar ‘n hand teen haar rug keer haar en sy kan hom byna hoor sê: Ons het te ver gekom om hier terug te draai.

‘n Afbeelding van ‘n groot Bengaalse tier kyk vanaf die kombers teen die muur vir haar. En op elke moontlike oppervlak is sagte speelgoeddiertjies uitgestal. Hase, bere, eende, hondjies, katte, selfs ‘n paar kameelperde en ‘n seekoei of twee. En om te dink sy het op pad hierheen oor die vorm van hulle huis gewonder. Min wetend daar is huise met reguit mure en ‘n staandak wat ewe vreemd vir haar sou wees.

Sy kan nie kinders hê nie, vertel Nancy later die aand terwyl sy met een van die kameelperde op haar skoot sit en liggies daaroor streel.

Haar man is ‘n kort, blonde Wallieser met ‘n swaar aksent, ‘n ligte Europese vel, helder blou oë en ‘n voorliefde vir alkohol, vind hulle later die aand uit terwyl hy sy werklikheid met hulle deel. Soos dat wit by wit hou.

Tydens aandete vra Nancy hulle uit en staan dan skielik op en roep na haar man. Hulle verdwyn saam die gang af en oomblikke later hoor sy hoe iets rondgeskuif word. Hulle kyk na mekaar.

Wat maak hulle? Haar stem is net ‘n fluistering.

Dit klink of hulle beddens rondskuif, antwoord hy effens harder.

We did not realise you were newlyweds, maak Nancy verskoning toe hulle weer by die tafel kom sit.

Sy kan voel hoe haar gesig rooi word en hoe sy hand hare onder die tafel vind.

University of Cape Town

Toe hulle later in die kamer kom, is die twee enkelbeddens styf teen mekaar geskuif en sy skud haar kop, maar sê nie iets nie.

Die volgende oggend word sy met ‘n dowwe hoofpyn wakker. Dit is net voor ses, maar die son is reeds uit en gooi ‘n warm streep tussen die gordyne oor die vloer. In die bome voor die venster kwetter die voëls oorverdowend. Verskillende fluite en roepe ding met meer liriese gesange mee. Toe hy sy oë oopmaak, kyk hulle vir ‘n lang ruk net stil na mekaar. Asof hulle gedurende die nag ook vir mekaar vreemd geword het.

Daar is ‘n klop aan die deur en Nancy kom binne met ‘n skinkbord koffie en beskuit. Hulle sê dankie en kyk haar agterna toe sy die deur weer agter haar toetrek.

Ek wil nie so word nie. Haar stem is weer soos die vorige aand net ‘n fluistering.

Waarom dink jy sal jy so word? Hy neem een van die koppies koffie en doop ‘n beskuit daarin.

Dalk het ‘n mens soms nie keuses nie. My Here, hier is dan nie eers paaie nie. Sy fluister steeds.

Jy sal nie so word nie.

Hoe kan jy so seker wees?

Want jy kan jou eie paaie maak.

Sy dink aan die kaart in die motor en wonder hoe maak ‘n mens ‘n pad as jy nie bakens het nie. As die uitdraaie nie name het nie.

Toe hulle na ontbyt vertrek, ry hulle eers verder deur die woonbuurt.

Dit laat my ‘n bietjie aan ‘n vakansieoord dink, sê hy toe hulle by die gemeenskapsentrum verbyry. Daar is tennisbane, ‘n groot swembad en ander sportgeriewe. ‘n Klein kiosk maak middae oop vir die nodige brood, melk en ander geriefies en na werk word die deure van die klein kroeg oopgesluit. Die kompleks is nie luuks nie, maar daar is duidelik genoeg hande om dit skoon en netjies te hou.

Sy kon later nie onthou of daar êrens ‘n Slegs Blankes-bord te sien was nie, maar die boodskap was duidelik, niemand is hier om deur die kleurgrense te breek nie. Saans as dit donker word, soek soort na soort. Of dalk was die boodskap, dat soort na soort behoort te soek.

Sy dink aan ‘n aanhaling uit een van haar handboeke. *Political science is in dire need of a general theory of intercultural relations*.

Die woonbuurt is te klein om bo- en onderdorp te skei. Maar daar is tog ‘n subtiele klassifikasie. Hier en daar is ‘n tuin netjieser, ‘n huis effe groter, skoner, die motor in die oprit,

University of Cape Town

luukser. Dit laat haar wonder waar hulle gaan inpas. Hulle gaan agter die doringdraad en die hoë hekke woon. Sonder kinders. Selfs sonder ‘n hond of ‘n kat.

Miskien kan hulle soms op ‘n Sondagoggend kerk toe gaan. Die predikante van die susterskerke op die naburige dorpe maak blykbaar Sondae beurte om in die gemeenskapsaal dienste te kom hou. Sy wonder of elkeen met ‘n eiesoortige boodskap kom. Hoeveel verskillende boodskappe is die evangelie veronderstel om te hê?

By die teerpad draai hulle links dorp se kant toe. Langs die pad is vroue in hulle bont kleredrag met die groot doeke om hulle koppe, besig om die pad se skouer skoon te skoffel. ‘n Kilometer verder ry hulle oor ‘n brug. Die bord sê dis die Middel Letabarivier. Die breë rivierloop is kurkdroog en stowwerig. ‘n Troppie boerbokke wei ‘n entjie anderkant die brug. ‘n Paar lê op die warm riviersand, terwyl ander op die onderste takke van die mopaniebome geklim het om die blare te vreet. Die voertuie wat verbyry, het vreemde registrasienommers op. GY, GM, GH. Ander dra tekens dat dit regeringsvoertuie is. By die t-aansluiting draai hulle regs en volg die teerpad na die middedorp toe. Langs die netjiese hotel groei ‘n ry pienk bougainvilleas.

My ma sê hoe swaarder ‘n bougainvillea kry, hoe beter groei dit, sê sy toe hulle verbyry. Dit maak nie juis sin nie, dink sy terwyl sy na die helderpienk blomme kyk.

Al die geboue lyk relatief nuut. Die bank, kantore van die Ontwikkelingskorporasie, winkelsentrum, poskantoor, gemeenskapsaal. Die enigste wat lyk of dit uit ‘n vorige era dateer, is die Nkensani-hospitaal. Die kompleks bestaan uit ‘n klomp uitgestrekte geboue met stoepe rondom. Oral sit pasiënte en ‘n paar lê op die kaal matrasse op die stoepe.

Dit voel vir haar of die doek waarteen die volgende hoofstuk van hul lewens geskilder sou word geleidelik voor hulle oopmaak. Byna oorbelig deur die son wat witwarm in die hemelruim oor hul koppe hang. Maar sy voel nog nie deel van die doek nie. Hier is nog niks waaraan sy haar kan vasknoop nie en dit voel eerder of die motor ‘n eiland is waarmee hulle deur die vreemde landskap reis. Vir die oomblik is dit genoeg om net by hom te wees, afgesluit binne die koeler binnkant van die voertuig. Maar êrens vorentoe sal sy wil hê hulle moet stilhou. Deel word van iets groter. Sy weet as sy hom vra, sal hy met haar saamstem, maar sy weet ook hy bekommer hom nie nou daaroor nie. Dis asof hy al die vreemdheid indrink.

Net anderkant die middedorp ry hulle teen ‘n hoogte uit. Bo-op die heuwel troon ‘n groot gebou soos ‘n reuseolifant op vier bene oor die landskap. ‘n Moderne gebou uit graniet. Langs die gebou is ‘n verskeidenheid ander geboue wat soos kantore lyk. Met die naderry sien hulle dit is die regeringskantore en parlementsgebou.

Indrukwekkende afkoopgeskenk, laat hy hoor. Die wortel wat hulle moet laat glo hulle het mag en dat onafhanklikheid ‘n werkbare begrip is.

University of Cape Town

Die twee sinne verras haar. Hy is nie so onaangeraak soos hy wil voorgee nie.

'n Wag staan nader toe sy 'n foto wil neem en sy sit die kamera weg. Anderkant die hoogte is 'n groot sekuriteitskompleks waarbinne 'n ruim dubbelverdiepinghuis en 'n ry groot enkelvlakhuise staan. Volgens die bord by die hek is dit die hoofminister en die ministers se amptelike wonings.

Dink jy hulle het uit ronde hutte hierheen getrek of was daar in hul verlede reeds vierkantige geboue van baksteen?

Hy glimlag net.

Anderkant die kompleks begin die woonbuurte. Dit verskil nie veel van die meeste swart woonbuurte in Suid-Afrika nie. Klein huisies, wat hier en daar afgewissel word met 'n verbouing en aanbouing na gelang van die inwoner se finansiële vermoë. Mense kyk die motor agterna en na 'n rukkie draai hulle om en ry terug.

Hulle stop by die winkelsentrum om koeldrank te koop. Die sentrum bestaan uit 'n bank, 'n algemene handelaar, restaurant, boekwinkel, klerewinkel, 'n Pep Stores en nog 'n paar klein besighede. Asook 'n apteek met 'n swart apteker. Sy het later gelees hy was die eerste swart apteker wat toegelaat was om te registreer. 'n Behulpsame, bekwame man. 'n Paar witmense knik vir hulle in die winkel toe hulle instap. Hulle koop koeldrank en 'n blikkie mopaniewurms. By die kasregister lag die swart kassiere en wys vir hulle die pakkies gedroogde wurms.

Ek dog dis net 'n mite dat die wurms geëet word.

As ons kan kreef en prawns eet, kan 'n mens seker wurms ook eet. Sy ril egter terwyl sy dit sê.

Agter die sentrum is die informele mark waar meestal vroue by hulle stalletjies sit. Elkeen met dieselfde paar sakkies vrugte en groente voor hulle. Hier en daar koop 'n klant 'n sakkie tamaties of aartappels. Of 'n paar los patats.

In die bank val hulle agter in 'n lang ry in om 'n rekening oop te maak. Die baie asems en lywe laat die plek bedompig ruik en sy is verlig toe hulle weer buite kom, al is dit snikheet.

Terug by die hek na die kompleks maak die hekwag oop sonder om weer die besoekersboek te laat teken. Hulle ry met die smal kronkelpaadjie verby die kantoor en stop by die eerste huis onder die groot maroela. Sodra hulle meubels kom, sal hulle hier intrek. Die huis is, soos die ander geboue op die perseel, 'n bonkige struktuur.

'n Argitek van Pretoria het blykbaar al die geboue ontwerp, sê hy terwyl hulle om die huis loop.

University of Cape Town

Sou hy met opset al die geboue soos forte wou laat lyk, antwoord sy. Op die oomblik voel dit of hulle twee ook so uitstaan en sy wonder of die tyd sal maak dat hulle lyne sagter word. Sal hulle mettertyd beter by die omgewing inpas?

Ons is blykbaar nie hier om te assimileer nie. Hy maak ‘n sirkel met sy arm. Dalk is hierdie twaalf hektaar omheinde grond met die geboue daarop so beplan dat dit altyd as teken moet dien van die toue wat uit Pretoria getrek word.

Uiteindelik is daar iets anders as hulle motor. Hulle loer deur die vensters en sy probeer hulle paar stukkies besittings binne voorstel. Daar is iets aan ‘n leë huis. Dalk die moontlikhede wat die oop ruimtes suggereer. Een van die dae sal hul stemme daar binne weerklink. Dit is ‘n ruim huis en sy wonder hoe groot kan twee mense leef. As sy met haar arms ‘n sirkel van vyfhonderd kilometer kan trek, is dit ‘n wye sirkel van vreemdelinge. Niemand wat hulle na hul ruim huis kan nooi nie.

Die ampswoning ‘n entjie verder is ewe-eens ‘n logge struktuur wat op vele vlakke nie sin maak nie. Nog een van die Pretoriase argitek se uitstaanbakens. Dalk gebou om te intimideer. Saam met die parklandskap nog ‘n grootse troosprys vir die ongerief om hier aan die einders te werk.

Hulle gasheer en -vrou ontvang hulle gul, met ‘n soort agternakyk waarmee hulle waarskynlik wil opsom. Iets wil agterkom van die mense agter die jong gesigte. Die huis aan die binnekant is nog groter as buite. Uitgestrek. Ruimte op ruimte. Die gastevleuel ver van die voordeur af. Hulle sit hul bagasie in die kamer neer, was hande en loop op hul treë terug na die informele eetkamer naby die voordeur. Middagete is koue vleis en slaai en nagereg is helderrooi jellie en vla. Na ete gaan lê hulle op die groot dubbelbed en raak onder die gesuis van die lugverkoeler aan die slaap. Sy is al besig om weg te dommel toe sy voel hoe hy haar nader trek om in sy lyf se holte te lê en sy begin stil huil.

University of Cape Town

Judge not, that ye be not judged. St Matthew 7: 6

SEWE

Toe hulle daardie eerste aand in die groot sitkamer kom, is daar ‘n paar vreemde gesigte. Van die belangrikste amptenare en hul vrouens. Hy word by die kring van die mans ingetrek en sy voel nog vreemder. En jonk. Sy voel hoe sy die sluier om haar dig wil trek en wens hy kon haar met sy hemp toemaak.

Êrens ver daarvandaan hou hulle vriende dalk nou partytjie. Dalk stap hulle op ‘n strand of sit in ‘n fliek. Sy is nie meer seker oor hulle besluit om so kort na hulle troue so ver uit hulle bekende omgewing te trek nie. Van waar sy tussen die ander vroue sit, lyk die avontuur nie meer so interessant nie.

Piet verkoop die lekkerste hoenders, maar vra dat hy self die koppe afkap en vere uittrek, anders moet jy dit doen, begin hulle raad gee.

Vars brood en groente word op ‘n Donderdag by die supermark afgelewer. Sorg dat jy vroeg daar is.

Joy sny hare by haar huis in Kremetart.

Hier is baie wat werk soek, maar kyk hulle maar eers deur, hulle is vreeslik stadig. Jy weet, môre is nog ‘n dag.

Die ZCC’s is die eerlikste. Hulle mág die steel nie. Die mans wat op die myne werk, word gewoonlik in beheer van stoorkamers geplaas, waar voorraad kan wegraak. Hulle is eerlik, maar nie vreeslik fluks nie. Maar hier en daar kry jy een wat die moeite werd is.

Elkeen het iets by te voeg en haar kop draai heen en weer.

Maak net seker sy verstaan hoe al die elektriese toebehore werk. Jy weet, die meeste kom uit plekke waar nie elektrisiteit is nie. Myne het al twee strykysters laat uitbrand. Ek weet nie wat sy aangevang het nie.

By die hospitaal word ‘n paar kamers vir ons oopgehou, in geval van nood. Hulle noem dit die VIP-vleuel. Maar vra vir ‘n Suid-Afrikaanse dokter. Hier is ‘n paar dokters van Paraguay en Uruguay, maar hulle beteken nie veel nie. Die veeartse weet meer as hulle.

Is sekere lewens goedkoper as ander, wil sy vra. Waarom voer die regering onbekwame dokters in? Of is hulle goed genoeg vir Nkensani se pasiënte, net nie vir die VIP-saal nie? Sy kyk na hom waar hy tussen die ander mans staan en toe hy vir haar kyk en knipoog, vra sy nie meer vrae nie. Hy lyk so jonk daar tussen die ander mans. So met sy kortgeskeerde hare en bruingebrande vel. Sy hou hom vir ‘n rukkie dop, hoe hy met sy hande beduie en haar vel begin skielik tintel, asof hy aan

University of Cape Town

haar geraak het. Eendag sal hulle dalk kinders hê. Sal dit meer as net hulle twee wees, maar vir nou is hulle twee eers genoeg. Hierdie eiland wat hulle om hulle gespan het.

Toe die ander gaste nagsê, is sy ook moeg en sy verskoon haarself. Hy en hulle gasheer bly in die sitkamer agter om nog ‘n laaste glasie wyn te drink. In die kamer op die groot bed rol sy vir ‘n ruk lank rond, terwyl sy aan al die gesprekke dink. Daar was soveel vrae wat sy wou vra, maar dit was asof sy ‘n ander mens was. Asof haar selfvertroue êrens langs die pad verflou het en sy nie meer seker is wie sy is nie.

Toe sy later aan die aand terugdink, was sy kwaad. Aanvanklik vir die ander omdat niemand vir haar gesê het sy moet so gou as moontlik die taal aanleer nie. Die mense en hulle gebruike en gewoontes leer ken. Dit was asof hulle al hul vooroordele vir haar aangegee het en dit het swaar op haar gerus. Maar geleidelik het die vinger ook na haarself gewys. Sy het nie nodig gehad om haar te laat insuig na ‘n wêreld van VIP-beddens nie. En tog het sy nooit deur die hospitaal se voordeur gestap nie. Die paar keer dat sy daar was, het sy agterom die gebou gery en by die spesiale deur ingegaan.

Hulle woon twee weke daar in die gastekamer aan die noordoostekant van die groot huis voordat hulle meubels kom. Bedags is hulle deel van ‘n nuwe werklikheid. Saans sorg die eentonige gedreun van die lugverkoeler dat hulle afgesonder voel van die buitewêreld. Nou en dan dring ‘n voël se gesang die stil ruimte binne, maar dan is dit ‘n ver klank. As sy haar oë toemaak, kan sy op enige plek wees. Haar verbeelding kan al met die N1 terugstap, tot by haar ma se huis. Die studentehuis waar ander studente nou woon. Die moontlikhede in daardie gerieflike, steriele kamer is eindeloos. Sy kan haarself selfs ‘n ander werklikheid verbeel. Een waar daar meer paaie is. Groter kolle op ‘n kaart. Waar vars groente en brood nie net ‘n weeklikse gebeurtenis is nie. Maar vroeg soggens, saam met die son se eerste strale, verdwyn die verbeelde werklikheid.

Die eerste dag op kantoor wag daar stapels verslae op haar lessenaar. Agtergrondinligting oor die tuislandbeleid, die verskillende volkere wat daar voorkom, die ekonomiese beleid ten opsigte van daardie gebiede. Baie van die inligting is bekend, maar dit is skielik anders om dit daar te lees. As student veroorloof jy jouself ‘n mate van verwydering tussen jou en die akademiese geskrifte. Jy formuleer selfs eie teorieë en verdedig of verdoem met jou boekekennis dit wat ander geskryf het.

Sy het nog altyd van ‘n eerste dag gehou. Daardie tyd waar sy nog van ‘n effense afstand kan dophou. Die sluiers dig getrek hou. Dis eers later dat ‘n mens soms teen jou sin deel gemaak word en jy nie meer so maklik kan eenkant staan nie. Die personeel is ‘n uiteenlopende groepie mense. Van die kantoorhoof wat byna kinderlik oor sy posisie en die binnedeur na die *baas* waak. Hy en sy vrou is ook kinderloos. Die sekretaresse met haar op die oog af perfekte gesin. Vol selfvertroue. Douglas, die tolk en vertaler. Maria, die lang regop vrou wat die tee maak en die kantore moet skoon hou.

University of Cape Town

Later het die personeel gewissel, ander het bygekom, maar die dinamika het min of meer dieselfde gebly.

Op die derde dag kry hulle die opdrag om ‘n prioriteitslys op te stel waarvolgens die Suid-Afrikaanse regering oor die volgende vyf jaar ‘n addisionele honderd-en-dertig miljoen rand aan die tuislandregering gaan beskikbaar stel. Dit voel skielik of al hulle boekekennis niks beteken nie. Hulle laataand studentegesprekke wat na perfekte oplossings geklink het, selfs by tye briljant gevoel het, word herkou maar die meeste daarvan word nou uitgespoeg.

Wat die opdrag nog moeiliker maak, is die voorwaarde wat daarmee saam kom. Die prioriteitslys mag slegs voorsiening maak vir sigbare ontwikkelingsprojekte. Dit skakel dadelik gemeenskapsontwikkeling soos welsyn, onderwys en gesondheid uit.

Hulle albei het soveel vrae.

Hoe kompeteer ‘n geskoolde kind met ‘n deftige kantoorgebou? Of nog beter: mediese dienste met welvaartsimbole? Waarom vra hulle nie diegene wat hierby moet baat nie? Kan ‘n mens namens ‘n ander prioriteite bepaal? Is dit nie die toppunt van verwaande paternalisme nie?

As ons eers oor die meriete van alles wil debatteer, gaan ons nie klaarkry nie. Ons moet ons maar by die opdrag bepaal. Hy kon nog altyd sy emosies opsy skuif en doen wat gedoen moet word. Dit maak haar by tye baie ergerlik.

Dis soos om saam met die jakkalse te tjank terwyl ons saam met die honde hardloop, laat sy hoor toe hulle laatmiddag die opdrag voltooi en sonder om vir ‘n antwoord te wag, ry sy poskantoor toe om te gaan seëls koop.

Op pad daarheen kyk sy na die mense langs die pad. Sommige stap, ander ry fiets. ‘n Paar sit agter op ‘n bakkie en sy wonder oor die verslag wat nou op ‘n blink lessenaar lê. Hoeveel is honderd-en-dertig miljoen rand vir hulle? Hoeveel nulle moet agter ‘n bedrag wees om vir die vroue met die uitgetrapte skoene ‘n nuwe paar skoene te kan koop? Of die klein bokwagters uit die droë rivierloop te haal tot binne-in ‘n klaskamer?

Die poskantoor is nie groot nie en toe sy daar kom, is dit stampvol mense. Sy is egter die enigste witte in die lang ry. Soos daardie eerste dag in die bank ruik die klein ruimte benoud. Twee dakwaaiers roer stadig die warm lug in die rondte. ‘n Paar vlieë vlieg lui heen en weer, maar keer telkens terug na die slapende baba voor haar se kaal koppie. Die kind sit styf teen sy ma se rug vasgemaak. Sy waai elke keer na die vlieë, maar hulle bly nie lank weg nie. Dan waai sy maar weer. Een keer kyk die ma om en glimlag skamerig. Die ry vorder baie stadig, want die twee klerke knoop met elke klant ‘n geselsie aan. Nou en dan lag hulle saam, ander kere skud hulle in gelid hul koppe en klik hul tonge. Die sweet loop later onder haar hare uit en sy moet kort-kort die straaltjies van haar

University of Cape Town

voorkop afvee. Haar voete voel klam in die skoene en sy verplaas gedurig haar gewig van die een been na die ander. Sy bid byna hardop om terug in die skemer kamer met die lugverkoeling te wees.

Sy is moeg en toe sy die stem hoor, dink sy vir ‘n oomblik sy is besig om te hallusineer.

Hands in the air! This is a hold-up!

Die stem bulder van êrens agter haar by die buitedeur. Sy kyk oor haar skouer en sien die groot swart man wat die deur volstaan. Hy dra ‘n lang jas met ‘n breërandhoed op sy kop. Hy kyk na haar en vir die eerste keer in haar lewe wonder sy oor die sin van die lewe. Waarom sy al die pad tot hier moes kom om te sterf. As die enigste witte weet sy sy is die natuurlike teiken. Die lam wat geslag gaan word, sodat die ander ongedeerd daar kan uitstap. Dis vreemd hoe Bybelse verwysings, bygelowe, mites, feëverhale en volksvertellings op so ‘n oomblik bymekaarkom en ‘n geheel vorm, het sy later gedink. Sy maak haar oë toe en bid vir ‘n wegraping, of vir al wat sy weet dalk vir ‘n donderslag uit die hemel. ‘n Wonderwerk, want sy wil nie namens ‘n ry vreemdelinge haar lewe verloor nie. Haar lewe het waarde. Meer as wat van hulle lewens sekerlik het. Sy kon nooit sê hoe lank sy so vir goddelike of mitiese ingryping gewag het, voordat sy bewus word van die gelag rondom haar nie. Toe sy haar oë oopmaak, is almal om haar aan die lag en die groot man in die deur het sy hoed afgehaal en hy en een van die toonbankklerke is besig om oor almal se koppe te gesels.

They are friends, tolk die vrou agter haar.

Toe sy net na die vrou staar, herhaal sy die woorde. Die vlieë het weer op die baba se kaal kop kom sit, maar sy probeer hulle nie meer wegwaai nie. Sy draai om en stap stadig verby die ry mense. In die deur glimlag die groot man vir haar terwyl hy opsy staan. Die son skyn warm op haar koue vel toe sy buite kom en in die motor begin sy huil.

Dit was ‘n grap, probeer hy die aand troos. Jy het niks oorgekom nie. Hy probeer haar nader trek, maar haar lyf is nie vanaand in staat om mee te gee nie en sy bly heelnag op die randjie lê, haar bene styf teen haar lyf opgetrek.

Toe hulle meubels eindelik opdaag, verbeel sy haar sy ruik haar ma. Maar tog so in die oopte lyk die paar meubelstukke vreemd. Buite op die oprit is geen konteks waarbinne hulle pas nie en sy sien hoe die paar Shangaan-vroue wat in die tuin werk, stilstaan en staar. Sy wonder wat hulle onder mekaar sê. Hoe lyk die Sanderson-blomme op die swarthoutbank vir hulle? En wat van die blompotte, strooikussings en ornamente? Mooi, sinlose voorwerpe.

Nadat alles ingedra is, voel dit beter. Tussen die meubels en versierings vind sy weer ‘n stukkie van hulle twee. Van die wêreld waarvandaan hulle kom.

Die huis het baie vensters en daar is nie soveel lugverkoelers om die vreemde geluide uit te doof nie. En sy besef dit sal moeiliker wees om hier ‘n ander werklikheid te verbeel.

University of Cape Town

Die eerste aand in hulle huis lê sy lank wakker en luister na al die vreemde geluide. Sy probeer elke nuwe skaduwee eien. Sy moes eindelik ingesluimer het, want sy skrik wakker van ‘n geluid wat nie vroeër daar was nie. Vir ‘n paar oomblikke lê sy doodstil en probeer luister. Sy asemhaling langs haar is rustig en sy staan op en stap kaalvoet tot voor die venster. Toe sy die gordyn ooptrek, lê die parklandskap stil voor haar. Die maan gooi net genoeg lig dat sy die doringbome se sambreel-silhoeëtte kan eien. Sy skuif die venster oop en toe hoor sy wat haar wakker gemaak het. Die ritmiese klank van tromme. Die ligte nagwindjie dra dit aan en soos die windjie soms van koers verander en soms gaan lê, word die klank flouer en sterker. Sy kan die gras en die vrank reuk van die maroelas ruik en sy draai haar kop heen en weer om beter te kan hoor, maar die rigting bly vaag. Hoe ver sou hulle wees? Sy wonder wie die tromslaners is en waarom hulle dit juis vanaand slaan. Die ritme verander soms, maar dit bly ‘n stadige hartklop. Sy bly lank voor die venster staan en toe sy terug in die bed klim, skuif sy tot teen hom en neem sy hand.

Sy het in die jare wat gevolg het dikwels die klanke gehoor. Soms stadiger, ander kere meer intens en uitbundig. Soms was hy by die huis, dikwels nie en dan het sy alleen geluister. En mettertyd het die vreemdheid verdwyn en was dit asof die klank haar vertroos het. Op sulke aande het sy nie so alleen gevoel nie. Dalk was daar ‘n dieper herkenning. ‘n Terugroep na ‘n donkermaan oor die duine.

Sy het soms die mense wat in die omliggende dorpies gewoon het, gevra waarom die tromme die vorige aand geslaan is. Gewoonlik het hulle net skaam gelag. Die taal was maar altyd ‘n probleem. Maar soms het een vertel van ‘n fees. ‘n Geboorte, dalk. ‘n Dood. Die tokkeloshe.

Die eerste oggend word sy vroeg wakker en stap kaalvoet deur die huis. ‘n Huis se oggend- en aandgesigte verskil van mekaar. Voor die kombuisvenster steek sy vas toe sy ‘n troppie rooibokke agter die huis in die lang gras sien wei. Hulle ore draai spits heen en weer vir elke geluid. Die lug weerklink van voëlgeluide. Verskillende note, toonhoogtes en tydintervalle. Toe sy omdraai en deur die ander venster kyk, stap ‘n groepie vroue in hulle tradisionele drag verby. Een stoot ‘n kruiwa met ‘n paar stukke tuingereedskap op. Hulle styfingetrekte onderrokke wip ritmies op en af. Toe sy terugdraai kamer toe, probeer sy die ritme van hulle stap na-aap.

University of Cape Town

There is a place. Like no place on earth. A land full of wonder, mystery and danger! Some say to survive it, you need to be as mad as a hatter. Lewis Caroll

AG

Nadat hulle meubels ‘n staanplek gekry het en die kartonne uitgepak is, kry hulle ‘n klein katjie en doop haar Yani. Soos hulle nooit voor die tyd oor kinders gepraat het nie, het hulle ook nie oor troeteldiere gepraat nie. Maar dit voel reg, die ander asem in die huis, veral wanneer hy nie daar is nie. ‘n Maand of wat later kry hulle ook ‘n jong Saint Bernard-tefie en die huis is nou aansienlik besiger. Yani het teen hierdie tyd die omgewing goed geken en verdwyn soms vir ure. Soms gewaar sy haar agter die huis op die klipkoppie en dan wonder sy of Yani iets van ‘n oerdrang ervaar. Wanneer sy by die huis is, lê sy graag op die huis se plat dak.

Ek vermoed jy het dalk ‘n sterker instink om ‘n ma te wees as wat jy gedink het, spot hy toe sy na ‘n ruk met ‘n klein optelhondjie by die huis kom.

Ek kon hom nie los nie. Ek is seker daardie man het hom mishandel. Sy kyk na die klein hondjie met die deurmekaar hare op haar skoot en hy lag net.

Sy begin rondvra na ‘n huishulp en op ‘n oggend staan daar ‘n skraal jong vrou voor haar. Sy sê haar naam is Grace. Hulle kom ooreen dat sy die volgende dag sal begin werk. Dit is lekker om saans na ‘n skoon huis terug te kom, skryf sy vir haar ma. Sy is baie skaam en praat nie veel nie. Sy het my darem nou die dag vertel dat sy eintlik ‘n Noord-Sotho is en dat haar ouma baie kwaad vir haar is omdat sy met ‘n Shangaan getrou het.

Doesn’t your grandmother like the Shangaan?

She says the men are too lazy.

Is your husband lazy?

He is allright.

Ek weet nie of dit waar is nie; wat wel vreemd is, is dat die vroue hier langs die paaie en in die tuine werk, skryf sy verder.

By die kantoor moet sy aan die begin baie lees. Dinge wat nie in handboeke opgeteken is nie. Verslae van die vorige kommissaris-generaal wat dit blykbaar sy taak gemaak het om die plaaslike bevolking van elke moontlike wilde dier te probeer beskerm. In die verslae het hy altyd gesorg dat hy rapporteer watter groot bedreiging dié diere vir die plaaslike bevolking was.

Ek is seker hy was verantwoordelik vir die uitwissing van ‘n klomp spesies, vertel sy saans by die huis. Waarom het niemand hom gekeer nie?

University of Cape Town

Jy weet wat sê hulle: Until the lion has his own storyteller, the hunter will always be the hero.

Soms vertel sy van al die naamsveranderinge wat sy die dag raakgelees het. Tuislande, nasionale state, kaffers, naturelle, bantoes, plurale, swartes. Die departement van Bantoe-administrasie is op 'n dag herdoop na die departement van samewerking en ontwikkeling.

Wat dink jy was die doel van die veranderinge? En waarom vir iets 'n naam gee as jy dit later moet verander?

'n Naam raak tog mettertyd deel van die naamdraer, redeneer sy. Miskien lê die probleem daarin dat name te oorhaastig gegee word.

Toe naamsveranderinge jare later weer groot nuus in die land geword het, het sy aan daardie tyd gedink en oor die nuwe name gewonder. Daar was nuwe helde wat vernoem moes word. Heldestatus moet dalk nie so maklik verkry word nie.

Hulle is skaars 'n maand daar toe die jaar se parlementsitting weer begin. Hierdie jaar word die opening deur Sy Edele, P W Botha, waargeneem. Agter bakhande en in geslote kantore word daar gefluister dat die hoofminister gedurende die seremonie onafhanklikheid gaan aankondig. Soos die Transkei, Bophuthatswana, Venda en die Ciskei reeds gedoen het. Selfbeskikking oor eie lot. Selfs al is daardie state nooit deur die Verenigde Nasies as volwaardige state erken nie.

'n Paar joernaliste van die groter dagblaaie in Suid-Afrika maak reeds 'n dag of wat voor die opening hul opwagting en begin rondsnuffel, op soek na die oorsprong en geloofwaardigheid van die gerugte. Die kantoor verander oornag in 'n miernes. Teleksboodskappe kletter van vroeg tot laat en ritse papiere met opdragte van die Uniegebou word uitgespoeg. Die veiligheidspolisie kom om almal se veiligheidsklarings na te gaan. Wie mag naby kom en wie moet op die buitewyke en in die agterkamers bly. Oorkant die kantoorgebou is die werkers met die laaste voorbereiding aan die helikopterlandingsplek besig. Die sirkel is eers met padrollers hard gerol en 'n week later is die sementblad gegooi. Elke keer as 'n mens die kantoordeur oopmaak, ruik jy die nat sement.

Miskien moet hulle eerder gery het, sê sy vir hom toe hulle die aand voor die opening in die swembad afkoel. Hulle gaan baie mis as hulle tot hier vlieg. Die bougainvilleas. Die brandsiek honde en die beeste met die uitsteekribbes. Die huilboerbone, dombyas en knoppiesdorings.

Hier wag darem proteas en strelitzias op hulle.

Sy lag en hulle duik saam onder die water in en hul nat lywe skuur teen mekaar.

Voor sy later aan die slaap raak, besef sy die proteas wat sy vroeër die oggend moes help rangskik het, het haar aan die Kaap en haar ma herinner. Protea magnifica, protea cynaroides, fynbos. Daar tussen die mopanies, akasias en maroelas het hulle skoon uit plek gelyk.

University of Cape Town

Die volgende oggend word ‘n reusetent netjies op die groot grasperk opgeslaan en weermagtroepe kom van Pietersburg af om die tafels op te slaan en te dek. Ry op ry word spierwit linne oor staaltafels met opvouvoete gegooi en stoele word afgetel en uitgepak.

Die grassnyers dreun vir oulaas en ‘n paar vroue vee die toegangspaadjie met grasbesems skoon. ‘n Groot wit *H* is die vorige middag op die helikopterlandingsplek geverf en skitter nou blink en nuut in die vroegoggendson. Die hekwagte lyk netjieser en meer regop as op ander dae en sy wens sy kan Shangaan verstaan sodat sy kan hoor wat hulle vir mekaar sê. Sal hulle weet wat agter die bakhande gefluister word en verstaan hulle die implikasies van ‘n woord soos *onafhanklikheid*? Sal dit hul lewens verander? Maar sy kan hulle nie vra nie, want hul Afrikaans strek nie verder as die konkrete nie. En sy kan nie hulle taal praat nie.

In die kantoor finaliseer sy die sitplekplan. ‘n Plan waaraan sy ‘n paar dae lank gewerk het en streng volgens protokol uitgewerk is. Later sou sy dit toe-oë kon doen, maar daardie eerste keer het dit haar laat sweet. Veral dalk ook teen die agtergrond van die gerugte oor die belangrike aankondiging. Indien dit wel die geval was, word veral die hooftafel vir ‘n groot oorwinningsfees gedek.

Net na nege-uur hoor hulle die ritmiese gedreun van ‘n helikopterskroef en die kantoorpersoneel gaan staan buite. ‘n Paar minute later gewaar hulle dit links van die koppie asof dit met die teerpad langs kom. Vaalbruin in die weermagkleure geverf. Dit hang ‘n paar oomblikke bo die nuutgeverfde *H* en sak toe stadig grond toe. Op die grond gaan staan die veiligheidspersoneel op strategiese plekke. Sommige hou die helikopter dop, terwyl ander met hul rûe na die landingsplek staan en die landskap om hulle beskou.

Hier gaan ‘n casino gebou word, ás die hoofminister vandag onafhanklikheid aanvaar, sê een van die personeel.

Venda het na onafhanklikheid ‘n casino gekry en kyk hoe stroom die mense daarheen, vertel ‘n ander een.

Dink julle hulle sal die hotel net vergroot? wil iemand anders weet.

Dalk word daar ‘n splinternuwe casino-kompleks gebou, antwoord iemand in die groepie. Miskien met ‘n uitsig op die rivier. Dan het hulle water om tuine aan te lê.

Sy luister stil en wonder waarheen die bokwagtertjies met hulle bokke sal trek.

Terwyl almal oor die moontlikheid van ‘n casino bespiegel, draai die helikopter se lemme al stadiger en uiteindelik gaan die deur oop. Die Kommissaris-generaal en sy vrou staan nader en toe die eerste minister uitklim, word daar plegtig hand geskud. Minute later is almal in die wagtende ampsmotors en die hoof van die hekwagte maak self die hek oop en salueer flink toe die motors

University of Cape Town

uitry. Die veiligheidswagte ry in twee voertuie. Een voor en een agter. Veel stadiger as wat sulke konvooie later jare sou ry.

Sy stap terug tent toe om seker te maak die blomme het nie die vorige nag verlep nie. ‘n Paar weermagtroepe is besig om hier en daar ‘n tentpen stewiger in te slaan of ‘n flap vas te maak. Hulle lyk so jonk met hulle kortgeskeerde hare en bruingebrande velle en sy verlang na haar broers.

Hou julle daarvan om in die army te wees, vra sy hulle op die ingewing van die oomblik.

Twee staan effens meer orent, een glimlag skeefweg en een kyk buitentoe.

Ek kan nie wag om grens toe te gaan nie, sê een van dié met die regop skouers.

Hierdie tentopslanery en tafeldekkery is ‘n groot mors van tyd, kla die ander een met die regop skouers.

Is julle nie bang julle word doodgeskiet nie?

Dan is dit vir my land.

Die ander een se skouers roer liggies, terwyl die ander twee hulself met die tentpenne besig hou.

Ons word baie goed opgelei voor ons vir aktiewe diens ontplooi word, gaan die spraaksame een voort.

Is dit waarmee julle julself snags in die donker troos, wil sy vra, maar doen dit nie.

Sal julle iemand kan doodskiet?

Die twee dapperes knik dadelik, terwyl die een met die hamer in die hand ophou kap en sy maat kyk by haar verby. Dalk is hulle die dapperes, dink sy. Dié wat nie bravade het om agter weg te kruip nie, maar steeds gaan.

Hulle help haar om ‘n laaste keer deur die rye tafels te loop. Seker te maak alles is gereed. En tussenin vertel hulle van hul families en die meisies wat vir hulle wag. Later kyk sy die seningrige lywe agterna en wonder of hulle ouers hulle ook veilig sal kan terugbid.

Dit is ‘n bloedige warm dag en die sonbesies skreeu van vroegdag af byna oorverdowend. Oor die kombuistent hang die eerste geure van die feesmaal en stadig sprei dit tussen die bome uit. Terwyl sy terug kantoor toe stap, kom ‘n ou liedjie by haar op.

Where have all the young men gone, long time passing?
Where have all the young men gone, long time ago?
Where have all the young men gone?
They’re all in uniform;
Oh, when will we ever learn,
oh when will we ever learn.

University of Cape Town

‘n Oomblik lank voel dit vir haar of ‘n wolk op hierdie wolklose dag voor die son verbytrek en tussen haar skouerblaaie kom lê ‘n onverwagse koue.

Twee veiligheidswagte is by die helikopter aan diens en die twee vlieëniers sit in die kantoor saam met die personeel en koffie drink toe sy instap. Hulle gesigte is al harder, die plooie om die oë en monde dieper as by die jong manne in die tent. Sy wonder waarom hulle in die weermag is en wat hulle op dieselfde vrae sou antwoord. Hulle lyk gemaklik in hulle uniforms, so met hulle bene lank uitgestrek, besig om allerhande staaltjies te vertel.

Die telefoonoproep kom net na twaalf. Almal bly stil toe die sekretaresse die persoon aan die ander kant vra om die boodskap te herhaal. Toe sy die telefoon neersit, kyk sy fronsend na die twee vlieëniers.

Julle moet gereed maak om te vertrek. Die eerste minister gaan nie meer die banket bywoon nie.

Die twee kyk ‘n oomblik vir mekaar voordat hulle sonder ‘n woord opstaan.

Die hoofminister het nie in sy openingstoespraak onafhanklikheid aangekondig nie en PW het besluit dan bly hy nie vir ete nie, herhaal die sekretaresse.

Hulle gaan staan weer buite toe die helikopter opstyg en kyk hoe dit in ‘n suidwestelike rigting draai.

Dis die pad, dink sy toe sy terug tent toe stap. Hulle sou beter verstaan het as hulle met die pad gekom het.

In die tent kyk sy na al die naamkaartjies op die hooftafel. Alles moet verander word. ‘n Paar gaste wat nie by die hooftafel sou sit nie, word skielik na ereplekke verskuif.

Daar is altyd iets weemoedigs aan oppak en afbreek en die grasperk lyk die volgende oggend leeg toe die laaste weermagvragmotor by die hek uitswaai, links draai en die lang teerpad Pietersburg toe vat. Net hier en daar is ‘n merk op die grasperk sigbaar. Maar dit is tydelike tekens en voor die son twee keer opgekom het, sal daar nie meer sigbare tekens wees nie. By die kantoor hang ‘n stil gelatenheid oor almal en alles en selfs die teleksmasjien is stil. Vir dae lank kom daar net nou en dan ‘n boodskap deur. Pretoria se straf en oordeel word stil uitgespreek.

Welkom in die wêreld van die politiek, herinner hy haar toe hulle laataand na die veraf klank van die tromme lê en luister. Daar is vanaand ‘n byna koorsige haas in die klank.

Na die openingseremonie is dit deel van haar verantwoordelikhede om die sittings by te woon en elke aand ‘n verslag oor die dag se besprekings te skryf. Aan die begin is dit interessant om die werkinge dop te hou en na die debatte te luister. Hulle kantoor het ‘n losie hoog bo in die indrukwekkende raadsaal. ‘n Luidspreker dra die stemme daarheen. Daar is twee tolke wat om die

University of Cape Town

beurt tolk. Albei het lewendige stemme. Van waar sy sit, kan sy hulle sien en sy moet dikwels lag vir die manier waarop hulle nie net die spreker se woorde herhaal nie, maar ook die lyftaal en gesigsuitdrukkings weergee. Soms is die dae eindeloos en dan lê sy met haar kop op haar arms en slaap. Ander kere neem sy ‘n skryfblok saam en skryf briewe.

Hulle praat oor gewone probleme, vertel sy by die huis. Daar word nie oor grootse filosofieë gedink en geredeneer nie. Die meeste debatte gaan oor weidingsregte en water. Oor grensdrade en besigheid. Skole, klinieke. Die agbare lede dra soms swaar aan die vrag probleme wat hulle uit hulle kiesafdelings saambring. Dinge wat mense se lewens direk raak. Politieke filosofieë, kom sy agter, sorg nie vir beter opbrengste of gesonder diere nie. Dit neem nie gesondheidsorg na die veraf klinieke toe nie of sorg ook nie dat ‘n skool ‘n nuwe dak kry nie. Partypolitiek is ook nog nie ‘n werklikheid nie. Wat dit eintlik maar is, is ‘n stamvergadering in ‘n baie duur gebou. Die gryskoppe en ringkoppe wat saam sit en moet besluit oor die welsyn van die stam.

Soms is daar ‘n oomblik van opwinding soos die dag toe ‘n Suid-Afrikaanse minister ‘n besoek bring en in die helfte van sy toespraak ophou praat. Sy blik vasgenael op ‘n parlementslid se vrou in die voorste ry wat besig is om haar baba te borsvoed. En toe hy na ‘n lang oomblik sy toespraak hervat, struikel hy oor sy woorde en neem dit ‘n rukkie voordat hy kan aangaan.

I am pregnant, kom vertel Grace na ‘n paar maande. And the docter said I should stop working. I am not well.

Do you want another child?

Not really, but my husband wants another child. Sy bly ‘n oomblik stil en kyk sigbaar verleë deur die venster. That’s another reason my grandmother does not like the Shangaan men. They can take more than one wife.

Did your husband take another wife?

Sy skud haar kop. No, but maybe if I do not give him another child.

Will you be angry?

Yes. Where I come from, the men do not take more than one wife. My grandfather, my father . . . they all had only one. I will not like it.

Me too, stem sy saam.

Master can take another wife?

No, but if he could, I will not like it.

Sy lag onverwags hardop. You will not get all the pretty things then.

Is that the reason why you will not like it?

Sy dink weer voor sy antwoord. Yes, if a husband has too many wives and children, there is not enough money. Always fighting in the house.

University of Cape Town

Ek voel soms soos ‘n frats, skryf sy in daardie tyd vir haar vriendin Kaap toe. Ons is verlede Sondag na ‘n bring-en-braai genooi en die ouers het die kinders geroep om na ons braaibroodjies op die rooster te kyk. Dit voel voortdurend of ek myself moet verduidelik, daarom is dit soms makliker hier agter die hekke en doringdraad. Maar dit kan ook eensaam word, veral omdat hy dikwels moet weggaan. Ek is nog nie gewoond daaraan nie en soms verbeel ek my in die nag dat terroriste op die koppie sit en beplan om die kompleks met ‘n mortier te skiet. Ons platdak sal ‘n goeie landingstrook wees. En dan lê en werk ek maar vir my en die diere ‘n ontsnappingsplan uit. Ek het darem weer ‘n nuwe huishulp gekry. Haar naam is Beauty en sy het verlede jaar matriek geskryf. Haar ma werk langsaan in die groot huis. Dis vreemd dat sy maar net vier jaar jonger as ek is, maar ek voel soveel ouer. Dink jy dit kan wees omdat ek al meer paaie as sy geloop het? Het my boekekennis my ouer gemaak? As ek mooi daaroor dink, is ons albei maar nog kinders wat huis-huis speel. Daar is so baie dinge wat nie een van ons weet nie, dan stuur ek haar maar om vir haar ma te gaan vra. Dan moet sy vir my kom wys. Op die manier kan sy al ‘n hoender goudbruin gaarmaak en selfs gevriesde vis in die pan bak dat jy byna die see kan ruik.

Vir ‘n ander vriendin skryf sy: Ek was die ander dag dokter toe. Hy het gedink ek is swanger en ek het die hele nag gehuil, maar die volgende dag het hy gebel om te sê die toetse is negatief.

Haar ma se briewe weerspieël ‘n ma se vrese en onsekerhede.

Is dit veilig om so alleen te slaap? Ry tog versigtig. Ons verlang na julle. Hoe gaan dit met die kosmakery?

Sy vertel nie vir haar ma van die mortiere nie. Ook nie dat sy sukkel met die kosmakery nie. En veral nie dat sy soms haar klere wil pak en huis toe gaan nie.

Hier is nie eers iemand by wie ek kan skinder nie, sê sy een aand vir hom.

Jy kan by my skinder.

Maar wat as ek óór jou wil skinder.

Wil jy oor my skinder?

Ja, soms. Dis nie altyd maklik nie.

Die eerste paar maande huil sy baie en lank na die tyd vertel hy haar dat hy homself elke aand voorgeneem het om haar die volgende dag te laat gaan. Terug na haar mense toe. Na ‘n plek waar sy nie so vreemd sal voel nie. Maar dan voel hy haar in die nag langs hom en dan kan hy nie in die oggend die woorde sê nie. En so het die dae maar verbygegaan.

Sy is moeg toe hulle die Sondagmiddag laat op pad is terug van Pretoria af. Dis maar die tweede naweek vandat hulle hier is dat hulle kon weggaan en hulle het die naweek ‘n duisend dinge probeer inpas. Kuier by vriende, twee flieks, uiteet, inkopies. Die motor is stampvol gelaai.

University of Cape Town

Ons petrol gaan dit nie maak nie, sê hy toe hulle laatmiddag teen die platorand afry. Ons is nog nie gewoond aan die rantsoenering met hierdie ver afstande nie.

Wat gaan ons doen? Ek wil beslis nie heelnag langs die pad sit nie.

Ek het verlede week een van die boere hier naby by die kantoor ontmoet. Ek is seker hy sal ‘n petrolpomp op sy plaas hê.

‘n Paar kilometer verder sit hy die flikkerlig aan en hulle draai van die grootpad af.

‘n Groot man maak die deur oop, op sy arm sit ‘n baba. Hy vertel van hulle penarie en vra of hulle petrol kan koop.

Die man kyk na haar in die motor, dink ‘n oomblik en knik toe stadig sy kop. Op een voorwaarde: Julle moet eers kom saam koffie drink en met my skoondogter gesels. Sy kom van die Kaap af en verlang huis toe.

Hulle stap saam met hom die huis binne en word aan die ander huismense voorgestel. Hulle seun is ook met sy weermagopleiding besig, terwyl sy jong vrou en baba by sy ouers woon.

Hulle kom van buurdorpe af, kom hulle agter, was tydgenote op Stellenbosch, en was selfs in aangrensende koshuise. Terwyl hulle gesels, voel dit of haar tong stadigaan weer ontknoop, asof praat weer makliker word. Asof sy nie haarself hoef te verduidelik nie. Maak dit soveel saak waar ‘n mens vandaan kom, wonder sy.

Laataand op pad huis toe sug sy. Dit was ‘n lekker kuier.

Beauty, why do you put bricks under your bed, vra sy eendag nadat sy haar in die kamer gaan roep het.

For the tokkeloshe.

Die hare in haar nek kriewel.

Beauty, you have matric. How can you still believe in the tokkeloshe.

He sometimes come to the village.

Have you seen him?

Yes, one night. He changed himself into a white dog.

How do you know it was not a real white dog?

We do not have white dogs in the village.

Oor die tokkeloshe het sy nooit gelag nie. As ‘n mens uit die duine kom, waar die sand soms grom, lag jy nie vir ‘n ander se skaduwees nie.

Haar ma kom Meimaand alleen kuier en hulle gaan haal haar in Johannesburg by die lughawe. Dit is reeds donker toe hulle teen die platorand afsak en agter in die motor raak haar ma al stiller.

Dit het gevoel ons ry van die aarde af, sê sy toe hulle laataand voor die huis stop.

University of Cape Town

Gedurende die week kom sy agter sy wys haar ma rond asof sy al jare lank daar woon en dit haar plek is. Maar sy is bly haar ma vra haar nie of sy gelukkig is nie, want sy het nog nie die antwoord op daardie vraag nie.

Toe hulle die volgende jaar Januarie na die Kersvakansie in die Kaap terugvlieg, kom sy egter agter dat sy haastig is om by die huis te kom.

Ek het nie geweet dat ek gelukkig was nie.

Sy het aan daardie tyd gedink toe sy per geleentheid dié woorde van Sheila Cussons lees.

University of Cape Town

The pages are blank; but there is a miraculous feeling of the words being there, written in invisible ink and clamoring to become visible. Vladimir Nabokov

Nege

Vanoggend moet sy vroeg opstaan, want hoe sy ook al probeer het, niemand kan vir haar die pad beduie nie. Almal vir wie sy gevra het, het geknik en gesê dis nie moeilik om by die skool uit te kom nie. Dis daar naby die Venda-grens, en daar is tekens langs die pad waarvoor sy net moet uitkyk. Die diplomaplegtigheid waar sy die kantoor moet gaan verteenwoordig, begin elfuur, maar sy trek reeds net voor nege by die huis weg. Die organiseerders se aanwysings lê langs haar op die motorsitplek. Sy konsentreer om haar rigting dop te hou en terselfdertyd uit te kyk vir die bakens langs die pad, maar dis nie lank nie of sy bevind haar in ‘n web van ongekarteerde grondpaaie. Byna te laat gewaar sy die groot wildevyboom waarna die aanwysings verwys, en sy stop in ‘n stofwolk, stoot ‘n entjie terug en draai dan op die pad wat regs uitdraai. By die huis met die helder patrone op draai sy links, maar toe sy die swart bord voor die toordokter se plek gewaar, hou sy eers stil. Bo-aan die bord is sy naam geskilder en onder dit ‘n skets van ‘n swart driebeenpot op ‘n vuur. Uit die pot loer ‘n skerpioenangel, ‘n slangkop, die hol oogkaste van ‘n skedel, ‘n geitjiestert en ‘n hoenderveer. Sy draai die ruit oop en neem ‘n foto voordat sy verder ry. Sy is verlig toe sy ‘n entjie verder die vurk in die pad sien. Dit beteken sy is nog op die regte pad. Haar pa sal trots wees op haar.

‘n Halfuur later stop sy egter by ‘n gebou waar ‘n paar weermagsoldate buite aan die werskaf is. Sy is skielik nie meer so oortuig sy is op die regte pad nie. Een van die soldate stap nader toe sy uit die motor klim.

Avuxeni.

Hy glimlag toe hy antwoord. Ku njhani.

Ndzi kona. Sy hou die nota met die skool se naam na hom uit. Ek soek hierdie skool.

It’s not far. Hy lig die R1-geweer in sy hand en beduie daarmee regs langs haar linkeroor verby. Sy druk die loop effens weg, maar hy kom blykbaar niks agter nie, want soos hy praat, word die loop weer heen en weer voor haar verbygeswaai. Na ‘n rukkie besluit sy sy sal vorentoe maar weer vra as sy verdwaal.

Sy knik asof sy mooi verstaan. Inkomu.

Hy lig sy hand, hierdie keer gelukkig die een sonder die geweer.

Famba hi ku rhula.

Sy lig ook haar hand. Sala kahle.

Sy sien van ver af die rook en is verlig toe sy by die hek kom en die skool se naam eien. ‘n Paar motors staan onder die bome geparkeer. Langs die gebou is ‘n groepie mense besig om

University of Cape Town

beeskarkasse met groot kapmesse uitmekaar te sny en op groot roosters oor ‘n reusevuur te braai. Sy ruik die vleis selfs voordat sy die motordeur oopmaak. Een van die organiseerders kom haal haar by die motor en neem haar na ‘n klaskamer waar tafels gedek is.

We are having breakfast, while we wait for the people to come, verduidelik hy.

What time are you planning to start? Sy kyk na die paar mense wat rustig besig is om te eet.

When everyone is here.

Toe sy by die ander gaan aansit, bring ‘n jong vrou vir haar ‘n bord kos. Op die bord is ‘n ruim skep braaivleis. Een van die beeste moet al gaar wees. ‘n Hopie gebakte boontjies in tamatiesous, ‘n sny winkelbrood, koolslaai en ‘n skep vaalwit afval. Sy eet al óm die afval, skuif die wit pensvelletjies eenkant toe en probeer ‘n stukkie rokerige vleis met ‘n vurkvol koolslaai verbloem.

Na ete neem sy haar plek op die stoep in. Eenkant onder die bome sit ‘n paar vroue in hul kleurvolle tradisionele drag. Hier en daar is ‘n baba op ‘n rug vasgemaak. ‘n Paar peuters speel om die vroue in die rooibruin grond. Die groepie groei geleidelik aan. Soos hulle aankom, neem hulle hul plek op die harde skoolterrein in. Niemand lyk haastig nie.

Waarom kry hulle diplomas? vra sy vir die tolk toe hy by haar kom sit.

‘n Maatskappy in Johannesburg het geld en kursusmateriaal beskikbaar gestel vir ‘n geletterdheidskursus. Hierdie is die eerste groep vroue wat die kursus voltooi het en nou kan lees en skryf.

Waar kom hulle vandaan?

Van al die nedersettings in die omgewing.

Die verrigtinge begin later en een-een kom hulle vorentoe wanneer hulle naam gelees word. Hulle maak ‘n klein kniebuiging, hou hul regterhand met hul linkerhand vas en neem die sertifikaat wat deur die maatskappy se verteenwoordiger aan hulle oorhandig word. En gaan sit dan weer net so stil. Nadat die laaste een gaan sit het, roep die aankondiger een van die vroue vorentoe en sy kom staan skaam by die mikrofoon.

Ons sê vandag dankie vir die mense van Johannesburg wat geld gegee het sodat ons kan leer lees en skryf, tolk die man langs haar die woorde. Die meeste van ons het nie skoolgegaan nie. Baie van ons mans werk op die myne, ons kan nie vir hulle briewe skryf nie. Ons moet die kinders vra om ons man se brief te lees. Maar vandag kan ons in ‘n winkel self die naam op die kosse en die pryse lees. Ons kan self vir ons mans ‘n brief skryf en ons kan self lees as hy vir ons terugskryf. Ons hoef nie meer skaam te wees nie. Ons sê dankie.

Sy kom eers skemeraand by die huis, nadat sy by die toordokter se vurk die verkeerde uitdraai geneem het.

University of Cape Town

You stink, laat Beauty hoor toe sy in die kombuis kom. You smell like bush. Sy hou haar hande uit. I must wash your clothes.

'n Paar dae later kom Beauty die oggend met 'n blou merk teen haar wang in die kombuis.

What happened to your face?

Sy skud haar kop, en draai weg.

By die kantoor vertel van die ander werkers vir haar dat daar die vorige aand 'n bakleiery tussen haar en een van die mans op die personeel was. Sy het hom blykbaar gebyt en hy moes hospitaal toe gaan.

Why did you bite him? Wil sy weet terwyl hulle die aand saam staan en kos maak.

Sy bly 'n lang ruk stil voor sy praat.

He does not want to marry my mother.

Is it not his choice if he wants to get married or not?

Die mond wat so maklik kan glimlag, word skielik hard. But he wants to sleep with her. It's not right. Then he must marry her.

Ek het nuus vir jou. Hy is in die kombuis toe sy van die dokter af terugkom en glimlag dadelik toe hy haar gesig sien.

Is jy nie eers 'n bietjie bang nie?

Hy skud sy kop en sit sy hande oor haar buik. Ons kan dit doen.

Aan die begin is dit 'n vreemde gedagte. Haar ma stuur 'n groot karton uit die Kaap. Wit en geel en hier en 'n daar 'n blou of pienke tussenin. Sy gaan 'n ma word. By die kantoor skryf sy soms verskillende name onder mekaar neer. Sy neem familiename, herrangskik hulle vir die dogter, hou hulle in al hulle grootsheid as dit 'n seun is. Sy begin oor haar- en oogkleur wonder.

'n Paar weke later is sy by die kantoor toe sy begin sleg voel. Sy drink 'n sluk water en sit net eers 'n paar minute stil, maar na 'n ruk staan sy op en stap na sy kantoor toe. Toe hy opkyk, staan hy dadelik op en terwyl hulle motor toe begin stap, roep hy die sekretaresse en vra sy moet die dokter bel. Hulle praat nie en die pad voel ekstra lank. Sy word in die hospitaal opgeneem en hulle monitor haar deur die nag, maar vroeg die volgende oggend word sy teater toe geneem. Die dokter sê daar was niks wat hulle kon doen nie.

'n Jaar later begin die pyn laatmiddag. Hy is nie by die huis nie en sy gaan lê na werk. Teen skemeraand begin die bloeding en toe hy eindelik by die huis kom, bel hy die dokter en help haar dadelik in die motor. Dis reeds donker toe hulle by die hekke op die teerpad draai. Dit voel of iets binne haar los skeur. Agter hulle lê Nkensani-hospitaal met die matrasse op die stoepe en die VIP-kamer. Die nag is donker en hulle moet kort-kort vir 'n dier in die pad uitswaai. Hulle ry 'n uur lank.

University of Cape Town

By tye voel dit of sy droom en een of twee keer wil sy vir hom sê sy kan nie meer nie, maar sy vra nooit dat hulle omdraai nie. In hierdie donker nag weet sy sy soek na die bekende. Nie na ‘n kaal matras en ‘n VIP-kamer nie. Sy is op soek na bekwame wit hande wat haar kan help. Sy wil glo hulle sal beter weet. Dis maklik om die vinger te wys, maar die Here weet as dit nag word en jy nie antwoorde het nie, dan vat jy die teerpad en jy hou aan tot waar jy ‘n bekende lig sien.

Hoe skryf ek hierdie landskap vir jou oop
sonder om reëlreg my eie graf in te loop.

Toe sy op ‘n dag dié reël van ‘n gedig lees, het sy dit saam met twee onbekende gesigte aan ‘n donker nag vasgeknoop.

Soos die tyd aanstap, betrap sy haarself dat sy al minder aan ‘n groter filosofiese prentjie dink. Dat sy haarself al minder vra of hierdie beleid van die regering kan werk. Hulle twee gesels soms daaroor. Soms sê hulle vir mekaar die beginsel is dalk nie so vergesog nie, maar die implimentering laat veel te wense oor. Die manier hoe daar verwag word dat die mense na mensgemaakte brokstukkies toe moet teruggaan. Na daar waar ‘n grootjie dalk vandaan gekom het. Sal die verdeelde lappieslande ooit meer as die sukkelaars binne die groter familie wees? Of is hulle maar gedoem om vir ewig bakhand na die grootbroer te moet kyk?

Baie mense, politici ingesluit is soos weerligstrale wat in die wolke bly en skouspelagtige vertonings lewer, maar ‘n paar kry dit reg om die aarde te tref en ‘n groot impak te maak, skryf sy vir haar ouers. Soms dié van wie ‘n mens dit nie verwag nie. Ons kantoor het ‘n samewerkingsinisiatief tussen die Gazankulu-regering en die naburige wit gemeenskappe op die been gebring. Pa moet dit sien. Stoere boere kom deel hul kundigheid gratis met die plaaslike swart boere. Daar word saam om tafels gesit en gekyk wat die beste vir die groter omgewing sal wees. Besigheidsmense kom gee raad. Waterkenners help sorg dat die waterverspreiding gelyk geskied. Shakespeare het gesê, *men’s evil manners live in brass; their virtues we write in water*. Ek sien dit op die oomblik hier, want ek weet nie hoeveel mense die belangrikheid besef van dit wat hier gebeur nie. Hande wat oor grense gesteek word en bure wat mekaar vir die eerste keer in die oë kyk. Hier tref die weerlig nou die grond, Pa.

University of Cape Town

In every parting there is an image of death George Eliot

Tien

Die jaar het byna vier geword, en sy kom al meer agter hoe hulle wortels reeds vashouplek gekry het. Stilweg het haar lewe verstrengel. Nie in die grootse gedagtes en ideologieë nie, maar in die klein stukkies lewe wat daar daagliks in en rondom hulle plaasvind. Hulle is lank genoeg hier om mense se drome te ken. Die werktuigkundige en die kleremaker wat soggens in die nywerheidsgebied se byekorf-geboue die opslaandeure op hule drome oopmaak. Die tandarts wat ‘n stoel op die sementvloer ingedra het, die dokter met sy houtondersoekbed. Die sweiser en bakker langs mekaar.

Die jong swart vrou wat sy by die dokter se spreekkamer sien uitkom het, haar gesig vertrek van hartseer.

Dit was ‘n skynswangerskap, verduidelik die dokter toe sy vra. Dit gebeur dikwels omdat daar soveel druk van hul mans en uit die gemeenskap is om kinders te hê. Hulle buik swel op, hulle borste raak teer en hulle hou selfs op om te menstrueer. En dan kom hulle op ‘n dag hier aan en as ons die toetse doen, is dit negatief en hulle wil dit nie aanvaar nie. Die enigste manier hoe ons hulle kan oortuig, is om vir hulle binneaars ‘n ontspanningsmiddel in te spuit en na ‘n paar minute kan ‘n mens sien hoe die buik wegsak.

Sy raak deesdae dikwels aan haar eie buik en sê vir haarself: Derde keer is skeepsreg.

Die besluit om nader aan hulle mense te trek is nie ‘n maklike besluit nie en saans in die bed gesels hulle soms tot in die nanag daaroor. Soms luister sy na die tromme en wonder of hierdie een wat nou onder haar hart sit, dit ooit sal hoor. Sy dink aan die rooibokke wat soggens voor die kombuisvenster wei en aan Stoffel, die mak ratel wat saans kom geselskap soek. Maar soos die dae aanloop, weet hulle dit het tyd geword en begin hulle planne maak.

Hierdie een het ons styf onder jou hart vasgeknoop, verseker die swart vroue op die kompleks haar. Hy sal bly sit. En wanneer hy kom, sal ons hom Njiko noem, want God het hom vir ons gegee.

Ek wens ek kan hulle saamneem, sê sy dikwels hardop terwyl sy besig is om op te pak. Vir Beauty, wat steeds daarvan droom om ‘n verpleegster te word. En haar ma met die moederlike ronde lyf wat vir hulle twee geleer het van huis.

Hulle is nie klere wat jy in ‘n tas kan pak nie, maan hy en sy dink aan haar ma en Vytjie en hoe Vytjie op ‘n dag terug na haar mense toe moes gaan.

Hy hoef dit nie vir haar te sê nie, sy weet van bome wat nie verplant kan word nie.

University of Cape Town

Ek het nie genoeg teruggegee nie, sê sy die laaste aand vir hom toe nie een van hulle kan slaap nie. Wat moet ek vir hulle sê? Ek sal hulle ook onder my hart saamdra, hulle hande van ver af seën. Die hande wat my help dra het. As ek dit dalk in hulle taal kon sê, sou dit iets beteken het, maar nou gaan dit net nog woorde in 'n ander taal wees.

Hy antwoord haar nie en sy gaan sit voor die venster en luister tot die tromme stil word. Die Saint Bernard en Yani-kat moet agterbly. Sy weet daar sal goed na hulle gekyk word.

Die volgende oggend is haar lyf seer en sy wens sy kan omdraai en bly lê. Sy wens sy kan haar ma vra hoe trek 'n mens jou wortels uit sonder om hulle seer te maak. Of is dit onmoontlik. Bly daar maar altyd 'n paar agter. En beteken dit dat stukkies van hulle altyd hier sal bly voortbestaan? Dalk is dit waarna verwys word wanneer daar van 'n plek se siel gepraat word; daardie stukkies menswees wat agterbly. Teenoor plekke waar geen wortels agterbly nie.

Hulle groet mekaar onder die maroelaboom. Elkeen in haar eie taal. Sy kyk na hulle hande wat om mekaar verstrengel en sy dink aan haar ma en al die vroue met wie sy nooit in 'n kerk kon hande vat nie, maar wat voor stowe en om kospotte mekaar aangeraak het. En sy huil. Toe hulle by die hek uitdraai, wil sy nie omkyk nie.

Iemand het reeds die vorige week haar motor tot in Johannesburg geneem. Met minder as twee maande oor voor die geboorte, is die dokter nie tevrede dat sy meer te ver met 'n motor ry of selfs vlieg nie. Die enigste alternatief is die trein van Johannesburg af.

Die pad is lank en vermoeiend en sy moet haarself kort-kort op die sitplek verskuif. Sy sien hoe hy elke keer bekommerd na haar kyk. Hy vra 'n paar keer of hulle moet stilhou, maar sy wil nie stilhou nie. Dit rek die dag vir haar net nog meer. Sy kyk na al die bekende bakens langs die pad. Die pad is steeds dieselfde as daardie eerste dag, maar tog ook nie. Dis asof die pad deur die jare betekenis gekry het. Sy dink aan daardie eerste dag toe die naamlose uitdraaie haar swygend sien verbygaan het. Nou praat hulle met haar. Oor die pad wat agter is en hoe ver nog vorentoe. Sy weet nou van hulle waarheens en waaroms. Die web het 'n patroon geword. Toe hulle bo-op die platorand kom, gun sy haarself een laaste terugkyk en dis asof sy vanuit die verte haarself na hulle sien kyk.

Haar motor is reeds op die stasie en hulle lewer albei by die goederegedeelte af en toe moet hulle twee ure vertoef voordat hulle kan opklim.

Die stasie is nie meer soos sy dit van 'n skooltoer af onthou nie. Die effense romantiek van vervloë dae is weg en in die plek daarvan is 'n werkbare ruimte. Dit is vuiler, meer ingeloop. Hulle gaan kyk na die plek waar die stasiebom ontplof het en toe sy na die verbygaande mense kyk, kry sy meteens koud.

University of Cape Town

Haar lyf pyn steeds toe hulle eindelik kan opklim. Sy sit by die venster van hul klein koepee en kyk hoe die perron al kleiner agter hulle word toe die trein eindelik begin beweeg. Daar is niemand wat vir hulle waai of ‘n entjie saam met die trein hardloop nie. Vir die eerste uur of twee skommel die trein asof dit sukkel om die regte spore tussen al die ander te vind. Sy mis ‘n kaart, want sy wil seker maak hulle is op die spore wat suid loop. Deur die jare het sy soms gewonder hoe hul lewe sou verloop het as die spore hulle teruggeneem het noorde toe. Dalk sou sy tyd gehad het om reg te maak. Maar die trein bly sonder ‘n kaart op die regte spore en geleidelik begin die stad plek maak vir die vlaktes en sy draai haar skuins en maak haar oë toe.

Die son sak laatmiddag groot en rooi oor die Vrystaat se vlaktes en toe sy gedurende die nag wakker word, skuif sy die blinding oop en lê en kyk lank na die donker landskap. Hier en daar gewaar sy ‘n liggie in die verte. Dalk ‘n plaashuis waar die mense nou rustig lê en slaap. Onbewus van hulle op die nagtrein wat tussen lewens is.

So met die treinspoor langs is dit byna asof hulle ‘n vreemde plek nader. Bekende dorpe lyk vreemd, so asof ‘n mens vir die eerste keer ‘n onderrok sien uithang. Sy kyk hoe bruin kinders opkyk toe die trein verbygaan, sommige waai, een draai om, buk en trek sy broek ‘n entjie af en die ander lag oopmond. ‘n Maer hond blaf vir die trein.

Sedert haar kinderdae was sy nog altyd verknog aan die Kaap. Van die berge wat met elke sonsopkoms ‘n ander gesig kan hê, tot die vaal winterreën wat dae lank sag kan neersif aarde toe, en die mense met hulle loslip taal . . . Maar die Kaap is ‘n genadige plek, dit weet sy ook. Daar word nie veel van jou gevra nie. Wie gekersten kan en wil word, is min of meer gekersten, die paaie is geteer en gekarteer. Daar is min verrassings.

Haar ma staan op die stasie toe die trein op Worcester stop. Langs haar op die perron is ‘n klein tassie.

Ek het vir my ‘n kaartjie tot in die Kaap gekoop. Pa sal my weer kom haal. Ek kon nie langer wag om julle te sien nie.

Sy sien hoe haar ma kort-kort na haar buik kyk en sy voel hoe die naelstring tussen haar en haar ma weer stywer trek. Daardie bloedryke lewensdraad wat met geboorte geknip word, maar in werklikheid lewenslank bly voortbestaan. Soms onsigbaar, ander kere ‘n swaar koord wat dreig om albei te versmoor. Wanneer sy terugdink aan die voormense waaruit sy kom, kan sy duidelik sien hoe daardie koord van geslag na geslag span. Hulle is nie goed met die losmaak nie.

Hulle vind ‘n huis nie ver van die vrou wat Duits met haar hond praat se losieshuis nie. Dis vreemd hoe die lewe ‘n mens soms sirkels laat loop, dink sy terwyl hulle na die huis gaan kyk. Dit is heelwat kleiner as die een waaruit hulle nou kom, maar dit is hulle s’n en toe al die meubels ‘n paar dae later uitgepak is en die son warm op die ou houtvloere skyn, bedaar die seer in haar lyf effens. Sy probeer

University of Cape Town

‘n nuwe ritme vind, haarself voorberei op wat gaan kom, maar wanneer sy in die nag wakker lê, kan sy soms die vrees proe. Wat as . . . Dan staan sy maar op en gaan sit in die nuutgeverfde babakamer met die blou en rooi en geel spatsels kleur en sy bid.

Almal om my is wit, skryf sy in haar dagboek. My oë mis die veelkleurigheid. Ek mis die rooibokke vroegoggend voor die kombuisvenster. Soms staan ek laataand voor die venster, maar die enigste geluide wat ek hoor, is dié van motors, honde en nou en dan ‘n trein in die verte. En natuurlik die vliegtuie wanneer hulle inkom om te land. Die pas is vinniger en ek moet nog aan die ritme gewoond word. En aan die feit dat ek hom nou baie minder sien. As amptenaar van die Wes-Kaapse Ontwikkelingsraad is gemeenskapsontwikkeling in die swart woongebiede sy verantwoordelikheid. Hy moet help skakelforums vestig. Maatskaplike dienste en gemeenskapsfasiliteite moet voorsien word. Die meeste weke kom slaap hy net snags by die huis en moet dan die volgende oggend weer vroeg vertrek. Ek hou nie daarvan dat hy so baie op die pad is nie. My klei

En toe lees ek nou die dag ‘n aanhaling: *We make clay into pots, but it’s the emptiness inside that we desire.*

‘n Universiteitsvriend kom groet en sy eerste opmerking toe hy die potte, sien is dat dit lyk of sy teen die Kaap rebelleer. Vir haar is dit meer ‘n geval dat sy nie wil vergeet nie. Daardie leë potte is soveel meer as die klei waarvan hulle gemaak is.

Wat sy nie mis nie is die versengende droogtes. Droogte het daar ‘n ander gesig gekry. Dit was ‘n bees wat in die oggend langs die pad staan, teen die middag lê dit en teen skemer roer die ribbes onder die vel nie meer nie. En tog verlang sy na daardie gedeelde lot met die natuur. Sy verstaan soveel beter waarom water vir haar ouers soveel meer as iets uit ‘n kraan is. Wanneer dit nou dae lank in die Kaap reën, wens sy sy kan daarvan aanstuur sodat die nuutgeboude dam in die Noorde vol kan word. En die nuwe erfboere die kilometers lange kanale se sluise kan oopdraai en goeie oeste hê.

Sy mis die effens muwwe reuk wat met skemer saans daar uit die aarde opslaan en onthou hoe sy dikwels aan die begin vir hom gevra het of hy dink almal kook elke aand dieselfde kos. Dit het ‘n ruk geduur voordat sy agtergekom het die aandreuk het niks te doen met wat in mense se kospotte was nie. Dit is die reuk wat die aarde saans afgee sodra die son sak. Soos ‘n asem wat na ‘n dag uitgeblaas word voordat die nag oorneem.

Sy probeer soms herinneringe neerskryf. Dinge wat sy eendag vir haar kinders sal wil vertel. Dis maklik om die konkrete te beskryf, besef sy. Sy sal vir hulle vertel van Stoffel, die mak ratel wat laatmiddag altyd saam met hulle gaan stap het. Op sy kort bene altyd heel agter. Voor hom die

University of Cape Town

honde en Yani-kat. Van hulle kuiers in die wildtuin, die hardekoolvure wat laataand gebrand het en soggens nog rooi gegloei het. Die patryse wat tussen die droë blare voor hulle rondawel se stoep skrop. Terwyl twee alleen buffels oorkant die dam staan en water drink en oomblikke later weer stil tussen die mopanies verdwyn. Die maraboe wat op die hoogste tak van ‘n droë boom sit en die reier wat geduldig in die vlakwater op sy dag se kos wag. Teen skemer sal die seekoeie se geblaas weer hoorbaar wees. Die fyn takkies van die oeroue kremetart sal liggies in die aandwindjie roer en kort-kort sal ‘n vis rimpelings op die dam maak. As sy kon skilder, sou sy vir hulle die bloustert akkedisse wat oor die rotse skarrel en die eekhorings wat van tak tot tak spring met groot kwashale skilder. En die visarend wat al van vroegoggend af roep.

Van die werk wat by tye uitdagend was, ander kere nie sin gemaak het nie.

Dis moeiliker om oor die mense te skryf. Hulle was almal daar. Die cliché’s en die eksentriekes. Die man wat vir die konserwatiewe Herstigte Nasionale Party gestem het, maar soos ‘n weerligstraal was wat elke dag die grond geraak het. Hoe is dit moontlik dat iemand met sulke regse oortuigings so ‘n geliefde persoon kan wees? het sy dikwels gewonder. Soveel mense se lewens kan aanraak, ongeag taal, kleur en oortuiging.

Daar was die kerkmense. Op die oog af vroom en goed, maar soms het daar stories geloop.

Sy kan eendag vir hulle vertel van die aand toe sy met ‘n padskraper-drywer gedans het by ‘n fondsinsamlingsfunksie in die gemeenskapsaal. Die lang man het net skielik voor haar gestaan. Borselkop, netjiese broek wat effens kort was, met ‘n blinkerigheid op die knieë en sitvlak. Sal sy vir hulle vertel dat sy gehoop het hulle pa sal nee sê, wonder sy nou. Maar hy het niks gesê nie en sy het haar ma se stem gehoor dat ‘n mens nooit op iemand neersien nie. Sy skoene se punte was effe nerfaf en op sy hemp het donker sweetkolle uitgeslaan. Toe sy sy hand neem, was dit klammerig. Sy kon sien sy is vir hom net so vreemd soos hy vir haar en toe hulle by die tafel met sy vriende verbydans, het hulle gelag en hul duime in die lug gesteek. Sy was na die tyd kwaad.

Waarom het jy nie nee gesê nie? wou sy weet toe hulle by die huis kom.

Jy is nie ‘n kind nie en het nog altyd ‘n vry wil gehad.

Soms wonder sy of hy haar onthou.

Wat sal sy hulle oor die swartmense kan vertel? Dat sy nooit in enige van hulle huise was nie. Dat haar kontak net so ver as die werk gestrek het. Amptelike funksies, soms ‘n paar woorde by die kantoor, vergaderings.

Daar was so ‘n groot minister wat lief was vir eet wat by amptelike funksies wit sokkies by sy swart pak gedra het met die letters *USA* groot in rooi daarop. ‘n Ander een, ‘n kortetjie, het haar altyd vertel hoe sy pa hulle as kinders graag *willetuin* toe geneem het. Ja, sy kan hulle vertel hoe hulle almal gelyk het. En van die ander minister wat by gebrek aan ‘n trekker sy lande met sy

University of Cape Town

Mercedes Benz geploeg het. Of miskien moet sy vir hulle vertel van die stringe Sjangaan-kinders wat ekstra wiskundeklasse by haar vriendin geneem het, omdat hulle graag eendag verder wil gaan leer. Op ‘n dag daag haar ma daar op met ‘n swart vrou in die motor.

Ek het vir jou iemand gebring om jou te help. Haar naam is Gladys en sy kom uit die Oos-Kaap.

Sy kyk na die vrou met die ronde lyf en wye gesig en hulle glimlag vir mekaar voor hulle die buitekamer begin skoonmaak. Sy sê egter niks toe Gladys agt bakstene agter die motorhuis gaan optel en haar bed se pote daarop tel nie.

University of Cape Town

He who fights with monsters might take care lest he thereby become a monster. And if you gaze for long into an abyss, the abyss gazes also into you. Friedrich Nietzsche.

Elf

Die een wat die Shangaans van die Here afgebid en onder haar hart geknoop het, maak op ‘n Maandagmiddag vyf minute oor twee sy opwagting. ‘n Week na die verwagte datum. In die kamer by die huis hang nuwe gordyne voor die venster. Die bed het ‘n donkerblou oortreksel met rooi, geel en groen strepe en in die gerestoureerde bababed wag ‘n versameling speelgoed. Later jare sou sy na nuusgebeure uit die verlede kyk en wonder waar sy was dat dit nie ‘n impak op haar lewe gemaak het nie. Dit was nie asof sy nie bewus van die nuus was nie. Sy het geweet Van Zyl Slabbert het in Lusaka met ‘n afvaardiging van die ANC gaan praat en dat hy ‘n jaar later ‘n groep van een-en-sestig Afrikaanssprekendes saamgeneem het om met die ANC in Dakar te vergader. Maar dit was asof al hierdie dinge teen ‘n groter agtergrond afgespeel het.

Hulle stuur die nuus dat hy aangekom het en almal laat weet hulle moet hom kom wys. Sy staar daagliks vir lang tye na hom en soms wonder sy oor die ander wat nooit sal wees nie. Is dit moontlik dat dit wat nie gebeur nie, dalk net so ‘n groot invloed op ‘n mens se lewe kan hê as dit wat wel gebeur, wonder sy.

Gladys maak hom soms op haar rug vas en sing vir hom stadige slepende liedjies terwyl sy haar werk doen.

Waarom is hy soeter by jou as by my, Gladys?

Sy was die oggend uit en toe sy by die huis kom, sit hy stil in sy stootwaentjie, besig om aan ‘n rubberspeelding te kou. Hy begin huil toe hy haar sien.

Dis jy.

Wat bedoel jy dis ek?

Jy is op jou senuwees en dan maak jy hom moeilik. Hulle hou van rustig wees.

Daardie aand dink sy lank aan Gladys se woorde. Hoe kan sy vir haar van die knaende vrees verduidelik, terwyl Gladys se kind in die Oos-Kaap by haar ouma woon en hulle mekaar net vakansies sien. Sal sy verstaan van die voortdurende onsekerheid of jy die regte ding doen? Hoe sou dit gewees het as hy ver van haar af moes woon? As sy nie elke dag aan hom kon raak en hom vashou nie?

Gladys, waarom bring jy nie jou kind na jou toe nie? vra sy toe hulle die volgende oggend saam in die kombuis is.

Nee, dis beter daar by my ma. Dis nie so gevaarlik soos hier nie.

University of Cape Town

Sy wil vra van die verlange, maar weet sy het nie die regte woord daarvoor nie. Sy kan praat van verlange, want sy het keuses, maar wat doen ‘n ma se hart met so ‘n woord wanneer daar nie keuses is nie.

Hulle is ‘n maand terug van hulle kuier in die noorde toe Gladys die Maandagoggend nie inkom nie. Daar is nie antwoord toe sy gaan klop nie en toe sy die deurknop draai, is die deur gesluit. Die gordyne is egter op ‘n skreef oop en sy kan sien die bed is opgemaak, maar daar is niemand in die kamer nie. Sy is ook nie in die badkamer nie. Teen die middag begin bel sy die hospitale, maar geen hospitaal in die omgewing het ‘n pasiënt met so ‘n naam en van nie, ook nie iemand met ‘n onbekende identiteit nie. Sy bel die staatslykshuis in Soutrivier, maar kry dieselfde antwoord. Daardie nag staan sy kort-kort op om te gaan kyk of sy nie lig in die buitekamer sien nie en toe die deur die volgende oggend steeds toe is, bel sy die polisiestasies daar naby.

‘n Stemmetjie wil vir haar sê dalk is sy uit eie keuse weg, maar sy moet weet.

By die tweede polisiestasie deel ‘n konstabel haar mee dat sy wel daar in die selle is, maar sy kan slegs vrygelaat word as sy die boete betaal.

Wat het sy gedoen?

Sy het in die openbaar geürineer.

By die polisiestasie moet sy dertig rand betaal en ‘n vorm teken voordat hulle Gladys uit die selle laat kom.

Sy is sigbaar bleek toe hulle in die motor klim en ruik nie lekker nie. Op pad huis toe is albei stil. By die huis loop sy sonder ‘n woord kamer toe en toe sy ‘n uur later in die huis kom, ruik sy skoon en is sy nie meer so bleek nie.

Waarom het jy op straat gepiepie?

Dit was nie op straat nie. Ek het tussen die bossies in ‘n tuin gesit. Ek het nie die polisiekar gesien wat in die straat verbygery het nie.

Waarom het jy nie na ‘n toilet toe gegaan nie?

Waar moes ek een kry? Ek het by die kafee gaan koeldrank koop en daar anderkant by die parkie gaan drink. Op pad huis toe het ek ‘n pie gekry. Daai toilets by die municipality se gebou was toegesluit. Ek kon nie meer hou nie.

Het jy gehoor PW het vandag ‘n noodtoestand afgekondig, vra hy toe hulle die aand sit en eet.

Sy knik. Sy het die berig gehoor en besef die lewe het soms ‘n manier om by die agterdeur in te sluip en jou onverhoeds te betrap.

University of Cape Town

Na ete skakel hy die televisie aan en hulle kyk na die nuuskonferensie waartydens PW Botha die noodtoestand aangekondig het.

Geweld in die land het getoon dat die normale wet en orde nie voldoende is nie. Sy gesig is ernstig terwyl hy praat. Hy noem dat die president, polisie en weermag skielik meer uitgebreide magte sal hê. Klokreëls kan weer ingestel word om die vrye beweging van mense te beheer. Die media se regte word ingekort, veral ten opsigte van die verslaggewing uit gebiede waar opstande is. Aanvanklik word dit in ses-en-dertig munisipale distrikte ingestel.

Hoe gaan dit julle werk beïnvloed?

Hy trek sy skouers op. Ons sal moet wag en sien, maar ek voorsien probleme.

Is dit nie gevaarlik om steeds in die gebiede in te gaan nie?

Selfs al is die beleid gebrekkig, moet daar steeds dienste wees.

Sy is in die motor toe sy oor die nuus van die eerste voorval hoor waar klippe in een van die swart woongebiede na voertuie gegooi is. Dis vreemd hoe ‘n mens soms nie bewus is daarvan dat ‘n wolk besig is om voor die son in te skuif, tot jy jouself in die skadu bevind nie, het sy later besef.

Die moeilikste op die oomblik is die onvoorspelbaarheid, vertel hy ‘n week later. Die een oomblik is alles nog vreedsaam en minute later brand ‘n gebou of motors word onder klippe gesteek. En voordat iemand behoorlik tot verhaal kan kom, beweeg die weermag en polisie in en oomblikke later hoor jy net hoe fluit die rubberkoeëls.

Sy sien vir die eerste keer die nuwe lyne langs sy mond en dat hy oor sy gesig vee.

Toe hy die volgende aand by die huis kom, kan sy die traanrook aan hom ruik en sy neem die kleintjie uit sy arms toe hy hom optel. Dis ‘n vreemde werklikheid om mee gekonfronteer te word, die besef dat sy lewe in ‘n land geskenk het waar dié reuk nou saans saam met hom huis toe kom. Sy wens hy wil sy klere gaan uittrek en stort.

I believe we are crossing the Rubicon, mister chairman. In South Africa there can be no turning back. I have a manifesto for the future of our country and we must engage in positive action in the months and years that lie ahead, verdedig PW die besluit in een van sy toesprake.

Dit voel eerder of ons besig is om die Stix oor te steek, sê hy toe hy dit hoor en hy vee weer oor sy gesig.

Dit het later uitgekom dat die oorspronklike toespraak wat vir daardie dag voorberei is, die vrylating van Nelson Mandela sou aankondig. Sy het gelag toe sy dit hoor.

Hoe verloor ‘n mens so ‘n belangrike sin uit ‘n toespraak? wil sy by hom weet.

Hy skud sy kop. Dalk was dit soos daardie resepte wat sê, voeg na smaak by.

So ongemerk word die skadu groter, dink sy soggens wanneer sy hom groet. Wie sal vir haar die nuus bring, wonder sy dan. Hulle sal dit tog nie oor die radio berig voordat sy as naasbestaande

University of Cape Town

nie eers in kennis gestel is nie. Toe haar niggie se seun in Soweto raakgeskiet is, het twee polisiemanne haar kom vertel. En tog luister sy na elke nuusbulletin.

My vriendinne dink ek is nie reg nie.

Jy makeer niks, maar ek dink ook jy moet minder na die nuus luister.

Ek wil weet.

Soms is dit beter om nie alles te weet nie. Jy het nou ander verantwoordelikhede.

Toe die kleintjie wakker word van sy middagslapie en knieserig is, laai sy hom in sy stootwaentjie en stap met hom parkie toe. Sy tel hom op haar skoot en hulle swaai vir ‘n ruk saam in die swaai wat van ‘n ou motorband gemaak is. Dis ‘n gerieflike holte vir hulle twee om in te pas en die heen en weer laat hom bedaar. Daarna ry hulle ‘n rukkie in die rondte op die rondomtalie en hy lag plesierig, maar dit maak haar kop dronk en sy laai hom terug in sy stootwaentjie en hulle stap terug huis toe. Die buurt is stil, maar by twee huise draai motors in en mans met netjiese pakke klere klim uit die motors. Hulle werksdag moet klaar wees. By die huis op die hoek storm ‘n groot hond nader en spring met sy voorpote bo-op die tuinmuurtjie. Sy voel die ou vrees wat vreemde honde altyd in haar wakker maak, klein of groot, en sy stuur die stootwaentjie oor die pad na die ander sypaadjie. Oorkant hulle huis sit die buurvrou se huishulp buite op die sypaadjie.

En nou Florence, as jy hier op die sypaadjie sit?

Nee, ek sit maar bietjie hier. Die oumies is weer baie beneuk vandag. Sy beduie met haar kop agtertoe.

Waaroor is sy beneuk?

Ek weet nie, maar sy het my geskel oor die hoender. Sy sê ek het nie die hoender goed skoongemaak nie. Sy sê die hoender het nog soveel vere aan dat dit kan vlieg.

Sy en Florence gesels nog ‘n rukkie en dan stap sy met die oprit langs hulle huis af.

Die jasmyn in die tuin het ongemerk begin blom en wanneer sy buite is, is dit asof sy vir ‘n rukkie van die reuk in die huis kan vergeet. Gladys was elke oggend sy klere, maar dis asof die reuk kleef en dit maak haar benoud. Vanaand sal sy iets kook waarmee hulle die aanbreek van die lente kan vier. Sy sal vir hulle die buitetafel dek sodat hy ook die jasmyn kan ruik. En hulle sal nie vanaand die nuus kyk nie.

Hy gee vir haar die koevert toe hulle in die kamer kom. Dis ‘n brief waarmee hy opgeroep word om ‘n weermagkamp te doen. Sy lees die woorde een-een soos toe sy ‘n kind was en sy die letters eers moes klank. Die instruksies is baie duidelik. Hy is deel van ‘n regiment wat in die Kaap ontplooi word, met die doel om inligting oor vermeende terroriste in te samel.

University of Cape Town

Sy gooi die brief op die stoel neer. Is dit nie genoeg dat jy elke dag in daardie gebiede werk nie? Waarom kan hulle jou nie op ‘n ander plek gebruik nie?

Hy vou die brief op en sit dit terug in die koevert. Ek weet nie.

Vir ‘n paar dae wil sy nie vir hom kyk nie en hulle gesels net die nodige. Maar die aand voor hy by Youngsfield moet aanmeld, begin hy praat. Oor geldsake. Sy testament. Reëlings as iets verkeerd gaan. Omdat hy nie iemand is wat hom aan voorgevoelens steur nie, maak dit haar onrustig en luister sy nie. Hy moet liewer net gaan. Solank soos sy nie al hierdie dinge weet nie, sal hy móét terugkom, vertel sy haarself. Daardie nag droom sy hy word doodgeskiet. Dit is so ‘n duidelike droom dat sy haarself die volgende oggend betrap dat sy deur haar klerekas kyk om te sien of sy swart klere het. Sy onthou al die goeie wense wat oor hulle kind uitgespreek is en sy wonder of daar spesifiek gewens is dat hy met ‘n pa én ‘n ma sal grootword. Sy probeer die gedagtes hokslaan voor dit ‘n vashouplek kry en haar broos bestaan lostorring. Ons weef en vleg aan ‘n lewe, maar vergeet té dikwels dit kan weer uitgerafel word tot jy met ‘n handvol grasse, takkies en donsies sit.

Die radio is nou nooit meer af nie. Met die inperking van die joernaliste se vryheid is inligting egter skaars. Sy kry soms nuus, maar dis nie nuus wat haar meer gerus maak nie. Hulle gooi padblokkades in die Skiereiland, huise word deursoek. Twee nagte gelede is hulle in Kruispad afgelaai. Gisternag in Manenberg.

Haar dae is lank en sy wens sy kan aan iets anders dink, maar haar gedagtes ken deesdae net die kringpaaie terug na hom toe. Selfs hier waar sy saam met die kleintjie op sy swaai in die agterplaas sit en stadig heen en weer swaai terwyl hy oopmond lag. Die jasmyn het sy reuk verloor, dink sy toe sy later opstaan om in te gaan. Al wat sy op die oomblik kan ruik, is die koejawelboom voor hulle kamervenster. Sy hou nie van die reuk nie en wanneer hy terugkom, moet hy die boom afkap. Sy hou ook nie van die vrugte nie en dit keer die son uit hulle slaapkamer.

Toe die deurklokkie een oggend lui, oorweeg sy dit om nie oop te maak nie. As hulle haar nie kry nie, kan hulle nie vir haar die nuus gee nie, maar sy stap tog stadig met die gang af. Hy leun met sy een hand teen die kosyn toe sy oopmaak en glimlag skeefweg.

Ek het net ‘n paar uur voor hulle my weer kom oplaai. Hy neem die kleintjie by haar en soen hom in sy nek en dan trek hy haar tot teen hom. Daar kleef verskillende reuke aan hom en sy probeer om nie daaroor te dink nie. Sy wil nie weet as hy ‘n bloedreuk saam met hom dra nie. Sy maak vir hom iets om te eet terwyl hy stort en toe gaan lê en slaap hy vir ‘n uur of wat. Daarna speel hy bietjie met die kleintjie, want dis makliker as om te praat.

Die tweede keer toe hy op ‘n dag so onaangekondig by die huis aankom, wens sy sy kan vir hom sê hy moet liewer nie kom nie, want dis elke keer moeiliker om hom weer te laat gaan. Hy dink

University of Cape Town

sy sien nie hoe hy na die kleintjie kyk nie, maar sy sien. En sy kan ook sien dat hy homself van hulle terugtrek, asof hy wil sê moenie so bly lyk om my te sien nie.

Vir wie soek julle? Sy lê op die bed en kyk hoe hy weer aantrek.

Hy antwoord haar nie wanneer sy vra nie.

Ons moes onder andere vir Trevor Manuel en Salie Manie soek, het hy haar jare later eendag onverwags vertel.

Ek het aanhoudend gebid, het sy hom na die tyd vertel. En gehoop.

Die aand toe ons pas sou kry, maar dit op die nippertjie teruggetrek is, is ons Kruispad toe geneem waar ons huis tot huis moes deursoek het. Ons was twee bymekaar toe ons om die hoek van ‘n groterige plakkershuis gaan. ‘n Hond het skielik naby geblaf en toe tref die panga die geweerloop . . . en daar was net loskruitpatrone in. Voordat ons iets kon doen, het ons gelukkig gehoor hoe iemand weghardloop.

Sou sy dalk op daardie oomblik vir hom gebid het? wonder sy terwyl hy dit vertel en sy voel hoe ‘n koue vanuit haar voete na die res van haar lyf opstyg. Daardie dae het dit dikwels gebeur dat sy in die nag wakker skrik en dan die donkerte in bid.

En toe op ‘n oggend stap hy die huis binne, en begin net binne die voordeur sy hemp se knope losmaak. Die kamp is verby en hy is by die huis. Sy huil toe sy laataand in sy arms lê en hom teen haar voel asemhaal.

Die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies reik gedurende die tweede helfte van die jaar ‘n verklaring uit waarin hulle hul skok en kommer oor die verslegtende toestande in Suid-Afrika na die afkondiging van die noodtoestand uitspreek. Volgens hulle is dit *betreurenswaardig.*

Hulle gaan kuier die naweek by haar ouers. Met die tonnel deur die berg voel dit deesdae nader en is die terugkom op ‘n Sondagaand nie so stresvol nie. Sy kan die kronkelpad oor die berg toe-oë ry, maar dit het dit nooit beter gemaak nie. Daar is steeds te veel herinneringe tussen die kranse en die afgrond. Om daardie draai het die skoolbus die aand op pad terug van die Nico Malan-teater gebreek en ‘n paar meter agteruit geloop voor die onderwyser dit tot stilstand kon bring. Bo-op die kruin het ‘n ander motor een aand in digte mis ‘n ander motor verbygesteek en hulle motor rakelings gemis. Haar pa het sigbaar gebewe toe hy die motor stop en uitklim. Die uitdraai is net groot genoeg sodat hulle motor daarop kon pas. Wanneer ‘n mens ‘n pad dikwels ry, ontwikkel daar ‘n bewuswees tussen jou en die pad en op ‘n dag weet jy julle deel ‘n geskiedenis.

Die jakarandas voor haar ma-hulle se huis is nog kaal, maar hier en daar is daar al tekens van nuwe groei sigbaar. Hulle kamer is reggemaak en ‘n potjie blomme staan op die spieëltafel. Soos sy die pad oor die berg toe-oë sal kan ry, so sal sy haar ma se huis toe-oë aan die reuke kan herken. Sy

University of Cape Town

kan onthou hoe dit gevoel het om na haar oupa en ouma se dood by hulle huise te kom. As kind kan ‘n mens dit nie verwoord nie, maar jy ervaar die leegheid. Sy kyk na die bekende meubels in die kamer en wonder of dit vir haar dieselfde waarde sal hê wanneer haar ouers nie meer hier is nie. Wat gebeur met die waarde van besittings wanneer die eienaars, die bymekaarmakers, weg is? Met haar ouma se begrafins het sy oor haar ouma se twee stoele wat veertig jaar langs mekaar gestaan het, gewonder. Sal hulle mekaar mis? Deesdae vermoed sy die geheel is veel meer werd as die onderdele.

Die teruggaan na haar ouerhuis is vreemd. Dis asof die ruimte haar grootword ignoreer. ‘n Groter wêreld en bestaan negeer en haar vir ‘n paar uur vasvang in ‘n gevoel van eenvoud. Hoe bevoorreg is sy nie. Daardie vasvang kan soveel ander gesigte hê. Maar hier waar sy aan haar ma se tafel sit, kan sy haar byna verbeel daar is nie ‘n betreurenswaardige wêreld daar buite nie.

Die volgende jaar verander die politieke toneel weer eens. Volgens wetgewing moet daar nou op plaaslike vlak verteenwoordigende strukture, soos dorpsrade vir swart gemeenskappe, ingestel word. Raadslede moet verkies word en amptenare aangestel word.

Lokasies moet dorpe word, is sy opsomming. Hy vee oor sy gesig. En ek is een van dié wat dit moet help laat gebeur.

Hulle gesels oor die groter ideologie en die kritiek wat uit baie oorde begin kom.

Verkiesings op plaaslike vlak gaan nie die behoefte aan politieke deelname bevredig nie, maar wat baie van dié wat kritiek lewer gerieflikheidshalwe vergeet, is dat daar duisende mense woon. Mense soos ons, met gewone behoeftes. Daar is kinders. Ek sien hulle elke dag en ek wonder wat van hulle gaan word. Een manier om aan hulle basiese behoeftes te voorsien is om behoorlike strukture daar te stel. Sover as moontlik die leiers in die gemeenskappe te betrek. Orde is nie altyd ‘n vloekwoord nie. As ek iemand nie uit sy omstandighede kan wegneem nie, is my beste alternatief om die omstandighede leefbaar en gerieflik te maak.

Hulle sal sê jy ondersteun die stelsel.

Laat hulle dit dan doen.

Een van my grootste frustrasies is dat die ware leiers in die tronk sit en heelwat van dié wat agtergebly het, word nie as leiers aanvaar nie. Hulle word eerder as napraters van die onderdrukkende sisteem gesien. En soos dikwels in die politiek, het heelwat natuurlik ook hul eie agendas.

Hy klink gelate, dink sy en sy wonder oor die betekenis van woorde soos tronk, leiers, politiek. Dis nie maklik om saam met ‘n duif te leef nie, dink sy. Hulle word misbruik. Wanneer niemand meer antwoorde het nie, word hulle ingestuur, want hulle praat die taal van rede. Hulle is

University of Cape Town

die draers van hoop. Hulle glo aan ‘n ronde tafel, waar niemand belangriker as ‘n ander is nie. Sy het nog altyd geweet hy is goed in sy werk, dalk té goed. Die mense vertrou hom, of dalk vertrou hulle die integriteit waarvolgens hy werk. Maar daar is ook dié wat eerder wil sien dat die gebiede onregeerbaar gemaak word, selfs al beteken dit die gewone man, vrou en kind se lewe word ondraaglik gemaak. Sommige glo ‘n mens behoort nie om te gee om vir die saak te ly nie. Sy wil dit nie vir hom sê nie, maar terwyl sy na hom luister, klink alles vir haar so hopeloos.

Later het sy eendag gehoor die Amerikaanse minister van verdediging praat van c*ollateral damage* in tye van oorlog en sy het verstaan.

Ek het tien dae verlof, sê hy toe hy een aand by die huis kom. Kom ons gaan wys hom waar hy vandaan kom. Hy kyk na die kleintjie wat teen die koffietafel probeer orent kom. Ek sal nie later vanjaar weer kan verlof neem nie. Dit raak al besiger by die kantoor.

Hulle vertrek vroeg die aand en ry deur die nag. Sy het padkos ingepak en wanneer hulle vaak raak, eet hulle iets of sy skink vir hom koffie. Van Pretoria af kan sy voel dat sy haastig word. Die stad maak haar rusteloos. Daar is te veel van alles. En soos hulle die pad Noorde toe vat, voel dit asof sy van oortollige klere ontslae raak en sy weer makliker kan asemhaal. Maar toe hulle teen die platorand afsak, weet sy dis nie so eenvoudig nie. Tussen haar en hierdie landskap lê meer as net die tydverloop van ‘n jaar. Sy kyk na die kleintjie agter in die motor en wonder of hy iets van ‘n tuiskoms ervaar. ‘n Tuiskoms in die vreemde. Haar oë soek vir die bougainvillea, die uitdraaie, maar haar gedagtes is soos rondlopers sonder bestemming en sy kry hulle nie vasgeknoop nie. Die jong lewe agter in die motor het ‘n filter geword, besef sy toe hulle om die koppie ry en die kompleks se hekke gewaar. Hoe is dit moontlik dat alles so bekend kan lyk en tog so anders?

By die kantoor is daar verwondering en uitgelate blydskap. Hulle staan soos die goeie feë in die ou sprokie op ‘n ry om hul seënwense oor hom uit te spreek terwyl hulle aan hom raak. Hulle sê sy naam. Fluister dit oor en oor sodat dit saam met die ligte wind tussen die maroelatakke opstyg. Sy het dikwels deur die jare gewonder of dit is waarom hy so ‘n gelukkige mens geword het.

Hulle vra of sy gelukkig is terug by haar mense en sy wil ja sê, maar dis nie die hele waarheid nie. Hoe moet sy vir hulle verduidelik van haar lewe? Dat sy elke dag bang is. En dat sy saans vergeefs voor die vensters staan. Dat sy bang is sy vergeet die klanke waaraan haar ore hier gewoond geraak het. Dis makliker om hulle uit te vra as om antwoorde te vind.

Sy huil toe hulle groet en kyk weer nie om toe hulle by die hek wegdraai nie. Agter in die motor lê die grasmat wat hulle as geskenk gebring het. Dit gaan saam huis toe om in sy kamer te lê.

Sommige mense vergeet jy maklik, ander bly tot ‘n mate altyd by jou, kom sy agter, wanneer sy later nuus kry dat iemand van daar dood is. Oor sommige dink sy net ‘n oomblik na, met ander voel sy hartseer en wens sy kon nog iets sê of dalk net ‘n doringtakkie op die graf sit.

University of Cape Town

Terug by die huis is dit asof sy vir ‘n paar dae van balans af voel. Daar is nie vir hom tyd om stadig terug te kom na die werklikheid van sy dae nie. Daar moet dringend na die regte leiers gesoek word. Hulle moet seker maak die regte mense beklee die posisies en dat hulle dit vir die regte redes doen. Die vorige aand het hy vol geesdrif by die huis gekom, maar vanaand kleef die moegheid soos traanrook aan sy wese. Vir haar lyk dit of hy wydsbeen tussen die hoër gesag en die mense wat hy daagliks in die oë moet kyk, staan. Geen leier behoort ‘n besluit te neem as hy of sy nie bereid is om self daardie besluit aan die mense te gaan oordra nie, wil sy teen die hemel skreeu toe hy een aand by die agterdeur van ‘n vergadersaal moet uitvlug omdat hy gestuur is om ‘n besluit te gaan oordra. ‘n Besluit wat in ‘n veel groter kantoor as syne geneem is. Die ergste is nie dat dit gebeur het nie, maar dat sy weet dit gaan weer en weer gebeur. Daar gaan ander sale wees. Ander skares wat die boodskapper sal wil kruisig.

Hy het gevra ek moet jou bel en sê as jy die nuus geluister het, moet jy nie bekommerd wees nie, hy is veilig, maar sal laat by die huis wees.

Sy herken sy kollega se stem en hoor die woorde, maar dit duur ‘n rukkie voor sy kan antwoord.

Wat het gebeur?

Die polisie het hom vroegoggend gebel om te sê ‘n skare van ongeveer drieduisend mense is besig om van Mbekweni af op te ruk na die Paarl se munisipale kantore. Hulle betoog teen afsonderlike munisipale verkiesings. Hy haal ‘n slag diep asem. Volgens die polisie was dinge besig om handuit te ruk en hulle wou hê hy moes gaan onderhandel. Toe hy daar kom, was die skare by die dorpsraadkantore buite Mbekweni. Die polisie het reeds die pad afgesper om hulle te keer om verder te stap.

Sy voel hoe ‘n ergerlikheid in haar kom lê.

Teen daardie tyd het die gemoedere hoog geloop en het hulle gedreig om die kantore en die voertuie aan die brand te steek. Hy het uit sy motor geklim en voor die polisieblokkade gaan staan. Soos hulle nader gekom het, het hulle al harder gesing en al meer dreigemente geskreeu. Hy haal weer asem, asof hy sug. En terwyl hy daar staan, het die polisie eenvoudig in hul voertuie geklim en weggery. Volgens hulle was hulle bang hul teenwoordigheid stook meer kwaad aan en die skare steek die polisievoertuie aan die brand.

Wat het hy gedoen? Sy weet nie waarom sy vra nie.

Hy het bly staan.

Waar is hy nou?

Steeds besig om met die leiers te praat. Die goeie nuus is dat die kantore nie aan die brand gesteek is nie en dat die skare besig is om uitmekaar te gaan.

University of Cape Town

Dis asof sy haarself weer op ‘n grondpad bevind, by ‘n kruising sonder aanwysings, voor ‘n bord met ‘n driepootpot, ‘n skerpioenangel, ‘n skedel en ‘n akkedisstert. Die enigste verskil is dat van hierdie kruising sy nie ‘n foto wil neem nie. Laatmiddag begin sy kos maak, want sy is bang as sy tot stilstand kom, gaan sy nie weer aan die gang kan kom nie. Wat kook ‘n mens op so ‘n aand?

Dis al skemer toe sy die motor hoor en dan staan hy grougrys voor haar in die kombuis.

Ek hoop jy weet wat ‘n onnosel ding jy vandag gedoen het. Dis nie wat sy wou sê nie.

Hy antwoord haar nie.

Jy kan nie saans so lyk as jy by die huis kom en nie met my praat nie. Jou lewe is nie netjiese kompartemente nie.

Daar is niks om te sê nie.

Soms as sy terugdink, kan sy niks anders onthou nie. En tog moes daar meer gewees het. ‘n Lewe weg van die traanrook en ontevrede skares. Maar om een of ander rede is dit die gebeure wat hulle lewe daardie tyd die helderste belig.

Ek moet vir ‘n paar maande Worcester toe gaan.

Sy weet geruime tyd al dat dit baie sleg op Worcester gaan en dat die swart woongebied vir alle praktiese doeleindes ‘n eiland geword het. Niemand wil meer daar ingaan nie. Die inwoners kry swaar, want dienste kan nie meer gelewer word nie. Daar is ook ‘n weermageenheid opgeroep om buite die dorp te kamp, sou sake handuit ruk.

Is daar niemand anders wat kan gaan nie?

Dit is my verantwoordelikheid. Die munisipaliteit sal ‘n huis vir ons beskikbaar stel sodat julle twee saam met my kan gaan.

Die moeilikste is om net eers weer die mense se vertroue te wen, sê hy na die eerste week toe hulle laataand op die stoep van die tydelike huis sit.

Vir haar lyk dit na ‘n onmoontlike taak. Sy verkyk haar aan ‘n wit dorp wat oënskynlik met die daaglikse lewe kan aangaan. Weet hulle werklik nie of is dit net makliker om te maak of hulle nie weet nie? Maar sy betrap haar dat sy ook dikwels net ligvoets deur ‘n dag wil trap. Daar in die huis met die druiweprieël en leivoor. Dat sy verby die beelde waarmee hy saans huis toe kom en haar soggens agterlaat, wil kyk. Dat die klanke van die voëls in die seringboom genoeg is.

Na ‘n maand is daar uiteindelik vordering en is daar ‘n groep leiers wat, al is dit baie huiwerig, bereid is om na vore te kom en deel te neem aan onderhandelinge ter wille van die hele dorpsgebied. Sy hoor die dankbaarheid in sy stem toe hy dit vir haar die aand vertel.

Heelwat van hulle word op die oomblik as terroriste en subversiewe elemente gesien en deur die owerhede gesoek om in hegtenis geneem te word, maar as ek hulle nie om die tafel kry nie,

University of Cape Town

gaan die woongebied in vlamme op. Ek het vandag die provinsiale regering se versekering gekry dat daar nie teen hulle opgetree sal word as hulle na vore kom nie. Met die nuus het die Worcesterse stadsraad en sakelui nou ingewillig om ‘n gesamentlike vergadering te reël, sodat hulle eerstehands kan hoor watter probleme en behoeftes daar bestaan. Die munisipaliteit het die raadskamer vir ons beskikbaar gestel, en ek het eet- en drinkgoed vir na die tyd gereël. Hy raak stil. En my persoonlike versekering vir die leiers uit Zweletemba gegee dat hulle veilig sal wees. En toe glimlag hy skeefweg. As jy nog ‘n paar gebede oor het, is dit dalk nou die tyd om hulle op te sê.

Die oproep van een van die wit raadslede kom net voor tien die aand.

Die vergadering was ‘n groot sukses, maar toe ons uit die raadsaal kom, het die veiligheidspolisie buite die saal gewag en al die swartes in hegtenis geneem. Die veiligheidspolisie dreig om hom ook te arresteer. Hy het gevra ek moet jou net laat weet hy is nie seker hoe laat hy by die huis sal wees nie.

Hy kom net voor eenuur die nag by die huis. Sy wil eers vra, maar hy skud sy kop en sy weet nie of sy hom al ooit in sy lewe so kwaad gesien het nie. Hy gaan lê met sy klere op die bed en raak byna dadelik aan die slaap, maar toe sy net na vyf wakker word, hoor sy die stort loop en net daarna kom groet hy. Hy bel haar voor middagete om te sê die mense is vrygelaat en sy huil stil onder die druiweprieël langs die stoep.

‘n Paar privaat maatskappye en die stadsraad het vandag aangebied om geld en mannekrag beskikbaar te stel sodat ons Zweletemba se paaie kan opgradeer, kom vertel hy ‘n week later. En met verdere finansiële bydraes van die provinsie kan ons nou begin om nuwe huise te bou. Ons kan bewaringsplekke vir kinders oprig en die algemene dienste verbeter. Hy slaak ‘n lang sug.

Hy neem haar saam toe die eerste huise aan die nuwe eienaars oorhandig word en die eerste kinders die bewaarskool betrek.

Hy het ouer geword, dink sy toe sy na hom kyk waar hy met van die mense gesels. Vroeër die oggend het sy gedink daar is iets trots aan die manier hoe hy regmaak vir die funksie vandag, maar sy dink nie dis trots nie. Sy weet nie eers of ‘n mens dit dankbaarheid kan noem nie. Dis eerder asof hy die lengte van sy eie arms besef het en nou moet saamleef met die wete dis nie lank genoeg nie. Toe hulle huis toe ry en sy hom gelukwens met wat hulle al vermag het, skud hy sy kop.

Jy het nie ‘n idee hoeveel daar nog gedoen moet word nie.

Sy is in die bed toe hy die volgende aand by die huis kom. Hy kom sit by haar op die bed en wil weet wat aangaan.

Ek het al vir ‘n rukkie lank pyn oor my buik, en het eers gedink dit sal verbygaan, maar dit raak erger, vertel sy terwyl sy haar hand deur syne vleg. Hy maak self die volgende oggend ‘n

University of Cape Town

afspraak by die dokter en toe sy vir hom kom vertel die dokter vermoed sy is dalk swanger, glimlag hy breed. Maar toe die uitslag kom, is dit negatief.

Dit is ‘n soort kroniese inflammasie, is die ginekoloog se bevinding ‘n week later. Terwyl sy huis toe ry, wonder sy of kroniese vrees die oorsaak kan wees.

Ek voel ingedoen, sê sy baie jare later vir hom terwyl hulle op die televisie kyk hoe inwoners in ‘n paar dorpe teen swak dienste betoog. Dit is plekke wat dienste gehad het. Ek weet, want ek dra die letsels van daardie tye.

Na ‘n paar maande op Worcester is dit tyd om terug huis toe te gaan en soos die tyd aanstap, begin sy stadigaan weer beter voel. Toe sy ‘n paar maande later hoor sy is swanger, is die dokters verras en sy stil dankbaar. Met die nuus raak dit tyd om ‘n groter huis te soek en hulle vind een waar die erwe groot en boomryk is, en die wye oop spasies aan dae herinner voor die stad soveel uitloopsels gehad het. ‘n Nuwe begin, dink sy toe hulle meubels ‘n staanplek gekry het. Sy begin een van die kamers vir die baba inrig. Hierdie keer is dit groen en wit. Soms wanneer haar lyf seer is en die nag lank, stuur sy ‘n stil gedagte aan twee naamloses en ‘n plek ver hiervandaan.

Sy begin weer studeer. Hierdie keer Sielkunde en wonder dikwels wat haar daartoe beweeg het. Was sy op soek na antwoorde? As kind het sy gedink daar kom ‘n tyd dat ‘n mens nie meer vrae het nie, maar nou kom sy agter die vrae raak meer en die antwoorde minder. En dan vermoed sy ook alle vrae het nie noodwendig ‘n antwoord nie.

Met objektiwiteit van waarneming word tradisioneel bedoel dat die ervarende persoon die werklikheid van dinge, mense en situasies om hom regstreeks waarneem, d.w.s daar is ‘n punt-vir-punt-ooreenstemming tussen wat daar in die werklikheid bestaan en ons persepsies daarvan.

Sy lees die woorde ‘n paar keer deur en lees dan verder:

Met inherente subjektiwiteit word bedoel dat ‘n mens se belewenisse privaat is in dié sin dat slegs die ervarende persoon direkte toegang daartoe het. Mense bestaan nie in isolasie nie. Hulle kommunikeer met mekaar en ontwikkel in die proses betekenisse wat onderling gedeel word.

Sy dink aan die aanhaling deur Horatius: *To know all things is not permitted.*

En tog probeer ‘n mens so hard om te weet, om meer as net te weet. Daar is selfs ‘n strewe na begrip.

University of Cape Town

Gladys wou nie weer saam terugkom Kaap toe nie en het verkies om op Worcester agter te bly. Haar ma kom op ‘n dag met Francis daar aan. Sy kom ook uit die Oos-Kaap, en is stiller as Gladys. Sy kyk na die skraal vrou in die ligblou oorjas en donkerblou beret. Sy weet sy is veronderstel om te bel vir verwysings, maar daar is iets in die ouer vrou se oë wat praat van swaarkry en sy neem haar hand en skud dit.

Friday’s child is loving and giving, sê sy vir hom toe hy in die lente gebore word. Daar was komplikasies met die narkose, en sy lê en kyk verlig na die klein lyfie in haar arms. Sy donker oë is oop en sy verbeel haar sy sien ‘n weemoedigheid in die klein gesiggie. Asof hy weet én begryp.

Toe hy ‘n jaar oud is, neem hulle hom ook terug noorde toe. Die gesigte wat kom groet en goeie wense bring, is al minder, maar sy knoop elkeen aan hom vas met ‘n desperaatheid wat sy deesdae eers verstaan. En toe sy ‘n paar maande later hoor van die jong witman wat in Pretoria op die Strijdomplein op ‘n groep swart mense met ‘n geweer losgebrand het en sewe gedood het, wil sy naar word. Hoe maak ‘n mens kinders in ‘n land groot waar mense dit aan mekaar kan doen? Hoe maak ‘n mens seuns hier groot waar manlikheid besig is om ‘n vloekwoord te word, omdat dit té dikwels hand aan hand met geweld gaan? Sy kan probeer om hulle fisiek so veilig moontlik te hou, maar wat gaan met hulle psige in hierdie wrede landskap gebeur?

Sy sukkel om haar emosies te verwerk toe hy aan die begin van die negentigerjare as stadsekretaris van drie swart woongebiede aangestel word. Aan die een kant is sy bly om sy onthalwe, maar aan die ander kant weet sy dit gaan nie maklik wees nie. Die administrasie bestaan uit vyftienhonderd personeellede. Hy is maar vier-en-dertig jaar oud. Vyf-en-dertig toe hy ‘n jaar later moet begin waarneem as Hoof Uitvoerende Beampte. Die derde baba is twee jaar oud.

Die polisie bel net na tien. Faksiegevegte het in Kruispad uitgebreek en van die oproeriges het begin om huise aan die brand te steek. Die brande is besig om na Nyanga en van die ander woongebiede uit te brei. Honderde mense is reeds besig om voor die koeëls en vuur uit te vlug en hulle het hom dringend daar nodig.

Ek gaan nie heelpad met my motor ry nie, paai hy. Die polisie wag vir my op ‘n sekere punt. Hulle sal my met die Casspirs inneem.

Dit herinner haar aan die boek op hul boekrak. *Casspirs en Campari’s*. Is dit wat hulle lewe geword het? Aan die een kant die vryheid en veiligheid van ‘n wit woonbuurt, ‘n oënskynlik bevoorregte lewe, maar êrens op die vlakte verruil hy nou snags die gesinsmotor vir ‘n Casspir. Êrens in die nag trek hulle vir hom ‘n koeëlvaste baadjie aan. En as hulle gelukkig is, is hy voor sonsopkoms terug, maar dikwels sit die son al hoog wanneer hy weer die huis instap. Vandag het die son weer ‘n keer gesak en weer opgekom voor hulle hom sien.

University of Cape Town

Hy sit op die rand van die bed met sy kop in sy hande. Teen hierdie tyd weet sy om nie dadelik te vra nie. Hy sal praat wanneer hy kan. Soms raak die storie oud voor sy hoor. Soms is dit soos ‘n mosaiëk-prentjie wat stuksgewys ontvou. Terwyl sy na hom kyk, besef sy sy wil eintlik nie weet nie, maar sy weet op die ou end sal sy maar luister. Hoe staan ‘n mens weg van iets wat tot in die diepste binnekamer van jou huis kan indring? Wat help die sterk takke, die sorgvuldige vlegwerk as die skelm boomslang jou so maklik kan uitoorlê.

Die ergste is die vroue wat met kinders op die rug en heup, deur die nag, voor die koeëls en vuur vlug. En ek weet ek gaan nie gou genoeg plekke van veiligheid kan laat oopsluit nie. Daar is net soveel gemeenskapsale, skool- en kerksale tot my beskikking. Die meeste van die tyd kom hulle net met hulle kinders daar aan, maar soms probeer hulle ‘n paar besittings red en dit is amper erger om te sien. Daardie kaal enkelbedmatras of kombers. Soms ‘n kastrol of ‘n paar stukkies klere.

Wat moet sy sê? Terwyl sy die volgende dag hulle kinders in die gerief van hulle huis versorg, moet hy teruggaan en probeer om mense wat die vorige nag op mekaar geskiet het, om ‘n tafel te kry sodat hulle mekaar in die oë kan kyk en praat. En moet hy al daardie vroue wat met hul kinders op koue vloere sit, in die oë kyk.

Waaroor baklei hulle?

Mag. Oorheersing. Beheer. Maar ek weet ook nie meer nie. Ek is nie meer seker of die verskillende faksies op grond van etnisiteit verdeel is en of dit oor die teenwoordigheid van die sogenaamde derde mag gaan nie.

Sy is altyd banger wanneer hy sê hy weet nie.

Die enigste wenner in ‘n oorlog is die oorlog self, lees sy eendag vir hom ‘n aanhaling voor nadat hy haar vertel het dat niemand na die vorige nag se geweldsorgie beter daaraan toe is nie.

Die enigste nalatenskap is ‘n verskroeide aarde en ‘n klomp nuwe grafte. ’n Mens sou hoop teen hierdie tyd moet die mens al slimmer wees.

Toe Francis die Maandag teen twee-uur die middag nog nie opgedaag het nie, bel sy die telefoonnommer wat sy het, maar daar is nie antwoord nie. Die aand is daar steeds nie antwoord nie en sy gaan haal die telefoonboek en begin die hospitale bel. Soos destyds met Gladys, is daar by geen hospitaal iemand met dié naam opgeneem nie. Daarna bel sy die lykshuis en toe die polisiekantore, maar steeds is daar nie nuus nie. Sy bel die familie in die Oos-Kaap, maar hulle het ‘n week laas van haar gehoor. Dinsdagoggend begin sy weer bel, maar daar is steeds geen nuus nie. Woensdagoggend lees sy die koerant twee keer deur op soek na berigte oor ongelukke, maar ook daar is niks wat vir haar ‘n aanduiding kan gee wat van Francis geword het nie. Toe die deurklokkie die Donderdagoggend lui en Francis daar staan, kyk hulle mekaar vir ‘n lang oomblik aan.

University of Cape Town

Wat het van jou geword? Ek was bekommerd. Ek het gedink jy is dood en die kinders het my nie laat weet nie.

Francis stap by haar verby en hulle gaan sit in die sitkamer. Sy vee oor haar oë. Ek kon jou nie bel nie. Ek kon nie die number onthou nie.

Jy bel al die nommer ‘n paar jaar lank.

My kop was deurmekaar. Ek was Maandagoggend op pad werk toe. Die taxi het by die robot gestop. ‘n Ander taxi het langs ons gestop en begin skiet. Hulle het die vrou langs my deur die kop geskiet. Ons moes uitklim, die polisie het gekom en later het ‘n ander taxi ons kom oplaai. Ons het almal terug huis toe gegaan. My rok. Ek het gesukkel om my rok skoon te kry. Sy het na die winkelsak by haar voete beduie. Ek sal maar weer met die Preen spuit en die Sunlight smeer.

Wat is dit met telefone en slegte nuus, wonder sy toe sy die gehoorstuk neersit. Sy weet sy moet iets doen, maar wat doen jy wanneer jy so pas gehoor het jou man word by sy werk deur gewapendes gyselaar gehou? Volgens sy kollega eis hulle Nelson Mandela se vrylating. Sy kan nie help om te lag nie.

Wel, sê vir hulle sterkte daarmee. Hulle het sy volle simpatie.

Dis nie al eise wat hulle het nie. Sy kan hoor hy probeer die dringendheid van die situasie by haar tuisbring. Asof sy ander mense nodig het om dit te doen.

Dit is nooit so eenvoudig soos dit nie. Is daar iets wat ek kan doen?

Ek weet self nie. Die polisie is al hier, en die res van ons is uit die gebou gesluit. Ek het net gedink ek laat weet jou . . . ons is nie seker wanneer hulle hom sal vrylaat nie.

Dis laataand toe hy bel om te sê hy is op pad huis toe, maar helaas is Nelson Mandela nog nie vrygelaat nie.

Sy wonder of dit sal help as sy hulle bed se pote met bakstene lig.

Twee maande later is dit sy sekretaresse wat met die nuus bel. Hierdie keer gaan dit blykbaar oor gebiedsverskille en die onderskeie partye wil hê hy moet kant kies. Volgens wat sy kan aflei, is hulle swaarder gewapen as die eerste keer en ook meer aggressief.

Dit is nie meer snaaks nie, sê sy toe hy eers die volgende oggend by die huis kom en sy die donker kringe onder sy oë sien. Wie is hierdie mense?

Dis moeilik om te sê. Sommige is politieke opportuniste en hulle behoeftes verander van dag tot dag.

Die derde keer sit sy die telefoon neer voordat sy klaar geluister het en toe hy laat die nag by die huis kom en sê dat hy simpatie met van die eise van die munisipale werkersunie het, draai sy op

University of Cape Town

haar sy en maak haar oë toe sonder om verder met hom te praat. Op die krop van haar maag gaan die pyn nooit meer weg nie.

Daarna begin die insidensies onrusbarend toeneem. ‘n Foto op die koerant se voorblad van ‘n mens met ‘n brandende buiteband om sy nek maak dat sy vooroor buk en sy voel hoe haar spoeg oor haar ken loop. Haar mond proe galbitter. Die eise en die gedrag raak al meer dreigend tot sy later nie meer die telefoon wil antwoord nie. Die meeste van die tyd laat hulle hom nie toe om self te bel nie en moet sy die nuus by die polisie of ‘n kollega hoor.

Sy vermoed hulle weet hoe laat hy by die huis wegry, want teen die tyd dat die polisie besef daar is probleme en hulle hom probeer stop, is dit gewoonlik te laat. Maar sy kom agter dat selfs al kry hulle hom betyds gewaarsku, gaan hy steeds in.

Wat probeer jy doen? skreeu sy na ‘n slapelose nag vir hom toe hy by die huis kom. Vir almal wys jy is nie bang nie?

Dit gaan nie oor bang wees of nie. Ek is die een wat hulle wil sien en as ek nie kans sien vir my verantwoordelikhede nie, moet ek bedank. Dis so eenvoudig soos dit. Die personeel is my verantwoordelikheid en ek kan nie wegstaan dat hulle aangehou word nie. ‘n Mens staan nie opsy dat ander die kastaiings namens jou uitkrap nie.

En wat van diegene bo jou wat al jare gerieflik opsy staan?

Hulle moet met hulself saamleef.

Mamma het vandag begin huil, vertel hulle oudste die aand terwyl hulle vir die eerste keer in ‘n lang ruk saam aan etenstafel sit.

Hulle kyk na mekaar oor die kinders se koppe, maar nie een sê iets nie.

Die dokter het gesê Francis moet ophou werk, vertel sy toe die kinders gaan slaap het. Haar asma is besig om erger te raak en sy wil maar terug na haar familie in die Oos-Kaap. Sy het gevra of ons kan help dat sy haar eie huis op haar ma se perseel kan bou.

Hy knik.

Ek het vandag in die biblioteek ‘n naam gekry van iemand wat huiswerk soek. Sy kom môre vir ‘n onderhoud.

Hy knik weer.

Sy is wit en van Switserse afkoms.

Dis interessant. Hy kyk op van die boek wat hy lees. ‘n Wit huishulp.

Toe die voordeurklokkie die oggend tienuur lui, wonder sy of sy nie dalk ‘n fout gemaak het nie. Sy weet nie of sy opgewasse is vir so ‘n onderhoud nie. Sy maak egter die deur oop en kyk na die skraal vrou met die netjiese swart romp en trui voor haar. Haar oë is skugter en sy praat met ‘n

University of Cape Town

duidelike aksent. Hulle gaan sit in die sitkamer en sy sien hoe die ander vrou op die randjie van die stoel sit, terwyl haar hande duidelik senuweeagtig vroetel. Vir ‘n oomblik soek albei na woorde.

Tell me a bit about yourself.

Haar ouers het gedurende haar hoërskooljare van Switserland na Suid-Afrika geëmigreer, vertel sy, maar het haar aan die einde van haar matriekjaar teruggestuur vir ‘n jaar se opleiding aan ‘n Switserse afrondingskool. Na die kursus het sy weer teruggekom. Haar man hier ontmoet en getrou. Haar hande bedaar vir ‘n oomblik voordat dit weer inmekaar strengel. Hy het ‘n goeie werk gehad, maar op ‘n stadium bedank om sy eie besigheid oop te maak. Enkele weke nadat hy die besigheid begin het, was hy in ‘n ernstige motorongeluk en het hy baie seer gekry. Daar was nie meer versekering om die hospitaalkostes te help dra nie, want alles moontlik is aangewend om net eers die nuwe besigheid aan die gang te kry. Selfs nadat hy uit die hospitaal ontslaan is, kon hy nie weer gaan werk nie.

We lost everything we had.

Why do you want to clean houses?

I know how to do it.

There must be something else you can do. Toe sy dit klaar gesê het, is dit asof die woorde van die mure af eggo. Sy het dit nog nooit vir ‘n bruin of swart aansoeker gevra nie.

I am fifty four years old. I do not have the self-confidence to apply for any other position.

University of Cape Town

Life is all memory except for the one present moment that goes by you so quick you hardly catch it going. Tennessee Williams.

Twaalf

Geboorte is ‘n woord vol belofte. Om in die wêreld te kom. Die kerke praat ook van ‘n wedergeboorte, baie inheemse volke glo die maan word elke maand van nuuts af gebore, sommige glo die heelal word oomblik na oomblik saam met God se asemhaling weder gebore. Elke asemteug ‘n nuwe geboorte. Die Italianers praat ook van *per dare alla luce*. Om vir die lig te gee.

Dit is al woorde wat sy later kon vind om te probeer verduidelik. Daardie oomblikke waarin jy vir die lig gegee word. Soos die foto’s wat vir ewig in mense se geheue vasgeknoop bly. Die *frozen moments in time*. Pynlike oomblikke, want alle geboortes, of dit vir die eerste keer of ‘n wedergeboorte is, impliseer pyn. Maar sommige is tog pynliker as ander, het sy op ‘n dag besef.

Sy hou van Donderdae. Dis asof ‘n mens min of meer die week baasgeraak het en jy reeds die stadiger pas van ‘n naweek kan voel. Die kinders, al drie, is reeds van hulle onderskeie skole en speelgroepies af terug en sy hoor hulle in die agtertuin. Die jongste een het met ‘n uitbundigheid wat haar verbaas die lewe ingekom en sy kan hoor hoe hy probeer om by die ouer twee by te bly. As sy na die uitroepe en opdragte aan mekaar moet oordeel, is hulle seerowers, vasgevang in ‘n oorlewingstryd met drake. Hulle is vroeër die huis uit met groot plastiekswaarde en mantels wat agter hulle wapper wanneer hulle hardloop. As die gevaar te groot raak, soek hulle gewoonlik skuiling in die takke van die groot peperboom, van waar hulle nuwe strategieë kan bedink.

Sy weet sy sal eendag, wanneer hulle ouer is, na hierdie byna magiese tyd van die dag verlang. Daar is iets gerusstellends aan die klank van haar kinders se stemme in die agtertuin. En vanmiddag is dit nie anders nie. Hier en daar blaf ‘n hond, maar die straat voor die huis is stil en die enigste motors wat ‘n mens soms veraf kan hoor ry, is in die besiger deurpad ‘n paar straatblokke hoër op teen die bult. In die boom voor die kamervenster is die voëls soos gewoonlik hierdie tyd van die middag fladderend besig. Sy gaan lê op die bed om deur ‘n nuwe tydskrif te blaai toe sy die posgleuf langs die voordeur hoor klap en sy staan weer op. Met die paar koeverte in die hand stap sy terug kamer toe en gaan sit kruisbeen op die bed. Sy maak die koeverte met die venstertjies eerste oop en sit dit eenkant neer. Heel laaste is die lang wit koevert. Tot haar verbasing is sy naam en hul woonadres met koerantletters opgeplak. Sy skeur dit nuuskierig oop en trek die enkel vel uit. Op die wit bladsy is nog koerantletters geplak. Aanvanklik verstaan sy nie die boodskap nie en moet sy dit weer lees. En toe ‘n derde keer.

If you do not resign immediately, we will take the necessary steps. One settler one bullet. Apla.

University of Cape Town

Sy voel hoe sy begin bewe asof die winter in ‘n oogwink sy opwagting gemaak het en sy sukkel om sy kantoornommer geskakel te kry. Met die derde probeerslag hoor sy die oproep deurskakel en dit lui aan die ander kant.

Jy moet huis toe kom.

Wat is verkeerd? Sy hoor die skrik in sy stem. Dit is wat gebeur wanneer daar kinders is, dink sy. ‘n Mens loop altyd met jou hart in jou hande rond.

Hier het ‘n brief vir jou gekom. Sy lees vir hom die inhoud.

Hy is ‘n lang oomblik stil. Ek kom.

Om die een of ander rede het sy gedink hy sal anders lyk wanneer hy by die huis kom. Dalk bleek en sigbaar ontsteld, maar hy lyk byna te gewoon hier waar hy langs haar die brief staan en lees.

Kom ons pak ‘n paar stukkies klere in en gaan vir die naweek weg. Hy help haar om tasse uit te haal, en die kinders se klere te pak, want sy laat val kort-kort iets. Uiteindelik sit almal in die motor en hulle begin ry.

Op Montagu stop hulle om koeldrank en iets te ete te koop.

Waarheen wil jy gaan? Iets aan die uitdrukking op sy gesig herinner haar aan die dag toe hulle vir die eerste keer die platorand af gery het. Sy kan sien hy wil troos, maar sy weet nie of daar woorde is wat dit beter kan maak nie en hierdie keer is dit soveel moeiliker, want agter in die motor sit drie kinders.

Sy gee nie om waarheen hulle gaan nie, maar sy beduie vorentoe. Oudtshoorn se rigting. By Calitzdorp draai hy na die warmbronne af en toe daar ‘n huisie beskikbaar is, laai hulle die kinders en die bagasie af. Hierdie is waarskynlik net so ‘n goeie plek soos enige ander, dink sy terwyl sy die kinders was en in die bed sit. Toe die huisie stil word, sien sy hy het vuur gemaak en sy gaan sit buite by hom. Daar is soveel meer sterre as in die stad, dink sy terwyl sy kopagteroor sit. Die storieboek van die primitiewe volke. Die Skerpioen met die lang stert wat suidwaarts krul. In die noordelike halfrond kruip hy laag op die horison verby, maar hier in die suide sit hy hoog in die naghemel. Volgens die antieke Grieke het hy vir Orion, die jagter, doodgemaak. Die /Xam glo Orion se belt is drie mannetjieskilpaaie en die swaard drie wyfies. Taurus, die oranje ster, is ‘n hartebeesbul. ‘n Jong meisie het volgens oorlewering een aand ‘n hand vol as uit ‘n vuur geneem en in die lug op gegooi en die Melkweg is gevorm. ‘n Verligte pad waarlangs ‘n mens saans huis toe kan loop. Daar is twee blink leeuoë in die krul van die Skerpioen se lyf, daar is kolle sagte wit gras, ‘n man, ‘n hond en ‘n bok. Die verskyning van Canopus, een van die helderste sterre, veroorsaak ‘n skaarste aan miereiers, daarom die naam, Miereiereter-ster.

University of Cape Town

Sy wonder of sy hulle storie daar tussen die sterre sal kry. Die Melkweg en die Suiderkruis het haar pa saans veilig uit die duineveld huis toe geneem. Maar wat as jou huis nie meer veilig is nie. Waarheen neem die naghemel jou dan?

Die geheel van daardie paar swart letters op die wit vel papier is soveel meer kompleks as die onderdele. Dit raak op soveel meer vlakke as die voor die hand liggende. En dit maak die wegkruip soveel moeiliker. Sy wens die peperboom in die agtertuin se takke was weliger. Sy wil praat, vrae vra, maar dis asof sy nie die punt van die draad raakgevat kry nie en later is sy bang as sy vra, sit sy met ‘n kraaines in haar hand.

Die volgende oggend swem die kinders eers in die swembad voor hulle weer oppak en verder ry. Sy bly sit buite toe hulle by die Kangogrotte kom en hy met die kinders ingaan. Sy sien nie kans vir daardie klam skemerte nie. Sy het asem nodig. Sy kyk na die berge om haar. Al die steil klowe. Hoveel mense het hier gestap of dalk gery sonder om te weet wat die berge wegsteek. Maar sy is nie ‘n grotmens nie. Gee vir haar die vlaktes.

Dis makliker met die kinders by, dink sy toe hulle later oorkant mekaar sit en kyk hoe die kinders eet. Sonder die kinders sou hulle seker teen hierdie tyd iets moes gesê het.

Op pad terug dorp toe stop hulle by ‘n volstruisplaas en stap saam met ‘n gids wat vir hulle allerhande feite, staaltjies en mites oor volstruise vertel.

Die kenners beweer deesdae dat dit ‘n mite is dat volstruise hul koppe in die sand begrawe wanneer daar gevaar dreig, sê die jong man toe hulle by een van die kampe na ‘n paar jong voëls staan en kyk. Hulle is eintlik maar net op soek na iets om te eet.

Daardie aand slaap hulle weer by die warmbron, maar sy sit nie weer saam met hom buite nie. Nadat hulle die kinders in die bed gesit het, kruip sy ook in en trek die komberse tot teen haar nek terwyl sy haar oë toemaak. Sy droom die nag dat sy eksamen skryf, maar sy kan nie die vraestel gelees kry nie en die toegelate tyd raak al minder. Die volgende oggend is sy moeg toe sy vroeg wakker word en vir ‘n ruk lê en luister sy hoe hy langs haar asemhaal. Wat ‘n byna onbenullige handeling. Die meeste van die tyd is ‘n mens nie eers bewus daarvan nie. ‘n Asemdraad wat ander in ‘n oogwink kan knip.

Ek wil alles weet, sê sy toe hulle Sondagaand by die huis kom en die kinders in die bed is. Sy trek hulle kamerdeur toe.

Ek vermoed lankal dat van die amptenare en raadslede besig is om korrupte transaksies en kontrakte aan te gaan. Ek vermoed die brief het iets daarmee te doen, want ek het hulle vroeër die week gekonfronteer en ‘n ondersoek aangevra.

Waarom het jy my nie vertel nie?

Dit is baie ernstige aantygings en ek het gehoop ek is verkeerd.

University of Cape Town

As hy dalk die brief van die werk af gebring het, sou dit anders gewees het, besluit sy. Maar die beeld van ‘n gesiglose wat noukeurig elke letter van hulle straatnaam en -nommer op die koevert plak, is ‘n pynlike wedergeboorte. En om dit te vererger is daar nie ‘n posstempel op die brief nie, wat beteken dis per hand afgelewer. Iemand was hiér. Sy weet nie of sy al ooit so ontbloot gevoel het nie. Uitgestoot in die lig. Waarmee bedek jy jou? Die kinders se mantels is net sterk genoeg vir drake en seerowers.

Gaan jy bedank? Sy weet wat hy gaan antwoord, maar sy moet vra.

Nee, maar ek wil hê jy en die kinders moet vir ‘n tyd weggaan.

Sy skud haar kop sonder om hom te antwoord en hulle praat nie weer verder daaroor nie. Êrens in die nag wonder sy of sy en die kinders deel van die pakket is. En sy wonder waar hulle dit sal doen. Dalk êrens langs die pad.

Maandagoggend groet sy hom met ‘n skreiende pyn op haar maag en die res van die dag bly sy naby die telefoon. Die ure sleep verby. Hoe lank sal hulle hom kans gee om te bedank? Hy kom egter die aand veilig by die huis en die res van die week verloop byna rustig. ‘n Week later moet hy die Woensdagaand na ‘n vergadering saam met van die gemeenskapsleiers gaan. Hy is nog nie terug toe die telefoon net voor tien lui nie. Sy ken nie die beleefde stem wat vra om met hom te praat nie.

He is at a meeting. Can I give him a message.

Daar is ‘n oomblik stilte voor die stem weer praat.

And where are your children tonight?

Kinders is ouers se rou senuweedrade, het sy dit later vir die kinders probeer beskryf, toe hulle oud genoeg was om dalk iets daarvan te verstaan. Die geringste roering veroorsaak pyn en vrees.

Sonder om te antwoord gooi sy die telefoon neer en hardloop na die kinders se kamers toe.

Het ma regtig gedink hulle het iets aan ons gedoen?

Dit is nie asof ek enigeiets gedink het nie. Sulke tye laat instink jou dinge doen.

Sy loop die vensters na, haal die pistool uit die kluis en sit dit langs haar op die bed neer en toe wag sy.

Leef hy? Was dit hulle manier om vir haar te sê hulle kan by haar en die kinders ook uitkom? As sy hom net kan bel. Net sy stem kan hoor, want dan kan sy nog hoop en bid. Maar wat as dit reeds te laat is?

Hy kom net voor twaalf by die huis. Die oproepe hou vir weke lank aan. Hulle weet wanneer hy nie by die huis is nie. Die polisie ry nou en dan by die huis verby. Hulle tref reëlings by die twee oudstes se skool en die kleintjie se speelgroep. Niemand anders mag hulle oplaai nie. Vreemde persone of motors in die omgewing moet aangemeld word. Haar senuweedrade sit kaal.

University of Cape Town

Daar is geen vingerafdrukke op die papier nie, maar hy is seker hy weet van wie af dit kom. Ongelukkig is die antwoord nie swart of wit nie. In hierdie geval is swart en wit besig om mekaar se hande te was . . . en geld het nie kleur of 'n gewete nie.

Toe Gertrude die volgende oggend net na agt opdaag, is dit asof haar skouers hang, maar sy is nie seker of sy moet vra nie. Wat kan sy aan 'n ander vrou se hangskouers doen, sy het dan nie eers raad vir haar eie nie. Sy begin die beddegoed aftrek en teen nege-uur loop die wasmasjien en is sy besig om die oorblyfsels van die naweek op te ruim.

Gertrude, I have to go. Please keep the phone nearby. I will phone you later to check for messages. And keep the doors locked.

Sy knik. Shall I bake the kids a marble cake?

Elke oggend dink sy sy sal met Gertrude oor die gebeure praat, maar sy weet nie waar om die storie te gaan haal nie en dan is dit makliker om stil te bly. Koek sal lekker wees.

Have you planned something for lunch?

Toe sy haar kop skud, glimlag Gertrude. I will think of something.

By die deur draai sy om. Gertrude, why do you look sad today?

Een traan begin oor haar wang rol en sy druk haar gesig in die vadoek. Dit neem 'n rukkie vir haar om te bedaar. My oudste seun het weer verlede week huis toe gekom, maar vanoggend toe ek wakker word, was hy reeds weer weg. Met al die geld wat in my beursie was, 'n blompot wat nog my ma s'n was, ons broodrooster en van my man se klere.

Ek dog jy het net een seun.

Sy skud haar kop. Ek praat nie graag oor die oudste een nie. Hy is 'n dwelmverslaafde. Sy skud haar kop. Hy het belowe hy is klaar met daardie lewe en ons het hom geglo.

Waarheen is hy nou?

Sy vee oor haar oë. I suppose he's gone back to hell.

Forget about baking cake today and if you want, you can go home.

Sy kyk buitentoe waar twee duiwe op die muur sit. Being away from home today, is like being on parole. And you know, children sometimes deserve cake, especially when there is no obvious reason for it.

Toe hy nie bedank nie, begin die gerugte. 'n Joernalis wat bel om te hoor of dit waar is dat hy geld verduister het. Volgens hulle bron was dit 'n bedrag van twee-en-vyftig miljoen rand. Volgens 'n ander joernalis het hy van die munisipaliteit se mannekrag en geld gebruik om die straat voor hulle huis te teer en verbeteringe aan die huis aan te bring.

University of Cape Town

Aanvanklik lag hulle, want die straat voor hulle huis het steeds die hobbels en krake waarmee hulle dit jare gelede leer ken het.

Dink hulle werklik ons sal nog hier gewees het as ons soveel miljoene tot ons beskikking gehad het, spot sy.

Maar sy lag nie meer toe ‘n joernalis daardie storie as die waarheid in ‘n koerant publiseer nie. Ook nie toe daar ‘n spotprent verskyn wat op onregmatige vergoeding sinspeel nie.

Die twee oudstes kan al lees, raas sy toe hy haar wil paai. Hulle maats se ouers kan lees.

En dié wat belangrik is, sal weet wat om te glo.

Ek moet vir jou iets vertel, sê hy ‘n week later terwyl hulle Sondagnamiddag op pad terug is van ‘n familieverjaardag. Die kinders lê en slaap agter in die motor. Moeg na die naweek.

Ek is Vrydag deur die raad uit my pos geskors oor al die bewerings.

Sy wil haar ore toedruk, maar terselfdertyd wil sy gil. Here, hoeveel keer moet sy nog hierdeur gaan. Sy is moeg. Sy gee nie meer om wie ‘n dak oor hulle koppe het nie. Sy wil nie weet van vroue wat in die nag vir hul lewens vlug nie. Daar sal altyd mense wees wat swaarkry. Hulle kan die huis kom vat, die beddens, die kinders se speelgoed. Selfs haar kleipotte. Los my en my mense net uit, wil sy vir hulle skreeu.

Ek vermoed daar gaan mense by die huis wees as ons daar kom, gaan hy voort toe sy hom nie antwoord nie.

Waarom het jy my nie Vrydag gesê nie?

Ek moes eers ‘n paar dinge probeer uitsorteer. Die amptenare is baie kwaad.

Sy het net die kinders in die bed gesit toe die voordeurklokkie lui en sy trek hul kamerdeure op knip. Toe sy in die sitkamer kom, stel hy haar aan die groep amptenare en unielede voor. Sy gaan maak koffie en toe almal gekry het, gaan sit sy eenkant in die vertrek en luister. Hulle dreig om die kantore af te brand as die raad met sy skorsing voortgaan. Hulle vertel stories van misbruik en wanbesteding en sê hulle is bereid om daaroor te getuig. Wanneer hy praat, laat dink hy haar aan iemand wat ‘n kombers oor ‘n vuur probeer gooi. Altyd die vuurblusser. Sy voel hoe die pyn op die krop van haar maag weer begin en sy wonder wat dit sal blus. Dis laat voordat hulle opstaan. ‘n Paar wil agterbly en toe sien sy eers van hulle is gewapen.

We will stay behind, to see that you are safe.

Hy skud sy kop en sê hulle kan gerus huis toe gaan.

Toe hulle in die bed klim, en die ligte afskakel, lê hulle lank net so stil langs mekaar. Vir iemand wat as kind bang vir die nag se donkerte was, het sy en die nag mekaar die afgelope paar jaar goed leer ken en verwelkom sy deesdae soms daardie uur of wat nadat die huis stil geword het

University of Cape Town

en net sy wakker is. Maar as dit nag word en hy is nie by die huis nie, is sy maar steeds die grootoog kind wat na die hoeke staar.

Die volgende oggend is hy reeds weg om sy prokureur te gaan spreek toe die administrateur bel om te vra hy moet teruggaan kantoor toe. Die amptenare en unielede hou die raadslede gyselaar en dreig om die kantore af te brand oor sy onregmatige skorsing. Hulle het die hekke gesluit en die gebied afgesper.

Sy bel die prokureur se kantoor en gee die boodskap.

Ek sal vir hom die boodskap gee, maar sal hom nie aanraai om terug te gaan nie.

Sy wil vir hom sê dis irrelevant wat sy aanbeveling gaan wees. Sy is bereid om daarop te wed dat hy sal teruggaan en is ook nie verbaas toe hy later bel om te sê hy is op pad kantoor toe nie. Niks wat hy meer doen, verbaas haar nie. Dit maak egter nie die vrees kleiner nie. Sy bel ‘n vriendin en vra dat sy die kinders by hulle skole sal gaan oplaai, sodat sy naby die telefoon kan bly. En toe begin die groot wag. Net voor middagete bel ‘n kollega.

Die polisie het nie kans gesien om saam met hom in te gaan nie. Hulle het hom so ver as die hek geneem en gehelp om oor te klim. ‘n Massa mense drom op die oomblik voor die gebou saam.

Sy kan hoor hoe daar in die agtergrond gesing word.

Hulle eis die koppe van die skuldiges, gaan hy voort.

Waar is hy?

Agter op die bak van ‘n munisipale vragmotor. Hy probeer die gemoedere kalmeer. Ek sal jou later weer probeer bel, maar dis moeilik.

Hy kom sononder by die huis en toe hy ‘n karton uit die motor laai, hoef sy nie te vra nie.

Maar sy vra oor die raadslede.

Hulle is ongeskonde vrygelaat.

Jy gaan nie terug nie.

Hy skud sy kop. Ek kan nie. Die verhouding tussen my en die raad het onherstelbaar verbrokkel, maar om vandag my kantoordeur toe te trek, was die moeilikste besluit van my lewe.

University of Cape Town

Die sondes van die vadere sal op die kinders vererwe.

Dertien

Wat het ek verkeerd gedoen?

Dis soos ‘n naklank, dink sy toe sy die vraag hoor. Een wat oor baie jare reeds uit bruin en swart kindermonde eggo.

Hoe moet sy dit aan hom verduidelik? Hulle was baie klein toe Francis die dag by die huis seergekry het en hulle saam dokter toe gery het.

Francis, jou vleis is net so rooi soos myne, het een van hulle opgemerk. Dis net jou vel wat swart is, het die jongste met sy sleeptong laat hoor. Die ander twee het oor die rugleuning geloer om ook te sien.

Hoe naïef was sy om te dink as hulle van kleins af leer om te *oom* en *tannie*, te *meneer* en *mevrou*, sal hulle gespaar bly. Selfs toe van die maats soms gelag en agter hulle hande gespot het, het hulle bly afbetaal aan die deposito’s vir eendag. As die saad van vrede, gelykheid en broederskap diep genoeg gesaai word, sal die opbrengs tienvoudig uitbetaal.

Maar so eenvoudig is dit nie en die Bybel waarsku tog dat die sondes van die vaders op die kinders se rekening geplaas sal word. En die skuld word soms op vreemde maniere opgeroep.

Ons mag nie laat wees nie. Die oudste een trippel ongeduldig in die kombuis rond. Vandag speel hy in die finale proewe vir die onder-dertien Westelike Provinsie Cravenweek-span. Op hierdie ouderdom is dit ‘n gebeurtenis wat gelykstaande is aan die Olimpiese spele, dink sy toe hulle eindelik in die motor klim. Die droom van die blou en wit streeptrui het deur die jare menige seun snags laat wakker lê.

Sy pa het die vorige week Amerika toe vertrek en sy moet vandag namens hulle albei kyk en aanmoedig. Op pad begin sy oor sportmangees praat en dat hy dit moet geniet, al gebeur wat, maar na ‘n rukkie maak hy haar stil.

Meneer het al daardie goed reeds vir ons gesê.

Dit is herfs in die Kaap. Die groot platane langs die veld is reeds ylbeblaar. Uit die gras slaan ‘n klam reuk op en meng êrens op heuphoogte met jong manlike adrenalien. Agter die pale word ‘n paar balle heen en weer gegooi. Hier en daar word ‘n rugbytrui aangetrek en ‘n laaste slukkie water gedrink. ‘n Hamstring word strek-strek getoets. Oë draai nuuskierig in die rondte om die teenstanders op te som.

Uiteindelik draf die twee spanne op die veld. Die reënboognasie, verenig tussen vier lyne en twee stelle pale, dink sy. ‘n Paar wit hande moet die bal uit die skrum opraap en die paar swart hande vertrou wat die bal moet aanvat. Die bruin vleuel wat meters langs die kantlyn met die bal

University of Cape Town

onder sy arm afnael, en voor die doellyn platgeduik word, moet toesien hoe ‘n paar wit hande die bal opraap en onder die pale druk. Op die pawiljoen sit die keurbende wat deskundig moet beoordeel. Knipborde op hulle skote. Langs haar teen die kantlyn staan ouers skouer aan skouer. Sommige roep ‘n naam of skreeu ‘n algemene aanmoediging, terwyl ‘n paar net diep aan hul sigarette suig. Hulle herinner haar aan waaigras soos hulle saam met die spel op en af teen die kantlyn beweeg.

‘n Speler word van die veld geroep en ‘n ander word in sy plek opgestuur. Sy sien hoe die een wat afstap se skouers hang. Asof hy geweeg en te lig bevind is. ‘n Ma stap nader, maar hy trek sy skouers regop en sy bly staan en kyk hoe hy by die res van die seuns gaan sit.

Haar blik verskuif weer na die veld waar die jong lywe opnuut heen en weer hardloop. Sy probeer na die kommentare langs haar luister. Veral as daar na hom geroep word of iets oor hom gesê word, maar sover gaan dit goed en daar is al ‘n paar keer hande geklap wanneer hy ‘n mooi beweging uitvoer. Sy lyftaal getuig van kinderlike vreugde en oorgawe. Sy skrik toe ‘n pa langs haar na halftyd skielik ergerlik na hom roep.

Haak die bal!

Haak die verdomde bal, dis reg onder jou voete! roep een ‘n entjie verder ook en sy voel hoe sy onder haar klere begin sweet.

Haal hom af!

Iets is verkeerd en sy weet nie wat dit is nie. Het hy seergekry?

Sy kyk met nuwe aandag toe hy oomblikke later weer met sy seunslyf in die skrum sak. En dan sien sy hoe hy nie eers ‘n poging aanwend om die bal te haak nie.

Langs haar raak die koor ontevrede stemme al groter en sy is verlig toe die eindfluitjie na ‘n ruk blaas. Hy kom met hangskouers oor die veld na haar toe gestap.

Het jy seergekry?

Hy neem die waterbottel by haar en drink dorstig.

Nee.

Waarom het jy ophou om die bal te haak? ‘n Vreemde man het nader gestap.

Ek mag nie meer die bal gehaak het nie, oom.

Wat bedoel jy jy mag nie meer gehaak het nie?

‘n Paar van die ander mans staan nou ook nader om beter te hoor.

Die keurders het halftyd kom sê ek haak te veel balle. Die ander span se haker moet ook ‘n beurt kry om die bal te haak.

‘n Paar van die mans gooi hulle arms in die lug.

University of Cape Town

Hy kan mos haak as hy wil haak, niemand keer hom nie. Die groot man trap sy sigaret in die gras dood.

Hy sê hy het nog nooit haker gespeel nie. Hy is eintlik ‘n flank.

Nou wat maak hy op haker? Sy kan die ergerlikheid in hulle stemme hoor en die manier hoe een na ‘n graspol skop.

Ek weet nie, oom.

Sy kyk na die langerige swart seun wat oorkant die veld, effens eenkant, staan. Die bietjie gemeensaamheid wat vroeër langs die veld geheers het, maak nou plek vir ‘n ander taal. Woorde soos, *diskriminasie*, *regstelling*, *onregverdigheid*, word al harder gesê.

Sy beduie vir hom dat hulle moet ry en hy stap oor die veld om sy sportsak te gaan haal. Sy begin agter hom aanstap, maar ‘n onderwyser keer haar voor.

Jou kind het ‘n baie goeie game gehad. Hy was die beter een op die veld.

Maar hy gaan nie die span maak nie? Sy weet nie waarom sy die vraag vra nie, want sy weet reeds die antwoord.

Hy skud sy kop en kyk grond toe. Hulle sê hulle moet ‘n swart speler in die voorry hê en hy is die beste wat daar was.

Sy groet en stap stadig verder. Haar voete sak effens weg in die gras en sy dink aan die seuns wat met soveel gemak oor die dik grasmat kan hardloop. Hulle spiere nog jonk en sterk. Net buite die hek is die swart spelers besig om in drie wagtende minibus-taxi’s te klim. Die enigste drie swartmans op die pawiljoen was toe nie pa’s soos sy gedink het nie, maar die taxibestuurders.

Toe hy in die motor klim, besluit sy om nie vir hom die nuus te gee nie. Dalk het hy nog ‘n kans.

By die huis is daar net tyd om haar tas te kry voordat sy lughawe toe moet gaan en toe sy later die aand op die vliegtuig op pad New York toe sit en aan die dag se gebeure dink, kry sy koud, maar sy weet dit het nie met die temperatuur in die kajuit te doen nie. Dit slaan van binne af deur. En dit het te doen met ‘n diep grasmat waarop jong seuns se kragte gemeet word en taxi-bestuurders op ‘n pawiljoen.

Ek het toe nie die span gehaal nie, vertel hy dadelik toe hulle die volgende aand huis toe bel.

Ek is jammer. Jy het ‘n baie goeie wedstryd gespeel, probeer sy troos.

Die keurders het dit ook vir my kom sê, maar ek verstaan nie. As ek die beste was, waarom is ek nie gekies nie?

Hulle moet op die oomblik die kinders wat nog nooit die geleentheid gehad het nie, ook ‘n kans gee, verduidelik die pa met ‘n stem van rede.

University of Cape Town

Dis nie regverdig nie. Ek het gehoor hoe sê daai kind vir die keurders dat hy nie kan haak nie. Dat hy nog nooit haker gespeel het nie, maar hulle het vir hom gesê hy moet. Sy stem eggo oor die lyn.

Is dit net omdat ek wit is?

Ons kan daaroor praat wanneer ons by die huis is.

Dit maak nie saak nie . . . dit sal tog niks daaraan kan verander nie.

Maar miskien sal jy beter verstaan as ons daaroor gepraat het.

Ek wil nie verstaan nie. Dis onregverdig.

Hier waar hulle hoog bo in Broadway sit, is die Atlantiese oseaan tussen hulle en Suid-Afrika lyk skielik baie klein. En die insident byna nietig.

Ons leef asof die wêreld op ons voor- en agterstoep begin en eindig, sê sy toe hy die telefoon neersit. Ons het grootgeword met die beloftes van ons voorouers dat God ons klein volkie uitverkies het, bo miljoene ander mense. Hoe anders lyk alles nie skielik hier van oorkant die oseaan nie.

Dis tot ‘n mate ‘n soort selfbeskerming, antwoord hy. Die wêreld daar buite is groot. Die omvang van menswees op hierdie planeet is oorweldigend. As selfbeskerming maak ons ons wêreld kleiner, gee ons aan insidente soos hierdie een groter waarde as wat dit sekerlik verdien.

Maar wat anders het ons as hierdie klein stukkies lewe, wonder sy in die klein ure van die nag. Die hondeloper in Central Park, die man en vrou met die klein droogskoonmaak-besigheid onder die hotel, waar hulle daagliks na die rye en rye klere op die vervoerband kyk. Elke kledingstuk dra ‘n stukkie van ‘n groter wêreld in, maar elke dag bestaan hulle tussen die vier mure. Kinders op ‘n sportveld. As ‘n mens gedurig na die konteks van jou eie bestaan moet kyk, mis jy dalk die klein wonders tussen jou eie vier mure, probeer sy haarself troos.

Sy kan sien hy het tyd gehad om die teleurstelling te verwerk toe hulle twee weke later terug by die huis kom, maar hy het steeds vrae. Op hierdie ouderdom verstaan hy nog nie die breër politieke kontekste nie en sy kom agter hy verwys daarna asof dit ‘n onverstaanbare grys area is.

Wat van al die weeskinders in die land, wonder sy. Wie verduidelik vir hulle hierdie grysheid?

University of Cape Town

Unity and Faith, Peace and Progress. Nigerië se amptelike leuse

VEERTIEN

Dit is reeds donker toe die vliegtuig begin daal om op die Murtala Muhammed-lughawe in Lagos te land. Hy is reeds vier maande lank besig met ‘n kontrak hier, maar dit is haar eerste besoek en sy druk haar gesig teen die venstertjie om beter te kan sien. Sy onthou hoe sy na ‘n reisgids oor Nigerië gesoek het nadat hy besluit het om die kontrak te aanvaar.

Why do you want to go to Nigeria, het die assistent by die boekwinkel gevra.

My husband is going to work there.

Nobody goes to Nigeria.

Uiteindelik het sy ‘n gids oor Wes-Afrika opgespoor.

Waarom wil Ma weet hoe dit daar lyk? het die kinders gevra. Dis soms beter om nie te weet nie en self ‘n plek te leer ken.

Sy het aan hulle woorde gedink toe sy voor in die hoofstuk oor Nigerië Chinua Achede se aanhaling lees. Hy verskil van ander wat beweer dit is ‘n grootse land en dan vertel hy van die wanorde, die korrupsie en die oneffektiwiteit.

It is dirty, callous, noisy, ostentatious, dishonest and vulgar. In short it is among the most unpleasant places on earth.

Sy het verder gelees en teruggedink aan daardie aand jare gelede toe sy ook na ander geluister het. Toe sy nie sommer blindelings net die pad gestap het nie. Dalk was die kinders reg, maar dit was te laat. Daar was reeds beelde en verwagtinge.

Sy kyk na die miljoene liggies onder op die grond en desnieteenstaande die waarskuwing in die gids, ervaar sy die bekende krieweling in haar binneste. Die romantiek van die ontdekking. Veral in die aand as daar nog geen herkenbare merkers is nie en ‘n hele stad braak onder jou lê. Vir ‘n oomblik is dit ‘n byna onbehoorlike magsgevoel, tot jy onder op die grond kom en die stroom jou meesleur. Een van die mede-passasiers leun oor na haar toe.

Is it your first visit?

Yes.

Have you ever been to Manhattan?

Sy knik. Yes.

Did you like it there?

‘n Derde knik.

University of Cape Town

Then you will love Lagos. It has the same mad energy.

Are you just visiting? gaan hy geselserig voort.

My husband is a project manager on a World Bank project. They are busy upgrading the electricity network.

Yes, everything is not perfect here, but it still is a wonderful place.

Hy het beslis nie dieselfde gids as sy gelees nie, besluit sy.

Tussen die ligte gewaar sy groot donker kolle en sy onthou wat hy vir haar geskryf het na sy aankoms hier.

Lagos het op die oomblik net ses uur krag in 'n siklus van vier en twintig uur. Die meeste geboue het kragopwekkers. Met al die korrupsie en amptenare en politici wat die staatskoffers al vir jare plunder, is daar nie meer geld om dienste in stand te hou of op te gradeer nie.

Sy moet onthou om hom te vra of hy die ooreenkoms met Manhattan sien. In 'n gids oor Manhattan het sy gelees dat daar ongeveer een-en-'n-half miljoen mense op die sestig vierkante kilometer woon. Volgens konserwatiewe berekeninge woon daar op hierdie stadium tussen sewe en twaalf miljoen mense in Lagos. 'n Gebied van eenduisend vierkante kilometer. Dit klink vir haar na te veel menswees. Te veel asems en voetspore.

Die vliegtuig land en hulle kan uiteindelik begin afklim. Lughawens het haar van kleins af aangetrek. Sy vermoed dit het iets te doen met die moontlikhede wat daar versinnebeeld word. Sy kan haar verkyk aan die stukkies lewe wat daagliks daar afspeel.

Lagos-lughawe is egter nie 'n gemaklike plek nie, besef sy toe sy die aankomsaal binnegaan. Sy kan dit nie behoorlik verwoord nie, maar dit voel asof hier te veel veranderlikes aan die werk is. Asof die plek vloeibaar is. En jy ervaar vir die eerste keer die stroom wat jou kan insluk. Terwyl sy op haar bagasie wag, ervaar sy 'n verrassende gevoel van vreemdheid en sy moet haarself kort-kort herinner dat sy steeds op dieselfde kontinent is. Net oor die ewenaar en in Afrika se kieliebak.

Hy wag vir haar net binne die uitgang. 'n Voorreg wat hom 'n hele klomp naira gekos het, want slegs passasiers word binne die gebou toegelaat. Tensy jy iemand ken wat daar werk of bereid is om iemand 'n paar note te gee.

Die nag is louwarm en vogtig toe hulle uit die gebou stap. Om hulle roep die taxi-bestuurders na hulle, bedelaars steek hul hande uit, oral probeer iemand iets verkoop en 'n magdom vrywilligers bied aan om teen 'n minimale fooi die bagasie motor toe te dra. Die lug dra swaar aan al hierdie asems, dink sy stilweg terwyl sy styf teen hom loop. Maar sy is ook nuuskierig en wil kyk, maar oogkontak is moeilik, want uit ondervinding weet sy hierdie uitgestrekte hande sal haar volg

University of Cape Town

lank nadat sy weg is. En hier is soveel van hulle. Soveel oë wat vir iets pleit. Daarom is sy bly toe die motorbestuurder die motor nader bring en hulle kan inklim. ‘n Klomp hande volg hulle nog ‘n paar meter nadat Ayo wegtrek. ‘n Paar bied eet- en drinkgoed te koop aan, maar die meeste is egter leë hande.

Hulle draai op die Murtalla Muhammed Airport Road en Ayo versnel. Die aandverkeer is egter steeds druk. Selfs toe hulle op die Apapa Oworonshoki Express Way draai, verkyk sy haar steeds aan al die voertuie. Die minagting waarmee hulle padreëls verontagsaam. Die ongeërgdheid ten opsigte van medepadgebruikers.

Sy het skielik aan die eerste e-pos gedink wat sy vir hom geskryf het nadat hy daar aangekom het.

Ervaar jy ‘n lojaliteit? Indien nie, is dit vir jou moontlik om sonder ‘n betrokkenheid te werk? In Suid-Afrika het jy jou nog altyd deel van ‘n gesamentlike lotsbestemming gevoel? Dit was ‘n lewenstaak om selfs binne ‘n gebrekkige sisteem mense se lewensgehalte beter te maak. Hoe ver strek ubuntu vir jou buite die grense? Pan-Afrikanisme, ‘n mite of ‘n haalbare droom?

Hy het so pas die land verlaat om oorkant die ewenaar sy brood te gaan verdien, en sy was meer bekommerd oor sy lojaliteit as oor waar hy saans sy kop neerlê. Sommige mense werk vir geld. Ander werk omdat hulle glo hulle moet ‘n verskil probeer maak. Biskop Desmond Tutu het ubuntu per geleentheid omskryf deur te sê, you can’t be human all by yourself.

Sou hy sy menswees hier ook binne die kollektiewe kan sien?

Op Third Mainland-brug gewaar hulle ‘n polisie-padblokkade voor in die pad en Ayo ry stadiger en skakel terselfdertyd die motor se binneliggie aan. Hy bring die motor by die eerste polisieman tot stilstand.

Waarom skakel hy die binneliggie aan?

Sodat die polisie kan sien hy het wittes in die motor.

Die polisieman met die flits buk en loer in die kajuit en toe beduie hy hulle kan verder ry.

Ayo, what would have happened if we were black? Sy kan dit steeds nie begryp nie.

They just want dash.

Why did they not demand money from the white people?

They sometimes do, but often they don’t. The people say we Nigerians fucked up this country. Now we ask the white people to come help us.

Voel hulle almal so, wil sy stilweg op Afrikaans weet.

University of Cape Town

Langs haar agter in die motor haal hy sy skouers op. Ek glo nie, maar dikwels as ek ‘n bank of kantoor instap, laat staan hulle my voor in die ry. En dis die rede wat hulle gee.

Sal so ‘n ommeswaai weer in Suid-Afrika kom, wil sy hom vra. En hoe oud sal hulle teen daardie tyd wees. Haar rede sê vir haar daar is nie ‘n parallel nie, maar emosies loop nie altyd saam met rede nie en sy wonder of daar enige plek op aarde is waar ‘n mens ook daagliks so met die hele omvang van jou menswees gekonfronteer word. Dit voel vir haar of die lewe in Afrika ‘n wrede spieël is en min kry dit reg om nie daarin te kyk nie. Want daar waar sy langs hom agter in die motor sit, ervaar sy ‘n skielike versugting dat die verval in Suid-Afrika gou kom, want dit beteken hy gaan weer ‘n plek daar hê. Hy gaan weer ‘n waarde hê. Nie voor in die bank se ry nie. Dit wou hy nog nooit gehad het nie. Net ‘n plek in die ry. Hy sal dan nie langer, soos duisende ander, buite die grense hul waarde moet gaan soek nie.

Dis moeilik om in die aand perspektief op afstand te hê en dit voel of hulle baie ver ry. Langs wye snelweë, deur nou strate, onder brûe deur waar figure in die skaduwees lewe.

Dis ‘n stad wat nooit stil word nie, vertel hy. Dit herinner soms aan ‘n lewende organisme wat gedurig om jou asemhaal, beweeg, soms stadig, ander kere haastig. Al wat nie duidelik is nie, is of dit die laaste stuiptrekkings of die begin van ‘n nuwe lewensiklus is.

Vir haar lyk dit na die laaste stuiptrekkings.

Van Third Mainland-brug af in Osborne Road, Kingsbury Road, Adeola Odeku Road, Ideja Road en eindelik Saka JoJo Road. Hulle is op Victoria Island en hy beduie na van die groot huise. Die meeste ambassades en konsulate is in hierdie deel van die stad. Oral is hoë mure en dik ysterhekke. Die strate was dalk op ‘n tyd geteer, maar die teeroppervlak is nog net hier en daar sigbaar.

‘n Hekwag by die hotel maak die hek oop toe Ayo die toeter druk en hulle kan tot voor die deur ry. Die kleurbrosjure wat hy vir haar gestuur het, vlei die hotel. Maar so in die donker lyk dit ten minste skoon. Die meubels in die sitkamer is opgesmuk met ingewikkelde houtsneekrulle en goudomboorsel. Die eetkamer is op die boonste vlak, ‘n eenvoudiger, werkbare ruimte met groot vensters wat op die stad uitkyk.

‘n Paar van sy kollegas is besig om aandete te eet en hy stel haar voor. Sy kyk om die beurt na hulle en wonder oor elkeen se storie. Waarom was hierdie groepie Suid-Afrikaners bereid om ‘n bekende lewe agter te laat en hier te kom werk?

Die eienaar van die hotel is van Indiese afkoms en die spyskaart bevat min geregte sonder kerrie en speserye. Hy bestel vir haar American hoender en verduidelik dis omtrent die naaste wat sy aan kos sonder speserye sal kom. Sy is egter nie baie honger nie en toe hulle klaar geëet het, stap hulle na die kamer toe wat hy al vier maande lank huis noem.

Die water ruik snaaks, sê sy toe sy uit die stort kom.

University of Cape Town

Die watersuiweringswerke word nie meer na behore onderhou nie. Moenie die water drink en verkieslik ook nie eers jou tande daarmee borsel nie. Laat kom nog bottels water van die kombuis af.

Die bed is hard, maar die holte van sy lyf sag en bekend.

Sy wil hom vra of hy gelukkig is, maar sy kan sien hy is. Sy grense kon nog altyd wyer skuif as die meeste mense s'n. En hy kon nog altyd die weefpatrone makliker sien.

Die lugverkoeler se gesuis hou die hele nag die vreemde stad se geluide buite. Soos destyds in Giyani kan sy net haar oë toemaak en haar verbeel sy is by die huis. Of êrens anders. Sy wonder vir hoeveel mense in Suid-Afrika het dit 'n uitkoms geword. Daardie suising waarmee die buitewêreld op 'n afstand gehou kan word. Of lê die meeste maar deesdae met die spreekwoordelike een oor en een oog oop? Sy is dankbaar dat sy by die huis relatief goed slaap, maar hier langs hom besef sy 'n deel van haar bly deesdae altyd daar waaksaam. Hoe lank kan 'n mens so leef voordat jou liggaam nie meer kan nie?

Toe sy die volgende oggend wakker word, gaan staan sy eers voor die venster. Hulle is hoog genoeg dat sy 'n redelike uitsig het. Die meeste geboue in die rondte is redelik modern en goed gebou. Hier en daar is een nie klaar gebou nie en die onkruid en opslaanplante rank deur die fondasie of deur 'n kraak in 'n muur. By die groot huis langsaan is twee mans besig om twee blinkswart viertrekvoertuie te was.

Later die oggend kyk sy weer, en sien hulle sit op 'n bankie met hul rûe teen die muur.

Daardie twee wat die karre gewas het, sit met AK-47's op die skoot. Sy kyk oor haar skouer na waar hy besig is om aan te trek.

Hulle is die wagte. Kyk mooi, dan sien jy hulle lees die Bybel, antwoord hy laggend.

Op pad uit sien sy dat die ontvangsdame agter die toonbank in die portaal, ook besig is om die Bybel te lees.

Dit moet die vorige nag gereën het, want plasse water staan op en langs die strate. Sonder dreineringslote is daar nêrens waarheen die water kan loop nie. Op die modderige sypaadjies word plastiekware, meubels, gebraaide hoender, grondboontjies, koeldrank, sigarette — enige iets waaraan sy kan dink en heelwat waaraan sy nie kan dink nie, verkoop. Selfs opgerolde, gebraaide vissies uit die rioolryke delta. Daar word hare gesny, motors word gediens, kerk gehou. Een van sy kollegas merk later lakonies op dat dit sekerlik die enigste plek op aarde is waar grondboontjies in glasbottels verkoop word en drinkwater in plastieksakkies. Die verkeer volg geen patroon nie en kom soms lang rukke tot stilstand. Wanneer dit gebeur, is daar dadelik tientalle hande wat die motor omring. Bakhand. Tandelose gesigte probeer in vreemde tale deur die ruit praat. Tussen die hande reik stompies uit.

University of Cape Town

Waarom het so baie mense hier net een hand, of selfs geen hande?

Dié wat in die noorde onder Islam se wette gestraf is.

Sy kyk na die een langs die motor. By gebrek aan hande kan hy net die stompies uitsteek.

Dit is ‘n mooi stad, besluit sy. Of eintlik wil sy sê dit kan ‘n mooi stad wees. Oral is goed ontwerpte geboue wat aan ‘n ander era herinner. Maar dis nie soseer die geboue nie, maar die plantegroei en die verskillende bene van die delta waaroor ‘n mens kort-kort ry wat haar laat dink dit kan ‘n mooi plek wees. So na aan die ewenaar is die grond geil, die plante en bome groot en welig.

Die strate wemel van okadas — die motorfiets-taxi’s wat op die oog af moeiteloos deur die verkeer vleg. Sommige dra net een passasier agter die bestuurder, maar hy wys ook ‘n paar wat ‘n hele gesin vervoer en een het selfs ‘n vrag bakstene en ander boumateriaal op. Sy begin begryp wat haar medelugpassasier die vorige aand bedoel het met ‘n nimmereindigende energie, maar dis ‘n energie wat byna nie sin maak nie en sy sal graag wil weet waarheen almal op pad is.

Laatoggend neem hy haar om iets te gaan eet by die beroemde Café Chocolat Royale. Sy het gedink hy maak ‘n grap toe hy haar van die plek vertel, en kan haar oë nie glo toe hulle die restaurant binnestap nie. Die toonkaste is vol van die fynste sjokolade éclairs, goudbruin croissants, kleurvolle tartelettes aux fruits, dik snye buchette delice met spierwit roomrosies op die donker sjokoladebolaag. Solank sy nie agter haar deur die venster na die straat kyk nie, kan sy haar verbeel sy is in die hartjie van Parys. ‘n Stylvol aangetrekte vrou kom laai haar bestelling op en sy stap uit met haar hooggestapelde crocumbuche, toegespin in ‘n web van blink suikerdrade. Buite wag die motorbestuurder langs ‘n groot blink nuwe Toyota Land Cruiser Lexus met swartgetinte vensters. Twee dogtertjies sit met blink oë op die agtersitplek.

Welkom in Lagos, lag hy toe hy haar verbasing sien.

Een van die reëls vir oorlewing in Afrika, besluit sy, is om van die gesuis van jou huis se lugverkoelers direk in jou motor met donker getinte ruite te klim. Sodoende kan jy dikwels jou eie werklikheid skep.

Hulle motor se ruite is egter nie donker toe hulle die snelweg terug hotel toe vat nie. Ook nie toe hulle ‘n paar kilometer verder langs ‘n vreemde voorwerp verbyry nie. Dit is aanvanklik moeilik om dit te eien en eers toe hulle langs dit kom, kan sy sien.

I cried in a whisper at some image – at some vision – I cried out twice, a cry that was no more than a breath – The horror! The horror!

Joseph Conrad se woorde eggo skielik binne haar.

University of Cape Town

Dit is ‘n mens se liggaam wat vir ten minste al ‘n week daar moet lê. Dit lyk of ‘n paar voertuie al daaroor gery het.

Here, is dit waarvoor sy die vorige aand gewens het? Is hierdie die ware gesig van verval? Dan veel eerder ballingskap. Kolonialisme. Onafhanklikheid. Is dit hoe dit lyk as die pendulum te ver geswaai het? Dis ‘n ongemaklike besef as jy agterkom daar is ‘n punt van waar daar nie weer teruggeswaai kan word nie. Hoe ver het die pendulum aan die suidpunt al geswaai?

Sy kyk na hom.

Jy het al vantevore so iets gesien.

Hy knik.

Die vorige aand was haar hoop op ubuntu. *I am what I am because of who we all are.*

Ayo, why has nobody removed him? Sy weet nie waarom sy dink dis ‘n man nie, maar sy kan haarself nie sover kry om van *dit* te praat nie.

If you remove him, you have to take responsibility for the funeral. A funeral is expensive.

What about the government?

Voor in die motor trek hy net sy skouers op.

Die soet reuk van die sjokolade éclairs in die boksie tussen hulle op die agtersitplek walg haar skielik.

Die vorige president en sy seun het Switserse bankrekeninge gehad, wil sy sê, maar doen dit nie. Hoe is dit moontlik dat die rykste land in Afrika se mense so leef? Dis verkragting. Roof, moord, verkragting van ‘n hele volk. En die enigste hoop is die Bybel. En die kerke wat op elke straathoek sit. En die Bybelname wat vir alles gegee word. God moet kom red. In die noorde van die land sal dit Allah moet wees. In die Bybel staan daar êrens dat alles moontlik is deur God wat jou krag gee, maar die versugting kan nie meer hier oor krag gaan nie. Die soeke in die Bybel, in die kerke, in die Praise Jesus Hairdresser, The Lord is my Shephard Mechanic is ‘n versugting na ‘n goddelike ingryp.

Praise the Lord and pass the ammunition.

Laataand betrap sy haarself dat sy vir die eerste keer sonder voorbehoud en oordeel die Suid-Afrikaanse regering aan die Onsigbare opdra. Haar wense is vir sukses bo verwagting, vir insig, verdraagsaamheid. Dit maak nie saak as hy en diesulkes soos hy nooit weer ‘n waarde in hulle land sal hê nie. Vir al die kinders se onthalwe mag die pendulum nooit so ver swaai nie.

Toe sy ‘n paar jaar later ‘n toespraak lees wat Chinua Achebe tydens ‘n lesing by Cambridge gelewer het, het sy weer aan daardie dag in Lagos gedink.

University of Cape Town

Nigerië sal sterf as ons aanhou voorgee sy is net effens olik. Korrupsie het verby die onrusbarende na die fatale beweeg. Dié wat die guns van die keiser geniet, het vrye teuels om na willekeur te plunder; dié wat aan die koning uitwys dat hy kaal is, gaan na die guillotine.

Maar die woorde wat haar die meeste raak, is dié van die joernalis wat oor die lesing berig het:

Miskien is die verdoemendste aanklag teen sy vaderland, die feit dat hy dié woorde hoegenaamd moet uiter; dat 'n skrywer met sy talent hom moet toespits op pleidooie oor korrupsie eerder as kuns.

University of Cape Town

VYFTIEN

Haar ouma wou nie hê die son moet op haar skyn wanneer haar oupa weg van die huis af was nie, het haar ma altyd vertel. Deesdae verstaan sy daardie gevoel en na 'n kuier voel dit of 'n wolk vir 'n dag of twee voor die son is. Haar gedagtes speel ook soms truuks met haar. Sy sal soms terugkom huis toe en wanneer sy sy motor in die motorhuis sien, sal sy vir 'n oomblik die ou tevrede gevoel ervaar wanneer hy huis toe kom. Net om dan sekondes later te onthou. Sulke tye voel die huis ekstra leeg en dan lê sy die nag maar so halfskuins oor die bed. Tog vind hulle metteryd 'n ritme, maar elke besoek bly 'n hoogtepunt.

Volgens betroubare navorsing is dit die land in die wêreld met die hoogste voorkoms van bedrog, waarsku sy die kinders terwyl hulle 'n paar maande later inpak om vir die vakansie saam met haar Lagos toe te gaan. Praat so min as moontlik, veral op die lughawe. Moet verkieslik nie eers oogkontak maak nie. Ek sal al die vrae beantwoord. Bly by my en bly stil.

Sy sien hoe hulle onderlangs vir mekaar kyk en lag en sy wens sy het dit nie gesê nie, maar sy kan ook nie stilbly nie. Wat weet die kinders werklik van die buitewêreld. Alleen in haar binnekamer erken sy dat sy eintlik graag 'n laer om hulle sal wil trek en doringtakke onder die disselbome pak, net vir die wis en die onwis.

Die Saterdagoggend voor hulle vertrek, lui haar selfoon baie vroeg en sy skrik. Toe sy antwoord, hoor sy 'n gesnik en sy voel die ou vrees in haar opstoot. En dan kom 'n ander stem aan. Dis Andries wat praat. Ons is jammer om so vroeg te pla, maar 'n ander klong op die plaas het gisteraand ons oudste seun met 'n mes doodgesteek. Die begrafnisondernemer is net bereid om die lyk te kom haal as ons hom dadelik tweeduisend rand betaal.

'n Bitter smaak kom lê in haar mond en sy vee oor haar oë en probeer wakker word.

Ek het nie soveel geld in die huis nie.

Asseblief, help ons, ons kan hom mos nie net hier laat lê nie.

Die bank maak nege-uur oop. Kom so halftien, Andries.

Andries se vrou, Anette, het 'n rukkie vir haar gewerk, maar hulle bel nog mekaar om nuus uit te ruil en soms sal sy 'n sak kos gaan afgee of 'n geldjie vat wanneer daar 'n verjaarsdag is.

Toe sy onder die stort staan, lig sy haar gesig en laat die water oor haar loop. Die naarheid wil nie bedaar nie. Die klokkie lui net voor half-tien. Andries en Anette en haar broer staan al drie voor die deur. Die hartseer lê in diep groewe op hul gesigte. Sy sit haar arms om die skraal vrou en ruik die vorige aand se wyn.

University of Cape Town

In die vliegtuig die aand kyk sy saam met die kinders hoe sommige van die passasiers hulle oorgrote tasse en inkopiesakke in die oorhoofse stoorruimtes inforseer.

Dit lyk soos Hagar die Verskriklike en sy manne wanneer hulle met oorvol bote en bultende sakke van ‘n plundertog af terugkom, lag hulle onder mekaar. Tasse is boepens gestop. Winkelsakke loop oor. Sommige gee moed op met die berging en laat die oortollige bagasie sommer in die vliegtuiggangetjies tussen die sitplekke. Ander hou aan tot ‘n paar die voering aan die bokant van die stoorruimte stukkend skeur. Tot die kinders se verdere vermaak staan een van die passasiers uit haar sitplek op terwyl die vliegtuig besig is om oor die aanloopbaan te spoed. Toe een van die kajuitbemanning op haar skreeu om te sit en haar vas te maak, bly staan sy eers nog ‘n lang oomblik, terwyl sy na die ander passasiers om haar kyk.

I just wanted to talk to my friend up there in front.

Dis nie snaaks nie, maan sy sag toe hulle begin lag. Sy stel almal se lewens in gevaar. Dis sommer net ‘n algehele verval van die sosiale orde.

Dit is tweeuur in die oggend toe hulle op die Jomo Kenyatta-lughawe in Nairobi land. Die naglug is verfrissend koel toe hulle op die aanloopbaan uitklim en hulle al vier haal diep asem. Na die bedompigheid van die kajuit is dit ‘n welkome verandering. Binne die lughawe-gebou word hulle na ‘n wagkamer beduie waar hulle vir die aansluitingsvlug moet wag. Die vertrek is dofverlig en op die rye en rye stoele sit mense en slaap. Hulle nekke skeef gedraai, ken op die bors. Dié wat eerste daar was, lê skuins oor twee of drie stoele. Daar is nie vier oop stoele bymekaar nie en hulle moet verspreid sit. ‘n Plakkaat teen die muur waarsku passasiers om na hul besittings te kyk en sy wonder of die kinders dit gesien het. Die harde stoel is ongerieflik, maar sy weet nie of sy sou slaap al was dit ‘n bed nie. Sy betrap haarself kort-kort dat sy haar nek rek of opstaan om seker te maak al drie is nog ongedeerd. Elke keer wanneer sy haar oë toemaak, sien sy Andries en Anette se gesigte voor haar. Sy luister na die asemhalings om haar. Sommige slaap doodstil, ander verskuif hulself elke nou en dan. Die vrou oorkant haar maak op ‘n stadium haar oë oop en vir ‘n vlietende oomblik ontmoet hul blikke. Twee nagreisigers wat vir ‘n paar uur ‘n ruimte deel. Daar is byna iets intiems om in ‘n ander se slaapoë te kyk.

Die aansluitingvlug land negeuur die oggend uit Dubai en die kinders lag hardop toe hulle die inkopiesakke sien wat daarvandaan kom. As dit moontlik is, is dit selfs groter en nog voller as dié wat in Johannesburg ingelaai is. Sy verkyk haar aan die etikette en name op die sakke. Prada, Yves Saint Laurent, Cartier, Louis Vuitton. Te oordeel aan die hoeveelheid bagasie in die oorhoofse stoorkajuite was dit ‘n geslaagde inkopie-orgie.

Sy sit by die venster terwyl hulle al met die ewenaar langs vlieg. Waar is die ekwatoriale reënwoude waarvan sy op skool geleer het? Leef daar nog pigmeë hier in Sentraal-Afrika? As kind

University of Cape Town

was sy altyd nuuskierig oor hulle, want die verhale het dit laat klink of hulle so met die oerwoud kon saamsmelt dat hulle onsigbaar vir die ongeoefende oog is. Het hulle al die oorloë oorleef?

So in die daglig lyk die stad anders hier van bo af. Daar is nie nou miljoene liggies om dit meer eksoties te laat lyk nie. En tog sien sy hoe die kinders hul nekke rek. Sy kan nie help om nog een keer teen al die gevare te waarsku nie. Sy is moeg en tot haar spyt is die aankomsaal op Murtalla Muhammed-lughawe stampvol. Die rye voor die doeanetoonbanke slinger deur die saal, want net twee beamptes is aan diens. Een is ‘n vrou, die ander een ‘n reuseman wie se bulderende stem kort-kort duidelik hoorbaar is bo die lawaai.

Dit sou makliker gewees het as sy alleen was, dink sy. Haar kinders maak haar altyd meer weerloos. Veral in ‘n plek soos hierdie waar die onverwagse enige oomblik kan gebeur.

Dalk is dit my grootste vrees op hierdie kontinent, het sy later vir hom gesê toe hulle alleen was. Nie dat slegte of goeie dinge kan gebeur nie, maar dat ek die omvang van wat kan gebeur nie kan deurgrond nie.

Sy stuur die kinders na die vrouebeampte se ry en hulle val agter in die ry in. Asof die vrou meer voorspelbaar lyk. Maar ‘n vertraging voor in die ry sorg ‘n halfuur later dat hulle met ‘n bulderende stem aangesê word om oor te skuif na die ander ry toe. Sy laat staan die drie van oud na jonk en kyk hoe hulle een-een na die toonbank geroep word. Waar sy agter die rooi lyn staan, kan sy voel hoe sy onder haar klere sweet. Sy hoor hoe die man hulle uitvra.

What are you doing here?

We are visiting our dad.

Are you brothers?

Yes, Sir.

Is she your mother?

Yes, Sir.

What happened to your leg? hoor sy hoe hy vir die een op krukke vra.

I broke my leg in a rugby match.

Hy gee ‘n diep lag. Oh, rugby is such a dangerous game.

What is your father doing here?

They are busy with an eletricity project for the World Bank.

How long has he been here?

Nine or ten months, maak die jongste een somme.

Uiteindelik is dit haar beurt en sy skuifel vorentoe, en sonder om oogkontak te maak, hou sy haar paspoort uit. Selfs toe hy met haar begin praat, staar sy vir ‘n lang oomblik nog na die breë borskas voor haar.

University of Cape Town

You have lovely children.

Sy kan hoor hy wag vir ‘n antwoord en vir die eerste keer kyk sy op in sy oë.

Thank you. Sy steek haar hand uit om die paspoort terug te neem, maar hy staan steeds daarmee in sy hand.

I see on the form you are a writer.

Yes, Sir.

That’s good, Madame. I have always believed that someone who can look at the world and make stories for other people to read, are truly gifted people. I salute you. Welcome in my country and I hope you have a wonderful stay.

Sy neem die paspoort, maar stap nie dadelik weg nie.

You have some excellent writers in your country and a rich literary history.

You have read some of their stories?

Sy knik en vir ‘n oomblik gesels hulle oor van die bekendstes.

Achebe, Okri, Wole Soyinka.

Dis so maklik as ons om ons eettafels sit en gesels, vertel sy vir ‘n vriend by die huis. Ons oortuig onsself en mekaar dat ons reeds so ‘n ver pad gestap het. Maar dan kom jy op ‘n dag agter jou onderrok hang gruwelik uit en dat jy maar net ‘n broos flentergat is wat vergeefs probeer toehou.

Hy wag weer vir hulle net binne die gebou. Sy vra hom nie hoeveel dit hierdie keer gekos het nie. Buite wag twee motors vir hulle.

Ry jy saam met die twee jongstes, dan kan jy hulle rondwys, stel sy voor. Wat sy nie sê nie, is dat sy nie gerus sal wees om die kinders alleen saam met ‘n motorbestuurder te laat ry nie.

Sedert haar vorige besoek het hy na ‘n woonstel in Apapa getrek en die pad daarheen is vreemd. Die oudste een by haar en Ayo in die motor se kop draai onverpoos heen-en-weer. Terwyl sy en Ayo familienuus uitruil, is sy gesig teen die ruit gedruk.

Dis ‘n crazy plek, sê hy na ‘n rukkie.

Die woonstelgebou in Liverpool-weg het ‘n hoë muur om en sy woonstel is ruim en gerieflik. Matthew, die sjef, kom groet. Sy gee vir hom die twee wit sjefbaadjies, wat hy aangevra het en hy trek dadelik een aan. Matthew het vir Franse in Benin gewerk en hy kook heerlik kos, het sy gehoor.

Dit is goed om hom weer te sien en om vir die eerste keer in maande al vyf saam in een ruimte te wees. Sy sien hoe hy byna ingedagte aan die kinders raak, asof hy wil seker maak hulle is werklik daar. En sy luister hoe die kinders mekaar in die rede val om te vertel. Huisstories, skoolstories. Hulle het brokkies van hulle lewe vir hom saamgebring, besef sy.

We must go to the shop, kom sê Matthew die volgende oggend. We must go buy food.

University of Cape Town

Sy en Matthew ry later die oggend saam met Ayo na die kruidenierswinkel daar naby. Matthew is gewapen met ‘n inkopielys en sy drentel agterna met die sak nairas. Sy kan onthou dat haar ma jare gelede vir hulle ‘n berig uit ‘n koerant voorgelees het waarin een of ander persoon voorspel dat die waarde van geld so sal verminder dat ‘n mens met ‘n kruiwa vol note winkel toe sal moet gaan om ‘n brood te koop. As kind het die storie vir haar geen sin gemaak nie. By die kasregister kyk sy na Matthew se inkopiemandjie. Belgiese sjokolade, geurige hoendersosaties wat die Libanese slagter agter in die winkel maak. ‘n Heel beesfillet. Rys, ‘n verskeidenheid ontbytpappe vir die kinders, brood.

Why do you buy this chocolate? It’s very expensive.

It’s for the dessert.

Can’t you use some of the other brands?

Hy skud heftig sy kop.

Op pad huis toe vra sy Matthew uit oor sy kosmakery en hoor dat beesfillet van die goedkoopste vleissnitte is. Toe sy uitvra, lag hy.

The meat is too tender. The people here like their meat tough. En hy vertel dat een van die grootste lekkernye beesvel is, waarvan die hare afgeskraap is en dan opgekook word.

Dit herinner haar aan die afval destyds by die skool in die noorde van Gazankulu.

Die dae is byna te kort vir alles wat hulle wil doen, maar soms klim hulle net in die swembad en dryf ure lank heen en weer in die lou water terwyl hulle stories uitruil. En oor alledaagse dinge gesels. Sy luister na die stemme en het na die tyd besef sy het geluister om te hoor of hy en die kinders se gesels die bande weer optel, of nuwes smee. En toe een aand terwyl hulle hom uitdaag om ‘n speletjie te speel, besef sy hulle het hul eie manier om die gaping te oorbrug. Dit is iets wat haar deur die jare al dikwels verwonderd gelaat het. Daardie eiesoortige manier waarmee mans bande smee en hernu. Daardie aand gaan slaap sy gerus.

Die eerste Saterdag besluit hulle om die kinders na die mark in Lekki te neem. Na ‘n week hier voel hulle vertroud genoeg met die stad om alleen saam met een van die motorbestuurders te ry. Sy probeer hulle angstig vanuit die ander motor dophou, maar die verkeer is swaar en toe hulle motor skielik op die besige Lagos-Epe Express Road swaai en Ayo stop, kan sy net kyk hoe hulle motor in die verte in die verkeer wegraak. Sy bel hulle om te sê hulle moet in die motor wag as hulle by die mark kom. In haar geestesoog sien sy die rye en rye stalletjies. Waar sal sy hulle weer kry as hulle daar wegraak?

Die enigste een wat by die motor wag toe hulle stop, is ‘n jong seun met die naam Jo-Jo.

Your children, vertel hy met ‘n breë glimlag en ‘n swaai van die arm, said I must tell you they have gone inside. They’re okay.

University of Cape Town

By die eerste stalletjie lag twee vroue en beduie die kinders was reeds daar.

Your boys were already here.

Your boys like these.

Hulle volg die drie se vordering van stalletjie na stalletjie deur die doolhof van gangetjies en haal hulle by ‘n musiekstalletjie in. Al drie besig om hard oor die pryse van cd’s te redekawel.

Hulle kan nooit haar vrees verstaan nie, maar geen kind kan seker nie, besluit sy toe sy hul opgewonde gesigte sien.

Twintig/dertig jaar gelede het haar ma haar seuns in weermagbasisse en op treinperronne gegroet. Sy het briewe van die grens af teen haar hart gedruk en laatnag op haar knieë gestaan. Aan die ander kant van die dorp het swart ma’s vergeefs na hul seuns en dogters gesoek. Jare later toe die waarheid moes uitkom, het hulle kom vra.

Ons wil net weet. Sê ons net wat van ons kinders geword het, sodat ons hulle kan begrawe.

Vyftien jaar gelede het sy snags voor vensters wag gestaan. Bang vir koerantletters op ‘n koevert en laataand-oproepe.

Vandag probeer ma’s op die Kaapse vlakte met plakkate tussen hulle kinders en die koeëlreën van die bendes staan.

Ons het genoeg gehad.

Red ons kinders.

En jy weet as jou kind teen sononder nog nie by die huis is nie, is dit te laat om te begin soek.

Here, hierdie land is hard op ons ma’s, wil sy soms uitroep.

Waarom voel dit asof die son nooit werklik hier skyn nie, vra sy toe hulle die laaste oggend op pad is lughawe toe.

Dit het blykbaar te doen met die stof wat sekere tye van die jaar van die Sahara af waai en dan so ‘n permanente dynserigheid veroorsaak, antwoord hy terwyl hy sy vingers deur hare vleg en sug. ‘n Ewige twilight zone.

Hulle vlieg weer al met die ewenaar langs terug Nairobi toe. Laatmiddag begin hulle op die stertkant van ‘n donderstorm daal om in Nairobi te land. Die lig is sag en die akasias staan soos sambrele wat oor die grasvlaktes wag hou. En in haar roer die ou verknogtheid. Die afhanklikheid van die kontinent waar sy die lewenslig aanskou het. Die plek wat sy vir soveel jaar al inasem en waar sy deur haar voorvaders aan ‘n stewige tak vageknoop is.

My plek, fluister sy teen die venstertjie. Maar ken die plek my?

University of Cape Town

There is no longer any such thing as fiction or non-fiction; there's only narrative.

E L Doctorow

SESTIEN

Ons het mos gesien hoe jy jou pennetjie oor die toonbank vir die sersant aangee, jou gat kramperig van vrees. En nou wil jy wragtig terugstap en jou lewe opnuut in gevaar stel om 'n besitting terug te kry. Die sieklike hebsug van julle wit mense. Oor 'n bolpuntpen, 'n skryfding, in vadersnaam, wil jy agterbly en kibbel. Hou jou rokkies bymekaar en hardloop so vinnig soos jy kan.

Sy lees die paragraaf 'n tweede en derde keer en voel hoe sy op haar spore terugstap en sy weer voor 'n doeanebeampte op Lagos-lughawe staan. Hierdie gedeelte van haar reis is altyd die moeilikste. Om hom te groet en dan vir ten minste twee ure te sit en wag tot sy aan boord kan gaan. Vandag is sy effens vroeg en die toue is nog nie lank nie. Nadat hulle haar tas deursoek het, gee sy haar paspoort en vertrekdokument vir die beampte agter die toonbank. Hy kyk daarna, maar stempel dit nie.

You have a lovely pen.

Sy kyk na die ouerige Parker met die effens stukkende doppie en knik.

Thank you.

I like your pen.

Sy kyk weer na die pen, maar dit is eers nadat hy die opmerking 'n derde keer maak en sy sien dat hy steeds met haar reisdokumente in sy hand staan dat sy begryp. Sy is op die plek kwaad en voel hoe sy haar voete wyd plant, en agter haar kyk, maar hulle twee is op die oomblik die enigstes in dié gedeelte van die vertreksaal en sy voel hoe 'n vreemde vrees in haar kom lê. Sy hou die pen na hom uit.

Om alles te kroon, skryf sy in die eerste e-pos toe sy by die huis kom, is dat ek gister die munisipaliteit moes laat kom het om die rioolafvoerpyp oop te maak. Die probleem was nie groot nie en hulle was vinnig klaar, maar toe roep die voorman my mos eenkant en sê as ek sommer met hulle regmaak, sal hy nie 'n werkskaart invul nie.

Mevrou kan sommer net vir my en manne so 'n honderdrandjies of wat gee, dan is dit reg.

En daar in ons agtertuin laat ek hom vir die pen betaal. Ek het hom met die burgemeester, die raadslid en die president gedreig. Ek het hom van die kennisgewing in Nairobi se lughawe vertel waarop reisigers gewaarsku word om nie toe te gee aan amptenare se afpersing nie.

Na die tyd het ek besef dit was dalk 'n onnodige bohaai, maar op daardie oomblik was hy vir my soos 'n vernielsugtige janfrederik wat my sorgvuldig geweefde nes wil bevuil.

University of Cape Town

Sy maak die punt agter die sin, sug en strek haar arms bo haar kop. Uiteindelik is die boek klaar. ‘n Verhaal wat jare saam met haar kom. Soms om hoeke vir haar geloer het, soms opdringerig in haar drome verskyn het. Tot dusver, die moeilikste een om te vleg, want sy vergader waarskynlik al jare aan al die takkies en klossies wol. By tye het dit gevoel sy strik haarself vas.

Hy slaap reeds toe sy in die kamer kom en sy skuif moeg agter sy rug in. Hy rol in sy slaap nader aan haar, asof om te sê, ek weet jy is hier. Terwyl hy weg was, kon sy nooit die bed warm kry nie, maar nou is die bed weer warm en voor sy aan die slaap raak, stuur sy haar nagwens die donkerte in. Laat dit wel wees.

Die volgende oggend lees sy die laaste hoofstuk nog een keer deur, voordat sy die knoppie druk om dit weg te stuur. En dan begin sy stadig haar studeerkamer opruim. Aantekeninge, flenters papier, ‘n halwe appel wat sy die vorige dag nie klaar geëet het nie, penne, twee skryfblokke, stof. Die twee kristalle op die lessenaar word afgewas. Sy haal die notas van die bord af. Kyk na die poskaart met die trop olifante en besluit om dit nog te laat. Sy hou van olifante. Sy lag toe die telefoon lui en hy vra wat sy doen.

Die groot skoonmaak.

Sal ons vanaand gaan uiteet?

Ja, ek sal plek bespreek.

Sy staan later lank onder die stort en voel hoe sy die laaste oorblyfsels van die verhaal afwas. Haar kop wil nog dwaal, maar dit is tyd om te laat gaan. Sy trek aan en is besig om haar skoene aan te trek toe die voordeurklokkie lui. Haar oog vang die horlosie langs die bed. Dis net na drie. Sy verwag nie iemand nie. Sy luister ‘n oomblik, maar die huis is stil en selfs die bejaarde Buddy lig nie eers sy kop waar hy in die sonkol lê nie. Sy stap weer studeerkamer toe en kyk deur die venster, maar sien nie ‘n motor nie. In die gang, op pad terug kamer toe, hoor sy die eerste slag onder in die huis. Dis vreemd hoe ‘n mens soms die bekendste geluide nie dadelik eien nie, maar op ‘n dag is daar ‘n geluid wat jy nog nooit gehoor het nie, maar tog dadelik weet. Sy huiwer net ‘n oomblik voordat sy begin hardloop. Voordat sy die kamerdeur kan toemaak, hoor sy hoe die slae al harder word en sy weet waar hulle probeer inkom. Sy sou ook daardie venster gekies het. Sy sluit die kamerdeur, gryp die telefoon en haar selfoon en hardloop in hulle badkamer in. Buddy maak sy een oog oop en sy hardloop terug om hom te gaan haal. Dan sluit sy die badkamerdeur ook en gaan sit op die bad se rand. Hulle sal deur twee deure moet kom, probeer sy haarself troos. Sy bel sy selnommer, want dit is die enigste nommer wat sy op die oomblik kan onthou.

Ek kan nie nou praat nie. Sy hoor hoe hy die verbinding verbreek en sy bel weer. Dis eers met die derde probeerslag dat hy lank genoeg aanhou sodat sy kan praat.

Bel asseblief die polisie. Hulle is besig om onder in die huis in te breek.

University of Cape Town

Waar is jy? Sy kan die skrik in sy stem hoor.

In die badkamer.

Ek kom.

Die alarmsein sê vir haar hulle het die venster oopgekry en sy kyk na die badkamervensters. As sy hulle by die kamerdeur hoor, sal sy moet uitklim en probeer om in die bure se erf te kom. Sy tel Buddy op en skielik hoor sy hoe die boek haar koggel.

Iemand het per geleentheid na Afrika verwys as die teater van die absurde.

Sommige beweer Afrika was nog nooit 'n logiese kontinent nie, maar dat die wonder juis in die onlogiese opgesluit lê.

Waar dit Afrika aangaan, is dit beter om vrede te maak met die feite en te aanvaar an honest defeat is your only reward.

In haar geestesoog sien sy haar twee karakters. Die een wat reeds moed opgegee het en landuit is en die ander een wat nie kans sien om te trek nie. Om te bly, as dan vir niks anders nie, die vuur.

Vuur ruik nêrens anders soos hier nie.

Ek was gelukkig, sê sy toe die kinders die aand bel. Hy en die polisie was gou hier. En gelukkig was *hulle* reeds weg. Al wat oorgebly het, is vier vuil voetspore teen die grensmuur. Wat sy nie vir die kinders sê nie, is dat sy oor die gesigte wonder. En oor hulle motief. En wat hulle sou doen as hulle haar binne die huis gevind het.

Sy wil nie meer gaan uiteet nie en hulle klim vroeg in die bed. Sy lees vir hom 'n stukkie uit haar boek voor.

Ek is nie blind vir wat hier gebeur nie. Maar ek weet wie ek hier is. Hierdie land se mense definieer my. Ek is bang as ek weggaan, sal ek nie meer definisie hê nie.

Is dit my woorde? Of is dit die karakter s'n? Is dit moontlik dat 'n karakter jou in woorde kan vasknoop wat jy nie gesê het nie?

Hy trek haar nader en sy probeer saam met hom asemhaal.

'n Maand later kan sy voel hoe sy al meer na woorde rondtas toe vriende oor die middaguur in hulle huis oorval word. Voordat die vriendin die motorhuisdeur agter haar kan laat sak, stap drie gewapende mans binne. Hulle is egter ook gelukkig. Hulle tienerdogter het onraad vermoed en deur 'n venster gevlug om hulp te gaan ontbied. Terwyl een haar man met 'n pistool aangehou het, moes sy hulle help om alle waardevolle artikels in haar motor te laai.

University of Cape Town

Hulle is met die motor weg en ‘n week later is die motor in ‘n rooftog gebruik en is hulle gevang.

En twee maande later maak ‘n ander vriendin een nag ‘n deur oop om die hond te laat uitgaan, en word binne oomblikke deur vier mans oorval.

We are going to kill you.

Hulle slaan haar met die plat kant van ‘n panga en maak haar man wakker en eis vuurwapens, geld en ander waardevolle artikels.

Hulle oorleef ook die aanval.

Vriende, familie . . . almal ken iemand, skryf sy vir ‘n vriendin in die buiteland. ‘n Kind, soms ouers, ‘n broer of suster, niggie of neef. In ‘n huis oorval, in die agterplaas doodgeslaan, by ‘n verkeerslig gekaap. Plaasmoorde. Verskillende gesigte van dieselfde munt.

Is dit waarlik dié plek, dié mense wat my definieer? vra sy haarself oor en oor. Sy sukkel deesdae om die sagte lig oor die duine en onder die koorsbome te onthou. Dis asof haar karakters haar koggel. Iemand vra of sy versigtiger skryf, maar kan ek myself dan nog ‘n skrywer noem as ek woorde moet tel? vra sy haarself toe sy die nag wakker lê.

Waar ontmoet fiksie en werklikheid mekaar?

University of Cape Town

I do not know whether I was then a man dreaming I was a butterfly, or whether I am now a butterfly dreaming I am a man. Chuang-tzu

SEWENTIEN

Sy hou daarvan om by die venster te sit wanneer sy vlieg, maar dit laat haar altyd aan PW dink wat met die helikopter gekom het. Is ‘n mens veronderstel om so bo-oor ‘n landskap te vlieg? Sy kyk na die vaalbruin Karoolandskap onder die vliegtuig. Sy soek na woorde om dit te beskryf, maar soos elke ander keer skiet elke woord wat sy kan vind tekort. Die Karoo laat hom nie sommer so vanuit die lug ken nie. Dit vra tyd en soos met ‘n geliefde, ‘n soort lepellê. Want eers as jy jou liefde verklaar het, jou intensies duidelik gemaak het, raak die droë lope meer as dor are en draai die klippe vir jou om sodat jy die skulpfossiele kan sien. En dan hoor jy laataand die vae herinnering van ‘n groot oseaan. Hier van bo af verstaan sy altyd beter haar voormense se verknogtheid aan grond. En dis altyd so van hoog af dat sy nie kan help om dankie te sê nie. Selfs om een keer in jou lewe jou arms wyd te swaai oor wat joune is, is ‘n voorreg.

Die vliegtuig land twee ure later in Johannesburg en die ateljee se motorbestuurder daag ‘n paar minute later op. Sy sit haar bagasie op die agtersitplek en klim langs hom in.

Ek is jammer ek is laat. Die mense by die kantoor het my opgehou.

Sy steek haar hand uit en stel haarself op Engels voor, al het hy Afrikaans gepraat.

Ek is Robert, groet hy. Jy kan maar Afrikaans praat. Ek hou daarvan om Afrikaans te praat en elke kans wat ek kry, leer ek.

Waarom wil jy Afrikaans praat?

Ek is die enigste swarte by die werk wat Afrikaans kan praat. Hy lag. Nou kan ek makliker skinder, ook van die grootbase wat nie Afrikaans kan praat nie.

Waar kom jy vandaan?

My mense kom oorspronklik van KZN, maar ek is in Johannesburg gebore en het hier grootgeword.

Sy dink aan die Duits wat sy op skool geleer het. En die vergesigte van ‘n eksotiese land daar ver. Sy onthou ook die eindelose gesprekke as studente oor wie eendag sal oorneem. Die Zoeloes of die Xhosas. En hoe hulle vir mekaar gesê het dit sal voordelig wees om te weet, want dan kan hulle solank die taal aanleer. Hoe eenvoudig het hulle nie somme gemaak nie.

Ek is jammer ek het nooit ‘n ander inheemse taal as Afrikaans geleer nie.

Dis nie so moeilik om ‘n ander taal te leer nie, jy moet net luister en aanhou praat. En ek doen nou baie interessanter jobs as die res wat nie Afrikaans kan praat nie. En ek moet al die vergaderings bywoon sodat ek kan tolk. Ja, ek like dit.

University of Cape Town

Die manier hoe sy hele gesig saamgesels, herinner haar aan die tolke destyds in die Gazankulu Parlement.

Jissis, Escom is darem kak. Kyk hoe lyk die pad weer vanoggend met die kragonderbreking. Hy trap rem. Voor hulle staan die motors botstil by ‘n kruising omdat die verkeerslig nie werk nie.

Dis soos dit die meeste van die tyd in Lagos lyk.

Hy kyk skeefweg na haar. Jy was in Lagos?

Sy vertel van die projek en hy skud sy kop.

Ek hoor daai is ‘n crazy plek. Hy lig sy hande van die stuurwiel en maak ‘n wye gebaar. Maar as dit so aangaan, is ons dalk een van die dae net so crazy.

Sy vertel hom dat haar groot vrees altyd is om in ‘n hysbak vas te sit en hy lag.

Nee, die slegste is as ‘n mens in die aand by die huis kom, moeg na die dag se werk en daar is nie eers krag om bietjie koffie te maak nie. En die vrou is moeilik omdat sy nie die wasgoed vanaand sal kan was nie en ons weer koue kos moet eet. Sheez...ek sê jou Escom is kaksleg.

Oorkant die kruising is die lamppaal vol verkiesingsplakkate.

Wat dink jy gaan met die verkiesing gebeur? Dink jy Jacob Zuma gaan die volgende president word?

Hy vee oor sy hare en toet vir ‘n motor wat voor hulle wil inry.

Ja, hy sal die president word.

Dink jy hy gaan ‘n goeie president wees?

Ek dink nie dit was ooit Jacob se droom om president te word nie.

Hoe so? As ‘n mens na die gebeure kyk, lyk dit asof hy graag daardie posisie wil hê.

Drome is ‘n snaakse ding, gaan hy voort toe hulle weer kan ry. Wanneer ‘n mens ‘n droom het, sorg jy dat jou voete altyd in die rigting van die droom loop. As jy kyk wat Jacob al alles aangevang het, het sy voete nie in die rigting van daai droom geloop nie. Sy voete het heen en weer en dwars geloop. Weet jy wat ek dink gebeur het? Hy wag tot sy haar kop skud.

Ek dink ‘n klomp mense met allerhande planne het ‘n kans gesien en vir Jacob gesê as hy staan vir president, sal hulle hom help. En hulle het hom gehelp. Maar nou gaan die kak kom.

Hy lig sy een hand van die stuurwiel af en hou dit bak.

Nou gaan hulle voor hom kom staan en sê, Jacob, onthou ons het jou gehelp. Here, ‘n mens moet mooi kyk saam met wie jy in die bed klim.

En vir wie gaan jy stem?

Hy lag. Ek weet nie.

Sal jy ooit anders as ANC kan stem?

Ja, maar ek weet nog nie vir wie nie.

University of Cape Town

Cope?

Hy skud driftig sy kop. Hulle gaan nog baie moeilikheid hê.

DA?

Hy bly lank stil. Hulle doen baie goed in die Kaap. Daar is nie so baie corruption nie. Helen Zille . . . sy is ‘n baie sterk vrou . . . maar sy moet bietjie minder kla. Sy moet net die job doen. Dit sal baie beter wees. Die ANC het baie moeilikheid en as hulle nie van al die tsotsi’s ontslae raak nie, gaan hulle self hulle graf grawe. Sy weet wat om te doen en sy moet dit maar net doen. Vir die mense wys hoe dit kan wees.

Hy lag weer toe sy vir hom vertel dat Shakespeare al in 1597 geskryf het: uneasy lies the head that wears a crown.

Jy moet lekker praat vanaand. Ek sal vir jou kyk op die TV, groet hy toe hy haar by die gastehuis aflaai. En ek sal jou môreoggend weer hier kom oplaai.

Daardie aand in die vreemde bed van die gastehuis haal sy die gesprek uit en speel daarmee soos ‘n kind sal doen. Sy lig dit op en loer aan die agterkant, dit word toegevou, net om weer oopgevou te word, sy ruik daaraan en proe die woorde en vleg dit oplaas êrens in haar vas. En terwyl hulle die volgende dag op pad lughawe toe gesels, herken sy vir die eerste keer die gevoel. Sy dors na die ander. Haar wêreld het deur die jare verander tot ‘n stil bestaan van eenders wees. Hoe is dit moontlik om met dieselfde hande waarmee jy soms om jou kinders ‘n laer wil trek, te wil uitreik en iets probeer raakvat van die andersheid? Is dit moontlik om deur dieselfde andersheid waarvoor jy soms bang is, gevoed te word?

In die vliegtuig op pad terug huis toe kyk sy hoe die miernes plek maak vir die Vrystaat se ooptes en die lug al blouer word soos hulle die stad se rookasem agterlaat. Sy dink aan wat hy van Jacob Zuma gesê het en wonder hoe dit vir dié voel wat na die grote moes kom. Die een wat sê hy is aan die einde van die Groot Oorlog en die begin van die groot griep op ‘n dorpie gebore waar nie veel aangegaan het nie. En die enigste geskenk wat hy van sy pa gekry het, was die naam, Rolihlahla Mandela. Sy is jammer sy en Robert se tyd was te kort en die gesels te veel om ook by hom uit te kom.

Sy was van sy die eerste keer sy naam gehoor het, nuuskierig oor hom. Toe die eerste kunstenaarsvoorstelling in die koerant verskyn, het sy lank daarna gekyk. Dit was soos met die beleg van die Joodse ambassade in Johannesburg, of die Kerkstraat-bom in Pretoria. Sy wou altyd sien wie dit gedoen het en sal nooit haar eerste gewaarwording vergeet toe sy hom op televisie gesien het nie. Hy is ‘n mens. ‘n Man. Miskien sou dit makliker gewees het as daar horings en ‘n swaelasem

University of Cape Town

was, dan sou sy dalk die vrees begryp het. Die wegbêre vir sewe-en-twintig jaar. Dis so ‘n lang tyd dat sy byna iets meer sigbaar verwag het.

Die dag met sy vrylating was sy weer soos die kind wat om die kerksaal se hoek geloer het en sy sou nogal nie omgegee het as haar pa daar was om sy hand te skud nie. Dit sou ‘n mooi foto by die ander in die gang wees. Ten spyte van die voorspooksels. Sy rol die woord op haar tong. Dis darem ‘n mooi Afrikaanse woord. *Voorspooksels*. Soos skimme wat om die hoeke loer. Wasige gedaantes sonder lyf en definisie. Soos die tokkeloshe, behalwe dat die tokkeloshe tog soms ‘n gedaante aanneem. Ja, daar was baie voorspooksels en baie mense se spense is weer volgepak.

Toe die vliegtuig oor die Oranje vlieg en hulle al verder die Karoo begin invlieg, dink sy aan die enigste keer toe sy hom in lewende lywe gesien en hoor praat het. Hy is genooi om die nuwe saalkompleks by die kinders se skool te kom open. Dis ‘n baie groot saal, maar daardie oggend was dit stampvol gepak. Sy vermoed niemand wat ‘n uitnodiging gekry het, het dit geweier nie. Behalwe die genooides was daar oor ‘n duisend seuns. ‘n Mens kon hul energie aanvoel en sy het gewonder of hulle met dieselfde afwagting as die volwassenes daar sit. Kinders sien dikwels dinge wat volwassenes nie meer kan sien of hoor nie. Almal het opgestaan toe hy die saal binnestap, maar oral kon jy nog die seuns hoor vroetel. Die sekuriteitsmense het gesukkel om hom op die verhoog te kry, want hy het eers begin groet. Die Rupert-gesin in die voorste ry, die dogter van die man na wie die skool vernoem is, ‘n paar plekke verderaan, ‘n paar rye agtertoe, Anton Lubowski se familie. Maar uiteindelik het hy op die verhoog gestaan en het die saal stil geword. En toe het hy met die seuns gepraat en vir die volgende halfuur het hy met hulle geskerts, ten koste van homself vertel wat ‘n swak student hy was, omdat daar altyd interessanter dinge was om te doen. Hy het hulle daaraan herinner hoe bevoorreg hulle was om by ‘n goeie skool te kon leer. En dat hulle daardie voorreg moet gebruik om van die land ‘n beter plek vir almal te maak. Hy het oor mislukking gepraat en tou opgooi en moed verloor.

I have confidence in our youth, irrespective of colour. You are part of the miracle nation. A nation who has confounded prophecies of doom for South Africa. There can be no doubt that South Africa is united, het hy sy toespraak afgesluit.

Dit was ‘n inspirerende toespraak, maar nie een wat sy waarskynlik tot aan die einde van haar lewe sal onthou nie. Wat sy eerder sal onthou, is hoe die saal geleidelik al stiller geword het tot jy ‘n speld kon hoor val. Die kollektiewe energie was vasgevang. En toe hulle na die tyd soos een man opstaan, handeklap en hy deur hulle stap, kon jy die nuuskierigheid sien aan die manier hoe die nekke gerek word om nog ‘n bietjie langer te kan sien. Of dalk raakgesien te word. Of soos sy vandag, iets van ‘n oomblik probeer vashou. Daardie aand het hulle vir mekaar gekyk en soos haar

University of Cape Town

pa en oupa destyds vir mekaar gesê, dit was ‘n geslaagde besoek, al sal daar nooit ‘n foto in die gang pryk nie.

Hulle het darem ‘n eksemplaar van *Long Walk to Freedom.* Ongelukkig nie ‘n getekende kopie nie. Sy moes destyds drie eksemplare koop. Een vir hulle en twee vir Nigeriese vriende. Hulle wou egter baie graag getekende kopieë hê en nadat sy navraag gedoen het, het sy uitgevind dis moontlik. Al wat sy moes doen, was om die boeke saam met een duisend rand per boek aan meneer Mandela se kantoor te stuur en hulle reël dit dan. Die geld word blykbaar aan die Nelson Mandela Kinderfonds geskenk. Na maande het sy die boeke terug ontvang. Een was geteken, die ander twee het naamstempels in gehad. Van tyd tot tyd kry sy lus en skryf vir hom ‘n briefie om te sê:

Madiba, jy skuld my ‘n handtekening asseblief.

Toe sy die berge begin gewaar, lig sy haar glasie wyn: Op die volgende president.

University of Cape Town

"The future is certain, it's the past that is unsure." Mandla Langa

AGTIEN

Ek móét teruggaan en by die munisipaliteite gaan help, sê hy een aand terwyl hulle besig is om te kyk hoe 'n gemeenskap die plaaslike owerheid se geboue met klippe bestook en die voertuie aan die brand steek. Agter die verslaggewer loop die riool in die straat af en 'n paar ma's roep op hulle kinders om weg te kom van die al sterker vloeiende stroom.

Waarom wil jy dit doen? Beelde van lank gelede kom staan voor haar.

Dit is moeilik om toe te kyk hoe swaar die mense weer kry. Ek sit met kennis wat dalk iets vir iemand kan beteken.

Op die skerm begin die polisievoertuie se sirenes loei.

Ek wil nie hê jy moet teruggaan nie. Ek het nog nie genoeg vergeet nie.

Dit is my roeping.

Hulle praat nie weer daaroor nie, maar sy weet hy het gaan aanbied. Oral waar hy kon. Sonder vergoeding selfs. Nie net hy nie, ander soos hy. Maar daar was niemand wat die bod aanvaar het nie en hulle bly sit maar impotent voor die televisies. Sy kan toenemend die rusteloosheid in hom sien. Die laaste paar projekte was veilige en gerieflike projekte. Dit het bloot sy vaardighede en kennis uitgedaag, nie sy menswees nie.

Almal is besig met die Wêreldbeker, is van die redes wat aan hulle gegee word.

Maar die Wêreldbeker kan nie vir ewig aanhou nie en dan gaan die mense steeds sonder huise, water en basiese dienste sit. Daar gaan nie genoeg sokkerballe wees om die riool uit die strate te hou nie, sug hy.

Of gaan die momentum ons dalk die volgende dekade kan indra?

Sy lees 'n onderhoud waarin Achille Mbembe sê ons sal die Wêreldbeker wen as ons dit op so 'n wyse kan organiseer dat die wêreld met ander oë na Afrika sal kyk.

And it will morally justify the colossal amounts of public money spent on this very postcolonial and megalomaniac venture.

Hulle sit agter in die saal by die literêre fees. Die onderwerp van die praatjie is: *The writing on the wall.* Die drie sprekers en die onderhoudvoerder op die verhoog laat haar aan 'n goeie, polities korrekte bieradvertensie dink. Die Indiërskrywer en dosent aan die een kant, in die middel sit die wit skrywer en joernalis en aan sy ander kant die swart rubriekskrywer. Drie welbelese, welberese persone wat al drie al buite Suid-Afrika hulle brood verdien het. En agter die mikrofoon, die wit,

University of Cape Town

vroulike onderhoudvoerder. Ook ‘n gesoute joernalis. En die vraag waarmee sy hulle aan die praat kry, is: Hoe lyk die toekoms na die Wêreldbeker-sokkertoernooi?

Die Indiërskrywer haal die Amerikaanse basketbalspeler, Yogi Berra, aan:

Predictions are hard to make, especially about the future.

Volgens hom is almal onseker oor ons ruimtes en die konteks waarbinne ons bestaan. En soveel mense soos daar is, soveel perspektiewe is daar waardeur al ons vrese, hoop en drome gefilter word.

Tweede aan die beurt is die wit joernalis/skrywer:

We move dazedly from one disaster to the next. No longer protesting, questioning, fighting. Ek sien net duisternis. Die wittes het nie meer ‘n stem nie.

Die swart rubriekskrywer begin met gedigte van Mongane Wally Serote en Margaret Walker:

Let a beauty full of healing and a strength of final clenching be the pulsing in our spirits and our blood.

Hy sluit af deur te wys op die aantal struikelblokke wat op die pad vorentoe wag. Struikelblokke weens ‘n gebrek aan kundige bestuur.

Citizens need to rise up and claim the promised dream we had in 1994 through civic participation.

Sy kyk om die beurt na al drie. Drie wyse manne. Maar wie is die betroubaarste baken? Is dit moontlik om jou oog op al drie te hou? Wie gaan die spreekwoordelike Suiderkruis wees waarmee sy haarself uit ‘n wêreld met te veel vrae kan navigeer? Maar voordat sy kan besluit, word ‘n ander stem agter in die saal hoorbaar. Toe sy omkyk, sien sy dis die stem van ‘n bekroonde Suid-Afrikaanse digter en skrywer. ‘n Stem wat sy sedert haar tienerjare ken. Nie veel ouer as sy nie, as sy vandag haar somme moet maak. Maar uit ‘n ander wêreld. ‘n Groot wêreld. Eintlik is dit nie ‘n juiste beskrywing nie. Dalk moet sy eerder sê iemand vanuit ‘n ander bewussyn.

Haar gramskap is aanvanklik op die wit man in die middel gerig. Maar geleidelik word hy slegs die offerlam wat namens alle wittes daar geslag moet word. Al die wit sondes word een vir een voor sy voete gelê. Die klaery te midde van ‘n steeds bevoorregte leefwyse, die onwilligheid om deel

University of Cape Town

van die bestel te word, die gate in die paaie wat al groter word, maar in plaas daarvan dat al die bevoorregtes dit self regmaak, word daar na ander gewys. Die vingers wat na Jacob Zuma wys omdat hy slegs vier jaar se skoolopleiding gehad het, maar wie se skuld was dit?

Here, God, it is the height of privilege to enjoy the benefits during apartheid and now, under the new dispensation to still enjoy all the benefits PLUS blame everything that is wrong on other people.

Sy voel hoe die tak waaraan sy haarself vasgeheg het, begin swaai asof 'n stormwind opgekom het en die nes wat sy oor jare gevleg het, takkie vir takkie uitmekaar gepluk word. Hoe naïef om te dink sy het 'n stewige tak gekies. Sy luister hoe daar woorde heen en weer gesê word. Beskuldigende vingers word gewys. Elkeen het 'n verhaal om te vertel. Sy kan vertel van die huis waar sy soggens haar huishulp en haar seuntjie oplaai. Die huis verskil nie veel van ander arbeiderhuise wat op baie plase staan nie. Eenvoudige strukture, aaneengeskakel met nog 'n wooneenheid langsaan. 'n Motorwrak voor die een huis, 'n paar honde altyd aan die snuffel om die huise. Wintermaande slaan die klam uit die grond teen die mure op. En dan hoes die kleintjie altyd erger. Sy stuur komberse, meubels, kos, geld vir 'n dakplaat, 'n mat vir die kinders se kamer, medisyne, maar dis soos druppeltjies wat nie eers 'n rimpeling op 'n groot see maak nie. Die eienaar van die plaas is al geruime tyd nie meer 'n wit boer nie. Nadat die plaas van eienaar verwissel het, wag sy oggend na oggend vir tekens. Sy sien daar word 'n nuwe restaurant gebou en die perdestalle is geverf. 'n Paar trekkers staan blinknuut op die werf. Die koerante bereken sy bates op miljarde. Sy dink aan die vraag wat Nelson Mandela per geleentheid vir Pik Botha, die voormalige minster van buitelandse sake gevra het:

> *As julle geweet het hoe moeilik dit na die Boereoorlog was, waarom het julle nie na negentien ag-en-veertig die helpende hand na die ander volke uitgesteek nie?*

Sy wonder of hy weet hoe koud en nat die Kaap in die winter kan wees?

Of sal sy vertel van die wit pa in hulle buurt wat nie haar seun in sy huis wou toelaat nie, omdat sy bruin vriend by was. En haar kind se verwarring.

Sy strompel buitentoe en lig haar gesig, maar daar is nie 'n enkele ster nie. Sy is nou die reisiger wat haar ouers van die panne af moes red. Êrens het sy die rigting verloor en al in die rondte begin ry of dalk was sy nooit in die regte rigting nie.

Waarheen is jy op pad? Hy raak aan haar arm en sy kyk om haar rond.

Ek weet nie.

University of Cape Town

Ek en ‘n vriend gaan gedurende die maand van die Wêreldbeker-sokker deur die land ryloop en ‘n kort dokumentêr daaroor maak vir ons filmprojek, kondig hulle oudste een Sondag aan. Sy voel hoe sy woorde soos lood aan haar kom hang.

Wat is die doel daarvan?

Hy gee vir haar ‘n bladsy waarop geskryf is.

There was a time when a dirty, dreadlocked wanderer could hit the highway with his thumb in the air and best leg forward, and easily hitch a free ride from a lovely couple in their air-conditioned sedan. These days the mere thought of standing by the roadside at the mercy of strangers, makes the stomach lurch. With the World Cup looming its head, and the increasing number of media stories proclaiming that the event will be riddled with crime and misconduct two students from Cape Town aim to investigate safety and social altruism by hitchhiking from Cape Town to Durban. Their journey allows them an opportunity to engage with ordinary citizens on a unique level. They will be able to see what types of people actually stop to pick up strangers, and what determined their benevolence. The two men also plan to ask these people a few questions regarding their views on crime, South Africa and the World Cup. They will focus on questions related to the idea of Ubuntu (the quality of essential human virtues including compassion and humanity) and whether or not it still exists in the current South African climate.

Ons wil basies kyk of daar meer welwillendheid gedurende die maand tussen mense in die land is. Ons gaan die projek *On a Thumb and a Prayer* noem, want ons mag nooit vir slaapplek of vervoer betaal nie.

Sy kyk na die drie jong gesigte om die tafel. Al drie het van kleins af ‘n wanderlust gehad, ‘n vertroue in die wêreld. Deel van ‘n geslag wat nie op ‘n vreemde grens oorlog moes gaan maak nie. En tog bid sy nie minder as haar ma nie. Soms brand die kerse tot al die was op die tafel lê voor sy hulle doodblaas. Waar is jou kinders vanaand? Die woorde dreig na al die jare steeds om haar siel te verrinneweer. ‘n Ma moet weet, want anders loop jy gevaar dat jou hart soos ‘n dwaalgees nooit tot rus sal kom nie. Trappe op en af, dieselfde pad heen en weer.

Sy sit by hom toe hy die dag die rugsak pak. Wees asseblief versigtig. Sy het dit al soveel keer gesê, maar doen dit tog weer.

Hy lag. Ons sal, maar moenie so bekommerd wees nie. Ek vermoed daar is baie meer welwillendheid in die land as wat die politici en die koerante ons wil laat glo.

University of Cape Town

Die eerste boodskap kom ‘n paar uur nadat hulle op die N2 buite Somerset-Wes afgelaai is.

Watching Cape Town disappear in front of us. In the back of a bakkie and headed to Wilderness. No turning back now! Altruïs Nommer 1: Gert. Wit. 52 Jaar oud. Motto: Die keuses wat jy maak, is joune alleen. Hy het ‘n oomblik getwyfel of hy ons moet oplaai, maar hy glo nie om sy lewe in vrees te leef nie.

Die volgende aand se boodskap lui:

Ons het vanoggend begin met ‘n 4x4 duinroete op ‘n afgeleë plaas en vanaand afgeëindig met ‘n boegoe-teetjie en ‘n onderhoud met ‘n gawe student van Zimbabwe. Daarna het ‘n wit Kongolees ons opgelaai en ons het oor die aard van ‘n verweefde heelal gesels!

In Knysna. *Gaan goed. Die mensdom laat my in verwondering. Jadah Square. What a great little Rasta community. Thanks brothas and sistas!*

Heerlike aand in township buite PE gehad. Viva Bafana, Viva.

Who wants to watch the game at Soccer City if you can watch it at Le'Pozee in Soweto,where the meat is cheap & you bring your own beer?

Gisteraand saam met ‘n metal band in Soweto musiek gemaak en by hulle oorgebly. Great memories.

Wat het ek jou gesê? is sy eerste woorde toe hy na baie kilometers voor haar staan. Hierdie land se mense is my mense.

Sy wil hom vra oor die momentum en hoe lank die wêreld se respek sal hou. Of dalk eerder hoe lank die respek vir die eie sal hou. Dalk is die groot toets glad nie om aan die wêreld iets te bewys nie, maar aan onsself. Dat die reënboog nie ‘n drogdroom is nie. Maar sy vra dit nie. Vir haar voel die toernooi soos ‘n welkome staning. ‘n Verposing. Veilig genoeg dat daar vir ‘n slag weer padkos uitgepak kan word en mense vir mekaar kan waai.

Voorspellings in hierdie land is inderdaad moeilik om te maak en tog wil dit nou en dan lyk of daar in die kollektiewe gees dalk ‘n wennommer kan wees. Een van die voorspellings wat sy aan die

University of Cape Town

begin van die jaar vir haarself gelees het, het gesê haar harde werk die vorige jaar sal in die nuwe jaar beloon word, maar indien sy nie hard gewerk het nie, maak dit nie saak nie.

Luck is with you and in the earlier part of the year it will feel like you just can't lose.

What beats me about the stars, is how we come to know their names. Artemis Ward

Negentien

Bela Bela, Modimolle, Mookgophong, Mokopane, Polokwane. Die snoer het losgekom. Die krale het ander name gekry en ‘n nuwe breë swart N1 streep op die buitewyke verby.

Dit is vreemd dat hulle destyds nie oor die name gewonder het nie, maar dié nuwe naamborde prikkel hulle nuuskierigheid. Miskien omdat daar telkens met elke naamsverandering soveel stemme in die media opgegaan het.

Warmbad – die naam is in die agtienhonderds deur die eerste wit inwoners van die gebied gegee. Bela Bela beteken letterlik die pot wat prut, lees sy voor uit ‘n traktaatjie oor die omgewing terwyl die motor se wiele oor die blinkswart oppervlak suis. Na baie jare is hulle weer besig om op hulle spore terug Noorde toe te loop en alles lyk vir haar nuut.

Naboomspruit het sy naam gekry as gevolg van die baie nabome wat daar langs ‘n spruit groei. Mookgophong beteken min of meer dieselfde en verwys ook na die vele euphorbia- of nabome in die gebied.

Potgietersrus wat eers vernoem was na die Voortrekkerleier Piet Potgieter is nou na ‘n plaaslike koning vernoem. Mokopane. Was hulle albei groot leiers, wonder sy. Groot genoeg om vernoem te word?

Polokwane – niemand is werklik seker waarna die naam verwys nie. Soos met baie ander Pedi-name is daar nie ‘n beskrywende verklaring nie en is die oorsprong waarskynlik maar in die geskiedenis te vind. Dalk ‘n kaptein of voorvader, lees sy.

Die een waaroor sy deur die jare die nuuskierigste was, is, Nylstroom. Deesdae Modimolle. Hulle het daardie jare dikwels oor die rivier gery, maar nooit na die oorsprong van die naam gevra nie.

Volgens hierdie inligtingblaadjie, lees sy verder vir hom, het ‘n Voortrekkergroep wat blykbaar uit Hollandse dwepers bestaan het, besluit om na die Heilige land te trek. Toe hulle by ‘n rivier kom wat noordwaarts volei, het hulle die kaarte agter in hul Bybels geraadpleeg en besluit dit moet die Nyl wees. Hulle het hulself daar gevestig. En toe hulle, volgens oorlewering, ook nog op die ruïne van ‘n piramide afkom, was hulle verder oortuig dat hulle die Nyl gevind het.

Hy lag hardop.

Wat hulle vir die ruïne aangesien het, was eintlik ‘n natuurlike koppie wat deur die plaaslike inwoners Modimolle genoem is. En letterlik vertaal beteken die naam dat die voorvadergeeste die ongelukkiges geëet het. Of dat God geëet het. Blykbaar het baie mense wat teen die koppie uitgeklim het, nooit weer teruggekom nie en daarom die naam.

University of Cape Town

Sy sê die name een-een hardop en besluit as ‘n mens met jou vingers daaroor sou kon vee, sal dit grof onder jou vingerpunte voel. Soos handgemaakte krale, eie aan die omgewing.

By Polokwane draai hulle weg van die N1 en ry soos destyds deur die middedorp. Dit is ‘n Saterdagoggend en die sypaadjies is stampvol mense. Taxi’s vleg deur die verkeer terwyl die musiek deur die oop vensters pols. Voetgangers stoot volgelaaide winkeltrollies oor die straat. Hier en daar herken hulle ‘n besigheid se naam. Die woonbuurte waar die tuinsproeiers destyds stadig in die rondte gedraai het en die wit kinders gespeel het, lyk nou meer bejaard. Nie meer so groen en fleurig soos wat dit was nie. Aan die buitewyke het nuwe woonbuurte opgeslaan. Veiligheidskomplekse met hoë mure. Sommige so nuut dat die aarde nog omgedolwe rondom die groot nuwe huise lê. Groot viertrekvoertuie staan voor baie van die huise. Hier en daar speel swart kinders in ‘n nuwe tuin.

Dis asof ek kort-kort wil terugblaai om seker te maak ek onthou reg, sê sy toe hulle by die laaste huis verbygaan. Asof ‘n mens die twee beelde oormekaar wil sit.

Buite die dorp begin die bosveld en hulle wonder hardop of dit hul verbeelding is dat die veld ruier voorkom.

Heelwat boere het van beesboerdery weer na wildboerdery oorgeskakel — ons sien plek-plek weer plante wat in geen jare hier gegroei het nie, vertel ‘n boer die volgende dag toe hulle vra.

Waar beeste onder die doringbome gestaan het, is hoë wildheinings nou op en hier en daar is ‘n troppie rooibokke te sien. Sy kan voel hoe sy byna onbewustelik haar asem begin ophou soos hulle die platorand nader. Gedagtig aan daardie beeld waar hemel en aarde van mekaar af wegraak. En toe skielik lê die stuk laagland onder hulle. Maar dit lyk nie meer so verlate nie. Dit is nie net Polokwane wat uitgebrei het nie. Die nedersettings onder die rand lyk groter en soos hulle nader ry, is daar veel minder ronde hutte. Vierkantige huise met sinkdakke is oral te sien. Die enkele Coke-a-Cola-advertensiebord is nou omring van ander advertensies. Die klein winkelgeboutjies is vergroot en van die dorpies spog selfs met eet- en oornagplekke. Hy ry stadiger toe hulle ‘n nuwe bordjie met ‘n prentjie van ‘n bees daarop gewaar:

No fences.

By die kruising waar die vroue destyds op die algemene handelaar se stoep gesit het, ry hy weer stadiger, want aan die oorkant van die pad is nou groente- en vrugtestalletjies. Lendelam strukture, gemaak van geroeste sinkplate en verweerde houtplanke. Hier en daar is ‘n plaasnaam op ‘n houtkrat sigbaar. Stil gesigte kyk van agter hul trossies piesangs en stapeltjies tamaties. Tussenin lê ‘n paar aartappels, vaalbruin en effe verkreukel. Die uie hang aan hulle lowwe uit die dak.

Hy trek af en hulle klim uit. Niemand kom nader nie. Elkeen bly sit met ‘n gelatenheid in haar eie stalletjie. ‘n Paar kleintjies speel eenkant.

University of Cape Town

Hulle kies ‘n trossie piesangs by die eerste stalletjie. Terwyl hy betaal, hou ‘n groot viertrekvoertuig ook stil. ‘n Goedversorgde wit vrou klim uit en stap na die naaste stalletjie. Sy beduie na ‘n tros piesangs en ‘n sakkie avokadopere, maar toe sy die prys hoor, skud sy haar kop.

Dis te duur. Ek sal jou twintig rand gee.

Die jong swartvrou glimlag en skud haar kop, maar toe die wit vrou die vrugte neersit en begin wegstap, roep sy haar terug. Okay . . . you can have it.

Sy betaal die twintig rand, klim terug in die groot voertuig en trek weg.

Hulle twee is stil toe hulle verder ry en sy vir hulle ‘n piesang afskil.

‘n Paar kilometer verder kondig nog ‘n *No fences*-bordjie aan dat hulle weer die kommunale stamgronde binnegaan.

Voor teen die motorvenster wys die elektroniese kaart die vreemde paaie aan.

Die spinnerak is digter geweef. Daar is naamborde en sy kan haarself plaas.

Groot en luukse bakkies en afleweringsvoertuie draai uit die dorpies op die grootpad. Duur motors staan voor groot dubbelverdiepinghuise.

Machete Funeral Undertaker.

Kanana Motel

Eating House, lees sy om die beurt op die borde.

Tussen die nedersettings is die sekelbos op plekke so dig dat ‘n mens nie meer daardeur kan sien nie. Die bome wat destyds klein was en gesukkel het om te oorleef, het groot geword. Die veld is vol huilboerbone, nabome, dombyas, knoppiesdoring en bergseringe. Selfs twee kremetarte het hul opwagting gemaak. Soos ‘n tweeling teen ‘n koppie.

Ek het so pas besef waarom die veld beter lyk, sê hy skielik. Die dorpies het elektrisiteit gekry. Hy wys na die kragdrade. Hulle het nie meer nodig om sulke groot hoeveelhede hout te gebruik nie.

Sy voel vreemd en kyk kort-kort na die kaart om seker te maak hulle is op die regte pad.

My colleague with aids remains my colleague, kondig ‘n bord teen ‘n kliniekmuur aan. Oral is nuwe skoolgeboue en klinieke te sien. By ‘n bushalte staan ‘n klompie tieners en wag. Almal is modern aangetrek.

Die afdraaipaaie lyk of hulle êrens heen gaan, dink sy. Asof sy met haar vinger die streep sal kan volg en aan die einde steeds weet waar sy is.

Na baie kilometers herken hulle saam die koppie en die draai in die pad. Die gebou van die slagpale is egter nie meer sigbaar deur die ruie plantegroei nie en die naambord regs van die pad sê nou dit is die Kantore van die Polisie, maar die aalwyne staan steeds tussen ‘n paar bruin klippe.

Sal ons nou hier indraai?

University of Cape Town

Sy skud haar kop. Kom ons hou dit vir laaste.

'n Paar honderd meter verder draai hulle links in Kremetart in. Langs die ingang staan 'n groot skeepshouer. Op die sykant is die naam van 'n haarkapper geverf. Twee vrouens sit onder die boom voor die houer en gesels. Een is besig om die ander een se hare te vleg. Stadige bewegings.

Die strate lyk steeds bekend. Die huise langs die ingang is egter verwaarloos. Slegs 'n paar bome en groot struike het oorleef. Die grasperke en blombeddings het blykbaar lankal verdor.

Waar lê die onreg as 'n mens teruggaan? wonder sy. Pleeg jy dit teen jouself? Die herinneringe, die plek? En waar lê die vreugde? Want dit is dikwels nie net die een óf die ander nie.

Van die huise se ruite is stukkend en die verf is besig om af te dop. By sommige huise lyk dit of die bruin onbewerkte grond die huise van onder af insypel en groot bruin vlekke slaan teen die gebou uit. Hier en daar is 'n huis netjies afgewerk, die tuin lowergroen en keurig versorg. By die laerskool het die klok pas gelui en bondels kindertjies hardloop uitgelate buitentoe. Nie een van hulle is wit nie. Teen die muur van die gemeenskapsaal het iemand iets met 'n spuitkan probeer skryf, maar dis nie meer leesbaar nie. Wat beteken dit as 'n plek se graffiti begin verweer? wonder sy. Om die saal is die grasperk dood en die bome se blare het afgeval en waai nou heen en weer in die wind.

Daar is heelwat nuwe huise. Sommige helderkleurig geverf in donkerpers en oranje skakerings.

Hulle probeer onthou wie waar gewoon het. Wat sou van almal geword het?

Op pad met die teerpad dorp toe, ry hy stadiger toe hulle oor die brug gaan. Langs die rivier is geboue en die bokwagtertjies is nie meer op die riviersand te sien nie.

KFC, Best Beds, Capitec, Eerste Nasionale Bank. Die laning bougainvilleas het plek gemaak vir winkelsentrums. Die hotel se naam is verander na die Oasis Lodge. Sy het toe nooit gevra of hulle in die nuwe bedeling 'n casino gekry het nie, het sy later besef. Op die hoek staan die motors tou op die rybaan van die Shell Garage.

Die ou winkelsentrum lyk skielik klein teen die nuwe sentrums. Die pas is baie vinniger. Daar is niks meer te sien van die stadige ritmiese bewegings en amperse loomheid van vroeëre jare nie. Haar oë soek ook vergeefs na die helderbont van die vroue se tradisionele drag. Slegs hier en daar is 'n spatsel kleur nog sigbaar.

Die mark langs die taxi-staanplek is nou ingedruk tussen die geboue en ook hier is die pas vinniger. 'n Entjie verder lyk 'n paar splinternuwe ambulanse uit plek voor die verwaarloosde Nkensani-hospitaal. Sy wonder of daar nog 'n VIP-deel is. En of daar steeds dokters van vreemde lande soos Uruguay en Paraguay werksaam is. Of is hulle deesdae van Kuba?

University of Cape Town

Die tuine voor die parlementsgeboue is vaal en die gras bruin. Ook hier het die bruin aarde weer oorgeneem. Die laaste groenigheid verdryf. Die geboue huisves nou die departement van onderwys vir die Limpopo-provinsie.

Wie dink jy woon in die ampswonings? vra hy toe hulle by die hoofminister en ander ministers se huise verbyry waar die tuine ook nou meestal uit inheemse bos bestaan en wasgoed teen die drade wapper.

Op die oog af het dit ‘n welvarende dorp geword, sê hy byna verwonderd en met iets soos trots in sy stem toe hulle weer deur die middedorp ry. Ek is bly.

By die kompleks stap ‘n vreemde hekwag nader. Hy probeer verduidelik dat hulle eens op ‘n tyd daar gewoon het en net graag wil deurry. Dit duur ‘n rukkie voordat hy die besoekersboek gaan haal en nadat hy hul name ingskryf het, ry hulle deur die hek. Regs van die paadjie staan die bossies kniehoogte op die helikopterlandingsplek. Die kantore is aansienlik groter. Plek-plek het die natuurlike bos die grasperk ingeneem en hulle wonder hardop wat van die duikers en ander wildsbokke geword het. By een van die huise staan ‘n stukkende polisievoertuig op bakstene. Twee van hulle huis se ruite is uit en die gate is met karton toegeplak. Die maroelaboom het nog groter geword. Hulle gaan draai by die groot ampswoning waar die mure afgeskilfer is en die sy-deur skeef hang.

Met die terugry stop hy voor hulle huis om ‘n foto te neem. ‘n Klompie blouapies sit op die swart vuilgoeddromme langs die huis. Hulle moes die deksels op ‘n manier afgekry het, want oral lê papiere en vrugteskille.

Kyk, daardie apie het net drie bene, beduie hy na een.

Oor die gras kom nog ‘n paar aangehardloop. Die voorstes hardloop op hulle agterbene, want hulle het ook nie voorbene nie.

Hulle oornag in die hotel en laataand maak sy die venster oop en staan lank en luister, maar die enigste geluide is dié van motors wat met die nuwe deurpad verbyspoed, of ander wat effens stadiger by die kruising regs draai en voor die hotel verbyry. Sy kyk op na die donker naghemel en wonder oor die storie wat op hierdie aand tussen die sterre geskryf staan.

Die volgende oggend staan hulle vroeg op. Hy wou op pad by die besproeiingskema aangaan, maar iemand het die vorige aand vertel dis nie die moeite werd nie. Die dam is vol, maar van die kilometers lange kanaalstelsel het daar niks oorgebly nie. Daar word niks meer verbou nie en die natuurlike bos het weer die landerye oorgeneem.

Toe hulle by die groot hekke met die aalwyne verbyry, kyk sy ‘n oomblik terug. ‘n Paar foto’s en ‘n handvol herinneringe. Dis al wat oorgebly het. En hoe weet ‘n mens dit wat jy onthou, het werklik gebeur? En dit wat jy nie onthou nie, wat het daarvan geword?

University of Cape Town

Waarom het ons deur die jare teruggekom?

Hy antwoord nie dadelik nie.

Waarna was ons op soek? Ons ken niemand meer hier nie.

Ek weet nie. Ek dink nie daar is ‘n eenvoudige antwoord nie. Aan die een kant is daar ‘n behoefte dat alles dieselfde moes bly. Asof ‘n mens glo die plek sal jou dan herken.

Maar ons is nie meer dieselfde nie.

Hy glimlag. Dis seker die groot vraag. Die mens wat terugkom, kan nooit dieselfde een wees wat weggegaan het nie, so al het die plek dieselfde gebly, sal dit jou herken?

Die mens se beheptheid met herkenning en eintlik keer ons maar altyd as vreemdelinge terug.

University of Cape Town

So, I awoke and behold, it was a dream.

Twintig

Hulle is skaars twee weke terug en sy het nog nie eers behoorlik die reis herkou en vasgeknoop nie, toe hulle weer lughawe toe moet gaan. Elke ouer weet die dag moet aanbreek, en hoewel dit sekerlik die kroon op meer as twintig jaar span om ‘n kind onafhanklik die wêreld te sien invaar, is dit steeds ‘n gebeurtenis waarop jy jou nie werklik kan voorberei nie. Die drang om te beskerm verdwyn nie oornag nie.

Op pad in die motor gesels hulle oor nietighede. Die hond wat oor die pad hardloop. Die skool waar ‘n klompie ruite uit is. Die bedelaars by die verkeerslig. Het hy sy vlugkaartjie?

Die lughawe is besig, maar hulle kry ‘n parkeerplek. Sy stap langs hom en moet haar treë rek om by te bly. Dis asof sy die haas in hom kan aanvoel. Hy is gereed; dis sy wat nie is nie. Sy hou hom dop toe hy sy bagasie ingee. Die gemaklike manier hoe hy met die meisie agter die toonbank skerts. Wie gaan hy wees wanneer hy eendag terugkeer? Sy kyk na die jongmanslyf met die rugsak oor die skouers. Sal hy soos hulle, eendag op sy spore kom terugloop? Kom soek na die uitdraaie wat op die oomblik nie name het nie? Met watter ster gaan hy sy pad probeer vind?

Die vertreklokaal wemel van mense. Dis dalk beter so, want êrens in so ‘n groetproses is daar nie meer woorde nie. Daar kom ‘n tyd dat ‘n mens plek moet maak vir stilte, want al wat nou nog oorbly, is desperate woorde. Nog ‘n vermaning. Sy kyk om haar rond. ‘n Mens herken hulle maklik. Die ander wat so in die verte kyk, ongesiens aan ‘n mou staan en vashou. Hulle herinner haar aan die groetery destyds wanneer haar broers grens toe moes gaan. Dieselfde doellose laaste rondtrap. Almal traag om terug te gaan na ‘n nes wat verflenter is.

Sy wil vir hom sê, moenie vergeet waar jy vandaan kom nie, maar sy onthou Alan Paton se woorde: *Is South Africa worth fighting for?* Hy kon seker ook gevra het, is die land dit werd om na toe terug te keer? Is daar ‘n formule om so ‘n som te bereken?

Hulle druk hom om die beurt vas en tree dan terug. Hy waai een keer toe hy deur die elektroniese hek stap en dan sien sy hoe sy lyf ‘n nuwe ritme vind. Sy voete in ‘n ander rigting begin loop.

Hulle praat nie op pad terug huis toe nie. By die groot kruising trek ‘n perdekarretjie met ‘n klomp skrootmetaal op langs hulle in. Die jong man met die leisels in sy hande kyk vir haar en glimlag skeefweg. Hoe oud is hy, wonder sy.

By die huis stap sy na sy kamer toe. Dis ongekend gestroop. Al die foto’s is reeds van die muur af. Die boekrak is leeg. Die paar kartonne wat stoor toe moet gaan, staan eenkant in die hoek. Sy begin die beddegoed aftrek. Die res van die pakkery kan tot môre wag, besluit sy en stap tuin toe.

University of Cape Town

‘n Paar duiwe is besig om op die grasperk te pik. Die vinkwyfie het gistermiddag die nuutgeboude nes flenters gepluk en sy sit en kyk ‘n ruk hoe die mannetjie van voor af begin om behendig met sy snawel die eerste grashalms vas te knoop terwyl die wyfie eenkant op die telefoondraad sit. Sy verbeel haar sy hoor die kinders se stemme, maar sy weet die buurt het nou nuwe kinderstemme. Hulle het ander speletjies om te speel, nuwe monsters om te oorwin. Toe sy opstaan, haal sy die windharp van die boomtak af en die klank van die fluitjies spoel soos water deur haar vingers. Sy pluk ‘n bossie laventel en ruik daaraan. Sy sal haar kruietuin mis. Die roosmaryn wanneer sy ‘n stukkie skaap in die oond gaarmaak. Twee hadidas vlieg oor die huis. Die geluid sal haar altyd aan laatmiddag herinner.

Toe hulle die aand in die bed klim, gesels hulle nie soos gewoonlik nie, maar sy voel hoe hulle byna in gelid asemhaal. Na soveel jaar is daardie saam asemhaal dikwels soveel meer as wat woorde kan sê.

Hulle word albei vroeg wakker en swaai gelyk hul bene van die bed af. Vandag begin die groot pakkery. Sy is nie seker hoe ‘n mens kies wat moet saamgaan en wat gestoor moet word nie. Hoeveel van wat ‘n mens deur die jare bymekaarmaak, het jy nodig? Hoeveel herinneringe is noodsaaklik vir jou geluk en hoeveel dra jy saam omdat jy nie weet wat anders om daarmee te maak nie. Sabbatsjaar: Elke sewende jaar by die Jode, ‘n rusjaar waarin onder andere die landerye braak moet lê. Sy het dit in die woordeboek nageslaan. Wat neem ‘n mens vir ‘n Sabbatsjaar saam?

Teen die aand lyk die huis haasbek.

‘n Week lank word daar geweeg en beplan. En dan gepak. En elke aand is dit asof hulle stemme harder deur die ruimte weergalm. Daar is al minder om hulle hier binne vas te hou. En toe op ‘n oggend is daar niks meer nie en skyn die son onbelemmerd oor die vloere tot diep binne die huis. Agter hulle badkamerdeur sit die merkies waar hulle die kinders se grootword gemeet het. Sy staan en kyk lank daarna, die nat lap in haar hand, maar besluit om dit te laat.

Terwyl sy nog een keer deur die huis stap, raak sy aan die mure. Wat sê ‘n mens na soveel jaar? Hoe gebeur dit dat baksteen en sement op ‘n dag méér is? In die hoek van die gang waar die verf effens afgedop het, kan ‘n mens van die vorige verfkleure sien deurskyn. Elkeen bring sy eie herinneringe. Daar was die wit, en die donkergroen, die bottergeel en later die Desert Sands. Sy krap met haar nael en trek ‘n stukkie groen af. Dit was haar gunsteling.

Toe die voordeurklokkie net voor elf lui, neem sy haar handsak en sonder om terug te kyk, stap hulle saam voordeur toe.

Die twee klein kinders is by en loer nuuskierig in die huis in.

Hy maak die deur wyer oop en nooi hulle in. Die kinders loop voetjie vir voetjie binne.

Ons hoop julle woon baie lekker in ons huis.

University of Cape Town

Die ander vrou glimlag. I am sure we will.

As julle die bure se katte naby die visdam gewaar, jaag hulle asseblief. En as julle dalk kan sorg dat die broodbome genoeg water kry. En die suurlemoenboom . . . en die twee witstinkhoute.

Voor die vrou haar kan antwoord, roep die kinders uit die huis.

Mama, yiza ujonge!

Sy glimlag verskonend voor sy binnetoe roep.

Ndiyeza.

Sy voel hoe hy aan haar arm raak. Ons moet ry.

Enjoy your sabbatical.

Sy waai oor haar skouer, en begin om in die motor te klim.

What will you do?

Sy kyk om na die vreemde vrou wat in háár voordeur staan.

Ek weet nie. Dalk skryf ek ‘n boek.

University of Cape Town

Bronnelys:

Conrad, J. 2006. Heart of Darkness. 4th edition. New York. W.W. Norton.

Grobbelaar, P. W. 1966. Man van die volk. 1ste uitgawe. Kaapstad. Human en Rousseau.

Hudgens, J, & Trillio, R. 2000. The rough guide to West Africa. 2nd edition. Penguin.

Myburgh, M. 2010. Oewerbestaan. 1ste uitgawe. Pretoria. Protea.

Odendal, F. F., Schonees, P. C., Swanepoel, C. J., Du Toit, S. J. & Booysen, C. M. 1994. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.

Olivier, N.J.J. 1969. Die Privaatreg van die Suid-Afrikaanse Bantoe. 1ste uitgawe. Durban. Butterworth.

Opperman, D. J. 1975. Groot Verseboek. 1ste uitgawe. Kaapstad. Tafelberg.

Seger, P. Where have all the flowers gone. (Lirieke)

Venter, E. 2006. Horrelpoot. 1ste uitgawe. Kaapstad. Tafelberg

University of Cape Town